# Beroepskeusevoorligting deur Skool en Jeugraad

deur

M. J. Prinsloo, M.A., Dr. Phil.
Dosent, Normaalkollege, Potchefstroom.

Verkrybaar by

T.O. DIENSBURO,
Bus 3512, Johannesburg.

Gedruk deur The Potchefstroom Herald (Pty.) Ltd.

*„Hierdie werk is 'n proefskrif goedgekeur vir die graad van Doctor Philosophiae van die Universiteit van Suidafrika."*

ALLE REGTE VOORBEHOU.

# VOORWOORD.

Dis my aangenaam om my opregte dank te betuig aan 'n aantal persone wat my behulpsaam was by die voorliggende studie. Gedurende die jare 1924—1926 het ek hulp ontvang in Europa waarsonder ek hierdie werk nie sou kon onderneem het nie. In die eerste instansie is ek baie dank verskuldig aan Mnr. F. M. Earle, destyds hoof van die „Vocational Guidance Section" van die „National Institute of Industrial Psychology," Londen, wat my toegelaat het om eerstehands kennis te maak met al hul werk waardeur ek die eerste werklike begrip gekry het van die hele vraagstuk in sy verskillende aspekte. Ook op die vasteland van Europa het ek voorligting gekry van etlike direkteure van beroepsburo's wat my baie gehelp het; van Dr. Liebenberg te Berlin, Dr. van den Wyenbergh te Keulen, Dr. Hische te Hannover, en van die direkteure te Frankfurt, Leipzig, Amsterdam en Genève. Prof. Dr. E. Spranger, van die Berlynse Universiteit, bedank ek vir waardevolle suggesties en besprekinge. Die hoofkantoor van die Transvaalse Onderwysers-vereniging bring ek my dank vir die komplete stel van die Kristelike Skoolblad wat my geleen is. Verder al die onderwysers wat my vrywillig gehelp het om van hul leerlinge nodige gegewens te verkry en die leerlinge wat my wetend en onwetend sulke waardevolle inligting verskaf het. Dr. E. G. Malherbe, hoof van die Nasionale Onderwysburo, bedank ek vir gegewens aan my verskaf.

Besonder veel dank is ek ook verskuldig aan my Promotor, Prof. Dr. J. C. Coetzee vir sy onbaatsugtige hulp, sy konstruktiewe en selfs inspirerende kritiek, sy waardevolle suggesties, sy deeglike voorligting. Ook die ander eksaminatore, Prof. Dr. R. W. Wilcocks en Prof. Dr. E. Eybers bring ek my hartelike dank.

Die standpunt wat ek in hierdie werk inneem is dat beroepskeuse-voorligting 'n integrale, wesenlike en vanselfsprekende part van die opvoeding vorm. Om hierdie rede moet die voorligting vir die

allergrootste en belangrikste deel deur die skool self onderneem word en nie kort voor of na die kind die skool verlaat deur een of ander buitestander wat gou informasie meedeel of beroeps- of ander toetse toepas nie. Dit beteken ook nie dat die onderwyser die kinders net informasie moet meedeel omtrent beroepe nie; dit beteken egter die doelbewustelike inwerking op en die ontplooiing van die kind se psigiese en fisiese kragte waardeur sy beroepskeuse die natuurlike gevolg is van sy hele opvoeding. Fundamenteel is die hele vraagstuk dus 'n opvoedkundige.

Ek het op eie verantwoordelikheid enige aanvullinge by die tesis gemaak waarvan die belangrikste is paragraaf 6 hoofstuk I en die aanhaling op die end van die boek uit Dr. A. Macrae se „Talents and Temperaments" wat na die eksamen eers in my hande gekom het en my hele standpunt insake plaaslike jeugrade volkome ondersteun.

DIE SKRYWER,
Desember, 1933.

# INHOUD.

Bladsy

**HOOFSTUK I**—OPKOMS VAN BEROEPSVOORLIGTING.

Paragraaf 1. Inleiding ...... 1—2

„ 2. Sporadiese Pogings van Beroepsvoorligting.

I. Eerste Tekens ...... 2

II. Prof. Parsons begin in Amerika ...... 3—4

III. Mrs. Gordon in Skotland ...... 4—5

IV. In Duitsland ...... 5

„ 3. Sistematiese Beweging van Beroepsvoorligting 5—10

„ 4. Uitbreiding van Beweging.

I. Beroepsseleksie (Taylor) ...... 10—12

II Beroepspsigologie ...... 12—13

III. Die Oorlog (1914—1918) ...... 13

IV. Bestudering van Beroepe na die oorlog ...... 14

„ 5. Aanvang van Beweging in ons Land.

I. Jeugrade ...... 14

II Beroepspsigologie ...... 14—17

„ 6. Beroepspsigologiese Metodes en die Waarde van Beroepstoetse ...... 17—24

**HOOFSTUK 2.**—PSIGOLOGIESE WAARNEMING EN METING IN DIE SKOOL.

Paragraaf 1. Psigologiese waarneming moontlik en nodig vir beroepskeuse ...... 25

„ 2. Psigologiese persoonslyste as hulpmiddels vir die onderwyser ...... 26—27

„ 3. Waarde van hierdie lyste ...... 28

„ 4. Kritiek op die lyste ...... 28—29

„ 5. Sistematiese waarneminge vergeleke met eksperimentele proewe ...... 29—31

Bladsy

Paragraaf 6. Gebruik van persoonslyste deur beroeps-adviseurs ...... 31—37
„ 7. Spesiale belangstelling en begaafdhede ...... 37—41
„ 8. Skolastiese toetse ...... 41
„ 9. Intelligensie-metinge ...... 41—45
„ 10. Sosiale en ekonomiese faktore ...... 46
„ 11. Die volledige rekordkaart ...... 46—47
„ 12. Opleiding van onderwysers ...... 47—48

**HOOFSTUK** 3.—BEROEPSKEUSE IN ONS SKOLE SINDS ± 1900.

Paragraaf 1. Die 19de eeuse intellektualistiese opvoeding staan vreemd teenoor die arbeid, die beroep en beroepsvoorligting ...... 49—50
„ 2. Die intellektualisme veroorsaak 'n konvensionele rigting in ons onderwys ...... 50
„ 3. Die hoofdoel word meedeling van boekekennis en voorbereiding vir eksamens ...... 51
„ 4. Die invloed van eksamens
a. Eksamens lei in die laerskool tot hoofdelike inspeksie ...... 52—53
b. Eksamens en die Matriek-manie in die hoërskool oorheersend ...... 53—55
c. Sekere vakke word by uitstek eksamenvakke en andere word verwaarloos ...... 55—56
„ 5. Onbuigsame leerplanne en verslaafdheid daaraan ...... 56—60
„ 6. Ons onderwys hou weinig rekening met besonder Suidafrikaanse lands en lewensomstandighede ...... 60—64
„ 7. Die tradisionele opvatting van 'n liberale of kulturele opvoeding leef nog voort ...... 65—66
„ 6. Weinig differensiasie van leerlinge se aanleg, belangstelling en behoeftes ...... 66—73
„ 9. 'n Lewensvreemde doel bring teweeg lewensvreemde of meganiese metodes ...... 73—75
„ 10. Beroepskeuse geniet weinig aandag ...... 75—79

Bladsy

**HOOFSTUK 4.**—'N ONDERSOEK NA DIE BEROEPSKEUSE VAN SKOOLKINDERS.

Paragraaf I.—1. Doel van die ondersoek ...... 81
„ 2. Materiaal vir die ondersoek ...... 81—84
„ 3. Analise van data.
a. Keuse van beroepe ...... 84—89
b. Standaard van beroepskennis ...... 90—91
c. Motiewe vir beroepskeuse ...... 91—94
d. Invloed van onderwysers en andere ...... 94—95
„ II. Indiwiduele ondersoek i.v.m. 'n aantal laerskoolleerlinge se beroepskeuse ...... 95—98
„ III Konklusies oor die hele ondersoek ...... 98—102
„ IV. Beroepskeuse op die beroepskool ...... 102—105

**HOOFSTUK 5.**—ALGEMENE OPVOEDKUNDIGE TAAK VAN DIE SKOOL TEN OPSIGTE VAN BEROEPSKEUSE.

Paragraaf 1. Doel en strewe van die „Nuwe Opvoeding" 'n goeie algemene voorbereiding vir beroepskeuse ...... 106—109

Paragraaf 2. Algemene vereistes te stel aan leerplan.
Inleiding ...... 109—110
I. Breë Basis ...... 111—112
II. Buigsaamheid ...... 112—113
III. Kontak met daaglikse aktiwiteite en lewensprobleme ...... 113—114
IV. Hulpmiddels by verkryging van beroepskennis ...... 114
a. Vader se beroep ...... 115
b. Skoolvakke en beroepe ...... 115—116
c. Beroepskennis as vak ...... 116—117
d. Besoeke ...... 117
e. Literatuur ...... 117—118
f. Lesings deur beroepsmanne ...... 118
g. Die draadloos, bioskoop en grammofoon ...... 118
h. Besprekings ...... 118—119
„ 3. Beroepsetiese Onderwys ...... 119—121

Bladsy

**HOOFSTUK 6**—OPVOEDKUNDIGE TAAK VAN ELKE SPESIALE SKOOLTIPE TEN OPSIGTE VAN BEROEPSKEUSE.

Paragraaf 1. Die laerskool ...... 123—126
„ 2. Die intermediêre skool ...... 126—136
„ 3. Die hoërskool ...... 136—141
„ 4. Die beroepskool ...... 142

**HOOFSTUK 7.**—VOORLIGTING EN PLASING DEUR JEUGRADE.

Paragraaf 1. Oprigting van Rade ...... 143—145
„ 2. Werksaamhede van die jeugrade.
a. Registrasie ...... 146—148
b. Plasing ...... 148—152
c. Opleiding ...... 152—159
d. Toesig hou oor werkende jeugdiges ...... 159—162
„ 3. Opleiding vir beroepsadviseur ...... 162—163
„ 4. Kritiek op stelsel van jeugrade ...... 164—165

**HOOFSTUK 8.**—VERDERE UITBREIDING VAN JEUGRADE EN VOORGESTELDE VERANDERINGE.

Paragraaf 1. Uitbreiding van Jeugrade na die platteland 167—169
„ 2. Voorgestelde veranderinge in jeugraadstelsel.
a. Opleiding van bekwame voorligters ...... 169—172
b. Voorgestelde veranderinge in die organisasie van die stelsel deur andere ...... 173—175
c. Eie voorstel vir verandering ...... 176—178

AANHANGSEL ...... 179—185

BIBLIOGRAFIE ...... 187—200

# HOOFSTUK I.

# OPKOMS VAN BEROEPSVOORLIGTING.

## Paragraaf 1.—Inleiding.

Dit kom 'n mens enigsins vreemd voor dat dit soveel jare geduur het voor die vraagstuk van 'n rasionele beroepskeuse, en veral van die noodsaaklikheid om daarby weldeurdagte voorligting te verskaf, met alle erns aangepak geword is; voor iemand op die gedagte gekom het om veral die jongmens, nog onkundig en onervare, sistematies met raad en daad te dien by hierdie allergewigtige keuse. Dit was eenvoudig 'n saak vir die ouers; maar dat baie ouers weëns hul onbekwaamheid, weëns hul ydelheid en allerlei vooroordeel dikwels nie die geskikte persone is om hul kinders raad te gee by hul beroepskeuse nie, volg feitlik uit die aard van die saak.

'n Vername rede waarom beroepsvoorligting in die praktyk op die lang baan geskuif geword is, moet gevind word in die groot moeilikheid en ook verantwoordelikheid daarvan. Eers toe die wetenskaplikes definitiewe bewyse kon lewer van hulp en raad te **kan** en mag bied, het hulle vrymoedigheid gekry om die verantwoordelike taak, gedeeltelik in elk geval, uit die hande van die ouers te neem. Ook in hierdie geval bly dit nog altyd advies, wat daarom aanvaar of verwerp kan word. Alle dwang, of skyn van dwang selfs, is uit die aard van die saak geheel en al uitgesluit.

'n Ander rede waarom beroepsvoorligting solank uitgebly het, moet gesoek word in die mag van die tradisie. Vir eeue en eeue het die mens sy beroep feitlik oorgeërf; hy is **in** die beroep gebore, nie **vir** die beroep nie[1]. Dit het gegeld vir die allermeeste mense; tot die demokrasie verandering en verlossing gebring het, altans vir 'n groot aantal. Eers na die verdwyning van die stande-verskille dus kon daar sprake wees van so iets as 'n vrye beroepskeuse. Dit neem egter nie weg nie dat selfs vandag nog tradisie en gewoonte, mode en vooroordeel, 'n besonder sterk rol speel in die bepaling van iemand se beroep, en dikwels nog deur 'n seer begrensde kennis en uitkyk in die hand gewerk word. Mettertyd, en naarmate die beweging om 'n rasionele beroepskeuse te bewerkstellig sig versprei, is verandering hierin te wagte.

1. Vgl. „Die Schule im Dienst der Berufserziehung und Berufsberatung" herausgegeben von der Reichsarbeitsverwaltung und dem Zentral-institut für Erziehung und Unterricht 1927. Bl. 7.

Behalwe hierdie omstandighede het nog meegewerk die feit dat die beroepsprobleem, en veral, beroepsopleiding, maar eers tamelik laat deel geword het van die algemene onderwyspolitiek.

Die ouers of die skool wat die beroepsopleiding moes verskaf, het sig nog nie ernstig afgevra of die leerling ook werklik sy beroep, en daarmee nou gepaardgaande beroepsopleiding, sorgvuldig en op grond van rasionele oorweginge gekies het. Dit het op die beroepskool gegaan soos op die gewone skool: maak die kind geen bevredigende vordering dan sak hy uit. Maar dat hierdie uitsak in baie gevalle toegeskryf kan word aan 'n verkeerde skoolkeuse, en gevolglik 'n verkeerde beroepskeuse—of anders om—dit is nie ingesien nie, of daar is geen stappe geneem om die toestand te verbeter of te voorkom nie.

---

## Paragraaf 2.—Sporadiese Pogings van Beroepsvoorligting.

### I—Eerste Tekens.

Prof. Brewer sê in sy boek, "The Vocational Guidance Movement"[1]: "It is as difficult to trace the beginnings of vocational guidance as to trace the discovery of the use of steam." Uit baie vroeë dae is daar reeds enkele voorbeelde bekend van persone wat aan beroepsvoorligting, indien nie direk nie dan in elk geval indirek, ernstige aandag begin skenk het of in elk geval gedagtes uitgespreek het wat, indien daar verder op voortgebou sou geword het, moes gelei het tot beroepsvoorligting. So het bv. Plato daar reeds op gewys dat[2] „Geen twee persone presies eners gebore word nie, maar dat die een van die ander verskil in aangebore gawes, waardeur die een geskik is vir een beroep en die ander vir 'n ander beroep." In 1670 het Pascal die belangrikheid aangetoon van 'n wyse beroepskeuse; terwyl in 1795 Mackenzie geskryf het[3]: "Indeed the education of your youth is every way preposterous; you waste at school years in improving talents, without having ever discovered them; one promiscuous line of instruction is followed, without regard to genius, capacity, or probable situation in the commonwealth." Daarby het al die pseudo-wetenskaplikes, soos astroloë, frenoloë, fisiognomiste, waarsêers, ens., hulle geïnteresseer vir hul slagoffers se toekomstige beroepe. Die eerste boek wat geheel gewy was aan beroepskeuse was die van Lysander S. Richards in 1881, genaamd "Vocophy," waarin hy hom ten doel gestel het: "To bring order out of chaos and chance, and form or establish a system to enable a person to find the most fitting pursuit in which he can reap the greatest success that is possible for him individually to attain." Van hierdie „sisteem" het nooit iets tereggekom nie.

1. Sien bl. 20.
2. „Republic," vertaling van Davies en Vaughan bl. 55.
3. Aangehaal deur Brewer: "The Vocational Guidance Movement," bl. 21.

## II.—Prof. Parsons begin in Amerika.

Van die eintlike beweging wat feitlik oor die hele wereld al sulke groot afmetinge aangeneem het en die belangstelling geniet van staat, maatskappy en skool, moet Prof. Frank Parsons as leier aangesien word. Hy was so deurdronge van die grote betekenis en noodsaaklikheid vir die indiwidu, die maatskappy en die staat, van "vocational guidance," 'n term die eerste deur hom gebruik, dat hy reeds in 1901 begin ywer het daarvoor om die publieke belangstelling vir die saak op te wek. In 1909, 'n jaar na sy dood, is sy boek gepubliseer, "Choosing a Vocation," waarin hy sy metodes uiteensit. Op drie faktore lê hy veral klem:

1. Deeglike self-kennis, kennis van eie bekwaamhede, tekortkominge, belangstelling, ambisie, ens.

2. Kennis van die vereistes en kondisies van sukses, die kanse en vooruitsigte in verskillende soorte beroepe.

3. 'n Regte begrip van die verhouding van die eerste twee tot mekaar.

By aldrie het die jongmens 'n beroepsadviseur nodig, wat uit sy rype ervaring en kennis sorgvuldig en sistematies raad kan bied.

Die eerste stap tot 'n rasionele beroepskeuse dan was, volgens Parsons, self-studie. "To know thyself is the fundamental requisite"[1]. Honderde vrae moes die raadsoeker konsensieus, mondelik en skriftelik vir homself beantwoord. Hierdie vrae het in die pynlikste besonderhede ingegaan. Die uiteenlopendste dinge omtrent 'n persoon se geestelike en liggaamlike hoedanighede, belangstelling, gewoontes, maniere, sy doen en late, verdienstes en gebreke, word gevra, waarby 'n uitermate groot introspeksie-vermoë en eerlikheid geverg word. Die persoon moes bv. sê of hy is:

eerlik of oneerlik,
waarheidliewend of onwaardheidliewend,
openhartig of bedrieglik,
vertroubaar of onvertroubaar, ens.

Parsons het die hele proses 'n self-rewelasie genoem. Hierby moes, familie, vriende, onderwysers, werkgewers, kritisie, nog hul deel ook bydra. Terselfdertyd kon die skerpsinnige adviseur nog 'n hele aantal spesiale karakterkenmerke tussen die lyne lees, terwyl hy besig is om die beroepsoeker te ondervra in 'n private onderhoud. Onderwyl hy hom ondervra oor sy gesondheid, opvoeding, belesenheid, ervaring,

1. t.a.p. bl. 27.

ens. kyk hy baie noukeurig wat die vorm van die persoon se kop is, die relatiewe ontwikkeling bo, voor en agter die oë, sy gelaatstrekke, en uitdrukking op sy gesig, sy kleur, ens., ens. Waar moontlik moes ook gebruik gemaak word van reaksie-proewe om die gehoor, die gesig, die geheue, assosiasie, ens., te toets.

Wat die tweede punt betref nl. kennis van beroepe en die beroepslewe, het Parsons daarop gewys dat een van die ernstigste beperkinge waaronder die jongmense onbewus lewe, die gebrek is aan 'n uitkyk oor of begrip van die industriële wêreld. Hy het dus aanbeveel die verspreiding van informasie deur die geskikste leesstof, en veral deur persoonlike besoeke aan werkplekke, asook besprekings met werkers en superintendente van die verskillende bedrywe. Lektuur oor en persoonlike kennismaking met beroepe was veral belangrik vir persone wat geen sterk uitgesproke belangstelling of begaafdheid aan die dag gelê het nie. Hierdie voorbereidende studie kon weke, selfs maande duur. Soveel moontlik moes ervaring opgedoen word, want met die wyer ervaring ontwikkel ook nuwe belangstelling en bekwaamheid. Verder moes 'n sorgvuldige studie gemaak word van die verskillende soorte van kursusse wat by beroepskole aangebied word. Besonderhede hiervoor moes versamel en versprei word.

Wat die derde punt betref, die verhouding van werker en werk tot mekaar, het Parsons 'n hele aantal ambagte en professies geneem en die vernaamste kwalifikasies aangegee, wat volgens sy oordeel deur elkeen van die beroepe vereis word. Die beroepsadviseur het hy verder daarop gewys hoe belangrik dit is om gebruik te maak van statistieke by sy gewigtige en verantwoordelike werk. Hy moes sywers voor hom hê oor die vermeerdering of vermindering van werkers in die beroepe vir 'n bepaalde aantal jare, die loon, aantal van elke sekse nodig, ens.

Parsons het sy werk as eerste ernstige beroepsadviseur breed en deeglik aangepak, al het hy te veel gesteun op sy intuïtiewe mensekennis, en al was sy metodes nie wetenskaplik genoeg nie.

### III.—Mrs. Gordon in Skotland.

Ongeveer gelyktydig met Parsons het Mrs. Gordon van Aberdeen, Skotland, die behoefte ingesien van beroepsvoorligting en ook sy het 'n aanvang daarmee gemaak. In 'n lesing gehou in 1904 te Glasgow het sy 'n plan voorgelê aan skoolrade om buro's te open wat seuns en dogters moes dien as gids by die betrekkings waarvoor hulle die geskikste was. Sulke buro's moes ook supervisie hou oor die

vordering wat die kinders maak in hul werk. In 1908 het Mrs. Gordon haar boek "A Handbook of Employment" uitgegee. Haar bemoeiinge het egter nie gelei tot die ontstaan van 'n beweging, allermins tot enige wetenskaplike navorsing op die gebied.

### IV.—In Duitsland.

Ook in Duitsland[1] is daar te München reeds in 1902 'n begin gemaak toe die eerste beroepsburo daar geopen is. Ander stede het gou daarop gevolg, maar netsoos in Skotland is daar nog geen ernstige aanvang gemaak wat gelei het tot 'n georganiseerde beweging.

---

## Paragraaf 3.—Sistematiese Beweging van Beroepsvoorligting.

Parsons se aktiwiteite op die gebied van beroepsvoorligting het dan aanleiding gegee tot die ontstaan van 'n beweging, die sogenaamde "Vocational Guidance Movement," wat sig baie snel in Amerika versprei het en na die oorlog van 1914—1918 veral in Europa verbasend veel veld gewin het in heel korte tyd.

In Januarie 1908 is in Boston die eerste beroepsburo gestig deur Parsons en 'n paar ander persone wie se belangstelling hy opgewek het vir die vraagstuk van die jeug se beroepskeuse. Vanaf die stigting tot sy dood nog in dieselfde jaar het hy self die direkteurskap op hom geneem, maar na sy dood is die leiding toevertrou aan Meyer Bloomfield wat van die begin af een van Parsons se trouste en mees entoesiastiese medewerkers was.

Die organisasie het in die aanvang veel tyd in beslag geneem, maar al dadelik het 'n groot aantal mans, sowel as vrouens, van 15 jaar oud tot selfs 72, gekom vir raadpleging met die buro. Tussen die applikante was daar gegradueerde universiteitsstudente, mense uit die kommersiële en besigheidslewe. Die meerderheid, egter, was seuns en dogters wat die skool net verlaat het of reeds in die werk gestaan het.

Die buro het sig ten doel gestel[2]:

1. To study the causes of the waste in the passing of unguided and untrained young people from school to work, and to assist in experiments to prevent this waste.

1. J. van Ginneken: De Rechte Man op de Rechte Plaats. Bl. 9.
2. Meyer Bloomfield: Youth, School and Vocation. Bl. 39.

2. To help parents, teachers, children and others in the problem of thoughtfully choosing, preparing for, and advancing in a chosen life-work.

3. To work out programs of co-operation between the schools and the occupations, for the purpose of enabling both to make a more socially profitable use of talents and opportunities.

4. To publish vocational studies from the point of view of their educational and other efficiency requirements, and of their career-building possibilities.

5. To conduct a training course for qualified men and women who desire to prepare themselves for vocational guidance service in the public-school system, philanthropic institutions, and in business establishments.

6. To maintain a clearing house of information dealing with life-career problems.

Die mans-tak van die Bostonse Christelike Studente Vereniging was die eerste gewees om 'n skool op te rig vir die opleiding van beroepsadviseurs waaraan van die staanspoor af 'n groot behoefte gevoel geword is. Hierdie opleiding het bestaan uit lesings, ondersoekings, praktiese werk, rapporte van resultate, konferensies, diskussies en die toepassing van spesiale toetse. Leiers en verteenwoordigers van groot besighede, sowel as mense uit die professies het "practical talks" kom gee. Behalwe 'n rype oordeel, 'n karakter en 'n persoonlikheid wat respek kon inboesem, 'n goeie algemene opvoeding insluitende kennis van geskiedenis, burgerpligte en ekonomie, moes die beroepsadviseur besit[1]:

1. Praktiese kennis van die fundamentele beginsels en metodes van die moderne psigologie.

2. 'n Ruime ervaring wat hom genoeg in kontak gebring het en 'n intieme kennis verskaf het van 'n groot aantal karaktertipes, m.a.w. hy moes 'n groot mense-kennis besit.

3. Hy moes instaat wees om simpatiek en openhartig met jongmense om te gaan, en 'n opregte begeerte hê om hulle van diens te wees.

4. Hy moes kennis hê van die vereistes en voorwaardes van sukses, vooruitsigte, voordele, en nadele in die verskillende industrieë.

1. **Parsons: Choosing a Vocation. Bl. 94.**

5. Informasie betreffende studie-kursusse en maniere om vir verskillende beroepe voor te berei en sig verder daarin te bekwaam.

6. Wetenskaplike metode. Die adviseur moes in staat wees om essensiële feite en beginsels te erken en hulle te rangskik volgens hul werklike relatiewe waarde.

In 1911 het die direkteur self (Bloomfield) begin met 'n reeks opleidings-kursusse vir beroepsadviseurs en ander belangstellendes, eers aan die Harvardse Universiteit en later ook aan 'n hele aantal ander inrigtings, soos bv. aan Teachers' College, Columbia Universiteit. In 1917 is die buro oorgeplaas na die Harvardse Universiteit onder die afdeling van opvoedkunde terwyl Prof. Brewer professor geword het in "Vocational Guidance."

Op die oomblik bestaan die werk van die buro nie in die eerste plek daarin om beroepsadvies aan persone te verskaf nie, maar dit is spesiaal geinteresseerd in ondersoekings, publiseer rapporte, trek werkskemas op vir skole en probeer op nog ander moontlike maniere die groei en ontwikkeling van die idee van voorligting te bevorder. Prof. Brewer gee die volgende aan as 'n "partial list" van die teenwoordige poginge van die buro om hulp te verleen[1]:

1. Correspondence about plans and policies.

2. Conference with persons wishing actual guidance.

3. Conferences with school people, employers, labour unions, social workers, legislators.

4. A course in vocational guidance at Boston University and at Teachers' College, Columbia University.

5. Lectures by the director and assistant director for associations, schools, clubs, etc.

6. Investigations leading to publications on occupations.

7. Maintenance of a library of material on vocational guidance and vocational education, open to the public.

8. Conferences with and aid to students of colleges and universities who are investigating vocational-guidance.

9. Assistance in the organisation and direction of employment managers' Associations, in Boston, Philadelphia, San Francisco, and New York.

1. J. M. Brewer: Vocational Guidance Movement, bl. 26.

10. Assistance in planning vocational-guidance conferences and conventions.

11. Organisation of a plan for vocational help to minors, for the New York public schools.

Veral van betekenis is die groot mate van belangstelling en samewerking wat gekom het van die skole en onderwys-outoriteite vir die werk van die buro. Vroeg in 1909 het die Bostonse skoolkomitee die beroepskantoor uitgenooi om aan hulle 'n plan voor te lê hoe om leerlinge te help by hul beroepskeuse. Die buro het daarop die volgende suggesties gemaak[1]:

1. Die buro sou 'n direkteur emploijeer wat feitlik al sy tyd sou gee aan die organisasie van beroepsadvies aan leerlinge wat die skool verlaat.

2. Hierdie direkteur sou saamwerk met die Bostonse skoolkomitee of die superintendent van skole.

3. Die direkteur sou konferensies organiseer met die onderwysers sodat alle skoolverlatende leerlinge advies sou ontvang of van die direkteur self of van die onderwysers wat almal volgens 'n algemene plan moes werk.

4. Die direkteur sou reëlinge tref vir lesings oor die beroepe vir die skoolverlatende jeug.

.5 Die buro het geglo daaraan dat onderwysers definitief opgelei moes word om beroepsadvies mee te deel en daarom moes die direkteur in samewerking met die superintendent van skole 'n serie van konferensies bepaal wat bygewoon sou word deur uitgekose onderwysers wat gewillig sou wees om beroepsadvies te gee aan hul eie leerlinge.

6. Die direkteur sou sorgvuldig verslag hou van die werk gedaan vir die leerlinge, die aantal geadviseer, die houding van die leerlinge met betrekking tot die keuse van hul beroep, die raad gegee, en sover moontlik, die resultate van die raadgewing.

Die gevolg was dat ses onderwysers aangestel geword is wat weekliks hul vergaderinge by die beroepskantoor saam met die direkteur gehou het om spesiale studie te maak van probleme in verband met beroepskeuse. Aan die end van die eerste jaar het hulle breedvoerig gerapporteer oor hul werk. Hulle het daarin geslaag om

1. Meyer Bloomfield: Youth, School and Vocation, bl. [illegible].

nie alleen by ouers, onderwysers en leerlinge, maar ook by die algemene publiek en besigheidswêreld 'n groter belangstelling vir die beweging op te wek. 'n Beroepsadviseur of in sommige gevalle 'n komitee van sulke adviseurs, is by al die hoër skole en al die laer skole behalwe een aangestel, almal tesame oor die honderd. Oor hierdie belangstelling van die kant van die skole sê Bloomfield[1]: "This awakened practical interest of the schools in the life-work of the children cannot stop short of comprehensive supervision and protection of the after school careers of boys and girls. Already teachers on their own initiative and with an expenditure of much time and energy have gone into the homes of their pupils, and have sought to get first-hand knowledge of the industrial environment. If our schools are to have any guiding relation to life—and all educational reform clamours for this relation—teachers must be given every incentive to touch in such personal ways the realities of the life which their pupils will experience."

Parsons het reeds al besef dat ook belangstelling en medewerking van die werkgewers moes verkry word[2]; maar dit was eers in 1912 dat stappe geneem geword is om dit te verseker. Toe is deur die buro 'n konferensie geroep geword waar die "Employment Manager's Association" gestig geword is met die doel[3]:

(1) To discuss problems of employees; their training and their efficiency.

(2) To compare experiences which will throw light on failures and successes in conducting the Employment Department.

3. To invite experts or other people who have knowledge of the best methods or experiments for ascertaining the qualifications of employees, and providing for their advancement and more particularly to study the questions connected with the most effective employment of young people.

Boston dan is die stad waar gedurende die enkele jare so 'n groot organisasie op tou gesit geword is om kinders behulpsaam te wees by die keuse van hul beroep. 'n Groot aantal ander stede het gou hierdie voorbeeld gevolg, o.a. Chicago, New York en Cincinatti. Ook in Engeland bv. in Londen, Edinburgh en Birmingham en op die vasteland van Europa het veral die groot stede die belangrikheid van die probleem ingesien en aanstaltes gemaak om ernstig aandag daaraan te wy[4].

1. t.a.p. bl. 46.
2. Choosing a Vocation, bl. 98.
3. M. Bloomfield: Youth, School and Vocation, bl. 48.
4. T.a.p., bl. 95—148.

Melding dien nog gemaak te word van "The National Vocational Guidance Association" wat gebore geword is uit die eerste Nasionale Konferensie gehou te Boston in 1910. In 1924 het hierdie assosiasie die volgende definisie van beroepskeuse-voorligting aanvaar[1]: "Vocational guidance is the giving of information, experience, and advice in regard to choosing an occupation, preparing for it, and progressing in it." Behalwe dat hierdie liggaam dieselfde doel nastreef as die reeds gemelde inrigtinge, is hy nog hierom van belang dat hy "The Vocational Guidance Magazine" publiseer[2].

---

## Paragraaf 4.—Uitbreiding van Beweging.

### I.—Beroepsseleksie (Taylor).

Ten grondslag van al hierdie werksaamhede op die gebied van die beroepskeuse waaraan Parsons die stoot gegee het, het gelê die strewe om vir elke persoon die werk te vind waarvoor hy die geskikste was, die regte man op die regte plek te kry; m.a.w. uitgangspunt was die mens, doel was beroepsvoorligting (Berufsberatung, Vocational Guidance). Maar voor die beweging om uit te gaan van die mens nog sy aanvang geneem het, namelik in die laaste jare van die 19de eeu reeds is die arbeid op die voorgrond gestel geword, d.w.s. is uitgegaan van die belange van die besigheid of bedryf. Hiermee het die gevaar gepaard gegaan dat die mens so maklik kon verlaag word tot middel, aangesien die bedryf in die sentrum van die belangstelling geplaas is en nie die persoon van die beroepskandidaat nie[3]. Hier was die doel dus om vir een of ander bepaalde arbeid die geskikste persoon te vind, m.a.w. dit was 'n saak van beroepsseleksie (Personenauslese, Vocational Selection). Hierdie strewe word verteenwoordig deur Frederick Taylor, 'n Amerikaanse ingenieur wat sy beskouinge neergelê het in sy algemeen bekende boek: "The Principles of Scientific Management"[4]. Die leidende gedagte van Taylor was om die arbeidsproduksie te vermeerder, hoër diwidende te lewer deur laer

1. H. D. Kitson: The Psychology of Vocational Adjustment, bl. 257.

2. Ook in ander lande is later tydskrifte in die lewe geroep, uitsluitend of hoofsaaklik gewy aan vraagstukke in verband met die beroepskeuse en werk van die jeug, bv. in Duitsland "Arbeit und Beruf": Grüner-Verslag, Berlin W8, Friedrichstrasse 78IV; "Jugend und Beruf" herausgegeben von Dr. Richard Liebenberg, Carl Heymanns Verlag: Berlin W8, Mauersts, 44. In Engeland: "Industrial Psychology" uitgegee deur "The National Institute of Industrial Psychology," Aldwych House, W.C.2. In Holland: "Jeugd en Beroep," uitgawe van J. Muusses, Purmerend; en "Aanleg en Beroep" uitgegee deur L. C. G. Malmberg 15 Hertogenbosch, Antwerpen. In ons eie land het af en toe artikels verskyn oor die onderwerp in "Die Arbeidsblad," uitgegee deur die Departement van Arbeid. Sedert Mei, 1933, verskyn „Die Loopbaangids" uitgegee deur die Johannesburgse Jeugraad.

3. Dr. H. J. F. W. Brugmans: De Organisatie van den Arbeid: het Taylor systeem en de Psychotechniek, bl. 31.

4. Parsons en Taylor het heeltemal onafhanklik van mekaar te werk gegaan.

produksie-koste. „Het Taylor-systeem is toch de logische maar allerzuiverste gevolgtrekking uit het kapitalistische materialisme, de leer van stof en stof alleen. Het beschouwt den arbeider als een louterstoffelyke machine, die alleen ten doel heeft het hoogst-mogelyke rendement te geven[1]. Om hierdie doel te bereik nl. die hoogsmoontlike produksie en daardeur hoogsmoontlike profyte, het hy hom daarop toegelê om:

1. die werk soveel moontlik in klein onderdele te splits;

2. vir elkeen van hierdie deelbewerkinge die geskikste arbeider te vind;

3. die arbeider volkome onder die beheer van die direksie te plaas;

4. verbetering van werktuie en die betere aanpassing daarvan aan die mens.

Deur die arbeid in soveel moontlik onderdele te verdeel, het Taylor dus die beginsel voorgestaan van soveel moontlik spesialisasie, iets wat in ons dae in byna alle bedrywe en beroepe al meer en meer ingevoer word.

Aan die sorgvuldige en wetenskaplike keuse van arbeiders vir elke onderdeel van die werk, het Taylor veel aandag gegee, waardeur hy tewens 'n kragtige stoot gegee het aan die hele probleem van die regte man vir die regte plek te soek. Dit is Taylor se verdienste dat hy afstand gedoen het van die onwetenskaplike metodes waarmee arbeiders gekies word, sommer enige een wat voorkom, totdat, deur harde ervaring, teleurstelling en onmoontlike konkurrensie met bekwamer werkers, en tot groot verlies van die werkgewers, dit tog moet blyk dat hy vir die werk nie deug nie, 'n metode wat vandag nog gevolg word waar beroepsseleksie nie wetenskaplik uitgevoer word nie. Dit was in diens van die Bethlehemse staalmaatskappye dat hy sy waarneminge gemaak het, hoofsaaklik by die ysterkarweiers. Na sorgvuldige bestudering van die werk en die werkers het hy tot die konklusie gekom, dat 'n eersteklas werker 47 ton per dag kon karwei. 'n Paar van die beste arbeiders het hy uitgekies en van hulle het hy op die end weer die beste geneem, hom 'n hoë ekstra beloning aangebied en elke dag geoefen totdat hy byna viermaal soveel werk gelewer het as voorheen. Wat diie kwalifikasies van die werker betref sê

1. Zielkunde en Taylor-systeem deur Dr. Jac. van Ginneken, bl. 8.

Taylor[1]: „Een van de allereerste eischen waaraan een man moet voldoen om geschikt te zijn voor het dagelijks versjouwen van giet-ijzer, is dat hij zoo dom en zoo phlegmatisch moet zijn aangelegd, dat hij meer moet lijken op een os dan op wat anders. Iemand die intelligent is, is daarom reeds volmaakt ongeschikt voor de geestdodende eentonigheid van dit soort werk." By die seleksie van die rywielkoeëls-sorteersters het hy die werksters hoofsaaklik op grond van hul reaksie-snelheid gekeur, daarby die bekwameres hoër loon betaal, terwyl die ongeskiktes ontslaan werd; en verder deur die invoering van oordeelkundig gekose ruspouses die resultaat verkry dat „vyf en dertig meisjes hetzelfde werk deden als vroeger honderd en twintig, terwijl de nauwkeurigheid van het werk bij de grootere productie twee derde grooter was dan vroeger bij het veel langzamer tempo"[2]. Taylor het by sy ondersoekinge voorsien dat: „de tyd nadert waarin alle groote dingen zullen gebeuren door dat type van samenwerking waarbij ieder dat deel verricht waarvoor hij het meest geschikt is en waarbij hij zijn individualiteit bewaart en uitsteekt in zijn bijzondere functie zonder iets van zijn originaliteit en persoonlik initiatief in te boeten, terwijl hij geleid wordt door en moet samenwerken met vele andere menschen"[3]. Onder Taylor se die sisteem het van die indiwidualiteit, originaliteit en persoonlike inisiatief van die arbeider niks geword nie omdat hy hom geheelenal moes onderwerp aan de beheer van die opsieners of direksie.

## II.—Beroepspsigologie.

Beide Parsons en Taylor het wel ingesien dat die psigologie waardevolle diens kon verleen om die regte man vir die regte plek te vind, maar dit was Münsterberg wat as vakkundige die psigologie diensbaar gemaak het aan die praktyk deur sy navorsinge na die beroepsgeskiktheid van die werker. Terwyl hy professor was in sielkunde aan die Harvardse Universiteit is hy deur 'n groot telefoonmaatskappy versoek geword om hulle te help met die keuse van hul personeel. Hierdie maatskappy het namelik gevind dat selfs na opleiding vir die amp van telefoniste 75 uit elke 100 meisies binne 'n jaar ontslaan moes word, hoofsaaklik weëns ongeskiktheid vir die bepaalde soort werk. Hierdie groot verspilling van werk, tyd en geld, het die maatskappy gemeen kon bespaar word as die kandidate vooraf doelmatig getoets kon word na hul geestelike bekwaamhede. Münsterberg het hierdie beroep psigologies gaan analiseer en vasgestel dat sekere bepaalde geestelike hoedanighede daarvoor nodig was, bv. geheue vir getalle, snelle reaksie op optiese indrukke, trefsekerheid, vlugge assosiasie-vermoë, taaie opmerksaamheid en 'n sekere graad van intelligensie. Al die kandidate

1. Sien vertaling van Taylor se boek deur H. J. Hendrikse onder die titel: „De Beginselen der wetenschappelyke Bedryfsleiding," bl. 81.
2. t.a.p. bl. 117.
3. t.a.p. bl. 162.

is in die vervolg met die oog op hierdie geestelike vereistes getoets. Na 'n paar maande se praktyk het dit geblyk dat daar 'n merkwaardige ooreenstemming bestaan het tussen Münsterberg se toetsresultate en die oordeel van die bedryfsleiers omtrent die werkers. Behalwe hierdie toetse het hy nog andere opgestel vir die beroep van skeepskaptein en elektriese trembestuurders. En hoewel sy toetse g'n finaliteit bereik het nie, tog het dit die waarde aangetoon van die psigologie vir beroepsseleksie. In 1912 het Münsterberg sy eerste werk oor die toepassing van die sielkunde op die arbeid gepubliseer nl. „Psychologie und Wirtschaftsleben" en in 1914 sy grotere werk, „Grundzüge der Psychotechnik."

## III.—Die Oorlog (1914—1918).

Die groot wêreldoorlog[1] (1914—1918) het aan die navorsinge op die gebied van de psigotegniek 'n geweldige stoot gegee en die belangrikheid daarvan dus nog meer beklemtoon. Al spoedig het die oorlogvoerende moondhede agtergekom, meestal heeltemal onafhanklik van mekaar, dat vir spesiale betrekkinge hulle manne nodig had met besondere aanleg daarvoor, waardeur daar nie alleen minder ongelukke sou plaasvind nie, en die werk doelmatiger sou gedoen word nie, maar 'n besparing aan menselewens en materiaal sou kon bewerkstellig word, veral teen die end van die oorlog toe die strydmagte al meer en meer uitgeput geraak het en die tekort op een of ander manier moes aangevul word. So is daar bv. ondersoekinge ingestel na die psigofisiese eienskappe en vaardighede vereis vir vliegeniers, geweerkeurders, Zeppelin- en duikbootbemanning, see en artillerie-offisiere en motor-drywers. Op die end van die oorlog had Moede en Piorkowski in Duitsland nie minder as veertien laboratoria tot hul beskikking vir die spesiale keuring van chauffeurs. Maar op nog veel groter skaal het die Amerikaanse leër-outoriteite die sielkunde te hulp geroep[2]. Hulle het die sielkundiges in elf komitees georganiseer om in so kortmoontlike tyd die troepe te keur na hul geskiktheid of andersins vir verskillende afdelings van die leër. En hoewel hul ondersoek die manskappe feitlik net op een militêre geskiktheid nl. verstandelike bekwaamheid getoets het, en belangrike eienskappe soos gehoorsaamheid, dapperheid, aanvoerdersgawes ens. nie kon meet nie, het hulle tog merkwaardige resultate daarmee bereik soos geblyk het uit die beoordeling van die offisiere na hulle enige tyd met die manskappe persoonlik beter kennis gemaak het.

1. E. Claparede: Problems and Methods of Vocational Guidance, bl. 18.
2. Yoakum and Yerkes: Mental Tests in the American Army.

### IV.—Bestudering van Beroepe na die die Oorlog[1].

Na die oorlog het belangstelling in die toepassing van die psigologie op praktiese vraagstukke verbasend snel toegeneem en daarmee ook die belangstelling in die probleem van die beroepskeuse. Die resultate gedurende die oorlog bereik het veral die sielkundiges groot vertroue ingeboesem, en dit spreek vanself dat die psigotegniek graag sy waarde wou aantoon ook vir die praktiese probleme van die dag, veral nou dat daar soveel werkloses en verminktes was wat 'n nuwe lewensbestaan moes vind. As gevolg van die groot belangstelling in die probleem van die beroepskeuse het daar dan ook gou 'n nuwe tak van die toegepaste sielkunde snel ontwikkel nl. beroepspsigologie. In Wes-Europa, in Amerika en Japan is gedurende, sowel as na die oorlog veral, institute opgerig spesiaal met die doel om vraagstukke van beroepspsigologie en beroepskeuse wetenskaplik te bestudeer en beroepsvoorligting te verskaf veral aan die skoolverlatende jeug. Internasionale konferensies, soms byeengeroep uitsluitend met die doel om nuwere ontwikkelinge op psigotegnies gebied te bespreek, is gehou; in 1920 te Geneve, in 1921 te Barcelona, in 1922 te Milan, en in 1927 te Parys. Ook op die internasionale kongresse van sielkundiges gehou te Oxford in 1923 en te Groningen in 1925 is die beginsels van die psigologiese voorligting by die beroepskeuse bespreek.

---

## Paragraaf 5.—Aanvang van Beweging in ons Land.

### I.—Jeugrade.

Die eerste georganiseerde poging in ons land om die jeug behulpsaam te wees om geskikte werk te vind werd gemaak deur die Jeugrade[2].

### II.—Beroepspsigologie.

Ondersoekinge op die gebied van die beroepspsigologie word veral gemaak deur die universiteit te Stellenbosch waar onder leiding van Prof. R. W. Wilcocks, die psigologiese laboratorium sig o.a. ook toelê op die psigologiese bestudering en ontleding van beroepe en die standardisering van toetse waarmee leerlinge vooraf kan getoets word

1. Vir die aktiwiteite in verskillende lande op hierdie gebied, sien M. B. Stott: Report on the Present Position of Vocational Guidance and Vocational Selection; H. D. Kitson: The Psychology of Vocational Adjustment, Hf. XIV:
International Labour Review, Maart 1926;
International Labour Review, April 1925;
International Labour Review, September 1923;
International Labour Review, Desember 1922;
Psychological Tests of Educable Ability, bl 164—183.
(Published by H.M. Stationery O/ce, London).

1. Sien Hoofstuk 7.

om uit te vind of hulle potensiële bekwaamhede besit vir bepaalde beroepe. Die eerste werk van hierdie soort is: „Beroepstoetse vir Skrynwerkers en Loodgieters" (1927) deur R. W. Wilcocks, F. Brümmer en J. A. J. van Rensburg. Vir die ondersoek het hulle 122 leerlinge in industriële skole getoets, waarvan 81 van 4 maande tot 2 jaar en meer opleiding had in een van die twee beroepe en 41 wat in ander ambagte werksaam was of wat nog nie met hul leerlingskap begin het nie.

Die metode het daarin bestaan dat die ondersoekers eers skrynwerkers en loodgieters aan die werk sorgvuldig gaan waarneem het om uit te vind wat die belangrike toetsbare eienskappe was, nodig vir sukses in die twee beroepe. Hierdie waarneminge werd dan verder aangevul deur die antwoorde op vrae gestel aan bekwame en intelligente ambagsmanne, o.a. instrukteurs in die skole. Hiermee was die psigologiese ontleding van die beroepe afgedaan.

Dit werd na noukeurige studie vasgestel dat die vernaamste eienskappe vereis vir 'n suksesvolle uitoefening van hierdie twee beroepe was:

1. Praktiese intelligensie d.w.s. 'n intelligente waarneming en voorstelling van ruimtelike en dinamiese verhoudinge, sowel as die vermoë om voorwerpe en dele van voorwerpe volgens voorgeskrewe verhoudinge of 'n vooropgestelde plan te kombineer; bv. 'n houtmodel bestaande uit verskillende parte moet inmekaar gesit word.

2. Handigheid; met 'n tangetjie en draad moet 'n model vervaardig word.

3. Noukeurigheid van oogmaat; hoeke van verskillende grote moet met die oog gemeet word.

4. Fynheid van tas en kinestetiese sensasies, bv. beoordeling van glad geskaafde oppervlaktes en dikte van plate.

Die tweede stap was die opstelling van toetse om te ontdek in watter graad hierdie vernaamste eienskappe in elke toetsling teenwoordig was.

Die meeste van die apparaat in hierdie ondersoek gebruik kom van die buiteland; 'n deel is egter ook nuut op Stellenbosch spesiaal gemaak. Die betroubaarheid van die toetse om geskiktheid vir die beroepe te bepaal werd gekontroleer deur die toetsresultate te vergelyk met die praktiese bekwaamheid van die leerlinge soos deur die instrukteurs beoordeel. Beoordelinge wat onbetroubaar geblyk het

werd uitgeskakel. Verder werd die toetsprestasies gekorreleer met die ambagsbekwaamheid soos die geblyk het uit 'n stuk werk wat die leerlinge moes verrig en wat deur kenners beoordeel werd. Hierdie twee prestasies werd toe geneem as kriterium en het dus gedien om ongeskikte toetse te elimineer.

Die korrelasie-koëffisiënt tussen die toetsreekse en die bogenoemde kriteria was besonder bevredigend veral in die gevalle waar die leerlinge vir 'n redelik lange tyd aan die instrukteurs bekend was. Dit kan dus aangeneem word dat hier 'n reeks van vertroubare toetse opgestel is om die geskiktheid van die kandidate vir die beroepe van skrynwerker en loodgieter vooraf uit te vind. Omtrent dieselfde toetse was geldig vir beide beroepe, m.a.w. vir hierdie beroepe word ongeveer dieselfde eienskappe vereis.

Dieselfde metode werd gevolg deur Dr. J. A. J. van Rensburg by sy beroepstoetse vir kleremakers, modemaaksters en tiksters[1]. Hier werd die toetse toegepas op 79 kleremakerleerlinge. Na keuring werd 25 toetse uitgesoek vir die eerste twee beroepe; sommige was dieselfde as vir skrynwerkers en vir loodgieters. In die geval van die kleremakerleerlinge werd daar 'n korrelasie van .875 en in die geval van die modemaaksterleerlinge 'n korrelasie van .806 bereik tussen die toetsreeks en die vasgestelde beroepsbekwaamheid. Die resultate van die tiksterberoep was nie so bevredigend nie. In die geval van die kleremakers was dit nog boonop moontlik om 'n ander kontrole-middel in te voer om die doeltreffendheid van die toetse te bewys. Die hele battery gekeurde toetse is namelik toegepas geword op 29 leerlinge net voor die aanvang van hul leerlingskap. Op grond van hierdie toets-resultate werd 'n voorspelling gemaak omtrent hul beroepsprestasies, sonder dat hierdie voorspelling aan die instrukteurs bekend gemaak werd. Na die leerlinge 'n tydlang in die ambag werksaam was, is hul ambagsbekwaamheid vasgestel geword deur die instrukteurs. Hierdie prestasies werd vergelyk met die voorspelde en die ooreenstemming was besonder hoog. Desember 1932 het verskyn van Dr. A. J. la Grange: „Psychotechniese Hulpmiddels vir Leerlingkeuring in die Boerdery."

Dit is dus van groot betekenis dat vir hierdie beroepe daar vertroubare Suid-Afrikaanse toetse ontwerp geword is; want soos Prof. Wilcocks sê moet versigtigheid betrag word met betrekking tot die oorname van metodes en resultate uit ander lande omdat hulle dikwels oorhaastig en met foute verkry geword is. Daarom is „besluit om in betreklik hoë mate van nuut af te begin, en om slegs dan apparate en metodes van toetse aan te beveel waar die eie ondersoek getoon het dat hulle waarde het"[2]. Hierdie werk word intussen voortgesit en

1. Sien sy Beroepstoetse:
   1. (a) Vir Kleremakerleerlinge, (b) Vir Modemaaksterleerlinge,
   2. Vir Tiksterleerlinge.
2. Maandblad vir Sosiale en Bedryfsaangeleenthede 5 April, 1929, bl. 315.

ondersoek ingestel na die beroepstoetse vir werktuigkundiges, stenografiste en huishoudsters[1]. Intussen word ook beroepstoetse gesoek vir vlieëniers aan die Pretoriase Universiteit onder leiding van Dr. Skawran[2]. Hierdie beroepspsigologiese ondersoekinge aan die universiteite word aangemoedig en ondersteun deur die Unie Departement van Onderwys en Arbeid.

**Paragraaf 6.—Beroepspsigologiese Metodes en die Waarde van Beroepstoetse.**

Die beroepspsigologie het ten doel die bestudering van:

a. die psigiese natuur (intellek en karakter) van die arbeidende mens;

b. die beroepsarbeid van 'n psigologiese oogpunt beskou, d.w.s. watter psigofisiese eienskappe (bekwaamhede en talente) vereis word by die uitoefening van 'n bepaalde beroep;

c. psigiese faktore wat in aanmerking geneem moet word by die arbeidsverrigting, bv. belangstelling en voorliefde of onverskilligheid en afkeer van die werk;

d. psigiese nadele wat deur die beroepsarbeid kan veroorsaak word; bv. senusiektes, oormatige vermoeienis ens., wat die gevolg kan wees van slegte aanpassing van die arbeider aan die arbeid weens psigiese, sosiale, ekonomiese en selfs seksuele faktore.

Van die eenkant af word dus die mens bestudeer om uit te vind vir watter besondere beroep of groep van beroepe hy meer geskik is as vir andere; van die anderkant af word die beroep bestudeer om te bepaal watter spesiale eise hy stel aan die persone wat op grond van hul spesiale bekwaamhede die beste instaat is om die beroep uit te oefen. In hoofsaak is die twee aspekte onafskeidelik verbonde aan mekaar en vorm dus eintlik een geheel.

Die beroepspsigologie, intelligensie-metinge, sowel as die ervaring het definitief aangetoon dat beroepsbekwaamheid afhang nie slegs van 'n algemene bekwaamheidfaktor nie, gewoonlik genoem die algemene intelligensie, maar ook van spesifieke faktore en groepe van spesifieke faktore. En dit is veral hierdie spesiale en groep faktore wat deur die beroepspsigoloog moet bestudeer word om kennis daarvan van nut te maak by die beroepskeuse-voorligting. Die aard en omvang van hierdie spesiale faktore is nog nie ten volle ondersoek nie, maar tog is reeds bekend dat sommige eienskappe aangebore en relatief konstant is. Hierdie eienskappe vorm die karakteristieke van die mens en is

1. t.a.p., bl. 317.
2. Sien sy artikel in hierdie blad 5 Sept., 1929, bl. 807, vgl. P. Skawran: Manual of Physical and Mental Tests, bls. 32 en 40.

nie maklik vir uiterlike invloede toeganklik nie. Andere weer is verworwe bekwaamhede; hulle is wel van potensiële disposisies afhanklik vir sekere prestasies, maar deur oefening kan hulle ontwikkel word. Op hierdie gebied word dan poginge aangewend om die verskillende soorte van aanleg te bestudeer: praktiese, meganiese, manuele, wiskundige, letterkundige, musikale, artistiese ens. Baie van die toetse om hierdie spesiale bekwaamhede te meet is wel nog tentatief en onnoukeurig, maar tog alles behalwe waardeloos. (Die studie van temperament en karaktereienskappe word in die volgende hoofstuk bespreek).

By die studie van beroepe word daar verskillende metodes aangewend. Voor die eintlike psigologiese studie begin word of in elk geval nou daarmee verbonde is noodsaaklik 'n algemene beskrywing van die beroep, d.w.s. van verskillende aspekte word die beroep ontleed, nie alleen met die oog op die psigiese en opvoedkundige kwalifikasies vereis vir die uitoefening daarvan nie, maar ook met die oog op sosiale, ekonomiese en tegniese aspekte. Hoewel daar nog nie 'n tegniek gevind is om hierdie algemene analise van die beroep streng wetenskaplik uit te voer nie, verskaf die analise tog informasie wat van waarde is vir die beroepsadviseur omdat hy nie slegs psigiese faktore in aanmerking moet neem ne maar ook sekere algemene besonderhede wat gepaard gaan met beroepsarbeid. Hierdie algemene studie van 'n beroep word gewoonlik genoem „job analysis." As voorbeeld van 'n poging om 'n standaard beskrywing of analise te gee dien die volgende[1]:

A. The Job Itself.

- i. General description.
- ii. Machinery.
- iii. Tools and equipment.
- iv. Materials.
- v. Motions.
- vi. Times.
- vii. Records.
- viii. Pay.
- ix. Standards of output.
- x. Amounts of output.

B. The job in relation to the organization.

- i. Physical working conditions.
- ii. Labour turnover.
- iii. The effects of the job on the worker.
- iv. Sources of labour supply.

1. H. D. Kitson: The Psychology of Vocational Adjustment, bl. 65.

v. Methods of selection.
vi. Training.
vii. Form and efficiency of management.
viii. Payment plans.
ix. Living plans.

C. Sequence of operations.

D. Qualifications necessary in the new worker. .

i. Physical.
ii. Mental.
iii. Character.

Van die meer of geheel psigologies georiënteerde metodes van beroepstudie, wat al gebruik van gemaak is, is die volgende die vernaamste:

1. Vrye karakteristiek of beskrywing. Deur iemand wat lank in die beroep staan of gestaan het en daar volgens algemene oordeel 'n goeie sukses van gemaak het word 'n vrye beskrywing gegee waarby veral gelet word op die psigiese en ander vereistes wat deur die beroep gestel word. So verskyn daar in Amerika 'n hele serie boeke geskryf deur vooraanstaande manne in die beroep bv.:

The Young Man and Teaching deur H. P. Wright.
The Young Man and Civil Engineering deur G. F. Swain.
The Young Man and The Law deur S. E. Baldwin.

Hoewel hierdie metode waardevolle ervaringskennis omtrent die psigiese eienskappe van 'n beroep kan oplewer en daarom nie te verwerp is nie, besit dit die groot nadeel dat dit noodwendig te subjektief is. Die beste man in 'n beroep hoef ook glad nie die beste bevoeg te wees om die vernaamste beroepsvereistes te omskryf nie.

2. Nou verwant hieraan is die interview of ondervragingsmetode. Verskillende persone wat die beroep uitoefen word mondeling ondervra omtrent die vereistes wat hulle die belangrikste ag vir die beroep. Deur vergelyking van die verskillende gesigspunte kan die beroepspsigoloog uit die ooreenstemmende besonderhede sekere belangrike vingerwysinge verkry, wat dan later kan dien as basis of uitgangspunt vir meer wetenskaplike metodes. Sistematiese ondervraging is egter nie alleen 'n kuns wat baie hoë eise stel aan die uitvraer nie, maar dit beïnvloed baie maklik die ondervraagde, wat buitendien beroepsgeheime mag verswyg en in elk geval onnoukeurige en subjektief gekleurde meedelinge mag maak. Bowedien is dit besonder tydrowend.

3. Die questionnaire metode is 'n ander variasie van bogenoemde metodes deurdat 'n groot aantal persone se sienswyses skriftelik ingewin word aan die hand van so'n breedvoerig moontlike vraelys. Wanneer persone bevoeg om die vrae te beantwoord uitgesoek word daarvoor kan die gegewens statisties bewerk word en ook alweer belangrike resultate verkry word. Die volgende moeilikhede en nadele is egter swaar om te vermy:

a. Die beroepsarbeid word noodwendig versnipper in 'n groot aantal besondere werksaamhede en dis moeilik, feitlik onmoontlik om uit so'n groot aantal elemente 'n sinvolle geheel op te bou; m.a.w. om van die parte tot die geheel te kom.

b. By die opstel van die vrae, as hulle nie te algemeen en feitlik niksseggend is nie, gaan die opsteller onwillekeurig uit van die aanname van sekere eienskappe wat hy juis moet uitvind of hulle werklik voorkom. Eienskappe wat nie vermoed werd nie bly dan weer onbekend.

c. Dit het slegs sin om die bekwaamstes wat in 'n beroep staan uit te vra en hulle is weer geneig om superlatiewe eise te stel. Minder vleiende hoedanighede aan die ander kant word weer selde geopenbaar.

d. Die beroepsuitoefenaar is selde objektief genoeg teenoor sy beroep. Sy antwoorde word onwillekeurig gekleur deur sy eie houding t.o.v. die beroep.

e. Die eienskappe meeste deur die ondervraagdes vermeld is ook nie noodwendig die belangrikste nie.

4. Die metode van waarneming en analisering. Vir iemand wat 'n sorgvuldige studie van 'n beroep wil maak is dit eintlik vanselfsprekend dat hy tenminste die beroep in die werklikheid sal waargeneem het. Die beroepspsigoloog is buitendien iemand met 'n geskoolde waarnemingsvermoë. As hy dus 'n groot aantal werkers, goeies sowel as swakkes, self onder verskillende omstandighede aan die werk gesien het, sodat hy kan bepaal waarin die goeie werker sig onderskei van die swak werker, dan word dit meteen moontlik om die essensiële arbeidsfunksies vas te stel en op grond daarvan na te gaan deur watter psigiese funksies die werksaamhede bepaal word, en op grond van sy kennis van die eksperimentele sielkunde kan hy besluit watter toetse met of sonder apparaat beste die psigiese funksies objektief kan meet.

'n Beswaar is egter dat selfs met die sorgvuldige waarneming dit moeilik is om veral ingewikkelde arbeidsverrigtinge in die kleinste besonderhede waar te neem; daarby kom nog dat onbekendheid met die beroep daartoe lei dat sommige, miskien van die belangrikste psigiese funksies mis gesien word. Buitendien is dit slegs uiterlike waar-

neming en geen innerlike belewing nie, waardeur die waarnemer geen idee kry van die relatiewe psigiese inspanning nie. Daarom word 'n subjektiewe analise deur die ondersoeker wenslik geag wat kan aangevul word met of getoets word aan andere se ervaring, kennis en waarneming.

5: Dit lei dan tot die metode van self-doen en analisering wat deur sommige ondersoekers toegepas werd; bv. die psigoloog het eers geleer vir vlieënier, telefonis, trem-kondukteur voor hy die toetse opgestel het. Ernstige moeilikhede staan egter ook hier in die weg van 'n algemene toepassing nl. die aanleer van die beroep vereis veel tyd; die psigoloog mag 'n beroep wil aanleer wat hy juis geen aanleg voor besit nie; sy aandag word verdeel tussen verrigting van die werksaamhede en analise daarvan wat 'n belemmering afgee na beide kante.

6. Dit is ook al aan die hand gegee en hier en daar op die proef gestel[1] om gebruik te maak van die tipologie by die beroepsstudie, m.a.w. van "n tipologiese metode. Dit sou veral geld by die persoonlike beroepe waar dit in hoofsaak aankom op die verskillende karaktertipes wat op mekaar inwerk of in beroepe waar alleen persone met 'n sterk uitgesproke karaktertipe suksesvolle werk kan doen. So sou vir sekere joernalistiekearbeid en die telefoondiens waar snelle reaksie-vermoë vereis word primair en nie sekundair funksionerende mense nodig wees[2]. Op dieselfde wyse sou Spranger[3] se godsdienstige, sosiale, estetiese, ekonomiese, teoretiese en magtipes veral in aanmerking kom vir sulke beroepe waar die ooreenstemmende eienskappe sterk op die voorgrond tree en vereis word. Die extrovert[4] wie se lewe na buite gerig is sal weer meer deug in beroepe wat die persoon baie in kontak bring met ander mense, terwyl die introvert wat in sigself gekeerd is meer op sy plek is in die studeerkamer of ander afgesonderde arbeid. Selfs Kretschmer[5] se asteniese tipe (maer, lank, smal skouers, plat borskas, 'n geringe liggaamsgewig, langwerpige en eiervormige gesig), sy atletiese tipe (breë, stewige skouers, forse borskas, growwe beendere-stelsel, hoë gestalte, growwe en eiervormige gelaat) en sy pycniese tipe (geset, welgedaan uiterlik, middelmatige lengte, breed en ronde gelaat) sou hier in aanmerking kan kom. Al hierdie tipes het egter in eerste instansie betrekking op uiterste gevalle; die meeste mense behoort nie tot een of ander sterk uitgesproke tipe nie maar staan tussen die uiterstes in of is ewe sterk in meer as een rigting aangelê, bv. sosiaal en godsdienstig tegelyk.

1. F. Baumgarten: Die Berufseignungsprüfungen, bl. 132.
2. H. J. F. W. Brugmans: Psychologische Methoden en Begrippen, bl. 200.
3. E. Spranger: Lebensformen.
4. A. G. Tansley: The New Psychology, Hf. VIII.
5. E. Kretschmer: Körperbau und Character.

Hoewel die tipologie dan ook in die praktyk nog nie aangewend is by die beroepskeuse nie, bied dit sekere moontlikhede by die voorligting veral van uiterste gevalle.

Hierdie metodes vul mekaar natuurlik aan en dis die taak van die beroepspsigoloog om van een of meer van hierdie metodes van beroepsstudie gebruik te maak, al na die aard en die eenvoud of ingewikkeldheid van die beroepe, by die opstelling van gestandaardiseerde toetse. So het bv. la Grange[1] by die bestudering van 'n ingewikkelde beroep soos die boerdery-bedryf gebruik gemaak van ondervraging, self-doen, waarneming en analisering, beskrywing en die questionnaire metode, terwyl by die ander Suidafrikaanse toetse die questionnaire en self-doen metodes nie aangewend is nie.

Die vraag is: Wat is die praktiese waarde van die beroepstoetse wat gewoonlik die uitkoms is van beroepspsigologiese studie? Beroepspsigologie is nog maar 'n baie jong wetenskap, daarom alleen al kan 'n mens nie verwag nie dat nou reeds al beslissende en eensluidende antwoorde op die menigvuldige vrae verkry kan word op 'n gebied wat so ontsaglik uitgebreid en ingewikkeld is, wat die ganse mensdom in al sy arbeid omvat.. 'n Mens hoef in hierdie verband maar net te dink aan die ervaring van Seashore wat met sy assistente aan die universiteit van Iowa dertig jaar lank gewerk het aan die analise van musikale talent, en ten spyte van bevredigende vordering, toe nog erken het dat die analise inkompleet was. Dit kan egter nie geld as 'n beswaar teen die praktiese uitvoerbaarheid van beroepsstudie nie; 'n mens sou dan met nog veel meer reg dieselfde beswaar kan inbreng teen die studie van opvoedkundige metodes waarmee die mens al eeue besig is om steeds verbeteringe aan te bring. Beroepspsigologie is soos enige studie wat sig besig hou met die lewende mens dinamies en nie staties nie.

In die kort tyd—eintlik maar eers van na die 1914—1918 oorlog af—sedert die opkoms en ontwikkeling van hierdie wetenskap is veel reeds gedaan, al is dit meer in die breedte as in die diepte, sodat nog niks van die verkreë resultate onomstootlik vas staan nie en al meer en meer die noodsaaklikheid besef word om die toetse te toets. Dit is veral nodig omdat aanvanklik die beroepsondersoekers sig te uitsluitend op die eksperimentele basis van die ouere sinne-psigologie geplaas het, terwyl die biologiese aspek wat die ganse mens met al sy gevoelens, begeertes en neiginge in die middelpunt van sy ondersoek stel, op die agtergrond geskuif en selfs heeltemal verwaarloos werd. Op die manier werd die ondersoekingsveld eintlik tussen baie enge grense beperk. Nie alleen werd hoofsaaklik slegs tegniese beroepe bestudeer nie, soos van die trem-drywer, motor-drywer, tikster,

1. t.a.p.

telefonis, telegrafis, kleremaker, loodgieter, skrynwerker, fabrieksarbeider, lettersetter, klerk, vlieënier, wie se werk bestaan in min of meer afgebakende tegniese funksies, maar selfs daar werd in eerste instansie gelet op enkele eienskappe en simptome en werd uit die oog verloor dat die arbeidende mens meer is as die som van sy afsonderlike eienskappe. Die beswaar is dan ook teen hierdie psigotegniese toetse ingebring dat hulle byna sonder uitsondering die werk ontleed in terme van abstrakte algemene hoedanighede, soos geheue, opmerksaamheid ens. i.p.v. in terme van die werker aan die werk[1]. 'n Telefoon-operateur moet dus nie getoets word in die algemeen of hy getalle bv. met tien sywers kan onthou nie, maar of hy werklike getalle soos gebruik in die telefoon-diens kan onthou. Daar is nog nie afdoende bewys dat die toekomstige werker in die werk altyd 'n sukses sal wees as hy 'n reeks gestandaardiseerde beroepstoetse vir 'n betrokke beroep suksesvol deurgegaan het nie; en dit mag miskien selfs blyk "that tests are not the best tools to use after all"[2]. Opvallend is verder dat sulke seer uiteenlopende resultate verkry werd waar dieselfde beroep deur verskillende psigotegnisi geanaliseer werd[3]. Vir 'n groot deel moet die uiteenlopende en gevolglik onbetroubare toetse toegeskryf word aan 'n onbetroubare kriterium. Van Rensburg[4] veral het dan ook seer tereg gewys daarop hoe hierdie belangrike beginsel nie genoeg in ag geneem werd nie en het die eise omskryf waaraan 'n betroubare kriterium moet voldoen. Uiteindelik word in die daaglikse praktyk van die lewe ten spyte van hoeveel en hoe goeie toetse ook al die gehalte van suksesvolle werk beoordeel deur die maatstaf van bekwame beroepskenners en nie deur beroepspsigoloë nie. Om dus vas te stel of die toetse betroubaar is moet hulle gunstig korreleer met die betroubare oordeel van beroepsmanne. Selfs 'n hoë korrelasie is egter soms misleidend omdat dit gebaseer word op 'n vergelyking van groot getalle; daar mag dus oor die algemeen 'n groot ooreenstemming wees tussen betroubare toetse en 'n betroubare oordeel; dit neem egter nie weg nie dat in indiwiduele gevalle daar nogal groot verskille voorkom tussen die beroepspsigoloog en die beroepskenner se rangordes van bekwaamheid[5].

Gesorg moet dus word: dat die beroepsman of instrukteur—waar sy kriterium gebruik word—se oordeel nie beïnvloed word deur emosionele en karakter-eienskappe nie, bv. omdat 'n leerling 'n aantreklike persoonlikheid het en gehoorsaam is om bevele uit te voer, of omdat die beoordelaar van hom hou, word hy as bekwaam beskou; dat sy kennis van die leerlinge se prestasies op ander gebiede hom nie mislei nie; dat hy nie ten onregte meer klem lê op sekere kenmerke van die werk as op ander nie; dat die instrukteur nie sy leerlinge eintlik maar

1. Kitson t.a.p., Hf. IV.
2. Kitson t.a.p., bl. 70.
3. F. Baumgarten t.a.p., bl. 575.
4. t.a.p., bl. 10 en 94.
5. Sien die Suidafrikaanse Beroepstoetse.

swak ken nie omdat hy gewoonlik nie let nie op die gehalte van werk wat hulle doen; dat die instrukteur se oordeel 'n betroubare maatstaf is van die werker aan sy werklike werk; verder moet die beoordelaar se maatstaf getoets word deur dit op verskillende tye—in elk geval meer as eenmaal—te vra en deur dit te vergelyk met andere se oordeel wat min of meer dieselfde kanse had om met die beoordeeldes kennis te maak. Die verdienste van die Suidafrikaanse toetse bestaan dan ook daarin dat nie alleen gesorg werd vir betroubare kriteria nie maar dat hulle 'n deeglike refleksie is van die werk self, d.w.s. die werkers werd aan die werk en in terme van die werk getoets, die gewigstigste vereiste deur Kitson gestel aan beroepstoetse.

Verskillende pogings is aangewend om die akademiese beroepe, en ander beroepe waar die persoonlikheid van die mens op die voorgrond tree, psigologies te bestudeer en te analiseer om te kan bepaal wat die essensieelste vereistes daar is[1]. So werd die beroep van onderwyser, medikus, diplomaat, bestuurder, poliesman, bestudeer. Nie alleen is op hierdie gebied nog geen gestandaardiseerde toetse gevind nie, maar daar bestaan selfs nog geen noemenswaardige mate van ooreenstemming omtrent die essensieelste psigiese hoedanighede wat hier die deurslag gee.

Nieteenstaande die feit dat betreklik gesproke nog nie besonder veel betroubare resultate op die gebied van die beroepspsigologie gelewer is nie, is egter reeds bewys dat sulke bemoedigende resultate verkry is in die buiteland[2] en ook hier[3] dat dit die moeite wêrd is om voort te gaan met die studie en die reeds verkreë resultate te gebruik. Al mag al hierdie studie en arbeid nie elke mens 'n ideale beroep besorg nie, en al is dit waar wat Spranger sê[4]: Irgendwo hat der Genialste die Stelle seines Versagens, tog is dit eintlik vanselfsprekend dat wetenskaplike beroepspsigologiese voorligting beter resultate moet afwerp as alle gis-en-mis-metodes.

Die ontwerping en standaardisering van beroepstoetse is 'n ingewikkelde en tydrowende tegniek wat net deur die geskoolde beroepspsigoloog mag onderneem word. Van die verkreë resultate kan die onderwyser reeds in sekere mate gebruik maak. So kan hy bv. die vereiste eienskappe vir skrynwerker en loodgieter in en buite die skool waarneem[5]. Maar natuurlik behoort hierdie waarneminge vir hom slegs vingerwysinge te wees wat later deur 'n beroepspsigoloog wetenskaplik moet getoets word om die werklike aard en omvang van die hoedanighede objektief te kan vasstel.

1. F. Baumgarten, t.a.p., Hf. X.
2. Sien bv. F. M. Earle: Methods of Choosing a Career.
3. Deur van Rensburg.
4. E. Spranger: Psychologie des Jugendalters, bl. 233.
5. Sien hierbo, bl. 15.

HOOFSTUK 2.

# Psigologiese Waarneming en Meting in die Skool.

## Paragraaf 1.—Psigologiese Waarneming Moontlik en Nodig vir Beroepskeuse.

Die onderwysers het hul leerlinge gewoonlik 'n jaar, of soos dikwels hier by ons, veral op die plase, selfs veel langer as 'n jaar onder oë gehad, onder allerlei lewensomstandighede dikwels ook buite skool. Hulle het hulle sien ontwikkel, spontaan optree; sien reageer met of sonder sukses op 'n groot verskeidenheid van vereistes voortdurend deur die skool aan hul vermoëns gestel. En dat hierdie reaksies en spontane optree sekere getuienis kan en moet aflê omtrent die kind se wordende persoonlikheid, sy aanleg of gebrek aan aanleg vir bepaalde geestelike funksies, dit is 'n insig hierdie wat reeds langelange jare as vanselfsprekend beskou geword is. Netso vanselfsprekend word dit vandag beskou dat hierdie waarnemings deur die onderwysers ook sistematies sal gemaak word, nie net met die oog daarop om die onderwyser van diens te wees by die onderwys nie, maar ook terwille van die waarde daarvan vir die verdere loopbaan van die kind na hy die skool verlaat het om 'n lewenstaak te soek.

In die lig van die genetiese psigologie wat die persoonlikheid van die mens beskou as 'n steeds groeiende, sig ontwikkelende organiese eenheid, moet die voortdurende en sistematiese waarnemings deur 'n geskoolde waarnemer van onskatbare waarde wees by die wetenskaplike beroepsvoorligting wat uitgaan van die totale persoonlikheid van die mens as kern. Hierdie voortdurende en sistematiese waarnemings is in besonder die taak van die skool en moet die uitgangspunt en grondslag vorm van alle verdere beroepsvoorligting deur die wetenskaplik daarvoor geskoolde beroepsadviseur.

Psigoloë[1] wat sig prakties geinteresseer het vir die vraagstuk van beroepskeuse, het dan ook die oortuiging uitgespreek dat die skool waardevolle steun moes en kon verleen by die bepaling van die psigiese geskiktheid van die leerling vir die een of ander beroep of groep van beroepe. En hierdie mening was hulle toegedaan tenspyte van die feit dat terdeë rekening gehou werd met die byna algemene ongeskooldheid van die onderwysers destyds insake psigologiese waarneming en meting. Duidelik was dit daarom dat voorligting vir die onderwysers noodsaaklik was.

1. Sien W. F. Weber: Die Schule im Dienste der Berufsberatung, bl. 33.

## Paragraaf 2.—Psigologiese Persoonslyste as Hulpmiddel vir die Onderwyser.

Die moeilike vraag was natuurlik: hoe kon al dadelik van die onderwyser se hulp gebruik gemaak word om die gewenste psigologiese gegewens omtrent die leerlinge te verkry. Psigoloë[1], wat die moontlikhede ingesien het, het daarom aan die werk gegaan, en die eerste soort van hulp van die onderwyser wat hulle ingeroep het was by die beantwoording van vraelyste of handleidinge opgestel vir die psigologiese waarneming en ondersoeking van die leerlinge se persoonlike hoedanighede; m.a.w. vir elke indiwiduele leerling moes 'n psigogram gemaak word[2]. Hierdie lyste het hulle gemeen kon beantwoord word deur onderwysers, sonder dat 'n bepaalde psigologies geskoolde kennis daarvoor juis onmisbaar was, hoewel natuurlik wenslik. Van hierdie persoonslyste is die van Roels en van der Spek[3] die breedvoerigste uitgewerk; die bedoeling was om „het geheel van eigenschappen en vaardigheden; physische, psychophysische en psychische, die by mogelykheid maar voor den aanleg van gewicht kunnen zijn, in zijn componenten te ontleden." Aan die lys van eienskappe werd 'n tweede gevoeg waarin soveel moontlik die geleenthede aangegee word, wat die skool en die omgang met die kinders buite die skoolgebou, die onderwyser aanbied ter obserwasie van al die genoemde eienskappe. 'n Derde lys bevat 'n opgawe van toetse vir 'n gedeelte van die eienskappe in die eerste genoem, sodat die onderwysers, as die obserwasie alleen nie alte duidelik spreek nie, of kwantitatiewe gegewens vereis werd, hierdie eienskappe verder kon ondersoek. Die gevoels- en wilselemente, wat, soos die skrywers sê „voor de bevruchting en de ontwikkeling van den aanleg van zoo groot belang zijn[4], kon geen eksperimentele toetse voor gegee word nie, gevolglik moes die onderwysers gebruik maak van die persoonslys. Die taak van die onderwyser was dan om vir elke leerling so 'n lys daarop na te hou, en die desbetreffende vrae vir elkeen te onderstreep[5]. Die volgende uittreksel gee 'n idee hoe die vraelys daaruit gesien het[6].

1. Hul name en werke word later in die hoofstuk genoem.

2. Vir 'n uiteensetting van die psigografiese metode sien Will. Stern: Die differentiele Psychologie, bl. 327—371.

3. Sien hul: Handleiding voor Psychologisch Onderzoek op de School.

4. t.a.p., bl. 10.

5. 'n Goedkoop eksperimenteerkassie met die benodigde materiaal sou die ondersoekinge vergesel het.

6. t.a.p., bl. 30.

# PERSOONS LYST.

Naam: Geslacht: Leeftyd: Geboortedatum:

Geboorteplaats:

Woonplaats: Inrichting van Onderwys.

Klasse.

Leeraar onderwyzer
——— of ———
Leerares onderwyzeres

| Nummer der Vragen. | Bezit de leerling(e) de volgende eigenschappen of gebreken: | Nummer der proeven, die eventueel kunnen worden gedaan. | Gelegenheden, waarby de bedoelde eigenschappen of gebreken vallen waar te nemen | Opmerkingen: |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Een goede, slechte gezondheid. | | Het aantal ziektedagen | |
| 2 | Een sterk, gewoon, zwak gestel. | | Op het einde der repetities; by schoolreisjes en wedstryden; by slecht weer. | |
| 3 | Wel, geen last van een bepaald lichaamsdeel te hebben. | | By alle gelegenheden. | |
| 4 | Groote, gewone, geringe spierkracht. Van welke spiergroepen in het byzonder. a. handen, b. armen, c. beenen, d. borst, e rug. | | In de gymnastiekles. | |
| 5 | Lang achtereen, maar kort achtereen te kunnen staan. | | In de gymnastiekles. | |
| 6 | Lang achtereen, maar kort achtereen te kunnen loopen. | | By school-voetreisjes. | |
| 7 | Lang achtereen, maar kort achtereen hard te kunnen loopen. | | By athletiekwedstryden. | |
| 8 | Een krachtig gewoon, zwak stemgeluid. | | Op de speelplaats; in de zangles. | |
| 9 | Een klankvol, mat stemgeluid. | | In de zang-, lees- en declamatieles; by tooneeluitvoeringen. | |

## Paragraaf 3.—Waarde van Hierdie Lyste.

Die waarde van die psigologiese persoonslyste in teëstelling met die eksperiment en intelligensie-meting lê veral daarin dat hier 'n sistematies deurgevoerde, langdurige psigologiese waarneming van die leerling se algemene psigiese ontwikkeling gegee word, wat altyd nog verder weer aangevul, en ook verander kan word al na die ontwikkeling van die kind, in die verskillende inrigtinge wat deurloop moet word om hom beroepsbekwaam te maak. In die opeenvolgende stadiums kan dus altyd gebruik gemaak word van die waarneminge gedaan in die voorafgaande. Die arbeidende persoonlikheid in sy daaglikse doen en late word veral in die middelpunt geplaas; hoe hy groei en wat hy presteer; al sy geestelike eienskappe wat nie alleen 'n beslissende invloed laat geld op sy onderwys nie, maar ook van betekenis kan wees by sy beroepsvoorligting; die ontwikkeling en ontplooiing van sy gemoedslewe, sy morele ontwikkeling—almal hoedanighede hierdie wat sig glad nie of slegs baie onvolledig eksperimentsgewyse laat vasstel[1]. Spontane en natuurlike handelinge word hier ag op geslaan in plaas van momentele reaksies, soms van baie lewensvreemde aard. Besondere aandag word bestee aan die ontwikkeling en aard van een of ander bepaalde aanleg[2].

---

## Paragraaf 4.—Kritiek op die Lyste.

Hierdie persoonslyste, meer in besonder die van Roels en van der Spek, is skerp gekritiseer, feitlik veroordeel, deur Prak wat in teëstelling daarmee die voordele van die eksperimentele metode aanprys. Wat die lyste self betref oordeel hy[3].

„a. haar terminologie is voor een groot deel aan de laboratoriumpsychologie ontleend en heeft geen zin voor de ruwe waarneming van leeken, die er niet mee kunnen werken, noch zelfs de woorden kunnen begrijpen,

b. er is niet onderzocht of de gebezigde begrippen reëele psychische verschijnselen aanduiden, dan wel vage termen zijn uit de omgangstaal, die in het bewustzijnsleven geen aequivalent vinden; of zelfs begrippen, die voorlopig alleen betekenis hebben in verband met zeer bepaalde proefopstellingen, die de onderwijzer noch kent, noch tot zijn beschikking heeft.

c. er is niet gekontroleerd of de gestelde vragen werkelijk verschijnselen betreffen, die voor ruwe waarneming in aanmerking komen.

1. Vgl. A. J. la Grange: Psychotechniese Hulpmiddels vir Leerlingkeuring in die Boerdery, Hfs. 6.

2. Vir die besondere pedagogiese waarde van hierdie lyste sien S. Rombouts: "Nieuwe Banen in Psychologie en Pedagogiek," 219 en 227.

3. J. L. Prak: De Psychotechniek der Beroepskeuze, bl. 217—218.

d. men heeft veelal totaal vergeten, dat de onderwijzer al een baantjie heeft, dat hem voorlopig andere plichten oplegt dan het beantwoorden van 20 tot 50 keer 100 of 200 onverstaanbare vragen."

Daar is geen twyfel aan dat teen 'n lange lys van vrae, veral een met velerlei vakkundig psigologiese terminologie, ernstige besware kan ingebring word deur die deursnee onderwyser, veral die sonder deeglike psigologiese kennis. Aan die anderkant ly dit egter geen twyfel dat Prak hom alte uitsluitend op eksperimentele basis stel en nie genoeg in ag neem dat kenmerkende en daarby uiters belangrike, ja dikwels die deurslaggewende, trekke van die leerling se persoonlikheid wat vandag in elk geval nog nie eksperimenteel kan vasgestel word nie, wel deeglik veral deur die psigologies geskoolde onderwyser kan waargeneem word en van grote waarde kan wees vir die beroepsadviseur.

Daarby erken selfs Prak dat as die onderwysers „in hunne opleidingsjaren een grondige scholing hebben ontvangen in de psychologie, kinderpsychologie en pedagogiek . . . . . . kunnen resultaten van het schoolpsychogram worden verwacht"[1].

---

## Paragraaf 5.—Sistematiese Waarneming Vergeleke met Eksperimentele Proewe.

Beroepsadviseurs is daar vandag vrywel eens oor dat eksperimentele proewe alleen 'n part uitmaak van die beroepsvoorligter se werksaamhede[2]. „Die Psychologische Prüfung kann eine gewisse Stütze und Nachprüfung der Beobachtungsergebnisse in einzelnen Fällen bieten. Wir vermögen auch, wenn uns bestimmte psychische Anforderungen eines Berufes bekannt sind und wir die in betracht zu ziehenden Funktionen sicher zu erfassen vermögen, experimentell eine ziemlich zuverlässige Auslese für eine Sondertätigkeit vorzunehmen, wir sind aber noch nicht heute imstande, durch die psychologische Prüfung mit der notwendingen Zuverlässigkeit die Gesamtanlage des Menschen zu bestimmen und daraufhin ihn einer Berufsgruppe zu-zuweisen. Wir vermögen also unter Umständen für einen besonderen Beruf den erforderlichen Menschen festzustellen, wir können aber nicht generell für alle Ratsuchenden die zusagendste Berufsgruppe experimentell mit Sicherheit erschliessen. Diese Aufgabe verbleibt immer wieder der psychologischen Beobachtung und diese ihrerseits in ihren wesentlichen Teilen der vorbereitenden Schule. Wir kommen also immer wieder auf die Schule und auf die Notwendigkeit der psycholo-

1. t.a.p., bl. 284.
2. Vgl. W. M. Proctor: Educational and Vocational Guidance, bl. 80: "It will never be possible simply on the basis of tests, no matter how skilfully devised, to guide a person inerrantly into just the exact occupation he should follow."

gischen Beobachtung durch diese zurück. Hier gilt es nachdrücklich, zielbewusst und umfangreich mit der Arbeit einzusetzen. Allerdings muss auch der Lehrer eigens darauf eingestellt sein"[1].

In ooreenstemming met hierdie standpunt ten opsigte van temperamentele en karakter-toetse is die bevindinge van die komitee aangestel deur "the Industrial Fatigue Research Board and the National Institute of Industrial Psychology" in rapport nommer 33 oor: "A Study in Vocational Guidance"[2]: "Preliminary investigations showed that, in their current forms, tests of temperament are neither exact enough nor self-consistent enough to be of much practical service . . . . . . . It was, accordingly, agreed to rely upon personal observations rather than upon experimental tests". En hoewel hulle die hoop uitspreek dat toetse mag gevind word om morele hoedanighede te meet, sê hulle[3]: "Nothing, however, can form a substitute for precise and detailed reports secured from parents, teachers, or welfare-workers, who know the child and his history . . . . . . In passing our final judgment on the character of each individual child, we gained much assistance from the histories and comments supplied by teachers and parents whom we visited. What kind of games the child habitually played, what were his hobbies, his favourite amusements, and his preferences in general reading, whether he played alone or with other children, whether he took the lead himself or submissively followed the lead that was given by others, whether he was popular among his school-fellows, whether he assumed a responsibility for the younger children at home, whether he was a prefect or a monitor in his class, and whether he was a member of a club or of a troop of scouts—these and similar inquiries often brought the most illuminating replies about the child's temperamental characteristics."

'n Groot aantal persoonslyste is deur verskillende werkers ontwerp en soms is 'n hewige stryd gevoer oor die beste vorm wat hulle behoort aan te neem[4]. Maar soos Weber tereg sê: „Der Streit, welcher Beobachtungsbogen vorzuziehen ist, ist unnütz: Nicht auf den Beobachtungsbogen kommt es in erster Linie an, sondern auf den Beobachter."

1. F. Weber: Die Schule im Dienste der Berufsberatung, bl. 46—47. Vgl. J. van den Wyenbergh: Schule und Berufsberatung, bl. 125—126; H. D. Kitson: The Psychology of Vocational Adjustment, Hf. IV; C. S. Myers: Industrial Psychology, Hfe. IX en X.
Vir 'n vergelyking van die waarnemingsmetode met die eksperimentele, sien H. Sachs: "Probleme und Metoden der Systematischen Berufseignungs Psychologie" in "Berufsberatung, Berufsauslese, Berufsausbildung," uitgegee deur die "Reichsarbeitsverwaltung." Sien ook Otto Lipmann: "The Principles of Vocational Guidance" in "The British Journal of Psychology" Vol. XIV Part 4, April, 1924.

2. Bl. 68, Vgl. F. M. Earle: Methods of Choosing a Career, Hf. IV.

3. Sien bl. 68—69, vgl. "Psychological Tests of Educable Capacity," published by H. M. Stationery Office, bl. 54—61 en 132. Vir 'n mooi samevatting van die verskillende vernaamste temperamentele en morele toetse sover ontwerp en probeer, sien Dr. Cyril Burt: "The Young Delinquent," bl. 399—419.

4. Vir verskillende soorte van persoonslyste sien J. van den Wyenbergh: Schule und Berufsberatung, bl. 129—159. Ook Otto Bobertag: Die Anwendung des Fragebogens in der Schule in "Die Schule im Dienst der Berufserzeihung und Berufsberatung," uitgegee deur "Reichsarbeitsverwaltung," en die "Zentralinstitut für Erziehung und Unterricht."

5. F. Weber: Die Schule im Dienste der Berufsberatung, bl. 86.

Die idee begin al meer en meer veld win dat vir die psigologies geskoolde onderwyser die persoonslys alleen as 'n hulp moet dien, vir referensie veral, en dat hy moet vrygelaat word om 'n vrye karakteristiek van die leerling op te stel naar gelang van sy eie waarneminge[1]. Solank die onderwyser indagtig daaraan is dat dit die gehele persoonlikheid van die leerling in eerste instansie geld, maak dit glad g'n saak watter vorm sy karakterisering aanneem nie, solank dit sistematies gedoen word.

Natuurlik word nie verwag van die onderwyser dat hy op 'n goeie dag sal gaan sit en al die vrae beantwoord—in die geval van 'n vraelys—of sy vrye karakteristiek sal gaan skryf nie. Alleen wanneer hy iets kenmerkends waargeneem het ,en alleen wanneer hy seker is van sy obserwasies teken hy dit okkasioneel aan. Geen aantekening is beter as 'n foutiewe. Waar meer dan een onderwyser waarneminge oor dieselfde kind maak, vergelyk die onderwysers onderling eers hul aantekeninge voor dit finaal in die karakteristiek van die betreffende leerling in te sluit. Waar verskille voorkom kan die aan verdere waarneminge onderwerp word of aan die vak-psigoloog voorgelê word by die kind se uittreding uit die skool, om verder deur hom ondersoek te word indien antwoord daarop van belang geag word vir die kind se beroepstoewysing.

---

**Paragraaf 6.—Gebruik van Persoonslyste deur Beroepsadviseurs.**

Deur Liebenberg, Bogen en Bobertag[2], die eerste twee respektiewelik direkteur en hoof van die Psigologiese Laboratorium van die „Landesberufsamt," Berlyn, is breedvoerige ondersoekinge ingestel na die praktiese waarde van die vraelys, die manier waarop dit deur onderwysers ingevul word, hul moeilikhede daarmee en objeksies daarteen. Hoewel deur verskillende onderwysers besware gemaak is veral teen die lengte van die lys—soos die in die begin daaruit gesien het—en op grond van hul eie gebrek aan psigologiese kennis, is byvoorbeeld geblyk dat ongeveer 75% van die lyste bevredigend ingevul werd, d.w.s. van praktiese waarde was vir die beroepsadviseur, en dit ten spyte van geen spesiale psigologiese vooropleiding. „Eingehende Auszählungen und Auswertungen von mehr als 13000 ausgefühlten Beobachtungsbogen haben den Beweis erbracht, das gut 75 v.h. aller von der Schule gelieferten Schülerbeobachtungen für die Zwecke der Berufsberatung jetzt schon in ausreichendem Masse brauchbar sind; es steht zu hoffen, dass eine weitere beharrliche und eindringliche Aufklärung der Lehrerschaft über die Notwendigkeit der Schülerbeobach-

1. —. van den Wyenbergh: Schule und Berufsberatung, Hf. VI. Vgl. ook Georg Wolff: "Berufsberatung und Schule," bl. 92 van "Pedagogisches Zentralblatt," band 2, 1926; uitgegee deur die "Zentral Institut für Erziehung und Unterricht," Berlyn.

2. Sien hul elders in hierdie hoofstuk aangehaalde werke.

tung für die Zwecke des Berufsberatung und der Berufsauslese, verbunden mit einer sachgemässeren psychologischen Ausbildung und Schulung, diesen Hundertsatz noch erhöhen und in seinem inneren Werte steigen wird"[1].

Deur die Berlynse beroepskantoor is na veel ondersoek en met inagneming van die onderwysers se moeilikhede 'n vraelys opgestel. Die nouste samewerking is daar gesoek en bewerkstellig tussen die onderwysers en die praktiese beroepsadviseurs, met die gevolg dat tot beide se bevrediging die lys hierdie vorm aangenem het.

## BEOBACHTUNGEN DER SCHULE.

**Schema für eine allgemeine Charakteristik des Schülers.**

(Es wird gebeten, Zutreffendes zu unterstreichen, sowie Unterstreichungen, soweit es von Wichtigkeit scheint, auf nebenstehenden freien Raum näher zu erlaütern. Es sind nur solche Angaben zu machen, von deren Tatsächlichkeit der Beobachter überzeugt ist. Im Falle der Unsicherheit über ein dennoch gefälltes Urteil wird gebeten, ein Fragezeichen hinter das Urteil zu setzen).

1. Willensleben: a) Stellung in der Arbeits- und Lebensgemeinschaft (Führer, Organisator, Helfer (auch charitativ), Arbeiter, Unbeteiligter); b) Wille (stark—schwach, beharrlich—unbeständig, beherrscht—ungezügelt).

2. Eigenschaften: 2) Intelligenztyp: mehr teoretisch oder mehr praktisch, (Hauswirtschaftlich): b) Betätigungsrichtung: mehr für Umgang mit Personen, mit Sachen oder für rein gedankliche Betätigung: c) Interessiertheit: stark—durchschnittlich—wenig; d) Beobachtung: selbständig-unselbständig, reich-arm; e) Auffassung: leicht-schwer; f) Leistungsverlauf: gleichmässig-schwankend; g) Gedächtnis; schnelles-langsames, mechanisches-singemässes Lernen, dauerhaft-wenig dauerhaft, treu-unzuverlässig; h) Denken: selbständig-unselbständig, beweglich-schwerfällig, gründlich-oberflächlich; i) Phantasie: rein gefühlsmässig frei-mehr vom Denken geleitet; k) Ausdrucksfähigkeit: besonders entwickelt: mündlich, schriftlich, zeichnerisch, bildnerisch, konstruierend, mimisch, musikalisch; 1) Zeichnen; phantasiemässig frei-gebunden; Freihand-oder konstruktives Zeichnen; vermag X frei zu gestalten . . . . . m) Handgeschicklickkeit tritt hervor in: Werkunterricht-biologischem-physikalischemi-chemischem Arbeitsunterrcht, Nadelarbeiten, Turnspielen.

III. Arbeitsart: X eignet sich mehr für . . . . . . . oder mehr für . . . . .

1.a) Kopf-Handarbeit; b) grobe-feine Arbeit; c) selbständiges Organisieren (Aufbauen und Leiten)—Arbeit nach genauen Anweisungen; d) eintönige-abwechselungsreiche Arbeit; e) Einzelarbeit-Einfügung in einer Gruppe.

2. Arbeitstempo und Leistungsgüte: schnell und sorgfältig; langsam en sorgfältig, langsam und unsorgfältig; in keiner Richtung besonders ausgeprägt.

Für welche Schul-oder sonstige Tätigkeit trifft die charakterisierung besonders bzw. überhaupt nicht zu.

Aussage über den Entwicklungsgrad eines etwa vorhandenen, besonderen Talentes, einer besonders entwickelten Eigenschaft.

Besondere Beobachtungen über körperlichen Stärken und Schwächen.

**Raum für die freie Charakteristik des Schülers und Wünsche der Schule bezüglich der Unterbringung.**

**Underschrift des Lehrers bzw. Schulleiters.**

1. Richard Liebenberg: Berufsberatung, Metode und Technik, bl. 32—33. Vir voorbeelde van uitstekende waarneming van leerlinge deur onderwysers sien hierdie boek van Liebenberg, bl. 33 e.v. en H. Bogen: Die Psychologische Beobachtung in der Schule" in "Die Schule im Dienst der Berufserziehung und Berufsberatung," vgl. ook sy boekie "Die Psychologie in der Praxis der Berufsberatung."

Ter vergelyking word hier bygevoeg die rekordkaart vir skoolgebruik soos opgestel deur die "National Institute of Industrial Psychology," Londen.

## NATIONAL INSTITUTE OF INDUSTRIAL PSYCHOLOGY.

### Vocational Guidance Record.

Name ..........................................................................................

Address ..........................................................................................

School .......................................... Class ..........................................

Age .......................................... Date of Birth ..........................................

Recommendation to School Conference ..........................................

Result:

### 1.—Home and Family Circumstances.

HOME: Type of home
Number and size of rooms:
Condition of home:
Prosperity of home:
Character of neighbourhood:
Wages and regularity:

FAMILY: Father''s occupation:
Mother's occupation:
Family living in house:
Wage earners:
Non-wage earners:
Family conditions:
Health of family:
Family History:

CHILD: General physical and mental conditions:
Past history:
Parent's opinion of child:

| | |
|---|---|
| Submissive: | Excitable: |
| Shy: | Nervous: |
| Dependable: | Tidy: |
| Good tempered: | Cheerful: |
| | Persevering: |

Hobbies:
Special vocational opportunities:
Vocational Plans:—Parent's:
Child's:
Need for immediate employment:
Reliability of Replies:
Degree of co-operation given by parent:

## 2.—SCHOOL ATTAINMENTS AND TEACHERS' REPORTS.

Number of Pupils in Class: Place in Class:

| | Marks. | Remarks. | | Marks. | Remarks. |
|---|---|---|---|---|---|
| ARITHMETIC .. .. | | | DRAWING .. .. | | |
| ENGLISH: | | | MANUAL WORK (Boys) .. .. .. | | |
| Reading .. .. .. | | | | | |
| Composition .. .. | | | NEEDLEWORK (Girls) .. .. .. | | |
| Spelling .. .. .. | | | LAUNDRY .. .. | | |
| Writing .. .. .. | | | COOKERY .. .. | | |
| Literature .. .. .. | | | DRILL .. .. .. | | |
| HISTORY .. .. .. | | | SWIMMING .. .. | | |
| GEOGRAPHY .. .. | | | GAMES .. .. .. | | |
| SCIENCE .. .. .. | | | MUSIC .. .. .. | | |

Attendance—generally during school life:
During last two years:

TEACHER'S REPORT:

Opinion of:

General proficiency in school subjects:
Special skill in any subject:

Child's intelligence: ...... a b c d e
punctuality: ...... a b c d e
conscientiousness: ...... a b c d e
industry: ...... a b c d e
politeness: ...... a b c d e
ambition: ...... a b c d e
orderliness ...... a b c d e
constructiveness: ...... a b c d e
capacity for leadership: ...... a b c d e
honesty: ...... a b c d e

Personal opinion of any special feature of child's character (e.g. initiative, quickness, humour, good-nature, curiosity, etc.):

Personal opinion of child's general disposition (e.g., placid, anxious, highly strung, good-tempered):

Personal opinion of child's occupational fitness:

Notes on home circumstances or child's history:

Signature:

'n Rekordkaart vir die gebruik van ons skole is aanbeveel deur die Kaapse Adviserende Komitee insake Onderwys (1927)[1]: „Ons wil aanbeveel dat daar in ons skole van elke leerling 'n rekordkaart, wat so volledig moontlik is, sal gehou word van sy gedrag, karakter, ywer, vordering, aanleg, gesondheid, pligsbesef, ens. Hierdie kaart kan by die beroepskeuse en by werkverskaffing van groot waarde wees. Daarby behoort die skool, sover as moontlik in voeling te bly met die leerlinge nadat hulle die skool verlaat het." Weliswaar bestaan die volgende kaart reeds wat deur die skole moet ingevul word en aan die Jeugrade gestuur word:

ALLE INFORMATIE OP DEZE KAART IS STRIKT VERTROUWELIK EN ALLEEN VOOR OFFICIëLE DOELEINDEN.

| Van. | Voornamen. | Beroep van Vader | Datum van Geboorte |
|---|---|---|---|
| ........ | ........ | ........ | ........ |

| School | Toelatings No. | Datum van Toelating | Datum van Verlating | Datum waarop Standaard of Leerkursussen gepasseerd werd | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Sub-standaard of Graad I of II | | I | II | III | IV | V | VI | VII | VIII | IX | X |
| 1...... | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... |
| 2...... | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... |
| 3...... | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... |
| 4...... | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... |
| 5...... | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... | ...... |

1. Sien verslag, bl. 46.

## DE VOLGENDE KOLOMMEN MOETEN INGEVULD WORDEN WANNEER DE LEERLING EEN SCHOOL VERLAAT.

| School No. als boven | RAPPOPRTEN * | | | | Opmerkingen over speciale bekwaamheid, gebreken, ens. | Naam en Adres van Vader | Handtekening van Hoofd van School | Datum |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Gezondheid | Kennis | Toepassing | Gedrag | | | | |
| 1...... | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ |
| 2...... | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ |
| 3...... | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ |
| 4...... | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ |
| 5...... | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ |

* Vul in nommers zoals in instrukties gemeld, nl.:

1=Uitstekend, 2=Goed, 3=Gemiddeld, 4=Schlecht.

Maar in vergelyking met die rekordkaarte van Berlyn en Londen hierbo toon aan hoe verbasend onvolledig en feitlik oppervlakkig hy is. Die enigste gegewens van waarde daarop is die kind se vordering deur die standerds en selfs dit is onbevredigend, want is die vordering nie gereeld nie dan word nie gemeld of die oorsaak is siekte, te veel verwisseling van skole, swakke bekwaamheid of wat dan ook. Die ander rubrieke is feitlik waardeloos, nie alleen omdat in die seer beperkte ruimte omtrent niks ingevoeg kan word nie, maar omdat 'n aangawe deur middel van sywers te weinig sê sonder ten minste 'n kwalifiserende omskrywing en daarby 'n eenvormige standaard veronderstel wat in hierdie geval natuurlik geheel en al uitgesluit is. Buitendien, wat moet 'n mens nou juis onder „kennis" of „toepassing" verstaan? Van die kind se eintlike sielestruktuur kry 'n mens 'n heel powere indruk, van sy ekonomiese en sosiale omstandighede niks; van sy vermoë om standerds te passeer 'n algemene idee[1]. 'n Konferensie van verteenwoordigers van die Witwatersrandse Sentrale en die Pretoriase Jeugrade, die Gefedereerde Raad van Onderwysverenigings in Suid-Afrika, die Gesamentlike Komitee van Transvaalse Onderwysverenigings en die Departemente van Sensus en Statistieke, Unie-Onderwys, Arbeid, en Transvaalse Onderwys, werd dan ook byeengeroep om die loopbaanregister-sisteem te bespreek[2]. Die konferensie was van mening dat hy tot algemene voordeel kon gewysig word. 'n Komitee

1. Vgl. met bogenoemde kaarte „Klasseboekje ten dienste der Lagere School"; opgestel deur D. J. van Lennep, direkteur van die stadsburo vir beroepskeuse te Utrecht (Holland).

2. Maandblad vir Sosiale en Bedryfsaangeleenthede 5 Junie, 1930, bl. 303.

werd dus aangestel om 'n geskikte register op te stel. „Die Konferensie het opdrag gegee dat ruimte gelaat moet word vir sulke items soos die mediese verslag, besonderhede oor karakter, belangstelling en liefhebberye, huislike omstandighede, gesig, gehoor, liggaamsbou, algemene gesondheid, verstandelike vermoë, altruïsme, saamwerk en leierskap. Die Komitee moes ook middels en maniere in oorweging neem om die beste gebruik van die kaarte te maak, en die kontrole te sentraliseer."[1]. Hierdie komitee het nooit die resultate van sy bevindinge gepubliseer nie en 'n gewysigde kaart is ook nie ingevoer nie.

---

**Paragraaf 7.—Spesiale Belangstelling en Begaafdhede.**

Behalwe die hierbo beskrewe psigologiese waarnemings moet nog ander baie noodsaaklike informasie deur die skool versamel word en tesame daarmee gesistematiseer word in 'n rekord wat van elke leerling dwarsdeur sy hele skoolloopbaan gehou word. Veral van belang vir sy toekomstige beroepsloopbaan is 'n eksplorasie van die kind se spesiale belangstelling of gebrek aan belangstelling, sy spesiale begaafdhede en onbegaafdhede[2]. Hierdie faktore moet onbetwis van verreikende betekenis wees vir die leerling se uiteindelike beroepskeuse, omdat 'n keuse in ooreenstemming hiermee die beste waarborg is vir alle ware beroepsvreugde waarsonder die hele arbeidslewe 'n onnatuurlike dwang word en ontaard in slawerny. Die gevoel van bekwaam te wees vir jou lewenstaak is een van die eerste voorwaardes vir 'n suksesvolle uitoefening daarvan.

Hoe belangrik dit is om by die keuse van 'n beroep terdeë rekening te hou met spesiale bekwaamhede en onbekwaamhede, word aan die hand van indiwiduele voorbeelde breedvoerig bespreek deur Bronner[3]. Sy wys daarop dat niemand daar meer aan twyfel dat spesiale onbekwaamhede die moontlikheid van sukses in sekere industriële werkkringe uitsluit. "Little cognizance is taken of qualities and abilities or disabilities that later become important factors in vocational success. The irrationality of our present scheme, which takes no account even of such characterizations of prospective employees as teachers could give on the basis of their knowledge of children, quite apart from psychological study, leads to great waste. One great hope for future better vocational adjustment is through the application of what can be learned during school life by teachers and clinical psychologists

1. t.a.p.
2. Vgl. W. M. Proctor: Educational and Vocational Guidance, bl. 64—81.
3. Sien . F. Bronner: The Psychology of Special Abilities and Disabilities. Vgl. C. Burt: The Young Delinquent, bl. 334—370.

of special fitness for different industrial occupations"[1]. Etlike gevalle van misdadigheid word beskryf wat die gevolg was van kinders gefor-seer in beroepe in waar hulle heeltemal ongeskik voor was; gevalle waar juis van die hoedanighede waarin die kinders uitgemunt het geen gebruik kon gemaak word nie in die beroep, terwyl hulle juis die dinge moes doen waarvoor daar geen belangstelling bestaan het; aan die ander kant word gevalle beskryf van beroepskeuse wat suksesvol was as gevolg van die ooreenstemming met spesiale bekwaamheid.

In sommige gevalle openbaar spesiale belangstelling en begaafdheid sig reeds baie vroeg, bv. musikale en in mindere mate matematiese aanleg, terwyl andere soos literêre, artistiese en wetenskaplike blykbaar later tevoorskyn tree[2]. Uiters belangrik vir ons kennis omtrent hierdie spesiale bekwaamhede is die vraag of hulle aangebore is of nie. Die eerste sienswyse is die voorgestaan deur A. L. Hollingworth[3] wat beweer dat daar spesiale talente aanwesig is in sekere rigtings, veral in musiek en in tekene; terwyl V. Hazlitt beweer dat daar geen spesiale bekwaamhede aangebore is nie, maar dat hulle toe te skrywe is aan algemene bekwaamheid plus die vroeë inwerking van faktore in die omgewing. Die talent van musisie en artiste soos Chopin, Handel, Mozart, Michelangelo, word toegeskryf aan belangrike ervaringe in hul kinderjare[4]. Hazlitt haal verskillende outoriteite aan om haar mening te staaf maar erken tewens die aanwesigheid van "the varying strength of instinctive drives in the individual"[5], asook dat "the temperamental and even the physical characteristics . . . . are likely to be particularly important".[6] Hiermee kan vergelyk word die standpunt van J. A. Watson in "Behaviorism"[7]: "In the case of man, all healthy individuals, as we saw in the lectures on Instincts, start out equal. It is what happens to individuals after birth that makes one a hewer of wood and a drawer of water, another a diplomat, a thief, a successful business man or a far-famed scientist."

Hoewel die invloed van die omgewing nie te verloën is nie, en hoewel in sommige deur Hazlitt genoemde gevalle g'n herediteitsfaktore bekend is nie, is dit gewaagd om alles toe te skryf aan algemene bekwaamheid plus die invloede van die omgewing. Die goeie silhouette, byvoorbeeld, gesny deur 'n swaksinnige in 'n inrigting, vergeleke met die swakke pogings van twee universiteitsprofessore deur Hollingworth gegee[8] skyn sterk met hierdie teorie te bots.

1. t.a.p., bl. 49.
2. E. Claparede: t.a.p., bl. 65.
3. Gifted Children: Their Nature and Nurture.
4. Ability, bl. 54—73.
5. t.a.p., bl. 56.
6. t.a.p., bl. 59.
7. Sien bl. 217.
8. Sien "Special Talents and Defects", bl. 159—161.

Van 'n opvoedkundige oogpunt beskou sou die Hazlitt-teorie natuurlik verreikender konsekwensies hê as die van Hollingworth. Watter teorie ook al die waarskynlikste mag wees, dit bly altyd belangrik dat hierdie spesiale talente deur die opvoeder nie alleen waargeneem en omskryf word nie, maar ook ontwikkel word; en dat meer gegewens hieromtrent versamel word deur wetenskaplik geskoolde onderwysers sowel as ander wetenskaplikes ten einde 'n duideliker antwoord op hierdie vraag te kan gee.

Voor die hand lê natuurlik dat die onderwyser hom meer sal toelê op talente geopenbaar in verband met die verskillende skoolvakke. En hoe belangrik dit is vir die onderwyser om hieraan aandag te skenk, blyk verder uit die ondersoek van Döring, namelik, dat daar 'n duidelike positiewe betrekking bestaan tussen die gekose beroepe en die geliefkoosde skoolvakke. „Wir finden nämlich:

| | |
|---|---|
| die handwerksmässigen bevorzugen | 1. Rechnen, |
| | 2. Zeichnen, |
| die kaufmännischen bevorzugen | 1. Rechnen, |
| | 2. Deutsch, |
| die handwerkmässigen lehnen ab | 1. Deutsch, |
| | 2. Geschichte, |
| die kaufmännischen lehnen ab | 1. Zeichnen, |
| | 2. Geometrie. |

Die handwerkmässigen und die kaufmännischen bevorzugen also diejenigen Fächer, die sie in ihrem Beruf brauchen und lehnen diejenigen ab, die sie nicht brauchen . . . . . Es spricht sich in diesem Gegenüberstellungen recht überzeugend die Tatsache aus, dass die Stellungnahme des Kindes zur Schule und ihren Unterrichtsfächern in inniger Beziehung zu seiner Berufseignung steht"[1]. Dit geld nie alleen vir die seuns nie maar ook vir die dogters[2].

Van baie belang is ook die vraag in hoeverre daar verband bestaan tussen neiging of voorliefde vir 'n vak en bekwaamheid in die vak. Nog nie veel objektiewe waarneminge en eksperimente is oor die kwessie gemaak nie en die wat bestaan is nie eensluidend nie. So het byvoorbeeld Thorndike gevind dat daar 'n hoë korrelasie bestaan, nl. van .89, terwyl Hartmann en Dashiell maar 'n korrelasie van .243 gevind het[3]. Hierdie resultate stem blykbaar ooreen met die algemene ondervinding dat die twee dikwels goed saamgaan maar dikwels ook nie. Hoofsaak is dat vir 'n volkome suksesvolle beroepsuitoefening altwee noodsaaklike vereistes is.

1. W. O. Döring: Schülerlauslese und psychische Berufsberatung, bl. 93.
2. t.a.p., bl. 98.
3. Aangehaal deur Claparede t.a.p., bl. 35.

Oor die stabiliteit van neiginge en bekwaamhede is daar nog besonder weinig gegewens vasgestel. Kelley het gevind dat "differences in abilities in English and Arithmetic, evident in the elementary school, tend to persist and reveal themselves four years later as differences of the same sort in the high school"[1].

Hierdie vraagstuk is veral vir die onderwyser van belang nie alleen omdat hy in die beste posisie geplaas is om gegewens hieroor te verskaf, maar veral omdat onkundige optree hier so nadelig kan werk. "I am convinced that this inhibition of interest plays a much larger part in school work than is at all suspected. Many times in the psycho-analysis of patients I have found that an apparent incapacity for a given school subject, say mathematics or history, was really not a true incapacity, as it seemed, but an inhibition of interest produced by some aversion from the subject, an aversion of which they were entirely unaware, and which was due to the subject being unconsciously associated with some topic that was personally disagreeable. I have also often obtained a confirmatory proof of this by noting that after the unconscious association had been cleared up and dealt with by means of psycho-analysis the person was then able to take an interest in, and develop an unsuspected capacity for, the previously impossible subject of study. Psychological mechanisms of this sort are often of an extraordinary delicacy and subtlety. The difference between one geometrical figure and another, between the spelling of one word and another, and still more in such gross matters as the difference between the feeling for one language and another, may strike quite different roots in the unconscious, and dictate all sorts of preference and distastes"[2], terwyl Rivers sê "suppressed early experience may have a great effect on character and may play an important part in determining likes and dislikes and tendencies to special lines of activity in later life"[3]. Elke ervare onderwyser weet dat kinders dikwels hou van vakke omdat hulle hou van die onderwysers wat die vakke doseer, terwyl hul belangstelling en bekwaamheid daarin afneem as hulle van die onderwysers nie hou nie of met hulle in botsing gekom het. Wat die besondere redes dus mag wees waarom 'n leerling geen bekwaamheid aan die dag lê in sekere vakke, is nie alleen van 'n algemeen opvoedkundige oogpunt van belang nie, maar ook van die oogpunt van die beroepskeuse.

Melding moet nog gemaak word van die geleentheid wat buiteskoolse aktiwiteite bied, veral spel, om waarneminge oor die kind te maak wat van groot belang kan wees by die beroepskeusevoorligting. Daar openbaar die kind dikwels spontane belangstelling, aanleg en

1. Aangehaal deur W. M. Proctor: Educational and Vocational Guidance, bl. 72.
2. E. Jones: Papers on Psycho-analysis, bl. 648.
3. Sien W. H. R. Rivers: Instinct and Unconscious, bl. 76.

bekwaamheid in rigtinge wat in die skool nie maklik te ontdek is nie; en dit is van soveel te meer waarde omdat dit spontaan geskied. Die kind se spel meer in besonder is dan ook 'n baie vrugbare gebied vir waarneming omdat belangrike karaktereienskappe daar geopenbaar word. Dis algemeen bekend dat veral in die kinderleeftyd die kind spelenderwys die grootmense se arbeid imiteer; hy speel dokter, onderwyser, motordrywer, ens., ens. Natuurlik is hierdie nabootsing geen ontwyfelbare bewys van beroepsontwikkeling-moontlikhede nie; daar mag glad geen diepte in sit nie en dit mag glad nie berus op duursame belangstelling en begaafdheid nie. Dit dien egter as vingerwysinge, veral wanneer dit min of meer permanent en prominent aan die dag tree, waarop dan deur ouer en onderwyser gelet kan word by die ontplooiing van die kind se persoonlikheid.

---

### Paragraaf 8.—Skolastiese Toetse.

Dit is daarom noodsaaklik dat rekord sal gehou word van eie produksies van die skoliere waaruit blyk hul spesiale begaafdhede en bekwaamhede of ernstige gebreke. In verband hiermee sal dit egter noodsaaklik wees dat die onderwyser sig ook bekwaam vir die toepassing van skolastiese toetse, wat natuurlik ook behoort te geskied liefs gedurende sy opleidingsjare. In Amerika en Engeland is al veel gedaan om gestandaardiseerde toetse op te stel in sommige van die skoolvakke, veral lees, spel en reken. By ons is daar ook 'n waardevolle begin gemaak in die geval van rekene[1], lees[2] en skriftelike taaluiting[3].

---

### Paragraaf 9.—Intelligensie-Metinge.

Dat 'n persoon se intelligensie-graad 'n hoogsbelangrike faktor behoort te wees by die keuse van sy beroep is aan geen twyfel onderhewig nie. Niemand sal 'n swaksinnige kind vir ingenieur wil oplei nie, of 'n kind met I.K. 150—175 'n padmaker wil laat word nie. Natuurlik word die beslissing veel moeiliker waar daar nie so 'n groot graduele verskil bestaan nie. Maar hoewel die intelligensie 'n uiters gewigtige rol speel by die beroepskeuse, tog bly dit maar altyd een van die beslissende faktore, naas die karakter, temperament en spesiale talent. 'n Kind met 'n intelligensie-kwosiënt van 130, hoewel instaat vir meer verstandeisende werk as bv. die van loodgieter, sou met

1. Sien J. C. Coetzee: Eksperimentele Opvoedkundige Studies.
2. W. J. Snyman: „Die Kristelike Skoolblad," 1929 Julie-Oktober.
3. H. A. Steyn: Die Skriftelike Taaluiting van Skoolkinders.

besondere belangstelling en spesiale begaafdhede vir hierdie beroep i.p.v. vir ander beroepe waarin hy veel minder belangstelling en begaafdheid aan die dag lê, nie af te raai wees van loodgieter te word nie, omdat op die gebied van loodgietery, of watter beroep dan ook, netsowel leiers nodig is en buitendien beroepsvreugde, tevredenheid en geluk nie mag verontagsaam word nie. Om dieselfde rede mag iemand met die intelligensie vir medikus, maar met 'n temperament wat sig nie aanpas by die soort van werk nie, bv. omdat hy operasies of selfs siekte nie kan duld nie, nie bloot op grond van sy intellektuele bekwaamheid hierdie beroep kies nie. Alle faktore moet dus gesamentlik geweeg en oorweeg word en op grond van die hele kompleks van gewigtige faktore 'n beslissing gemaak word. Uit die ervaring is talle van persone bekend wat tenspyte van 'n hoë intelligensie weinig of niks tot stand bring weens 'n tekort aan karakter-eienskappe; aan die ander kant nie intelliktueel ryk bedeeldes wat deur vlyt, volharding, konsensieuse en deeglike werk dit verder bring as eersgenoemdes.

'n Paar pogings is al gemaak om die beroepe in te deel op 'n verstands-grondslag. So het ons bv. die van Piorkowski, enigsins gewysig en aangevul deur Jac. van Ginneken[4]:

Laagste Vakken:—

I. Sjouwers, landarbeiders en alle volstrekt ongeleerde beroepen hebben 7/10 verstand noodig.

II. Gewone fabrieksarbeiders, voor byna louter spierarbeid getraind, hebben 8/10 verstand noodig, plus misschien al een zekere gave van: de eentonigheid te kunnen verdragen, en althans in een zwakken graad hun aandacht gelykmatig by het werk te kunnen houden. (Lagere school).

Lagere Vakken:—

III. De zoogenaamde speciale vakarbeiders, die m.a.w. in hun werk geschoold moeten worden, eer ze het kennen, hebben 9/10 verstand noodig, plus een heel reeks speciale gaven en vaardigheden. (Lagere school plus Ambachtschool).

Middel Vakken:—

IV. Kleine kooplui en ambachtslieden, die gewoonlik tewens handelaar zyn, beambten, hoogere arbeidersklassen als letterzetters, enz., komen zonder een normaal verstand van 10/10, plus een nog grootere reeks speciale gaven, niet tot welstand en levensgeluk.

4. Sien sy boek: De Rechte Man op de Rechte Plaats, bl. 39.

Hoogere Vakken:—

V. Elk wetenschappelyk beroep vraagt minstens 11/10 à 12/10 intelligentie, maar vaak minder, soms echter ook veel meer, speciale gaven dan de vorige groep.

Hoogste Vakken:—

VI. De leidende persoonlykheden van stad en land zoowel in de praktyk van het leven als in de wetenschappelyke theorie, moeten zeker 13/10 à 14/10 verstand hebben plus een byna onoverzienbare reeks speciale talenten.

'n Meer in besonderhede gaande klassifikasie van beroepe is die deur die psigologiese komitee van die "National Institute of Industrial Psychology" in hul "Study in Vocational Gudanice"[1].

TABLE IV. Classification of Vocations according to degree of intelligence required.

Class I. Higher professional and administrative work (mental ratio, over 150):

Lawyer, physician, teacher (university and secondary), author, editor, scientist, artist, civil service clerk. (Class I) managing director company secretary, broker, chartered accountant, architect, analytical chemist, professional engineer.

Class II. Lower professional, technical, and executive work (mental ratio 130-150):

Teacher (elementary), civil service (second division), accountant, secretary, executive clerk, dentist, veterinary surgeon, reporter, social worker, factory superintendent, surveyor, merchant, auctioneer, buyer, commercial traveller, technical engineer, designer.

Class III. Clerical and highly skilled work (mental ratio 115-130):

Shorthand typist, book-keeper, bank or office clerk, wholesale salesman, musician, specialist teacher (gymnasium, music, domestic science), small merchant, insurance agent, electrician, telegraphist, druggist, hospital nurse, compositor, engraver, lithographer, draughtsman, photographer, tool-maker, pattern maker, moulder, machine inspector, showroom assistant, foreman.

Class IV. Skilled work (mental ratio 100-115):

Tailor, dressmaker, milliner, upholsterer, engine, tram and bus driver, policeman, telephone operator, printer, mechanic, turner, fitter, miller, finisher, hand-rivetter, cabinet-maker, carpenter, plumber, blacksmith, mason, farmer, shop assistant, cashier, hair-dresser, routine typist.

1. Sien bl, 16.

Class V. Semi-skilled repetition work (mental ratio, 85-100):

Fairly mechanical repetition work requiring low degrees of skill, poorer commercial positions: barber, welder, tin and coppersmith, driller, polisher, miner, furnace man, carter, bricklayer, painter, carpenter, baker, cook, shoemaker, textile worker, laundry worker, packer (delicate goods), postman, coachman, waiter or waitress, page boy, domestic servant (better class).

Class VI. Unskilled repetition work (mental ratio, 70-85):

Unskilled labour, coarse manual work: automatic machine worker, labourer, loader, navvy, fisherman, farm hand, groom, slater, chimney sweep, packer, labeller, bottler, porter, messenger, deliverer, lift boy and lift girl, domestic servant (poorer class), factory workers generally.

Class VII. Casual labour (mental ratio, 50-70):

Simplest routine work, and occasional employment on purely mechanical tasks under supervision.

Class VIII. Institutional (mental ratio, under 50):

Unemployable (imbeciles and idiots).

Die opstellers het hul klassifikasie gebaseer gedeeltelik op die werk van persone getoets in Engeland en oorsee, gedeeltelik op die resultate verkry deur die toets van applikante vir beroepsvoorligting aan die "National Institute," en gedeeltelik op soortgelyke eksamens gehou vir verskillende kleinere ondersoekinge. "The purport of this classification," sê hulle, "must not be misunderstood. We do not mean that because a man happens to be a factory worker doing unskilled work his intelligence is of necessity below the average. The psychologist would be the first to deny such an inference: he knows, if only from tests, how widely varied are the degrees of intelligence to be found within any single occupation, however narrowly defined. Our compilation seeks simply to indicate the average ratios obtained, or likely to be obtained, with tests of the type we are using, and so to suggest in the most tentative way the kind of calling we should be inclined to advise for any boy or girl reaching the specified ratio. That our tests are imperfect we are only too well aware; and we cannot too strongly insist that the fields to which they have been applied whether by ourselves or by others, are still far too limited for anything but a provisional and hypothetical scheme."

Die tegniek van intelligensie meting is vandag al so ver ontwikkel dat dit binne die bereik van die onderwysers begin lê. Onderwysers hier te lande begin al meer en meer hulle vertroud te maak met die teorie en praktyk daarvan. Dit is bepaald wenslik dat geselekteerde onderwysers hulle sal bekwaam om 'n groter aandeel te neem in intelligensie-metinge. Hulle tog ken hul leerlinge intiemer as enige

buitestaander, wat nie altyd instaat is om, in die weinig tyd tot sy beskikking, die vertroue van die kind te wen nie. Ten tweede verkeer hulle in die gunstige posisie om die resultate van die toetse maklik te kan korreleer met die daaglikse werk van die leerling afgesien van die resultate van eksamens. Buitendien kan hulle die tyd om die toetse te gee veel beter kies as 'n vreemde besoeker; dan namelik wanneer hulle weet dat die groep of indiwiduele kind as 't ware in die stemming is om die toetse te doen. Ook kan ewentueel die meting herhaal word, indien nodig met 'n stel ander toetse. Groep toetse behoort in die meeste gevalle voldoende te wees. Alleen wanneer die onderwyser rede het om te glo dat die uitslag van die toetse nie in ooreenstemming is met die daaglikse prestasies van die kind nie, mag dit nodig gevind word om indiwiduele toetse te gee.

Ons is wel nog ver daarvandaan dat enige onderwyser sy eie leerlinge kan toets. Nie alleen ontbreek baie die nodige skoling nie, maar sommige beskik waarskynlik nie oor die nodige takt nie. By alle grotere laere skole sowel as by alle hoëre skole behoort egter mettertyd minstens een bevoegde persoon gevind te word, bekwaam om intelligensie-metinge uit te voer. Intelligensie-toetse kan dien as vingerwysing tot op watter intellektuele niveau 'n kind moontlik kan opgevoer word om daar meer bepaald te soek na sy beroep, terwyl skolastiese toetse kan help om objektief aan te wys op watter bepaalde skolastiese gebied die kind se begaafdheid lê of nie lê nie. Aangesien hulle egter nog lank nie onfeilbaar is nie en skolastiese toetse nog buitendien byna uitsluitend van toepassing is slegs op die kennisvakke, daarom moet hulle voortdurend aangevul en vergelyk word met die daagliks goed gekontroleerde werk van die leerling deur die onderwyser. Hul relatiewe waarde in verband met beroepskeuse hang af van die hele kompleks van faktore wat in hierdie hoofstuk bespreek is. Beroepskeusevoorligting is 'n indiwiduele saak vir elke leerling en kan dus alleen geskied op grond van die intensiewe studie van elke indiwiduele geval met inagneming van al die kenmerkende en deurslaggewende eienskappe. Daarom is geen reseppe of preskripsies hier moontlik nie.

Dis nie hier die plek om op die hele teorie, praktyk en waarde van intelligensie en skolastiese toetse in te gaan nie maar slegs te wys daarop dat hierdie toetse van waarde is by die beroepskeusevoorligting.

## Paragraaf 10.—Sosiale en Ekonomiese Faktore[1].

Hoewel onder ideale omstandighede sosiale en ekonomiese faktore geen beslissende invloed behoort uit te oefen op die kind se beroepsmoontlikhede nie, tog is dit baie noodsaaklik dat in die praktyk van die beroepsraadgewing kennis gedra word van hierdie faktore. Die middele van die ouer en selfs van die staat is eenvoudig nie altyd toereikend om die kind die nodige opleiding te verskaf nie; die invloede van die omgewing is so sterk dat die ouer en die kind hom dikwels nie kan losmaak van sosiale faktore by sy keuse. Ook hierdie gegewens is die skool in 'n besonder gunstige posisie geplaas om te versamel[2]. Die gesondheidsinspeksie van ons skole brei nog altyd uit sodat die skooldokter en skoolverpleegster oor die liggaamlike toestand en ontwikkeling kan rapporteer[3]. Wanneer hierdie inspeksie gemaak word met die oog op beroepsvereistes kan dit ook meer by beroepsvoorligting gebruik word. Kinders met swak longe moet bv. weggehou word van ondergrondse mynwerk. Kinders met swak oë van werk waar die oog 'n groot rol speel.

---

## Paragraaf 11.—Die Volledige Rekordkaart.

'n Volledige rekordkaart behoort dus die volgende te omvat:

1. Kenmerkende karakter-eienskappe tiperende die ontwikkeling van die persoonlikheid, veral in sover die wordende arbeider daarin gereflekteer word[4].

2. Die intelligensie-kwosiënt sowel as ander bewyse van intellektuele bekwaamheid, soos bv. van departementele en skool-eksamens.

3. Die uitslag van gestandaardiseerde skolastiese toetse, sover die verkrybaar is, tesame met konkrete voorbeelde van skoolwerk aantonende die spesiale aanleg en belangstelling, of gebrek daaraan, hetsy in skoolvakke of buiteskoolse aktiwiteite.

4. Belangrike besonderhede aangaande sosiale en ekonomiese omstandighede, insover dit van invloed kan wees by beroepskeusevoorligtinng.

5. Die gesondheidstoestand en liggaamlike ontwikkeling, sowel as karakteristieke liggaamlike eienskappe of gebreke.

Die opstel van so 'n rekordkaart is natuurlik die taak van behoorlik daartoe bevoegde wetenskaplikes.

1. Vgl. bl. 123. Sien ook die verslae van die Carnegie-Kommissie.
2. Vgl. Die Londense Rekordkaart.
3. Sien Jaarverslae van die Departement van Onderwys, Transvaal.
4. Vgl. die Berlynse rekordkaart, bl. 30 e.v.

Aangesien hierdie kaart opgestel word vir die gebruik in die praktyk, moet hy dan ook eers aan die praktyk getoets word voor hy gestandaardiseer word, om, indien gewens, die nodige verbeteringe aan te bring teneinde te beantwoord aan die praktiese eise. Dit spreek vanself dat hierdie kaart alleen gebruik kan word deur persone wat behoorlik voorgelig geword is of wat die nodige studie gemaak het en wat dus die terminologie goed verstaan. Vir die behoorlik opgeleide onderwyser kom dit ook minder aan op 'n in besonderhede uitgewerkte kaart. Reeds voor die invoering van so'n gestandaardiseerde en vir alle skole bruikbare kaart kan die bevoegde en gewillige onderwyser 'n vrye karakteristiek maak van sy leerlinge met inagneming van die hoofpunte soos in hierdie hoofstuk uiteengesit. Behalwe die nuttige rol wat so'n rekord vervul by opvoedkundige en beroepsvoorligting, kan dit daartoe lei om 'n intensiewe en gesistematiseerde studie te maak van elke indiwiduele kind. Van elke onderwyser kan verwag word dat hy 'n so volledig moontlike opname maak van sy leerlinge se potensialiteite op grond waarvan hulle beroepskeusevoorligting kan ontvang, hetsy van die daartoe bekwame onderwyser, hetsy van die professionele beroepsadviseur.

---

## Paragraaf 12.—Opleiding van Onderwysers.

Beide wat die psigologiese karateristiek en die intelligensie-metinge betref, is die onderwyser die aangewese persoon om dit te behartig, mits hy natuurlik die nodige bevoegdheid daarvoor besit[1].

Intelligensie-metinge vorm vandag reeds deel van die kursus in psigologie voorgeskryf vir die toekomstige onderwysers en dit is uiters noodsaaklik dat hulle so sal opgelei word dat die meeste of altans 'n groot aantal, bekwaam sal gemaak word vir hierdie verantwoordelike en gewigtige taak.

Dit is egter baie sterk te betwyfel of die opleiding sig vandag reeds geheel en al daartoe leen weëns die hoofsaaklik teoretiese aard en die korte duur daarvan. 'n Tweejarige deeglike kursus, teoreties en prakties, moet as die minimum vereiste beskou word. Aan elke

1. By 'n paar wetenskaplike ondersoekinge ingestel op die gebied van psigologiese waarneminge en metinge het opgeleide onderwysers besonder waardevolle hulp perleen.
Sien E. Stern: Die Feststellung der psychischen Berufseignung und die Schule.
W. O. Döring: Schülerauslese und psychische Berufsberatung.
A. J. Jones: Principles of Guidance, bl. 149—174.

opleidingsinrigting moet daar in eerste instansie 'n volledige laerskool verbonde wees, waar die studente die geleentheid verskaf word om persoonlik intiem kennis te maak nie alleen met 'n groot aantal tipes van kinders nie, maar ook en veral met die kinders vir wie die probleem van beroepskeuse aktueel geword het. Die staf van sodanige skool, onder leiding van 'n bekwame en ervare psigoloog op die staf van die opleidingsinrigting behoort instaat te wees om die toekomstige onderwysers 'n deeglike voorbereiding te gee vir sistematiese psigologiese waarneming van elke kind en die toepassing van groep en indiwiduele toetse. 'n Hoë standaard van bevoegdheid moet natuurlik vereis word.

Onmisbare voorwaardes vir hierdie psigologiese arbeid van die onderwyser is dat by hom die vermoë van simpatieke verstaan van die kind kan ontwikkel word; die vermoë om krities maar begrypend sig te stel teenoor die geweldige verskeidenheid van aanleg en karakter onder kinders, om sodoende die essensiële in die ganse psigiese struktuur van die indiwidu te kan vat. „Es kommt dabei nicht so sehr auf die Analyse der seelischen Funktionen, wie Gedächtnis, Einbildungskraft, Vorstellungstypus, Reaktionsweise u.s.w. an, als vielmehr auf das Verständnis der inneren geistigen Form und der Bänder, die das Einzelwesen mit der umgebenden Geisteswelt lebendig verknüpfen. Kurz: der ganze Mensch, nicht Bruchstücke seiner Seelenelemente, muss aufgefasst werden. Alles echte geistige Verstehen richtet sich auf die individuele Totalität"[1].

Alle ander eksperimenteel-psigologiese ondersoek in verband met die beroepskeuse lê buite die werkkring van die skool, eerstens omdat dit die werk is van spesiaal daarvoor geskoolde vakpsigoloë en tweedens omdat dit veels te duur sal uitkom selfs vir die grootste skole, laat staan die kleineres, om hulle uit te rus met 'n volledige instrumentarium nodig vir die werk. Alle eksperimentele toetse hoort tuis by 'n behoorlik daarvoor uitgeruste laboratorium en vakkundige staf[2].

1. E. Spranger: Kultur und Erziehung, bl. 193.

2. Sien oor hierdie gedeelte verder: W. M. Proctor: Educational and Vocational Guidance, Hfe. II, III en IV; G. E. Myers: The Problem of Vocational Guidance, Hf. XI; J. M. Brewer and Others: Mental Measurement in Educational and Vocational Guidance.

# HOOFSTUK 3.

## BEROEPSKEUSE IN ONS SKOLE SINDS ±1900.

### Paragraaf 1.—Die 19e Eeuse Intellektualistiese Opvoeding staan vreemd teenoor die Arbeid, die Beroep en Beroepsvoorligting.

Uit die eerste hoofstuk het geblyk, dat die idee van positiewe verantwoordelikheid van die skool ten opsigte van die leerling se beroepskeuse, iets is van seer resente datum, m.a.w. dit was nog geen definitief uitgesproke, veel minder beslis opgelegde taak en plig van die skool beskou geword om 'n rasionele voorligting by die leerling se beroepskeuse te onderneem.

Indirek het alle groot opvoedkundiges hulle wel geïnteresseer vir die mens se toekomstige arbeid in soverre hulle gepleit het vir die ontwikkeling van die kind se natuurlike aanleg en in hom die toekomstige liggaamlike en geestelike arbeider gesien het. Maar van weloorwoë maatreëls wat moes getref word om te verseker dat die indiwiduele aanleg bestudeer en ontwikkel werd spesiaal met die doel om die regte beroepskeuse te vergemaklik was daar nog geen sprake. In 'n minder komplekse maatskappy met 'n minder sware ekonomiese druk op die indiwidu, daarby nog g'n ten toppunt deurgevoerde spesialisasiegees nie, was dit veel minder 'n aktuele vraagstuk vir die skool om sig direk te bemoei met die probleem van beroepskeuse in sy geheel.

Na die laaste paar groot voorstanders van wat 'n mens sou kan noem 'n arbeidspedagogiek, met name Pestalozzi en Froebel, met hul invloed en al groteliks van die toneel verdwyn het, was dit nie alleen moeilik vir die idee van beroepsvoorligting om ingang te vind in die skool in nie, maar het die skool vreemder en vreemder gaan staan teenoor die hele daaglikse lewe in die algemeen en die beroep en die arbeid in besonder.

Herbart, maar veral sy skool, wat die hele onderwys gemeganiseer, „vermetodiek" het, is toonaangewer geword van die laaste helfte van die 19e eeu met die gevolg dat die intellektualisme die oorhand in die skool gekry het. Hierdie hele intellektualistiese rigting van die 19e eeu, waarmee ons vandag nog in grote mate opgeskeep sit, en waarmee ons gedurig worstel en stry in verskillende fases van die skoolwerk, was allermins bereken om direk of selfs maar indirek die idee van beroepsaanleg, beroepskeuse, en meer bepaald, opvoeding tot die keuse van 'n beroep, te bevorder. En dit is groteliks te wyte aan hierdie intellektualisme, soos nog later in hierdie hoofstuk sal aange-

toon word, dat die hele gees in die skole, veral hier by ons, sig nog nie daarop toelê om die beroepsaanleg van die leerling te ontdek en te ontwikkel. Gedurende die periode dat die beweging sedert ongeveer 1900 aan opkom was om voorligting by die beroepskeuse aan leerlinge te verskaf en die hulp van die skool by hierdie taak in te roep, was die hele gees en inhoud van die onderwys hier te lande so sterk in stryd met die wese van ware voorligting, dat daar uit die aard van die saak nie veel van tereg kon kom nie, of alleen op 'n baie oppervlakkige wyse. Die faktore wat hiertoe bygedra het word in die volgende bladsye van hierdie hoofstuk bespreek.

---

## Paragraaf 2.—Die Intellektualisme veroorsaak 'n Konwensionele Rigting in Ons Onderwys.

Weëns die op die spits gedrewe intellektualisme is die skool al meer en meer wars teen die lewe gaan staan, is hy al meer en meer 'n uiters konwensionele inrigting gaan word, gekenmerk deur lewensvervreemding en lewensontkenning. Die hele interne organisasie van die skool met sy rye en rye lang onbeweeglike banke, met die onmisbare platform voor; die onderwyser altyd die middelpunt, alles dirigerend en kontrolerend, wie se oog niks mag ontsnap nie, en wat steeds alleen verantwoordelik was vir alles wat gebeur en nie gebeur nie; die persoon wat offisiëel alleen die reg had om hulp te bied, vrae te stel, korreksie-werk te doen, rond te loop en te sit waar en wanneer hy wil; die mure spaarsaam, indien wel, behang met afbeeldinge van dinge uit die werklike lewe: hierdie hele inrigting was iets tipies apart, iets geheel op sig self. Hierdie konwensionele en lewensvreemde skool word op die volgende wyse deur Dr. J. H. Gunning raak gekarakteriseer[1]:

„Zy is een wereld op zichzelf geworden, door hooge omheiningen van de buitenwereld afgescheiden, waar men een eigen jargon spreekt en alles naar eigen maatstaf meet. Evenals op den bibelebonschen berg alles bibelebonsch is, de menschen, de taal, de huisraad en het eten, zoo is ook in de school alles schoolsch: het rekenen op school is schoolrekenen, het lezen schoollezen, de aardrykskunde schoolaardrykskunde, de vrouwelyke handwerken schoolhandwerken, de discipline schooldiscipline, de banken schoolbanken, de atmosfeer schoolatmosfeer en de menschen . . . . . schoolmeesters, alles in 't werkelyke leven aldus niet voorkomende".

Hierdie karakterisering is volkome van toepassing op ons Suidafrikaanse skool, soos dit nog gedurende die tydperk onder behandeling vir 'n baie groot gedeelte daaruit gesien het.

1. Paedagogische Studien, 8ste jaargang, bl. 230: "De Roeping van onze School in onze Dagen."

## Paragraaf 3.—Die Hoofdoel word meedeling van Boekekennis en voorbereiding vir Eksamens.

Hoofdoel van ons Suidafrikaanse skole was, en is ongelukkig veelal nog steeds, om byna uitsluitend die intellek te ontwikkel, die kennis, en dan nog veral boekekennis, van die leerlinge te vermeerder. Talryke gegewens is daar geboekstaaf wat aantoon hoe boekekennis nagejaag geword is. Die volgende dien slegs as enkele voorbeelde[1]: "One of the greatest difficulties I have to contend with even in the case of teachers holding the highest certificates is the tendency to rely too much upon mere bookwork" en dieselfde inspekteur skryf nog later die mislukking van die skooltuin toe aan „het diepgewortelde denkbeeld dat het onderwys alleen door middel van het gedrukte boek mogelik is"[2]. En nog heelwat later sê inspekteur Visscher[3]: „Ek gevoel hoe langer hoe meer dat 'n sertifikaat van St. VI (net boekekennis!) tog onvoldoende is vir ons kinders om die lewe mee in te gaan". Van die oogpunt van die praktiese en beroepslewe is die volgende betekenisvol[4]: „Een ding staan vas, en dit is dat ons skoolwese 'n radikale verandering moet ondergaan om kinders vir die lewe met al sy vertakkings klaar te maak. Ons skole moet minder penlekkers en meer produsente lewer."

Dat alle skoolkennis feitlik ontaard het in boekekennis moet veral hieraan toegeskryf word dat dit die maklikste toetsbaar is, sig die maklikste leen vir eksamen. Gedurende die tydperk onder bespreking het daar geen opvoedkundige euwel 'n groter houvas op die skole gekry as die eksamen: die rots waarop soveel hervorminge skipbreuk gely het. Opvoeding het letterlik geword, dikwels in die kleinste besonderhede, en van die laagste tot die hoogste klasse, 'n voorbereiding vir die eksamen in die eerste instansie.

In hierdie eeu waarin bewys moes gelewer word van alles voordat dit geglo word, moes die sertifikaat geld as die enigste onweerlegbare bewys van geleerdheid nie alleen nie maar ook van bekwaamheid. „Eksamen afleggen en standaarden passeren is hoofdzaak by ouders en kinderen, ja, by byna alle betrokken partyen. Alles wordt in die richting gedreven; alles wordt prys gegeven om dat eene doel te bereiken. Het komt er niet op aan, of 'n kind verstandelik ontwikkelt, of het behoorlyk toegerust wordt voor later leven, zolang het maar eksamen aflegt. En de onderwyzer, die 't kind dit in de kortst mogelyke tyd kan laten doen, wordt geroemd als de beste onderwyzer en zyn school als de beste school"[5].

1. Inspekteur Corbett in die Verslag van die Departement van Onderwys, Tvl. 1903, bl. 31.
2. Inspekteur Corbett in die Verslag van die Departement van Onderwys, Tvl. 1912, bl. 207.
3. Inspekteur Visscher in die Verslag van die Departement van Onderwys, Tvl. 1923, bl. 117.
4. Inspekteur Botha in die verslag van die Departement van Onderwys, Tvl. 1923, bl. 131. Vgl. die Hoofartikel in „Die Unie," Okt. 1914, bl. 87—88.
bl. 194.
5. Voorsitter van S.A.O.U. by jaarlikse kongres. Sien „De Unie," Jan. 1911,

## Paragraaf 4.—DIE INVLOED VAN EKSAMENS.

### a.—Eksamens lei in die Laerskool tot Hoofdelike Inspeksie.

In die laerskool was hoofdelike inspeksie deur die inspekteur in swang. Alle kinders moes indiwidueel deur hom persoonlik ondersoek en bevorder of gedruip word op grond van 'n hals-oor-kop eksamen by sy jaarlikse oorhaastige besoek[1]. Die jaarlikse inspeksie het weer daartoe gelei dat onderwysers kwartaalse en selfs weeklikse eksamens in sommige gevalle ingevoer het.

Die onvermydelike gevolg hiervan was dat en onderwysers en leerlinge inspeksies en rapporte as hoofdoel van die onderwys gaan beskou het. By ouers, onderwysers en kinders, ja eintlik by die ganse publiek het "pass" en "fail" 'n ware obsessie geword. Kinders het senu-aanvalle gekry en gebibber van vrees as die inspekteur by die skool kom.

Verstandsontwikkeling en karakteropvoeding is verdring geword deur die manie om inspeksie-kennis in te pomp. Waar die onderwyser se hele toekoms dikwels afgehang het van 'n gunstige rapport, spreek dit vanself dat hy hom daar moeilik van kon losmaak, en die slaaf daarvan geword is. Die stelsel het sy selfstandigheid ondermyn en sy status in die oë van die publiek verlaag[2].

Dit het nie ontbreek aan proteste teen hierdie sisteem van die kant van onderwysers, inspekteurs[3] en onderwyskommissies. Die Kaapse onderwyskommissie van 1912 wat die eerste was om oor hierdie saak te rapporteer het reeds aanbeveel[4] „dat de beslissing in welke standaard kinderen zullen worden geplaatst, in de eerste plaats worde overgelaten aan de onderwyzer, doch dat de inspekteur het recht zal hebben, de klassifikatie te veranderen, of ze zelf te doen, voor het geval hy het noodzakelik acht; dat het nieuwe stelsel geleidelik worde ingevoerd; dat gedurende het tydperk van overgang, biezondere pogingen zullen worden gedaan door administrateurs, inspekteurs en onderwyzers om de tegenwoordige standaard van degelikheid te handhaven en te verhogen." In 1905 is in die Transvaal reeds 'n regulasie

1. Sien Rapport van die Onderwyskommissie (Vrystaatse) 1926, bl. 9.
2. Sien Verslag van Transvaalse Onderwyskommissie 1917, bl. 79—80.
3. Sien bv. jaarrapport van Inspekteur Hofmeyr in die verslag van die Transvaalse Departement van Onderwys, 1914, bl. 93—94.
4. Sien hul rapport, bl. 134.

gepubliseer geword dat[1]: „Individuele leerlingen mogen overgeplaatst worden van de ene klas naar de andere in enig leervak . . . . naar goedvinden van het hoofd van de school, onderworpen aan de goedkeuring van de inspekteur."

Tenspyte van al die proteste het die stelsel sig egter bly in Suid-Afrika handhaaf tot plus-minus 1920[2] toe hy vervang werd deur 'n stelsel waarby die leerlinge bevorder werd hoofsaaklik op aanbeveling van die onderwysers, behalwe by die St. VI eksamen of in gevalle van onbekwaamheid van sommige onderwysers om hul leerlinge oor te plaas. Watter skone verwagtinge van hierdie afskaffing van hoofdelike inspeksie indertyd gekoester werd blyk uit die volgende[3]: „Inpomp van kennis kan nou van die toneel verdwyn; ontwikkeling van verstand en vorming van karakter kan nou op die voorgrond tree en hulle regmatige plek in ons skole inneem; onderwysers met inisiatief het nou meer geleentheid om hulle ideale uit te werk; inspekteurs kan nou meer opbouend en konstruktief en minder krities en destruktief te werk gaan."

**b.—Eksamens en die Matriek-manie in die Hoërskool oorheersend.**

Nog veel remmender op die natuurlike ontwikkeling van die kind het die verderflike eksamenstelsel gewerk in die middelbare skool, wat geheelenal oorheers werd deur die eind-eksamen, die Matrikulasie. Hier het die jag op eksamen-resultate, die Matriek-manie, nog veel intensiewer geword, grotendeels weëns die publisiteit gegee aan die uitslae en die buitensporige waarde geheg aan hierdie sertifikaat. Die onderwysers het vroeg en onophoudelik geprotesteer[4]: „Wy moeten het," sê die president van die S.A.O.U. op die jaarlikse kongres van die onderwysers, „niet vergeten dat treft een of ander Hoger School het ongeluk, dat het "n minder brilliante matrikulatie klas heeft, loopt zo 'n school gevaar in een of andere uitgave van die "Education Gazette" aan de kaak gesteld te worden." Maar die onderwysoutoriteite, met name die Departemente van Onderwys en veral die Matrikulasie-raad wat volkome beheer oor die eksamens had—en nog het—, het die stelsel geperpetueer. By die publiek het Matriek in prestige gestyg omdat hy die sleutel was tot wat hulle beskou het as die vernaamste en aanloklikste beroepe, nl. die professies en die siviele diens; terwyl die onderwysers en die leerlinge die dupe geword het van die stelsel wat feitlik alom in ons land bekend gaan staan het as die "cram" and "exam" sisteem.

1. Sien. Transvaalse Onderwyskommissie 1917, bl. 80.
2. Sien bv. die Kaapse Onderwyskommissie se verslag 1927, bl. 5; en ook die Vrystaatse Onderwyskommissie se verslag 1926, bl. 9.
3. Verslag van die Vrystaatse Onderwyskommissie 1926, bl. 9.
4. „De Unie," 1908, Jan.—Feb., bl. 226—227.

By bogenoemde protes van die kant van die onderwysers het dit nie gebly nie. In die Transvaal het daar in 1917[1] 'n hele storm losgebars oor hierdie eksameneuwel na Prof. Dr. Reinink by geleentheid van die jaarlikse kongres van die Afrikaanse Onderwysvereniging 'n toespraak gehou het oor ons „verfoeilike eksamen-stelsel." 'n Agitasiekomitee is daar aangestel om in hierdie saak te werk en te probeer verbetering aanbring; 'n rapport oor hul werksaamhede is egter nooit gepubliseer nie. Kort daarop is in die Kaapprovinsie stappe geneem deur die onderwysers om meer seggenskap te kry in die eksamens, soos blyk uit die volgende[2]: „'n Deputasie uit die S.A.O.U. hoofbestuur, bestaande uit Drr. Gie en Cillie en die hh. P. J. le Roux en S. J. Malherbe het 'n opwagting gemaak by die S.G.O. op Saterdag 13 Augustus, om die voorgestelde sekondêre leerplan te bespreek . . . Die deputasie het duidelik gemaak, dat die voorstelle van die S.A.O.U. in sake die leerplan wesenlik afhang van die aard van eksamens. Die S.A.O.U. is ten gunste van 'n eksamenstelsel, waarby die onderwyser onder departementele toesig feitlik self die eksamens in sy klas sal afneem. As dit gebeur, wil die S.A.O.U. 'n weinig-noukeurig omskrewe leerplan hê, sodat daar veel speelruimte sal gelaat word vir elke onderwyser om sy werk volgens sy eie omstandighede en besondere bekwaamheid in te rig. As egter die eksamens vir die grootste gedeelte skriftelik en van buite afgeneem word, sal die onderwysers in selfverdediging op 'n duidelik omskrewe uiteensetting van die eksamenvereistes moet aandring. Hulle sou dit egter betreur as pedagogies ongesond. Dit blyk uit die antwoord van die S.G.O. dat die Departement nog geen vaste plan met betrekking tot hierdie saak neergelê het nie; en die S.G.O. beveel die opvattinge van die S.A.O.U. hieromtrent aan die besondere aandag van die Departementele Kommissie. Verder blyk dit dat die kommissie nie die bedoeling gehad het om 'n groot plek by die eksamens vir elke betrokke onderwyser in te ruim nie, en hoofsaaklik nog aan skriftelike eksamens gedag het. Hierdie fundamentele saak bly dus nog onbeslis[3]". Hoewel die Transvaal sedert 1921 sy eie eind middelbare skooleksamen ingevoer het, waarby die skoolrekord meetel, het dit in die wese van die saak geen verbetering te weeg gebring nie en het nog steeds klagte opgegaan van die onderwysers[4]. Intussen lyk dit of die toestand eerder vererg as verbeter het, volgens 'n ondersoek ingestel oor die rol van eksamens in die skole van die Kaapprovinsie deur Dr. W. de V. Malan[5]: „'n Vry sterke indruk wat die antwoorde gemaak het is van feitlik totale

1. Sien "Die Volkstem", 9 Oktober, 1917, en 13 April, 1917.

2. "Die Unie," 1 Oktober, 1920, bl. 88.

3. Omstreeks hierdie tyd is die hele kwessie druk bespreek geword in die opvoedkundige blaaie. Sien bv. 'n hele reeks artikels deur vooraanstaande onderwysers in "Die Unie" 1921. Ook J. C. Coetzee: Kwartaalblad vir Middelbare Skole Sept. 1921 en volgende uitgawes.

4. Sien die toespraak van Mnr. C. Winter oor "Eksamens" by die jaarkongres van die Transvaalse Onderwysvereniging in "Die Kristelike Skoolblad" Mei 1927.

5. "Die Unie," September, 1929, bl. 69.

oorgawe aan die oorheersende mag van eksamens. Ons het altyd geweet dat Afrikaanssprekende onderwysers gebuk gaan onder die eksamenlas, maar tog het ons altyd kollegas heftig hoor beweer dat hulle koppe nie onder is nie en dat karakteropvoeding nog hoofdoel van hul strewe is. Dit wil ons voorkom, as ons op hierdie antwoorde moet afgaan, dat die vaandels van die ou dae orals gestryk word en dat ruiterlik nou erken word dat die Publieke Endeksamen in baie gevalle hoofdoel geword het."

### c. Sekere Vakke word by uitstek Eksamen-vakke en andere word verwaarloos.

Waar die eksamen-manie dus so 'n magtige houvas op die hele onderwys gekry het dat die hoofdoel grotendeels geword het voorbereiding vir eksamens, is dit feitlik vanselfsprekend dat die hele leerplan dikwels tot in die kleinste besonderhede deur die doel bepaal geword is, veral by die keuse en beklemtoning van sekere vakke.

In die hoërskool het die uitslag van die vorige jaar of die reputasie van die eksaminator dikwels bepaal hoeveel tyd aan 'n sekere leervak gewy geword is[1]. Origens het die hoofklem geval op die vir 'n lang tyd verpligte vakke, nl. Latyn en Matesis, die vakke tewens wat die meeste leerlinge moeilik gevind het, m.a.w. wat die meeste druipelinge opgelewer het.

Hierdie invloed van die middelbare skool het deurgewerk na die laerskool-toe, waar ook sekere vakke die eintlike eksamenvakke geword het, die vakke namelik, waar feitekennis die maklikste kon getoets word en wat geval het onder die verpligte middelbare skool-vakke of tenminste meestal daar gekies geword is. Dit geld veral van rekenkunde en sekere gedeeltes van taalonderwys, soos diktee, lees, resitase (memoriseer-werk) en sinsontleding. Rekenkunde was egter die by uitstek begunstigde vak en werd meesal 'n goeie uur per dag aangegee. Ook vandag nog is daar talle van skole wat uit die 22½ uur per week 1 uur per dag aan rekene bestee. Maar hoe abnormaal veel tyd dikwels aan hierdie vak bestee geword is blyk uit besonderhede ingewin deur die president van die S.A.O.U.[2]: „Nu weet elkeen, behalve de inspekteurs, dat de tyd aan rekenkunde volgens tydtafel maar de officieel erkende hoeveelheid is, in de werklikheid lykt het heel anders. Zoals een van de onderwyzers aan wie ik schreef het uitdrukte: „Rekenkunde is maar de spil waar alles omdraait. In standaarden waar een persoon verantwoordelik is voor de hele standaard, houdt

1. Sien voorsittersrede S.A.O.U. in „De Unie" 1908, Feb.-Jan. uitgawe. Vgl. ook „Die Kristelike Skoolblad" Mei 1927, die voorsittersrede Transvaalse Onderwysers Vereniging.

2. Sien „De Unie," 1 Feb. 1913, bl. 267—268. Vgl. hiermee Dr. Cillie in „De Unie," Maart 1917, bl. 702—704.

men niet juist ogenblikkelik op zodra het klokje luidt, en hier moet ik ronduit erkennen dat de rekenkunde by my nooit afgescheept wordt— en is er tyd te sparen dan weer rekenkunde . . . . Dat de reputatie van een klas en dus van de onderwyzer, wat de inspekteur betreft van rekenkunde afhangt valt niet te betwyfelen" . . . . Een klasonderwyzer van St. V verklaarde: „Ik heb nu wel aardrykskunde, geschiedenis, enz. op myn tydtafel na rekenkunde, maar kort voor de inspektie, als ik vind dat de klas zwak is in rekenkunde, dan ga ik door soms van 9—12 uur met rekenkunde." De berichtgever voegt er by dat deze klas by de inspektie gewoonlik 'n goede vertoning maakt."

Gepaard met die beklemtoning van hierdie „eksamen-vakke," vakke of parte van vakke wat meer die intellek bevredig, het gegaan die verwaarlosing van ander vakke, meestal die kuns- en praktiese vakke, die vakke dus wat in eerste instansie tot die hart en die hand spreek. In de Kaapprovinsie het daar hieroor wel minder klagte bestaan[1]; in die Transvaal en die Vrystaat was die posisie egter baie minder gunstig. Die vakke wat die meeste afgeskeep werd was: sing, teken, natuurstudie, gesondheidsleer, huishoudkunde en houtwerk. En hoewel die rede hiervoor dikwels ook was die gebrek aan geskikte leerkragte en leermiddele, veral op die platteland en die kleinere dorpsskole, was die rede tog ook dikwels dat hierdie vakke geen bevorderingswaarde gehad het nie en op die middelbare skool nie voortgeset geword is nie. In die laaste jare is egter in byna al hierdie vakke vooruitgang gemaak, veral in natuurstudie en houtwerk in die groot sentra of op plaasskole naby dorpe geleë[2].

## Paragraaf 5.—Onbuigsame Leerplanne en Verslaafdheid Daaraan.

Grotendeels as gevolg van die eksterne eksamenstelsel het die noodsaaklikheid ontstaan van 'n uniforme leerplan. Dieselfde sertifikate vereis dieselfde standaard, wat verkry moes word deur middel van 'n eenvormige leerplan. Waar die eksamen nie alleen deur 'n eksterne liggaam afgeneem geword is nie, soos die matrikulasie-eksamen, maar daarby skriftelik soos dit vandag natuurlik nog grotendeels geskied, daar kon dit nie anders dan dat 'n uniforme leerplan nie alleen vasgestel geword is nie, maar dat die onderwysers van hul kant aangedring het op 'n duidelik omskrewe leerplan[1].

1. Sien Onderwyskommissie, Kaap de Goede Hoop, 1912, bl. 86.

2. Oor die plek van hierdie vakke in die skole, sien bv. Inspekteur Hofmeyr in die jaarverslag van Transvaal D.V.O. 1919, bl. 125; Inspekteur Corbett in die jaarverslag van Transvaal D.V.O. 1921, bl.. 104; Die Vrystaatse Onderwyskommissie 1926, bl. 9, 36—38. Die Kristelike Skoolblad Maart 1928, bl. 27; Die Kristelike Skoolblad Oktober 1928, bl. 9. Die Kristelike Skoolblad Februarie 1928, bl. 39.

1. Sien bl. 54.

Dat, wat die laerskool altans betref, so'n eenvormige standaard vir 'n groot deel 'n hersenskim moes wees as gevolg van die groot aantal inspekteurs nie alleen nie, maar ook omdat 'n groot gedeelte van die inspeksie, in die laer klasse altans, noodwendig mondeling moes gehou word, het niks daartoe bygedra om die eksamenstelsel en die uniforme leerplan in volkome diskrediet te bring. Selfs by die end-laerskool-eksamen, wat vir 'n groot deel skriftelik was, kon daar onmoontlik veel tereg kom van uniformiteit veral in die Transvaal na dit die gebruik geword het vir die inspekteurs om 'n aantal onderwysers uit die laer en hoërskole te kry as ko-eksaminatore.

Wat presies die toestand van sake was met betrekking tot hierdie vraagstuk blyk uit die houding wat daar teenoor ingeneem werd deur opvoedkundige outoriteite, deur verskillende onderwyskommissies wat hieroor gerapporteer het en deur die onderwysers self. In hoofsaak sal hier veral bespreek word die sienswyse van die Transvaalse outoriteite en onderwysers oor hierdie vraag gehuldig.

In die begin van die periode onder bespreking werd in die departementele leerplanne slegs seer in die algemeen die vereistes aangegee vir sommige vakke in die laerskool, terwyl by andere die onderwysers aangemoedig werd om originele leerplanne op te stel, aangepas aan plaaslike omstandighede[1].

Hoewel by die volgende leerplan, die van 1909, aan die onderwyser die vryheid gelaat werd om desverkiesend af te wyk van die ontworpe plan, en by natuurstudie bv. rekening moes gehou word met „de levensomstandigheden van de kinderen"[2], werd tog in die kleinste besonderhede nie alleen die leerstof vir elke vak vir elke standerd aangegee nie, maar selfs die metode in sommige gevalle. Die doel was nie om eenvormigheid na te streef nie, maar om „komplete leiding" te gee aan die onderwysers. Buitendien sê die Direkteur: „The code is not only a syllabus of instruction but also embodies my views of the aims to be kept in view and the methods to be followed"[3]. Telkens, by latere herdrukke, werd met nadruk verklaar dat die uitvoerige leergange slegs as tipes en ter toeligting moes dien, en die bedoeling nie was om iets weg te neem van die vryheid van die onderwyser nie[4], behalwe dat van hierdie konsessie geen melding gemaak werd by die eerste aparte leerplan gedruk vir plaasskole, nl. die van 1913. Die standpunt werd egter gehandhaaf dat 'n skema wat slegs die eindstandaard sou vasstel en dit verder aan die onderwysers in oorleg met die inspekteurs sou oorlaat om die volgorde en trappe van vordering uit te werk, 'n ideale skema sou wees vir „'n ouer land, waar

1. Provisional Code of Regulations for Elementary Schools 1906, bl. 25.
2. Departement van Onderwys, Transpaal: Bepalingen en Leergangen 1909, bl. 49.
3. T.a.p., bl. 29—30.
4. Departement van Onderwys, Transvaal, Leergangen 1917, bl. 5.

die groot meerderheid van onderwysers opgelei en ervare is. In 'n jong Provinsie soos die van ons skyn dit die beste om tenminste die hooftrekke van 'n gemeenskaplike sillabus aan te gee"[1].

Spoedig hierop werd egter 'n ander politiek gevolg, of dan tenminste voorgestaan[2], wat, indien dit in praktyk sou gebring gewees het, seker 'n keerpunt ten opsigte van leerplan-konstruksie in ons onderwys sou teweeggebring het. Na aanleiding van die pas afgeskafte gespesifiseerde sillabus in Bybelse Geskiedenis, sê die Direkteur: „Die tyd breek aan waarop die onderwyserstaf in sy geheel binne duidelik omskrewe grense verantwoordelik moet gestel word vir die sillabusse wat hulle moet volg. Na oorleg met die inspekteurs is daar nou besluit om die bestaande sillabus te herroep en die onderwysers instruksies te gee om werkskemas in te stuur vir goedkeuring van die inspekteur. Algemene instruksies, wat betref die onmiddellike doel van die sillabus, sal bekend gemaak word, en origens sal die onderwysers volkome vryheid gelaat word. Dit mag gehoop word dat dit geleidelik sal lei tot die weglating van besonderhede uit die sillabusse in ander vakke. Die verantwoordelikheid van die onderwyserstaf sal seker vermeerder word, en die tyd het aangebreek dat die vermindering van ongekwalifiseerde onderwysers die Departement regverdig om ekstra verantwoordelikheid op die onderwyserstaf te lê"[3].

In die "Bepalinge en Leergange vir Buiteskole" wat in 1927 opgetrek is onder die bewind van hierdie selfde Direkteur word daar geen woord gerep van hierdie vryheid en word alles haarfyn tot in die kleinste besonderhede omskryf, in sommige gevalle weer selfs die metode wat mees gevolg word, bv. by natuurstudie.

Die kwessie van leerplan-vryheid is deur verskillende onderwyskommissies ondersoek geword. Sonder uitsondering het hulle hul sterk ten gunste daarvan verklaar en hoewel moeilikhede erken is, werd terwille van die pedagogiese beginsels dringende aanbevelinge gemaak om die onderwysers die vryheid te gee[4]. Die „Verslag van die Adviserende Komitee insake Onderwys 1927", van die Kaapprovinsie beveel dan ook aan dat nie alleen speelruimte sal gelaat word binne redelike perke „aan die besondere kundighede, bekwaamhede en interesse van onderwysers", dat geleentheid moet gegee word om te eksperimenteer met die leerplan, maar dat „die Onderwys Departement goeie skole met beproefde personeel sal aanmoedig om hul eie leerplan —desverkiesend in sy geheel—op te stel, onderhewig aan die goed-

1. Departement van Onderwys, Transvaal, Regulasies 1923, bl. 3.
2. Deur Mnr. Scott wat as direkteur Dr. Adamson opgevolg het.
3. Jaarverslag Departement van Onderwys, Transvaal, 1925, bl. 16.
4. Sien verslag Kaapse Onderwyskommissie, 1912, bl. 41—47.
Sien verslag Transvaalse Onderwyskommissie, 1917, bl 21 en 25.
Sien verslag Vrystaatse Onderwyskommissie, 1916, bl. 10.

keuring van die Onderwysdepartement"[1]. Seer opvallend is dat geen een van die onderwyskommissies melding maak van een enkele geval waar die beginsel van buigsame leerplanne reeds in die praktyk toegepas werd nie.

Deur die onderwysers werd reeds vroeg aangedring op vryheid in die leerplan, beide wat opstel en uitvoering daarvan betref[2]. Dit was egter nie die algemene mening onder hulle nie en wel van weë die "heterogene bestanddele" onder die onderwysers en die gebrek by baie aan vakopleiding[3]. Daarby was daar 'n neiging by sommige onderwysers om „'t leerplan van 't Departement slaafs te volgen . . . . Er moet plaats zyn en er is plaats voor individualiteit van de onderwyzer. En ook, zoover mogelik, van de leerling"[4]. Nog veel later word nog baie ernstiger gekla van die kant van die onderwysers self oor onderwysers se verslaafdheid aan die departementele leerplanne en die neiging om steeds vir omskrywinge in groter besonderhede te vra. „Inplaas dat ons by die Departement aandring op 'n vereenvoudigde sillabus, wat desnoods net alleen die verpligte leervakke opnoem sonder enige verdere omskrywing, kry ons jaar op jaar 'n klomp beskrywingspunte op die Kongres-agenda, wat al maar nouer omskrywing vra van die vereiste leerstof"[5].

In teëstelling hiermee egter staan die houding van die Hoofbestuur van die Transvaalse Onderwysersvereniging wie se afgevaardigdes op die provinsiale inspekteurskonferensie die opdrag had om te pleit vir die beginsel van leerplan-vryheid met die resultaat dat „aangeneem is definitief dat alles wat in die voorgestelde kode sal voorkom van suggestiewe en nie van outoritêre aard sal wees nie en dat enige inspekteur op versoek van hoofonderwysers die reg sal hê om 'n geskikter leerplan vir die betrokke skool goed te keur. Aangeneem is ook om alle voorskrifte omtrent metode uit die kode weg te laat"[6].

Op hierdie konferensie het geblyk dat omtrent die helfte van die inspekteurs teen hierdie voorstel was, terwyl die direkteur daar sterk voor gepleit het. . By die jongste leerplan van 1929, is daar egter niks te bespeur van hierdie verkreë vryheid en word daar geen woord van gerep nie. Inderdaad is dit byna 'n meganiese herdruk van 1923. Die gevolg is dan ook dat die onderwysers feitlik nie anders kan as alles in die fynste besonderhede verpligtend te beskou, selfs in die hoogs enkele gevalle waar daar sprake is bv. van „wenke"[7].

1. T.a.p., bl. 48.
2. Die Kristelike Skoolblad 1 Nov. 1906: Hoofartikel; Vgl. Die Kristelike Skoolblad Junie 1909, Artikel van „S" oor „Ons Leerplan."
3. Die Kristelike Skoolblad Junie 1909, Hoofartikel.
4. Verslag Departement van Onderwys, Transvaal, 1914, bl. 100, Insp. Klooster; vgl. „Die Unie", Mei 1919, Artikel van A.E.S.
5. Die Kristelike Skoolblad Nov. 1926, bl. 29, Artikel van A. K. Bot.
6. Die Kristelike Skoolblad Okt 1928, bl. .9.
7. Sien „Die Volkstem" 2 April, 1929, Artikel van D.C.C.

Ten spyte van al die onsekerheid en skommelinge in die onderwysprofessie, beide onder outoriteite en onderwysers, ten opsigte van leerplan-vryheid, blyk tog dat algaande die idee van leerplan-vryheid, teoreties altans, veld gewin het. Hoewel die beginsel gehuldig geword is van buigsame leerplanne, is egter geen seer besliste stappe geneem deur die opvoedkundige leiers om die onderwysers as korps daarvoor te win en dit in die praktyk te bring.

---

## Paragraaf 6.—Ons Onderwys hou weinig Rekening met besonder Suidafrikaanse Lands- en Lewensomstandighede.

Seker een van die ernstigste klagtes gedurende hierdie tydperk teen ons onderwys ingebring was, dat dit geen rekening gehou het met besonder Suidafrikaanse lands- en lewensomstandighede, veel minder sig aangepas het by die Suidafrikaanse volksraad[1]. Nie alleen is die geestelike en ekonomiese volkslewe nie gereflekteer geword in die onderwyssisteem nie, maar hierop moes noodwendig volg verontagsaming van die kinders se toekoms. Die hele tydperk lewer een onafgebroke worsteling om hierdie onnasionale onderwyssisteem kwyt te raak, om die onderwys aan te pas by die volksideale, probleme en bedrywighede; om die opvoeding te maak 'n werklike voorbereiding vir die lewe in al sy vertakkinge van 'n Suid-Afrikakanse omgewing. In die weg van hierdie ideaal het steeds gestaan die sterke neiging om 'n uitheemse kultuur op Suid-Afrika oor te plant waardeur 'n eie onderwyssisteem verhinder werd om behoorlik wortel te skiet. "Our code," sê inspekteur H. S. Scott[2], appears to be too European . . . . . We should rather apply ourselves to the particular conditions of our life and our pursuits, which are mainly those connected with the soil." Hierdie leemte in ons opvoeding is verder bestendig geword deur die reedsgenoemde eksamensisteem, met uitgangspunt boekekennis aan die een kant en deur 'n verouderde opvatting van liberale opvoeding aan die ander kant.

Aan hierdie invloede moet dit grotendeels toegeskryf word dat ofskoon die Suid-Afrikaanse bevolking vir die allergrootste gedeelte 'n landelike bevolking is, en na landbou reeds jarelank sy plek langs die ander natuurwetenskappe op ons Universiteite[3] ingeneem het, dit nog uitgesluit geword is uit die middelbare en laer skole, of op so'n manier gedoseer geword is dat daar weinig van tereg gekokm het[4].

1. Sien „Die Unie," Augustus 1906, bl. 47; Vgl. ook „Die Unie," Februarie 1917, bl. 674.
2. Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Tvl., 1907, bl. 66.
3. Sien Verslag van die Opvoedingskongres te Stellenbosch 1922, bl. 27.
4. Sien Verslag Dept. van Onderwys, Tvl., 1912, bl. 82—83.; vgl. ook Verslag Departement van Onderwys, Tvl., 1923, bl. 119.

Herhaaldelik werd aangetoon dat hierdie toestand verkeerd was en aangedring op 'n sisteem wat as basis en vernaamste uitgangspunt sou neem die daaglikse volkslewe en vernaamste volksbedryf. So werd deur die skoolraad konferensie[1] gehou te Pretoria in 1908 aangedring op 'n industriële skool in elke distrik, asook op die insluiting van 'n praktiese kursus in landbou in die gewone skool-leerplan. Deur die Direkteur werd in antwoord hierop die versekering gegee dat die Departement sterk ten gunste was van praktiese onderwys; daar werd gewys op die vermeerdering van houtwerkklasse, die reeds opgerigte industriële en ambagskole; en met betrekking tot landbou was die argument dat natuurstudie in die departementele kursus ingesluit was, eksperimentele werk in natuurstudie aan die Normaalkolleges moes deurloop word, vakansiekursusse vir diensdoende onderwysers ingestel was, en alleen as gevolg van die uitgawes geen afdeling van die Departement kon belas word met die bevordering van natuurstudie en landbou in die skole[2]. Veel vooruitgang was daar nie, as gevolg van die gebrek aan inisiatief by die onderwysers, hul baie taalwerk, algemene skoolwerk buite, die opposisie van minder verligte plattelandse ouers[3]. In 1912 werd reeds aanbeveel deur die inspekteur van vakskole dat vir plaaskinders die oplossing van beroepsonderwys lê in die rigting van skoolboerdery[4], maar hoewel die Direkkteur hom by hierdie gedagte aangesluit het[5], het dit by hierdie en dergelike versekeringe en idees gebly en is niks deur die Onderwys Departement of die provinsiale outoriteite gedaan om besliste pogings aan te wend en ten uitvoer te bring in die rigting van beter volksonderwys.

Dat hierdie kwessie al meer en meer die aandag begin in beslag neem het, blyk ook uit die opdrag van die Vrystaatse Onderwyskommissie vir laer-onderwys in 1916: „Om een onderzoek in te stellen en rapport uit te brengen over 't tegenwoordig sisteem van Lager Onderwys .... met het doel om vast te stellen of het bestaande leerplan met voordeel kan gewyzigd worden, en indien zo in welk opzicht veranderingen moeten worden aangebracht, teneinde het meer prakties te maken, zodat het beter zal voorzien in de behoeften van een groot deel van de bevolking meer spesiaal van hen, die in de landelike streken van deze Provincie wonen[6]." Aanbevelinge werd dan ook deur die kommissie gemaak dat die kind se belangstelling sou opgewek word vir sy omgewing, hul oë reeds so vroeg moontlik sou gerig word op hul toekomstige loopbaan en dat 'n tweejarige kursus in landbou aan boerderyskole moes gevolg word na Standerd VI. Dit

1. Sien Verslag Dept. van Onderwys, Tvl., 1909, bl. 35.
2. T.a.p.
3. Sien Verslag Dir. van Ond. 1910, bl. 70.
4. Sien Verslag Dir. van Ond., rapport van Mnr. Horne 1912, bl. 92—93.
5. Sien Verslag Dir. van Ond., 1916, bl. 14.
6. Sien „Stemmingen en Verrichtingen en Aanhangsels van de Provinciale Raden," 1917, bl. 1.

was te meer noodsaaklik aangesien daar nog geen geleentheid bestaan het vir die opleiding van die minder welgestelde en kleinere boer of vir die bekwamere boere-arbeider. Sedert 1922 het die geroep na onderwys wat meer rekening sou hou met die landsomstandighede, veral wat die plattelandse belange betref, al luider en dringender geword. In 'n deeglike landbou-onderwys veral is die heil gesoek van 'n verbeterde onderwysstelsel. Dit blyk byvoorbeeld veral uit die bespreking en besluite geneem op die opvoedingskongres, byeen geroep deur die Sinodale Kommissies van die Nederduits Gereformeerde Kerk vir die algemene armesorg, die opvoeding en die arbeidskolonies, te Stellenbosch 15—18 Junie, 1922, met die hoofgedagte: „Hoe het arm kind te redden en van hem een nuttig burger te maken." Van belang veral is die volgende besluite[1]:

1. Dat op voetspoor van „The Country Life Commission" van Amerika, 'n kommissie sal benoem word om 'n wetenskaplike ondersoek in te stel na die landboukundige eienaardighede en moontlikhede van die verskillende dele van ons land, om vir skole in die streke 'n leerplan op te trek wat die onderwys meer in ooreenkoms sal bring met die omgewing van die kind.

2. Die stigting van een of meer landelike normaalskole in 'n daartoe geskikte omgewing, vir die opleiding van plaasskoolonderwysers; of ten minste die uitbreiding van bestaande normaalskole om hierin voorsiening te maak."

In dieselfde jaar is die bal in die Transvaal hard aan die rol gesit deur die pertinente vraag van inspekteur P. M. v.d. Lingen[2]: „Is Ons Onderwys Doeltreffend?" In hierdie artikel protesteer hy nie alleen teen die eensydige voorbereiding op die middelbare skool vir die universiteit nie maar gee ook aan die hand meer uitgebreid laer onderwys op die platteland om voorsiening te maak vir die boereseuns.

Sedert die tyd werd van alle kante, veral in die pers en onder die onderwysers, propaganda gemaak vir 'n verandering van die onderwys sodat daar nie alleen 'n beter Suidafrikaanse gees in sou heers nie, maar veral in die buiteskole meer aandag geskenk word aan landbou, om die grote gros van kinders wat nie verder as standerd ses gaan nie en dan boere word beter "inligting en voorligting" te verskaf met betrekking

1. Sien Brosjure „Opvoedingskongres," bl. 58, 1922.
2. Verslag Dept. van Onderwys, Tvl., 1922, bl. 97.

tot hul toekomstige beroep[1]. Wat die toestand so ernstig gemaak het was dat die kind met 'n Standerd VI sertifikaat ondoelmatig toegerus was en verwag werd om 'n sukses te maak van so 'n vername en moeilike bedryf as boerdery.

Hoewel uit die publiek geagiteer geword is vir 'n onderwys wat meer sou aansluit by die plattelandse belange met die oog daarop om bekwamer boere te lewer, ly dit geen twyfel dat die publiek groteliks verantwoordelik was, en nog is, vir die gebrek in ons onderwys in hierdie opsig omdat daar steeds maar aangedring werd op die oprigting van hoër skole inplaas bv. van skole met 'n landbou-strekking.

Hierdie toestand moet waarskynlik vir 'n groot deel toegeskryf word aan die mening dat oor die algemeen die professies beter betaal word en sekerder beroepe is, en daarby hoër in aansien staan as die hande-arbeid-beroepe en selfs boerdery[2].

Die gevolg van die agitasie oor die hele land was stellig dat veel meer belangstelling gewek werd vir die landbou-beroep, en dat landbou-onderwys tans veel meer aandag ontvang in die laerskool veral, maar ook in die middelbare skool, as omstreeks 10 jaar gelede. In die Transvaal het dit minstens aanleiding gegee tot die oprigting van ses plattelandse intermediêre skole in 1927[3] waar landbou op die voorgrond gestel werd, en dat in die Vrystaat aanbeveel werd om „Burgerskole" op te rig met dieselfde doel[4].

Hoewel steeds verkondig is dat die plattelandse skole die leerlinge moes bekwaam maak vir die plattelandse lewe[5], dat die laer skool veral buite vir 'n groot deel vakonderwys was en veral aan die end vakonderwys moes insluit[6]; dat aanraking met werk en die lewe noodsaaklik was[7]; dat die onderwys as geheel prakties moes wees[8]; en hoewel vroeg reeds planne beraam werd om buiteskole op te rig wat nou sou aansluit by die praktiese buite-lewe waarmee, soos geblyk het, eindelik 'n klein begin gemaak is—in die kern van die saak het die onderwys van die laer en middelbare skool „algemeen" gebly en vervreemd van die daaglikse en praktiese lewe.

1. Sien artikel van J. P. Kleynhans in „Die Volkstem" 21 Maart, 1923. Sien ook die verslag van die Deputasie van die Transvaalse Landbou-Unie na die Administrateur en Uitvoerende Komitee in „Die Volkstem," 5 Okt. 1923. Ook die artikel van Dr. T. J. Hugo oor „Reorganisasie van ons Laer Onderwys," „Die Volkstem" 8 Sept. 1923, asook verskillende ander artikels oor dieselfde onderwerp in „Die Volkstem" 22 Sept. en 29 Sept 1923; 'n hele reeks artikels in „Die Kristelike Skoolblad" 1924; beskrywingspunte 31—38 vir die jaarkongres van die Transvaalse Onderwysersvereniging: „Die Kristelike Skoolblad," Feb. 1925. Vgl. ook Dr. J. P. Smuts: Filosofies-Opvoedkundige Sketse (1929) Hoofstuk 11 en 13.

2. Sien bv. Hoofartikel „Die Volkstem" 5 Julie, 1923.

3. Verslag Dept. van Onderwys, Tvl., 1927, bl. 160.

4. Sien Rapport van die Onderwyskom. 1926, bl. 19.

5. Verslag van Departement van Onderwys 1908, bl. 20.

6. Toespraak van Direkteur van Onderwys in „Die Kristelike Skoolblad, April 1914.

7. Verslag Dept. van Onderwys 1916, bl. 15.

8. Regulations Governing Primary Schools (Tvl.) 1923, bl. 5.

Hoe sterk onder onderwysers gevoel geword is vir 'n onderwys wat tred sou hou met ekonomiese ontwikkelinge en die volksarbeid as uitgangspunt sou neem, blyk uit 'n toespraak van Mnr. P. W. S. Schumann[1]: „Ons onderwyssisteem beantwoord nie aan die vorming van 'n geslag van arbeiders nie. Dit is maar te waar dat ons stelsel wat op vreemde lees geskoei is, nog die neiging het om kinders voor te berei vir die „profession of leisure." Ons vra onsself net af: is ons onderwys, laer en hoër, bereken om van die leerling 'n intelligente handige en veral blymoedige arbeider te maak? Die werk wat hy in die skool doen, is dit arbeid soos wat ons arbeid behoort te verstaan, nl. as 'n bedrywigheid waarin die arbeider hom verloor, om hom daarin te vind sodat die werk 'n deel word van homself—in kort, is arbeid vir hom 'n roeping en nie net 'n beroep nie? Is dit nie ons ondervinding dat die meeste leerlinge tot hul reg kom en tot 'n besef van hul indiwidualiteit eers as hulle buite die skoolmure kom—op die sportsveld of in die debatsvereniging? Antwoord op hierdie vraag en spreek self die vonnis uit oor ons huidige sisteem?"[2] In 'n kragtige pleidooi vir 'n onderwysstelsel wat "die landsomstandighede, die nywerhede en bedrywe tot basis moet hê in teestelling met die tansbestaande wat, behalwe miskien hier en daar vir die seun of dogter wat met die oog op 'n professie sy Matriekeksamen moet aflê baie min aandag bestee aan die werk wat sal moet gedoen word of aan die toestande en omstandighede waaronder hy sal moet leef, trek Dr. G. W. Eybers te velde teen die „suiwer Akademiese en kulturele opleiding" en stel o.a. die volgende veranderinge voor[3]:

„Laat ons invoer vakke en onderdele van vakke wat die kind se kennis kan verhoog. wat hom in die lewe van pas sal kom en hom instaat sal stel om 'n beroep of nering te kies.

Laat ons invoer (of behou) die maksimum van hande-arbeid, wat op iets uitloop, vir seuns en dogters, wat hul kragte en die finansies van die Staat, en die eise van die nodige kulturele opleiding sal toelaat . . . . Laat ons onderneem gereelde en definitiewe inligting te verskaf aan kinders aangaande die soorte werk en beroepe wat vir hul sal oopstaan, en laat daar duidelike leiding gegee word, aangaande beroepskeuse deur bepaalde doelbewuste aanwakkering van die kind se belangstelling vir soveel soorte beroepe as daar verskeidenheid van talent in die klas sit, veral wat betref die industrieë. As daar nie in die primêre skole sodanige voorligting is, waardeur die kinders se gemoedere ryp gemaak word nie, voel u dadelik dat daar teenoor hulle 'n nalatigheid gepleeg word wat baie te betreur is."

1. „Die Kristelike Skoolblad" Sept. 1925.
2. Vgl. Prof. J. H. Hofmeyr „Die Volkstem" 15 Julie, 1924.
3. „Die Kristelike Skoolblad," Mei 1928.

## Paragraaf 7.—Die Tradisionele Opvatting van 'n Liberale of Kulturele Opvoeding leef nog voort.

Dis veral ten opsigte van die middelbare skool dat teenoor hierdie sienswyse nl. van praktiese onderwys nog altyd, veral in universitêre kringe, maar in geringer mate selfs in die skole[1] die tradisionele idee gehandhaaf is van 'n algemene ontwikkeling, 'n liberale opvoeding, waarvan die verteenwoordigers volhou dat die instandhouding van die kultuur afhanklik is van sekere fundamentele of kulturele vakke, wat, omdat hulle die basis vorm, soos gemeen word, van alle hoër opleiding aan die universiteit, ook in die hoërskool verpligtend moet gemaak word vir alle leerlinge.

Tipies vir hierdie rigting is 'n verklaring deur die Transvaalse Komitee belas met die beheer oor hoërskole[2]: "We hold that alike for the professions, for commerce and for industry, a better preparation will be secured by all-round training than by concentration on any special branch of knowledge, even if each special industry could be so given in the secondary school as to produce the practical results desired. We believe that the best equipment in the long run for life in this Colony is secured if the pupil leaves school with an appreciation of literature, with a good store of general and accurate knowledge with a variety of interests and, above all, with faculties, both physical and mental, so developed and braced that they will carry him on when the direct stimulus of the teacher and the school has been removed. These should, in our opinion, be the ends of a secondary school rather than the acquisition of any special body of knowledge or specialized skill." Hierdie idee is dwarsdeur hierdie tydvak gehandhaaf geword; daarby werd deur die voorstanders daarvan soms smalend neergesien op "die sogenaamde praktiese vakke," wat, volgens hulle bereken sou wees om die standaard van die Matrikulasie te verlaag[3]. Weëns die oorheersing van die hoërskool oor die laerskool, soos later sal aangetoon word[4], het hierdie rigting van die hoërskool sy invloed laat geld op die rigting van die laerskool.

Hierteenoor het die onderwysers meestal ontken dat sekere sogenaamde kulturele vakke bo ander vakke vormende waarde besit; geprotesteer teen die Matrikulasie—waardeur hierdie algemene rigting bestendig werd—met sy beperkte keuse waardeur geen geleentheid gegee werd vir die ontwikkeling van die grote verskeidenheid van geaardheid en aanleg onder leerlinge, en teen die vervreemding van

1. Sien bv. 'n artikel in „ Die Unie," April 1919 oor: Het Latyn en de Middelbare School.
2. Sien verslag van die Departement van Onderwys, 1903.
3. Sien bv. artikels van Proff. Haarhoff en van Braam in „Die Unie," Junie 1929.
4. Sien bl. 68.

die middelbare skool van die ekonomiese en sosiale lewe.. Gepaard hiermee gaan hul pleidooi vir groter vryheid in die onderwys as geheel, meer bepaald met betrekking tot die leerplan[1].

In breë en verligte onderwyskringe word dan ook deurgaans die oortuiging gehuldig dat geen vak, qua vak, meer kultureel is dan sekere ander vakke, maar dat die vormende waarde van 'n vak afhang daarvan in watter mate 'n leerling daarin belang stel, daar aanleg voor het, en 'n opvoedkundige metode by die onderwys gevolg word. En hoewel daar tewens in onderwyskringe 'n sterke oorhelling is na praktiese onderwys in die laerskool, en vakonderwys na die laerskool word daar meestal geen enge opvatting oor voorgestaan nie maar wel in ooreenstemming met die idees van Kerchensteiner en Dewey[2].

In werklikheid het ons onderwys geensins liberaal geword in die sin dat die leerling, vir sy stadium van ontwikkeling, 'n ruime blik van die lewe gekry het en sy siel sig daarby ontsluit het; het dit hom nie „vry" gemaak in die sin dat hy nie gebonde werd tot 'n enge groef deur die onderwys in die skool ontvang; het hy geensins geleer uit eie belangstelling; en het hy nog minder tot die ware besef gekom dat lewe arbeid beteken.

---

## Paragraaf 8.—Weinig Differensiasie van Leerlinge se Aanleg, Belangstelling en Behoeftes.

Aan bogenoemde standpunt van sekere universiteitsmanne moet dit ook toegeskryf word dat die middelbare skoolkursus so eng gehou werd en die deure van die universiteite so lank vir die grote gros van leerlinge nie alleen gesluit gebly het nie, maar talle van kinders ontroof werd van die voorreg om 'n sekondêre kursus te voltooi[3]. Weinig of glad geen rekening werd gehou met die geaardheid, aanleg en bestemming van die indiwiduele kind nie. Hierdie nadelige gevolge wat terselfdertyd groteliks teruggevoer kan word na ons verderflike eksamen-sisteem en eksamen-manie, het dwarsdeur ons hele opvoeding verlammend gewerk, sodat 'n beroepskeuse in ooreenstemming met die kind se psigiese gesteldheid nie deur die skool genoegsaam kon behartig word nie; behalwe in die geval van die intellektueel begaafdes wat die enigste was vir wie ons laer en middelbare intellektualistiese

1. Sien artikels van D. J. J. de Villiers en A. M. de Villiers, „Die Unie," Junie 1929. Ook voorsittersrede by Kongres S.A.O.U. deur J. J. Jordaan, „Die Unie" Feb. 1929.

2. Die Kristelike Skoolblad Sept. 1925, toespraak van Schumann. Sien „Die Volkstem," 3 Nov. 1923, artikel van L. v. S., ook 19 April en 17 Mei, 1827, toesprake van Dr. Gie oor „Beroepsonderwys."

3. Sien Hoofartikel „Die Unie" Junie 1929.

onderwys voorsiening gemaak het. Daar was natuurlik diegenes wat hul weg gevind het na een of ander beroepskool, maar die onderwys in ons gewone skole verskaf het hulle nie doelbewus in hierdie rigting gestuur nie.

Gedeeltelik moet hierdie gebrek aan differensiasie ook wel toegeskryf word aan die algemene gees in die opvoeding, hier sowel as elders, wat sig weinig ten doel gestel het om rekening te hou met die indiwiduele verskille. Hierdie algemene strekking in ons onderwys en opvoeding werd egter besonder in die hand gewerk en bestendig deur die hierbo beskrewe, sterk geprononseerde rigtinge.

Oor die verontagsaming van die indiwidu se aanleg en toekomstige beroep, kla „Vakman z'n Maat" reeds in 1906[1]: „Is het dan geen onhoudbare toestand, dat de zoon van de arbeider en de zoon van de rentenier; de zoon van de boer en de toekomstige advokaat of predikant, of dokter, of handelaar; dat zelfs jongens en meisjes volgens een en hetzelfde stelsel worden onderwezen en dezelfde richting op worden geleid?" In 1908 is die behoefte al in die Transvaal deur die Direkteur van Onderwys gevoel om die regulasies betreffende die Hoërskole so te hersien dat voorsiening gemaak kon word vir "the special needs of girls and of boys who do not wish to follow the course which matriculation at the Cape University necessitates"[2]. Die begeerte het dus ontstaan "to make the curriculum wider and more elastic in order that it might be possible to develop schools in which the courses followed are in closer relation to national needs and the national future"[3]. Hervorming was noodsaaklik omdat daar nog geen enkele moderne publieke skool ontstaan het nie en orals dieselfde kursus gevolg werd, namelik wat deur die Kaapse Matrikulasie op almal, wat hul beroep ook al sou wees, afgedwing werd. Daar moes voorsiening gemaak word in vier rigtings: die professionele, die wetenskaplike, die tegniese en die kommersiële. Hieraan is dan ook geleidelik gevolg gegee[4] wat die grotere sentra betref. Ongeveer dieselfde tyd werd dieselfde hervorminge in die Kaap aanbeveel[5].

Gebrek aan differensiasie en bestudering van die indiwiduele kind se aanleg en voorliefde in die laerskool was dikwels die gevolg van 'n oorlaaide leerplan en die vereistes van die eksamens[6]. Hoe sterk die gelykmakingsproses was werd ook aangetoon deur inspekteur Klooster[7]: "The pupils are not looked at so much as men in the making but

1. „Die Unie," Sept. 1906, bl. 80.
2. Verslag van Dept. van Onderwys 1908, bl. 28.
3. Verslag van Dept. van Onderwys 1910, bl. 78.
4. T.a.p.
5. Kaapse Onderwys Kommissie, 1912, bl. 99.
6. Inspekteur Acheson in Verslag van die Dept. van Ondw. Tvl. 1914, bl. 79.
7. T.a.p., bl. 100.

as "numbers." All are treated alike and fed, often stuffed, with the same intellectual food. No account is taken of taste, aptitude and character. The individual is lost in the crowd. The inherent qualities of the child are not drawn out; we stop short at what suffices for the mass." Aanbevelinge werd dan ook gemaak om afstand te doen van hierdie onpedagogiese prosedure[1]: „Ek sou graag aan die onderwysers(esse) in die laere klasse meer vryheid van beweging wil gee, waardeur die kleintjies ook meer vryheid sal geniet . . . . . Ek wil graag onderwysers(esse) die diskressie laat om af te wyk van die eenvormige patroon, waarna al die kinders geknip moet word, om die kind meer kans te gee vir selfontwikkeling, waardeur die onderwysers(esse) ook weer meer kans sal kry vir bestudering van die kind en sy aanleg . . . . . Wat ek beoog is meer kans tot self-ontplooiing in die laere klasse, meer kanse in die hoëre klasse om met vaardige hande die lewe in te stap na voleinding van die skoolkursus: in kort meer aansluiting by die lewenskring en die lewe wat die kind wag."

Gebrek aan differensiasie het sig verder hierin geopenbaar dat al die kinders se intelligensie volgens skool-standerds gemeet geword is, waardeur swak en skrander kinders voortdurend gelyktydig bevorder geword is, totdat die eerstes dan eindelik uitsak. Elke kind, sterk of swak, moes noodwendig 'n jaar vir 'n standerd vat. Die swak kind kon wel sak en dan nog 'n volle jaar in die standerd deurbring, of hy sy tekort in ses maande of drie maande kon bywerk maak nie saak nie. Aan die ander kant is die vlug kind wel heel-heel selde toegelaat om te „spring," maar dan moes hy ook weer opeens so'n geweldige sprong neem dat dit dikwels hom meer kwaad as goed gedoen het. Deur hierdie gelyktydige opskuiwing per standerds wat erg masjinaal geskied het, is baie onnodige vertraging in die hand gewerk[2].

Stremmend het ook ingewerk op die vrye ontwikkeling in die laerskool, die idee in teorie verkondig, en in die praktyk lank toegepas, dat laeronderwys 'n voorbereiding was vir middelbare onderwys. Die waarheid wat in die bewering lê is sterk beklemtoon geword, waardeur die invloed van middelbaar onderwys so oorwegend geword het dat die grootste nadruk nie slegs geval het op die vakke wat in die middelbare skool sou voortgesit word nie, maar dat suiwer middelbare vakke ingevoer is in laerskole. „Myn groot bezwaar," sê Dr. Reinink[3], „tegen de bestaande toestand is dat men op de lagere school vry veel tyd moet gebruiken ter voorbereiding voor een examen in vakken, die niet op de lagere school thuis horen, terwyl de elementaire opvoeding der leerlingen nog niet voltooid is." So erg was hierdie

1. Verslag van die Dept. van Ondw. Tvl., Inspekteur Visscher 1921, bl. 154.

2. Sien kwartaalblad vir Middelbare Skole Junie 1922, bl. 7, ook J. G. de Vos in Verslag van Transvaalse Departement van Onderwys 1923, bl. 137; vgl. Eerste Rapport van de Kommissie op de Administrasie van Onderwys, 1928, bl. 8 en 9.

3. „Die Kristelike Skoolblad," 1 Sept., 1908; vgl. ook die verslag van die Dept. van Onderwys, Tvl., 1915, bl. 14.

toestand dat in sommige skole reeds in St. IV. 'n begin gemaak is met Latyn, Algebra, Meetkunde en Natuur en Skeikunde[1]. In hierdie verband is van belang die sienswyse van die Transvaalse Direkteur van Onderwys wat een van die gebreke van laeronderwys daarin gevind het dat dit nie voorbereidend was nie, d.w.s. vir die hoërskool[2]. Weliswaar is hoërskoolvakke langsamerhand uit die laerskool uitgeskakel, dit neem egter nie weg nie dat, soos reeds aangetoon werd, die vakke wat in die hoërskool getel het veral beklemtoon werd in die laerskool.

Terwyl die laerskool in grote mate 'n voorbereidende skool geword het vir die middelbare skole, daar het laasgenoemde op sy beurt weer, waarskynlik nog in erger graad, puur en simpel af gestuur op die universiteite[3]. Dit volg ook weer vanself uit die eksamen-sisteem, aangesien die eind-eksamen van die middelbare skool tot vandag-toe nog, wat inhoud en standaard betref, geheel en al deur die universiteite gekontroleer geword is, selfs in die Transvaal wat sedert 1921 sy eie middelbare skool eindeksamen afneem[4]. Deurdat die middelbare skool die kweekplek geword het in eerste instansie vir die toekomstige universiteits-student, was die noodwendige gevolg dat sy kursus vereng geword is en dus nie rekening gehou het met die grote meerderheid van leerlinge wat wel middelbare onderwys wou hê, maar in baie gevalle nie van plan was om die hele kursus te voltooi nie of hulle by die voorgeskrewe vakke wou of kon beperk nie, en in elk geval nie van plan was om na die universiteit te gaan nie.

Hoe uiters eng die middelbare skoolkursus geword het, blyk hieruit dat uit die ses verpligte vakke daar altyd drie tale moes wees, matesis en een wetenskap; die sesde was vir die oorgrote meerderheid geskiedenis[5]. By die alternatiewe kursus met vyf vakke was die keuse dieselfde, behalwe dat twee tale kon geneem word inplaas van drie. Die ander alternatief, nl. die kursus vir Senior-Sertifikaat, het heeltemal in diskrediet geraak as gevolg van die Matriek-manie. Dit het dus daarop uitgeloop dat enige leerling wat nie aanleg en belangstelling

1. Verslag van die Vrystaatse Onderwyskommissie in „Stemmingen en Verrichtingen en Aanhangsels van de Provinciale Raad, 1917, bl.. 5. Vgl. „Die Unie" Feb. 1922, toespraak van Ds. J. R. Albertyn oor „Die Primêre Skool."

2. Departement van Onderwys, Bepalingen en Leergangen 1909, bl. 8. Vgl ook Regulations Governing Primary Schools, 1923, bl. 6.

3. Mnr. F. S. Malan, Minister van Onderwys. Sien „Die Volkstem" 28 Nov., 1913, vgl. „Die Unie", Okt. .1916, bl. 546.

4. J. C. Pauw in Kwartaalblad vir Middelbare Skole 1924, bl. 8—9. Oor die hele vraagstuk van Middelbare onderwys veral in die Kaap Provincie, sien W. de Vos Malan: "Tendencies in Secondary Education."

5. Verslag Dept. van Onderwys, Tvl., 1922, bl. 60. (Rapport oor Sekondêre Onderwys).

besit het vir hierdie bepaalde aantal verpligte vakke, noodwendig vroeër of later voor die voltooiing van die kursus, geëlimineer geword is. En hoe enorm groot hierdie eliminasie was, blyk byvoorbeeld uit die volgende: „Vir elke honderd kinders wat skool toe kom elke jaar vind ons omtrent 107 in St. I. Hieruit bereik op een of ander tyd

| St. | II | III | IV | V | VI | VII | VIII | IX | X |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 100 | 99 | 85 | 64 | 49 | 32 | 15 | 12 | 11 |

waarvan skaars 7 op een of ander tyd deur die eksamen kom"[1].

Hierdie eliminasie is tewens 'n bewys daarvoor hoe swak die opvoedkundige voorligting was. Herhaaldelik is daarop gewys hoe onbevredigend die metode van seleksie was wat glad geen rekening gehou het met die kind se aanleg en talent[2]. Die middelbare skool, of liewers die Matriek-skool, het vir 'n groot deel veral op die platteland die enigste inrigting geword vir alle kinders wat middelbare onderwys wou ontvang. Ook om hierdie rede het sy invloed eerder toe dan afgeneem. Langsamerhand, egter, het die oortuiging al meer en meer begin posvat dat die hoërskool al minder en minder beantwoord het aan die psigiese vereistes van die kind, sowel as aan die toekomstige behoeftes van 'n groot seksie van leerlinge, dat daar dus nie genoeg gedifferensieer geword is nie, en is sterker as ooit gepleit geword vir hervorming[3]. „Ons wil vry wees," sê J. C. Pauw[4], „van al die hinderlike beperkings wat ons werk vandag so ver verwyder van die ryke lewe om ons heen. Daar rus op ons en op die hoër outoriteite, die verpligting om gasvry te wees teenoor voorstelle wat bereken is om die doeleindes van ons werk beter te bepaal en om groter verskeidenheid aan te bring in die leerstof van die middelbare skole." Verder word gepleit vir: „Die Opstelling van 'n Volksprogram vir ons middelbare skoolwese wat breed en gedifferensieer genoeg is om aan elke kind die ontwikkeling te besorg wat sal aanpas by sy natuurlike gawes en wat sal voldoen aan die beste eise wat die moderne Suidafrikaanse maatskappy kan stel aan die gewone, welopgevoede burger, wat sy of haar amp of vak of bedryf ook al mag wees"[5]. Om los te kom van die Matriek-oorheersing werd 'n breë kursus voorgestel om te voorsien in die behoeftes van die groot meerderheid van kinders wat nie van plan was om na die universiteit te gaan nie. Hoeveel van die middelbareskool-leerlinge by die universiteit aangeland het blyk uit

1. E. G. Malherbe in „Die Unie," Julie 1922: Ons Leerplan en die eliminasie van kinders uit ons skole; vgl. verslag Dept. van Onderwys, Tvl., 1924, bl. 16, ook Verslag van Dept. van Onderwys, Tvl., 1925, bl. 7 en 12; ook verslag Vrystaatse Ond. Kommissie, 1926, bl. 27.
2. Sien bv. „Die Volkstem," 20 Okt. 1923, en 8 Des., 1923.
3. Verslag van die Vrystaatse Ond. Kommissie, 1926, bl. 29—30.
4. Sien tydskrif vir Middelbare Onderwys, Junie 1928, bl. 23.
5. T.a.p., bl. 29.

'n paar klein ondersoekinge aangaande hul loopbane. Die Vrystaatse Onderwyskommissie[1] van 1926 het van die Matrikulasie-klas van 1924 579 opgespoor uit 897 en die verdeling was as volg:

| | |
|---|---|
| Boerdery | 84 |
| Ongeskoolde Werk | 17 |
| Besigheid | 104 |
| Beroepskole | 21 |
| Tuisgebly (dogters) | 68 |
| Sonder werk (seuns) | 13 |
| Normaalkollege | 123 |
| Staatsdiens | 42 |
| Universiteite | 107 |

'n Ondersoek in Transvaal ingestel het die volgende resultaat opgelewer[2]:

| | Seuns. | Dogters | Totaal. |
|---|---|---|---|
| Normaalkolleges | 77 | 100 | 177 |
| Universiteit | 163 | 67 | 230 |
| Universiteit en Normaalkolleges | 15 | 48 | 63 |
| Set hul studies voort: | | | |
| Musiek | — | 5 | 5 |
| Huishoudkunde | — | 4 | 4 |
| Tegniese Kolleges | 3 | 2 | 5 |
| Veeartse | 1 | — | 1 |
| Handelskole | — | 14 | 14 |
| Predikante | 3 | — | 3 |
| Gemengd | 4 | 1 | 5 |
| In die leer gedoen: | | | |
| Regte | 9 | 2 | 11 |
| Apteker | 10 | — | 10 |
| Boekhouerswerk | 18 | — | 18 |
| Tegniese Wetenskappe | 2 | — | 2 |
| Argitekte | 2 | — | 2 |
| Bestekopmakers | 1 | — | 1 |
| Landmeters | 1 | — | 1 |
| See | 1 | — | 1 |
| Bosbou | 1 | — | 1 |
| Staatsdiens (met inbegrip van polisie) | 19 | 3 | 22 |
| S.A. Spoorweë | 12 | — | 12 |

1: Sien hul rapport, bl. 28.
2. Verslag van die Tvl. Dept. van Onderwys, 1926, bl. 14.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Lugmag | 2 | — | 2 |
| Banke | 46 | — | 46 |
| Boer | 16 | — | 16 |
| Joernalistiek | 4 | — | 4 |
| Mynwese | 4 | — | 4 |
| Diamantdelwerye | 4 | — | 4 |
| Gee Onderwys | 3 | 5 | 8 |
| Besigheid en Handel | 38 | 7 | 45 |
| Verpleegster | — | 2 | 2 |
| Soek werk in Staatsdiens | 8 | 6 | 14 |
| Soek werk (algemeen) | 33 | 18 | 51 |
| By die huis (of gehuud) | 3 | 30 | 33 |
| Onbekend | 4 | 2 | 6 |
| Totaal | 507 | 316 | 823 |

Uit die Transvaalse gegewens glyk dat minder as 8% daar nie in geslaag het om werk te kry binne twee maande na die bekendmaking van die eksamenuitslae en dat meer as twee-derdes hul studies voortgeset het.

Behalwe die euwels van die Matriek-eksamen moet egter nie vergeet word nie dat om ekonomiese redes die beginsel van differensiasie geen uitvoering aan gegee kon word nie, vanweë die groot aantal middelbare skole wat in al die provinsies opgerig geword is. Uit die aard van die saak maak 'n ekstra vak dikwels noodsaaklik 'n ekstra onderwyser. 'n Liberale voorsiening van verskillende kursusse aan alle hoërskole sou dus die duurte van onderwys nog hoër opjaag.

Gebrek aan differensiasie tree veral sterk tevoorskyn in die geval van dogters, vir wie deur die hele middelbareskool-kursus baie gebrekkig voorsiening gemaak is omdat hy byna uitsluitlik ingerig werd op die beroepsbelange van seuns. Wel is daar poginge aangewend om kursusse op te stel, meer in ooreenstemming met hul aard en toekomstige beroepsbelange. So kon hulle byvoorbeeld in die Transvaal van 1909 af in plaas van Latyn 'n moderne taal neem, en in plaas van uitgebreide wiskunde sig beperk by rekenkunde, waardeur hulle in staat gestel werd om gesondheidsleer, naaldwerk, en tekene te neem[1].

'n Konferensie van onderwyseresse oor die sekondêre leerplan het bv. besluit[2]: (1) dat die nuwe sekondêre leerplan te veel bevat, en te veel werk vereis van meisies in die jare van groei en ontwikkeling; (2) dat, deur soveel onderwerpe in die laaste skooljare verpligtend te maak,

1. Verslag Dept. van Onderwys 1909, bl. 14.
2. „Die Unie," Julie 1920, bl. 9.

die gevolg sal hê dat heelwat meisies die skool eerder verlaat as anders die geval sou gewees het; (3) dat groter rekbaarheid wenslik is teneinde indiwiduele smaak en aanleg nie te verwaarloos nie; (4) dat onderwerpe van estetiese aard, soos musiek en kuns, en onderwerpe van praktiese waarde, soos huishoudkunde en hande-arbeid, in meisiesskole behoort aangemoedig te word, veral met die oog op die huis, en nie so seer in verband met eksamens nie".

Ontevredenheid oor die opleiding wat dogters op die platteland gekry het werd ook uitgespreek op die kongres van die vrouetak van die Transvaalse Landbou-Unie waar aangedring werd op landbouskole vir meisies wat nie Matriek maak nie, en op die plase sit en agteruit gaan terwyl orals meisies nodig was wat opleiding had in voedingsleer en vir werk by hospitale en koshuise[1].

Hierdie poginge tot hervorming werd, egter, steeds verydel deur die oorheersende invloed van die Matrikulasie-eksamen. Eers deur die jongste gewysigde leerkursus vir matrikulasie is 'n groter mate van differensiasie ingevoer vir dogters sowel as seuns[2].

---

## Paragraaf 9.—'n Lewensvreemde Doel bring teweeg Lewensvreemde of Meganiese Metodes.

Waar ons hele onderwys-sisteem dus in grote mate onverskillig gaan staan het teenoor die lewe self, vir 'n groot deel weinig lewewekkends bevat het, die opvoedingsdoel dus groteliks meganies nagestreef geword is, daar is dit maklik te begryp dat die onderwys-metodes sig daarby aangepas het. En op hul beurt het meganiese metodes die opvoeding as geheel meer en meer gemeganiseer, baie sterk dus daartoe bygedra om alle inisiatief, oorspronklikheid en indiwiduele aanleg in die kiem te smoor.

Op die meganiese metodes in swang is voortdurend gewys, veral deur die inspekteurs van skole: "The gravest charge," sê Mnr. Acheson[3], "that can be laid against our schools in Johannesburg and on the Rand is that the work is extremely mechanical. This is more particularly true in the lower standards. Too often the pupil works Arithmetic like a machine and repeats lessons like a parrot. He makes progress, it is true, but it is a blind, unthinking progress, which leaves

1. Sien „Die Volkstem" 25 Augustus, 1926; vgl. ook kwartaalblad vir Middelbare skole, Maart 1925, bl. 7, Des. 1928, bl. 18, en Junie 1929, bl. 35; die Verslag van die Vrystaatse Ond. Kommissie 1926, bl. 48—49.

2. Sien Departementele Omsendbrief Okt. 1930, bl. 5.

3. Inspekteur Acheson in Verslag van Dept. van Onderwys, Tvl., 1903, bl. 26; vgl. Inspekteur White in verslag van Dept. van Onderwys, 1904, bl. 38.

him without any power of initiative and without any ambition for experiment and research. . . . The youth . . . . have not been looking forward to any particular career and the parents in whom the commercial spirit is very strong have, I fear, not yet taken a sufficiently active interest in the education of their children to attempt to quicken their vision of the future." '

Hierdie meganisering van onderwys-metodes het verengend op die onderwysers se gees ingewerk; slaafse navolging[1], roetienewerk en onvryheid bevorder[2]. Die onderwyser werd die by uitstek aktiewe persoon, om wie die hele spil gedraai het, wat probeer het alles doen vir sy leerlinge, waardeur alle self-werksaamheid by hulle moes gedood word. 'n Oormaat van mondelinge lesse[3] deur die onderwyser, moes noodwendig daartoe lei dat die leerlinge nie alleen die kuns nie aangeleer het om selfstandig probleme aan te pak, maar die meegedeelde kennis werd voorgehou en meganies ingepomp sonder hul denke te prikkel. Deur sy baie gepraat het hy te selde opgetree as leier wat alleen dan help as die kind sig self nie kan help nie[4]. Die grootste deug by die kind het gevolglik geword stilsit, luister en insluk, sonder dat daar 'n werklike gees van samewerking[5] tussen hom en die onderwyser verkry werd, sonder dat hom die geleentheid gegee werd om probleme te diskusseer en moeilikhede self te formuleer en veral self op te los[6]. Hoe skerp die metodes veroordeel werd blyk uit die volgende[7]: „Op 't ogenblik is onze onderwys-metodes geestdodend en byna een schandaal." Hierdie ouderwetse en onpraktiese metodes het dan ook, behalwe al die ander euwele daaruit voortvloeiende, veel tydverkwisting veroorsaak. „Meganiese lese, meganies geleerde en gelewerde resitasies, formele skrywe en formele rekene—hoeveel onmisbare ure word daar nie hierop in die laerskole vermors nie[8]."

Vir 'n groot deel werd die gebrekkige en verouderde metodes in die lewe gehou deur die alomheersende klassikale stelsel, wat hoewel hy nie opsy kon gesit word nie, tog daartoe bygedra het om die kindersiel te verkrag[9]. Dit is dan ook seer opvallend dat waar daar melding gemaak word van verbeterde metodes, veral in die Juniorskole, hierdie verbetering byna sonder uitsondering toegeskryf word

1. Inspekteur Garnett in Verslag van Dept. van Ond., Tvl., 1908, bl. 31.
2. Inspekteur Thompson in verslag van Dept. van Ond. 1914, bl. 116.
3. Inspekteur Thompson in verslag van Dept. von Ond. 1907, bl. 53.
4. Inspekteur Moerdyk In verslag van Dept. van Onderwys, 1914, bl. 110.
   Vgl. Inspekteur F. P. Hoogenhout in verslag van Dept. van Ond., Tvl., 1912, bl. 215.
   Vgl. Inspekteur Stoffberg in verslag van Dept. van Ond., Tvl., 1912, bl. 214.
   Vgl. Inspekteur P. J. Hoogenhout „Die Kristelike Skoolblad," Junie, 1927, bl. 68.
5. Inspekteur Botha in verslag Dept. van Ond., Tvl., 1910, bl. 118.
6. Kaapse Onderwys-kommissie 1912, bl. 29 e.v.
7. Redaksie „Die Unie," Oktober 1914, bl. 83.
8. Inspekteur Mills in verslag Dept. van Ond., Tvl., 1924, bl. 76.
9. Inspekteurs Klooster en Stephen in verslag Dept. van Ond., Tvl., 1925, bl. 115.

aan die invoering van indiwiduele metodes; waar die met mate en wysheid toegepas werd[1]. Vir die invoering van hierdie en dergelike indiwiduele metodes het die Direkteur van Onderwys in die Transvaal reeds in 1921 gepleit[2].

Dieselfde verouderde en geestelose metodes is in die middelbare skole dikwels toegepas, miskien nog in erger graad[3].

Uit hierdie ongunstige kritiek moet egter nie gekonkludeer word dat daar **niks** goeds was in die metodes van onderwysers. Wel is daar ook nou en dan op die goeie gewys; maar, soos ook te verstaan is, werd die slegte en minder goeie meer beklemtoon[4].

---

## Paragraaf 10.—Beroepskeuse geniet weinig Aandag.

Nie alleen is die hierbo geskilderde gees in ons onderwys in stryd met die ware wese van die opvoeding nie, maar die besproke probleme het soseer die aandag in beslag geneem dat dit nie te verwondere is dat die probleem van beroepskeuse direk weinig ter sprake gekom het en dit byna ongemerk verbygegaan het—behalwe die laaste paar jaar—dat hierdie onderwerp reeds elders baie aandag van opvoedkundiges geniet. Daarby moet egter in die oog gehou word dat die hierbo beskrewe stroming ter verbetering van ons onderwys wel gegaan het in die rigting van 'n opvoeding tot die regte keuse van 'n beroep soos sal geblyk het uit Hoofstuk II en veral sal blyk uit Hoofstukke V en VI.

Wel is gedurende hierdie periode dit nog nie 'n duidelik vooropgestelde plig van die skool beskou geword om sig aktief te bemoei met die probleem van die kind se beroepskeuse[5], tog is nou en dan die aandag gevestig geword op wat die skool kan en behoort te doen.

In 1914 het die Augustus-nommer van die „Kristelike Skoolblad" die belangrikheid van hierdie vraagstuk bespreek, gewys op die pligte van die skool en verslag gedoen van 'n klein ondersoek ingestel na die keuse van 'n 55 seuns en dogters waaruit tewens blyk hoe noodsaaklik dit is om kinders hierby met raad te dien. In 1917[6] is die onderwysers se hulp vir die eerste keer ingeroep insake raadgewing by beroepskeuse, toe die Superintendent en Hoof-inspekteur van Blanke

1. Inspekteurs Robb, Mills en Kuschke in verslag Dept. van Ond., Tvl., 1927, bl. 95.
2. Sien Verslag Dept. van Ond. 1921, bl. 241; vgl. ook sy voorwoord tot die „Regulasies betreffende Primêre Skole," 1923, bl. 7.
3. Sien Vrystaatse Onderwyskommissie 1926, bl.. 26. Oor verskillende onderwerpe in hierdie hoofstuk bespreek, sien E. G. Malherbe: Education and the Poor White (brosjure).
4. Sien bv. Verslag Dept. van Ond. Tvl. 1913, bl. 116.
5. Dr. Cillie in „Die Unie," Maart 1917, bl. 707.
6. Sien Oktober uitgawe van „Die Kristelike Skoolblad."

Arbeid 'n sirkulêre[1] gestuur het aan die onderwysers en 'n beroep op hulle gedoen het om hom te help in sy strewe om kinders wat die skool verlaat 'n passende werkkring te verskaf. Kaarte moes ingevul word om die leerlinge se aanleg, ontwikkeling, gesondheidstoestand, ens. te wete te kom, om daardeur hulle behulpsaam te wees by hul beroepskeuse. Die volgende jaar het die Redakteur van die "Kristelike Skoolblad"[2] weer in twee artikels die onderwysers aangespoor om studie te maak van hul leerlinge se aanleg en gewys op hul plig „om uit te speuren waartoe onze kinderen by 't opgroeien een biezondere lust en geschiktheid openbaren en hen, zo 't mogelik is, daarin te sterken en aan te moedigen." Herhaaldelik is deur Inspekteur Stephen e.a. verwys na die kwessie van raad en hulp verskaf aan leerlinge by die keuse van 'n beroep „aangesien dit ongetwyfeld een van die dringendste probleme van die dag is," veral teneinde te voorkom dat soveel kinders te lande kom in „blinde-gang"—beroepe[3]. Prominent is die saak voor die aandag van die onderwysers gebring deur Dr. T. J. Hugo in sy lesing oor „Die Skool van die Toekoms uit 'n psigologiese standpunt beskou", by hul jaarkongres, toe hy o.a. op die gewigtigheid van die keuse van 'n beroep gewys het en kortliks wenke aan die hand gegee het hoe die onderwysers daarby behulpsaam kon wees[4]. Hoe sterk die gedagte van beroeps- en opvoedkundige voorligting begin word het blyk uit die volgende[5]:

„Ek wil hier beweer dat die middelbare skole die kinders vir die een of die ander beroep moet voorberei. Ons kan dit egter nie met vrug onderneem nie voordat ons nie die middels uitgevind het om met sekerheid van minstens 80% te kan bepaal waarvoor ons leerlinge in die wieg gelê is nie. Vakopleiding sonder dat die kinders behoorlik sorteer is volgens hulle aanleg en neiginge is 'n tas in die donker. Wat nodig is by ons onderwys vandag meer as enige ander ding is om vas te stel waarvoor die leerlinge geskiktheid besit en om die resultate van ons onderwys behoorlik te meet."

Van die onderwysers se kant is daar ook nou meer notisie geneem. So het bv. Mnr. U. J. Cronje gewys op die slegte gevolge van gebrek aan voorligting en die behoefte daaraan[4]. Op die kongres van gebrek aan voorligting en die behoefte daaraan[6]. Op die kongres van punt ingedien „om behulpsaam te wees met die organisasie van die

1. Hierdie sirkulêre is nie meer verkrybaar nie.
2. Sien Oktober en November uitgawes.
3. Sien sy rapporte in verslae van Dept. van Ond., Tvl., 1918, 1920, 1921, vgl. ook verslag van Inspekteur v.d. Lingen in verslag Dept. van Ond., Tvl., 1919, bl. 276.
4. „Die Kristelike Skoolblad," 1 Julie, 1923.
5. Dr. G. G. Cillie in 'n toespraak oor „Die Rekonstruksie van ons Leerplan." Sien „Die Unie" 1 Maart, 1926, bl. 244.
6. „Kwartaalblad vir Middelbare Skole," Des. 1923.

Jeugraad . . . . deur die hele provinsie,"[1] en verskeie kere daarna werd op kongresse van dieselfde vereniging die bereidwilligheid van die onderwysers verklaar om behulpsaam te wees by die verkryging van een of ander werk vir die leerlinge[2], asook versoek om die aanstelling van 'n volletydse amptenaar om deskundige voorligting te gee in verband met beroepskeuse[3]. Ook op die kongres van die Transvaalse Hoërskool-Onderwysersvereniging is die saak terloops bespreek geword deur die onderwysers[4]. Verder het die Onderwyskommissie van die Kaap in 1927 kortliks gewys daarop dat die skool die aanleg van die leerlinge kan bestudeer en beroepskennis kan versprei[5].

Van beiang is 'n resolusie deur 'n gesamentlike komitee van die S.A.T.A. en die S.A.O.U. in 1930[6]: "That the S.G.E. be asked to approach the Union Government with a view to the early establishment of a Union Department of Educational Psychology to compile and standardise Intelligence, Achievement, and Aptitude Tests for South African children, with a view to better classification in the schools, improvements in the syllabus and the introduction of some form of Educational and Vocational Guidance into the schools." Die offisiële plig wat die skole opgelê is ten opsigte van hierdie vraagstuk is die invul van die Jeugraadkaartjies[7]. Hoe onderwysers egter soms teenoor hierdie plig staan blyk uit die volgende[8]: "Correspondence has been taking place between the Transvaal Teachers' Association and the Transvaal Education Department in regard to the keeping of historical record cards. In reply to representations from the T.T.A. Mr. P. I. Hoogenhout wrote on behalf of the secretary of the Education Department, stating that the Department was not prepared to consider the question of withdrawing the circulars in question, or of discontinuing the record card system at the present time.

In reply the Education Committee of the T.T.A. submitted that no benefit had been shown to exist, that in point of fact the record card system had grown into clumsy and useless routine absorbing the energies of the teaching staff in the performance of much unprofitable labour, and lodged an emphatic protest against their retention."

Verder is in die Transvaalse Admissie-register 'n afdruk van hierdie kaart opgeneem en word die skole verwag om dit by te hou. Die volgende departementele omsendbrief toon ook aan dat offisiële

1. „Die Kristelike Skoolblad," Feb. 1927, bl. 55.
2. „Die Kristelike Skoolblad," Feb. 1928, bl. 41.
3. „Die Kristelike Skoolblad," Feb. 1929, bl. 33.
4. „Die Volkstem," 4 April, 1929.
5. Sien Verslag, bl. 46.
6. Sien „Die Skoolblad," Feb. 1931, bl. 47.
7. Sien Hoofstuk II
8. „The Star," 4 December, 1928.

aanmoediging gegee word en iets reeds gedoen word[1]: „Die Jeugraad en die Departement waardeur die poging van baie skoolhoofde om werk te vind vir leerlinge wat hulle skole verlaat het. Die Departement hoop dat skoolhoofde sal voortgaan om alle pogings in die werk te stel om leerlinge wat hul skole verlaat het te help 'n geskikte werkkring te kry."

Dit is egter duidelik dat al hierdie belangstelling nog maar aanvoor-werk is, dat dit nog geensins beteken werklik aan die kind raad gee by sy beroepskeuse en allermins beteken dit opvoed tot die regte beroepskeuse. Inderdaad is hierdie onderwerp nog deur geen Onderwys-Departement kragdadiglik en beslis voor die aandag van sy onderwys-personeel gebring en aangetoon hoe wenslik en noodsaaklik dit is dat die skool sig daarvoor beywer[2]. Om hierdie rede en weëns die gees wat nog oor die algemeen ons onderwys besiel, is dit maklik te verstaan dat ons onderwys nog baie koud staan teenoor die saak. Daar word dan ook nog geen doelbewuste en georganiseerde program van beroepsvoorligting deur die hele onderwys-stelsel gevolg nie, m.a.w. dit word nog nie as 'n uitdruklike en onbetwyfelbare plig van die skool beskou en aanvaar om sistematies die kind se beroepskeuse te behartig.

In die laaste paar jaar is van gesaghebbende kant gewys op die afwesigheid en noodsaaklikheid van beroepsvoorligting. In sy Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement vir 1930 sê die sekretaris (Dr. Gie)[3]: „Nader ondersoek sal die oortuiging wat by baie aanwesig is versterk, nl. dat ons gewone skoolonderwys nie doelbewus genoeg is nie. Die uiteindelike toets van laere en middelbare skoolwerk is die waarde daarvan in die lewe van die volwasse mens, en daar is onrusbarende aanduidings dat die belangrikheid van hierdie toets oor die algemeen nie voldoende erken en beklemtoon word nie.

Ek kan in die eerste plek die aandag bepaal by die byna algehele afwesigheid van beroepsleiding (voorligting) in ons gewone skole. Met fondse deur middel van die navorsingsraad en hierdie Departement beskikbaar gestel is, is verstands en beroepstoetse vir die Unie gestandardiseer, en ek wil in die verbygaan hier besondere melding maak van die uitstekende werk wat deur en onder die leiding van Prof. R. Wilcocks van die Uniwersiteit van Stellenbosch gedaan is. Hierdie toetse werd nog nie veelvuldig gebruik nie en word alleen aangewend wanneer seuns en dogters wat op die punt staan om die skool te verlaat, besig is om werk te soek. Gedurende hulle skoolkursus het hulle geen beroepsopleiding in sy juiste betekenis gehad nie. Hulle is in die reel nie aangemoedig om oor toekomstige loopbane, wat waarskynlik vir hulle besondere aanleg, neigings en omstandighede geskik sou wees, ernstig na te dink nie, en hulle is nie geleer om definitief en

1. Departementele Omsendbrief Aug. 1929, bl. 2.
2. Notule van Jeugraad-konferensie Sept. 1925, bl. 7.
3. Sien bl. 7.

stelselmatig hulle skoolwerk met sulke beroepsplanne te verenig nie. Die deurkom van standerds en eksamens het geword nie alleen 'n doel op sigself nie (dis onvermydelik en selfs noodsaaklik), maar een wat so groot opdoem, dat dit die gesig op ander belangrike en verwyderde mikpunte afsluit. Verstandige beroepsleiding in die hoër standerds kan baie stimulerend werk en kon voorkom dat leerlinge kursusse volg en sertifikate probeer behaal, wat vir hulle van weinig waarde in hulle lewe sal wees. Dit kon die inskrywings van sommige sogenaamde matrikulasieskole laat afneem en sodoende uitgawe verminder op 'n soort van onderwys waarvan, met die oog op ons nasionale draagkrag waarskynlik te veel in Suid-Afrika gedoen word, en dit kon besuiniging in 'n nog veel belangriker rigting nl. die gebruik van menslike kragte, bevorder. Dit kan daartoe strek om ons die versekering te gee, dat geen kinders met onderwerpe besig is, wat vir hulle van baie min waarde in hulle maatskaplike, kulturele en beroepslewe sal wees nie. Geldverspilling is sleg; 'n verspilling van menslike energie is erger."

Op 'n konferensie oor opvoedkundige sake het Dr. G. W. Eybers, Onder-sekretaris van Unie-onderwys, gesê[1]: "The absence of vocational guidance from the primary school was the worst misfortune that education had to face in South Africa."

Op die jaarlikse kongres van die Transvaalse Onderwysers-vereniging het die voorsitter, Mnr. J. H. Greybe, die kongres gevra[2] „om die volgende voorstel as urgent te verklaar en op sy agenda vir bespreking te plaas:

Hierdie kongres besef die verantwoordelikheid van elke burger, en daaronder ook die van onderwysers, in verband met bevordering van die ekonomiese welvaart van alle seksies van die samelewing; betuig verder sy begeerte om die volksklas van werkeloosheid te help bestry en besluit as volg:

a. dat 'n vriendelike versoek aan alle T.O.-lede gerig word om hulle te beywer vir beroepsvoorligting aan hulle leerlinge;

b. dat aan 'n kommissie opgedra word om

I. 'n skema van beroepsvoorligting op te stel;

II. die wenslikheid van versekering teen werkloosheid as 'n moontlike redmiddel te oorweeg en voor 31 Oktober e.v. rapport daaroor te lewer aan die Hoofbestuur, wat volmag ontvang om volgens goeddunke daarmee te handel."

In hierdie hoofstuk werd gewys op die faktore in die opvoeding wat beroepskeuse-voorligting belemmer; dit is soos die opvoeding nie moet wees nie as moet opgevoed word vir die regte beroepskeuse. In hoofstukke iv en veral v en vi word klem gelê op die eintlike taak van die opvoeding, d.w.s. die daadwerklike inwerking van die opvoeder op die opvoedeling om hom voor te berei, op te voed vir sy beroepskeuse.

1. Sien „The Star", 16 April, 1932.
2. Die „Kristelike Skoolblad," Mei, 1932, bl. 21..

HOOFSTUK IV.

# 'N ONDERSOEK NA DIE BEROEPSKEUSE VAN SKOOLKINDERS.

## Paragraaf I.1—Doel van die Ondersoek.

Die doel van die volgende ondersoek was om na te gaan:

1. Of leerlinge kort voor hul skoolverlating enige definitiewe beroepskeuse het.

2. Wat die algemene standaard is van die leerlinge se kennis aangaande hul gekose beroep.

3. Watter motiewe by hulle die sterkste aanwesig was by hul beroepskeuse.

4. Of die onderwysers geraadpleeg word deur die leerlinge self of hul ouers omtrent die beroepskeuse.

5. Of die onderwysers die leerlinge se keuse onderskryf.

6. Op watter gronde die onderwysers hul goed- of afkeuring heg aan hul leerlinge se beroepskeuse.

Uit die antwoorde op hierdie vrae sou dan tewens blyk of daar enige noodsaaklikheid bestaan vir beroepskeuse-voorligting en opvoeding vir die regte beroepskeuse in ons skole. Van die 40 hoërskole aan wie vrae gerig werd, het 23 daarop gereageer. Omdat gevrees werd dat al die onderwysers nie die tyd had om op die laaste drie vrae sorgvuldig te antwoord nie werd hulle weggelaat by die intermediêre en laerskole.

## Paragraaf I.2—Materiaal vir die Ondersoek.

Slegs skoolkinders wat aan die end van die jaar waarin die ondersoek ingestel werd, deur skoolverlating moontlik voor 'n beroepskeuse sou te staan gekom het, het deelgeneem aan die ondersoek wat daarom dan ook gedurende die laaste helfte van die jare 1929, 1930 en 1931 gehou werd. Die deelnemers aan die ondersoek was die Vorm V van die hoërskool, Standerds VII en VIII van die intermediêre skool, omdat volgens departementele rapporte 'n groot aantal leerlinge van beide standerds die skool verlaat netso gou hulle werk vind; van die laerskool die Standerd VI kinders.

Aan die skoolhoofde werd gevra: „Laat a.u.b. u Vorm V (St. VII en VIII; St. VI) leerlinge 'n opstel skryf oor: „My Toekomstige „Beroep" **binne skooltyd** omdat dit absoluut noodsaaklik is dat die leerlinge geen hulp of wenke **van wie ook al** sal ontvang by die skrywe van die opstel. Druk hulle a.u.b. net op die hart om so goed as moontlik hul gedagtes neer te skryf oor die onderwerp, en dat dit die **inhoud** is wat tel en nie die taal en styl nie." Standerd en naam van elke leerling moes gemeld word. Vir die hoërskole is nog bygevoeg: „Onder aan elke opstel of aangeheg daaraan, sal ek bly wees as u die volgende paar vrae self wil antwoord of laat beantwoord deur die lid van u staf wat u die beste bevoeg daarvoor ag.

Vrae oor elke Vorm V leerling.

1. Ouderdom van elke leerling.
2. Sal u die beroepskeuse onderskryf?
   a. Indien wel, waarom?
   b. Indien nie, waarom nie?
3. Het die leerling of sy ouers u geraadpleeg oor die keuse van sy beroep?"

Aan die leerlinge werd die volgende opdrag gegee om in die skool te doen: „Skryf 'n opstel oor: ‚My Toekomstige Beroep.' Vergeet nie om te sê watter beroep jy kies nie en die redes waarom jy dit kies. Vertel dan so naasteby alles wat jy weet en dink van jou toekomstige beroep."

Sulke vrye opstelle is natuurlik nie 'n volmaakte weergawe van die leerlinge se beroepskennis, beroepsgesindhede en beroepsneiginge nie. Die leerlinge kon sommige belangrike feite vergeet of verswyg het, miskien selfs opsetlik verdraai het, of hulle mag hulself nie daarvan bewus gewees het nie. Veral in die laerskool mag die kinders ook enigermate onbekwaam gewees het om behoorlik uitdrukking te gee aan hul gedagtes en gevoelens. Ook mag in sommige gevalle die tyd miskien te beperk gewees het, aangesien geen bepaalde tyd vir die skryf van die opstelle vasgestel werd nie, maar slegs die versoek aan die onderwysers om die kinders te laat klaar skryf. Die leerlinge is egter gewoon om opstelle te skryf en daarin hul beste te gee, sodat 'n mens oor die geheel tog 'n idee kry van wat hulle dink en voel oor die vraagstuk wat in die laaste jaar, of in sommige gevalle die laaste twee jaar van hul skoollewe, direk of indirek sig aan hulle moet opdring, nl. verdere studie of werk. Wil 'n mens 'n volledige en so na moontlik betroubare weergawe hê van die kind se idees oor sy beroep, dan is die skool in die gunstigste posisie geplaas om herhaaldelik skriftelike en mondelike getuienisse van die kind self in te win en die te toets aan wat hy instaat is om op ander maniere van die kind te wete te kom aangaande hierdie saak.

Die volgende skole en leerlinge het deelgeneem aan die ondersoek:

TABEL I.

1a.—Hoërskole—stedelik.

| Skool No. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Leerlinge | 18 | 19 | 28 | 14 | 23 | 20 | 60 | 25 | 18 | 43 |

b.—Hoërskole—Plattelandse Dorpe.

| Skool No. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Leerlinge | 7 | 20 | 13 | 29 | 26 | 12 | 24 | 29 | 25 | 13 | 13 | 38 | 15 |

2.—Intermediêreskool—almal Stedelik.

| Skool No. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| Leerlinge | 68 | 20 | 16 | 29 | 33 |

3a.—Laerskole—stedelik.

| Skool No. | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|
| Leerlinge | 17 | 16 | 37 |

b.—Laerskole—Plattelandse Dorpe.

| Skool No. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Leerlinge | 18 | 12 | 28 | 14 | 19 | 18 | 38 | 24 | 12 | 20 |

c.—Laerskole—Delwerye.

| Skool No. | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| Leerlinge | 25 | 31 | 30 | 15 |

TABEL II.

Verdeling van alle skole en leerlinge na omgewing.

| Skoolsoort. | Stad. | | Dorp | | Delwerye | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Skole. | Leerlinge. | Skole. | Leerlinge. | Skole. | Leerlinge. |
| Hoërskole | 10 | 268 | 13 | 264 | — | — |
| Intermediêre-skole | 5 | 166 | — | — | — | — |
| Laerskole | 3 | 70 | 10 | 203 | 4 | 101 |
| TOTAAL | 18 | 504 | 23 | 467 | 4 | 101 |

Volgens bostaande tabel blyk dit dat die hoërskool-leerlinge goed verdeel is tussen die stad, d.w.s. Randse een Pretoriase skole, en plattelandse dorpe. Plattelandse intermediêre skole waarvan daar 'n

baie klein aantal is[1] werd nie inbegrepe nie omdat volgens die doel van die skole daar glad nie of baie weinig differensiasie van beroepskeuse waarskynlik sal voorkom. Daar is in vergelyking met die hoër en laer skole baie weinig leerlinge in dorpsintermediêre skole; daar kon ongelukkig nie meer as 166 antwoorde ingekry word nie aangesien byna die helfte skole nie gereageer het op die versoek om hul leerlinge te laat opstelle skryf nie. Wat die laerskole betref werd geen suiwer plaas skole ingesluit nie; die delwerye vorm eintlik 'n groep op sigself. Ook hier het van 'n aantal skole geen antwoorde ingekom nie.

---

## Paragraaf I.3a—Analise van Data.

Keuse van Beroepe.

TABEL III.

Keuse van Leerlinge.

| Leerlinge. | Seker. | | Onseker. | | Geen. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Hoërskole | 502 | (94.4%) | 29 | (5.5%) | 1 | 532 |
| Interm. Skole | 162 | (97.6%) | 3 | (1.8%) | 1 | 166 |
| Laerskole | 361 | (96.5%) | 13 | (3.5%) | — | 374 |
| Totaal | 1,025 | (95.6%) | 45 | (4.2%) | 2 | 1,072 |

Uit bostaande blyk dat die grote meerderheid van leerlinge nl. 1025 of 95.6%, 'n beroepskeuse maak. Hierdie keuse word meestal met 'n beslistheid gemaak asof hulle jare daaroor nagedink het, „van ek my verstand het," of „van my kinderjare af"; daar skyn in baie gevalle geen die minste twyfel meer oor te bestaan nie. Sommige wik en weeg nog ernstig, beweer die vraag het hulle al baie „hoofbrekens," ja selfs „gryshare" veroorsaak; sedert hul „kinderjare" het sommige al oor die saak nagedink; andere het by die voleindiging van die laerskoolkursus voor die vraag te staan gekom, terwyl andere in hul matriek-jaar eers daar aandag aan begin skenk het en sommige ruiterlik sê hulle het hul nog glad nie daaroor moeg gemaak nie, maar nou dat hulle moet kies sal die of daardie beroep die voorkeur kry.

'n Betreklike klein aantal, 45 of 4.2%, is nog onseker omtrent wat hulle gaan word. Verskillende redes vir hierdie onsekerheid word opgegee bv.:

1. belangstelling in meer as een rigting;

1. Sien verslae van D.V.O.

2. die feit dat omstandighede nog moet beslis, bv. slaag in die eksamen;

3. of die nodige fondse vir verdere opleiding voorhandig sal wees;

4. of hulle die betrekking wel sal kan kry;

5. of hul ouers hul toestemming sal gee.

Slegs twee doen glad g'n keuse nie; die hoërskoolleerling hoop op 'n erfenis en gevolglik dat dit nie vir haar sal nodig wees om te werk nie; die intermediêre-skool-leerling laat eenvoudig die hele keuse agterweë, sonder om te sê of onsekerheid of wat dan ook die oorsaak is.

'n Klein aantal leerlinge, soos aangetoon in die volgende tabel, kies hul beroep tydelik d.w.s. as 'n tussenstap of voorbereiding tot iets anders. Hieronder val veral dogters wat verpleegster of huishoudkundige wil word opsetlik met die doel om hulle voor te berei vir hul huismoederlike pligte en werksaamhede. Van die 234 dogters[1] wat die onderwysprofessie gekies het, maak niemand daarvan melding dat ook hierdie beroep 'n uitstekende voorbereiding is vir die toekomstige huismoeder. Onder die seuns wil een eers bv. in die pos werk en dan boer word; een eers matroos en dan boer; een wil onderwyser word en dan advokaat, en een onderwyser en dan dokter. Dis by hulle veral geldelike moeilikhede wat oorsaak is van die tydelike keuse.

TABEL IV.

| Keuse. | Permanent. | Tydelik. |
|---|---|---|
| Hoërskool Leerlinge | 493 | 9 |
| Interm. Skool Leerlinge | 162 | — |
| Laerskool Leerlinge | 357 | 4 |
| Totaal | 1012 | 13 |

Tabelle Va, b en c toon die frekwensie en geslagsverskille by die beroepskeuse aan.

1. Sien tabelle Va, b en c.

## TABEL Va.

### Beroepskeuse van Hoërskoolleerlinge.

### Frekwensie en Geslagsverskille.

| Beroep. | | Dogters. | Seuns. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Onderwys | 184 | 46 | 230 |
| 2. | Boer | 3 | 32 | 35 |
| 3. | Dokter | 11 | 23 | 34 |
| 4. | Ingenieur | — | 33 | 33 |
| 5. | Siviele Diens | 17 | 12 | 29 |
| 6. | Apteker | 3 | 9 | 12 |
| 7. | Predikant | — | 11 | 11 |
| 8. | Landboukundige | — | 10 | 10 |
| 9. | Verpleging | 10 | — | 10 |
| 10. | Rekenmeester | — | 8 | 8 |
| 11. | Veearts | — | 8 | 8 |
| 12. | Klerk | 6 | 1 | 7 |
| 13. | Argitek | 3 | 3 | 6 |
| 14. | Advokaat | — | 5 | 5 |
| 15. | Joernalis | 1 | 4 | 5 |
| 16. | Landmeter | — | 5 | 5 |
| 17. | Prokureur | — | 5 | 5 |
| 18. | Sending | 4 | 1 | 5 |
| 19. | Vliegenier | — | 5 | 5 |
| 20. | Handel | 1 | 3 | 4 |
| 21. | Musiek | 4 | — | 4 |
| 22. | Boekhou en Tik | 2 | 1 | 3 |
| 23. | Botanis | 2 | — | 2 |
| 24. | Huishoudkundige | 2 | — | 2 |
| 25. | Metalurg | — | 2 | 2 |
| 26. | Poskantoorklerk | 2 | — | 2 |
| 27. | Spoorwegklerk | — | 2 | 2 |
| 28. | Aktrise | 1 | — | 1 |
| 29. | Bankklerk | — | 1 | 1 |
| 30. | Diamantkoper | — | 1 | 1 |
| 31. | Diamantslyper | — | 1 | 1 |
| 32. | Elokusie | 1 | — | 1 |
| 33. | Kontrakteur | — | 1 | 1 |
| 34. | Matroos | — | 1 | 1 |
| 35. | Modiste | 1 | — | 1 |
| 36. | Mynwerker | 1 | — | 1 |
| 37. | Oudheidkundige | 1 | — | 1 |
| 38. | Plantekenaar | — | 1 | 1 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 39. | Professor | — | 1 | 1 |
| 40. | Sanitêre Beampte | — | 1 | 1 |
| 41. | Sekretaris | 1 | — | 1 |
| 42. | Skilder | 1 | — | 1 |
| 43. | Skrynwerker | — | 1 | 1 |
| 44. | Skrywer | — | 1 | 1 |
| 45. | Tandarts | — | 1 | 1 |

TABEL Vb.

Beroepskeuse van Intermediêreskool-leerlinge.

Frekwensie en Geslagsverskille.

| | Beroep. | Dogters. | Seuns. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Boekhou en Tik | 18 | 3 | 21 |
| 2. | Verpleging | 19 | — | 19 |
| 3. | Onderwys | 14 | 2 | 16 |
| 4. | Elektrisiën | — | 10 | 10 |
| 5. | Enjin-drywer | — | 8 | 8 |
| 6. | Kleremakery | 8 | — | 8 |
| 7. | Skrynwerker | — | 7 | 7 |
| 8. | Winkelklerk | — | 6 | 6 |
| 9. | Monteur | — | 6 | 6 |
| 10. | Messelaar | — | 6 | 6 |
| 11. | Werktuigkundige | — | 5 | 5 |
| 12. | Boer | — | 4 | 4 |
| 13. | Huishoudkundige | 4 | — | 4 |
| 14. | Ketelmaker | — | 4 | 4 |
| 15 | Dokter | 1 | 2 | 3 |
| 16. | Matroos | — | 3 | 3 |
| 17. | Pos-beampte | — | 3 | 3 |
| 18. | Vliegenier | — | 3 | 3 |
| 19. | Klerk | 2 | — | 2 |
| 20. | Loodgieter | — | 2 | 2 |
| 21. | Meg. Ingenieur | — | 2 | 2 |
| 22. | Plantekenaar | — | 2 | 2 |
| 23. | Skrywer | — | 2 | 2 |
| 24. | Smid | — | 2 | 2 |
| 25. | Trem-kondukteur | — | 2 | 2 |
| 26. | Advokaat | — | 1 | 1 |
| 27. | Draadloos-operateur | — | 1 | 1 |
| 28. | Haarsnyer | 1 | — | 1 |
| 29. | Lettersetter | — | 1 | 1 |
| 30. | Magistraat | — | 1 | 1 |
| 31. | Poliesman | — | I | I |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 32. Predikant | — | 1 | 1 |
| 33. Prokureur | — | 1 | 1 |
| 34. Skeepskaptein | — | 1 | 1 |
| 35. Telefonis | 1 | — | 1 |
| 36. Vendu-afslaer | — | 1 | 1 |

TABEL V.c.

Beroepskeuse van Laerskool-leerlinge.

Frekwensie en Geslagsverskille.

| Beroep | Dogters. | Seuns. | Totaal. |
|---|---|---|---|
| 1. Onderwys | 36 | 10 | 46 |
| 2. Skrynwerker | — | 39 | 39 |
| 3. Kleremaker | 37 | 1 | 38 |
| 4. Verpleging | 37 | — | 37 |
| 5. Boer | 5 | 25 | 30 |
| 6. Boekhou en Tik | 23 | 3 | 26 |
| 7. Loko-drywer | — | 17 | 17 |
| 8. Werktuigkundige | — | 13 | 13 |
| 9. Winkelklerk | 8 | 2 | 10 |
| 10. Predikant | — | 9 | 9 |
| 11. Spoorwegklerk | — | 8 | 8 |
| 12. Ingenieur | — | 8 | 8 |
| 13. Dokter | 3 | 4 | 7 |
| 14. Pos-beampte | 4 | 3 | 7 |
| 15. Smid | — | 7 | 7 |
| 16. Polisie | — | 6 | 6 |
| 17. Messelaar | — | 5 | 5 |
| 18. Advokaat | — | 4 | 4 |
| 19. Musiek | 3 | 1 | 4 |
| 20. Elektrisiën | — | 4 | 4 |
| 21. Sending | 3 | 1 | 4 |
| 22. Ketelmaker | — | 3 | 3 |
| 23. Klerk | 2 | 1 | 3 |
| 24. Matroos | — | 3 | 3 |
| 25. Verwer | — | 3 | 3 |
| 26. Haarsnyer | 1 | 1 | 2 |
| 27. Kookkuns | 2 | — | 2 |
| 28. Loodgieter | — | 2 | 2 |
| 29. Aktrise | 1 | — | 1 |
| 30. Agent | — | 1 | 1 |
| 31. Bewaarder | — | 1 | 1 |
| 32. Bank | — | 1 | 1 |
| 33. "Cowboy" | — | 1 | 1 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 34. | Drukker | — | 1 | 1 |
| 35. | Monteur | — | 1 | 1 |
| 36. | Hoedemaakster | 1 | — | 1 |
| 37. | Mynkaptein | — | 1 | 1 |
| 38. | Ploegbaas | — | 1 | 1 |
| 39. | Rolprent-speler | — | 1 | 1 |
| 40. | Staalfabriek-werker | — | 1 | 1 |
| 41. | Tandarts | — | 1 | 1 |
| 42. | Vliegenier | — | 1 | 1 |

## TABEL VI.

Aantal gekose beroepe verdeel volgens geslag.

| Skool. | Dogters | Seuns. |
|---|---|---|
| Hoërskool | 20 | 34 |
| Interm. Skool | 10 | 29 |
| Laerskool | 14 | 39 |

## TABEL VII.

Geslagsverdeling van leerlinge wat beroepe gekies het in die verskillende skole.

| Leerlinge | Dogters. | Seuns. | Totaal. |
|---|---|---|---|
| Hoërskool | 261 | 241 | 502 |
| Interm. Skool | 75 | 87 | 162 |
| Laerskool | 165 | 196 | 361 |
| Totaal | 501 | 524 | 1025 |

## TABEL VIII.

Klassifisering van Beroepe met aantal leerlinge in elke groep.

| Beroepe. | Hoërskool. | Interm. Skool. | Laerskool. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|
| Professies | 454 | 56 | 161 | 671 |
| Klerikaal | 44 | 34 | 55 | 133 |
| Ambagte | 4 | 72 | 144 | 220 |
| Ongeskoold | — | — | 1 | 1 |
| Totaal | 502 | 162 | 361 | 1025 |

### Paragraaf I. 3b.—Standaard van Beroepskennis.

Daar word 'n treffende openhartigheid deur die leerlinge aan die dag gelê omtrent hul toekomstige planne, waaruit blyk dat daar nie alleen 'n wil, maar selfs 'n behoefte bestaan om sig vry uit te spreek oor hierdie lewensprobleem. Veral die hoërskoolleerlinge kan dan ook soms heel breedvoerig uitwei oor die verantwoordelikhede verbonde aan 'n beroep, is bereid om hierdie verantwoordelikhede te aanvaar en sien met verlange uit na die dag wanneer hulle behoorlik toegerus is vir hul lewenstaak waarvan die meeste sig 'n sterk idealistiese voorstelling maak oor die vooruitsigte, voorregte en genietinge wat hulle wag. Die intermediêre en laerskoolleerlinge is sig minder bewus van die erns en noodsaaklikheid, die moeilikheid en gewigtigheid van die vraagstuk van hul beroepskeuse. Onder die laerskoolleerlinge tref mens enkele gevalle aan wat sig sterk fantasie-gekleurde voorstellinge maak omtrent hul beroep, iets wat waarskynlik in verband staan met hul ouderdom.

Die leerlinge se beroepskennis werd beoordeel volgens die standaard: swak, middelmatig, goed.

Swak beteken (1) dat die leerling volstaan met 'n vermelding van sy keuse, en (2) foutiewe, elementêre en oppervlakkige kennis daaromtrent aan die dag lê. Solank hierdie groep die beroep kan kry—en daaroor skyn daar by hulle weinig twyfel te bestaan—sal alles reg kom. 'n Paar kurio's verdien hier vermelding. Een wil vier jaar vir smid leer by die nywerheidskool om dan matroos te word. 'n Ander wil na Kaapstad gaan „om daar te leer vir matroos tot ek 21 jaar is, dan gaan ek Pretoria toe om verder te leer vir bewaarder." 'n Derde se „grootste ideaal in die lewe is om in Goewermentdiens te probeer kom nl. die bank."

Middelmatig beteken (1) dat die leerling sy keuse meld; (2) dat hy in die algemeen bespreek die aard en omstandighede waaronder die werk verrig word; hy besit slegs die mees voor die hand liggende vooraf kennis omtrent die aard van die werk, die arbeidskondisies, die opleiding, indien nodig, algemene kennis wat hom aangewaai het uit die daaglikse praktyk van die lewe. Veel het hy nie daaroor probeer uitvind nie en diep het hy nie daaroor nagedink nie; (3) dat hy melding maak daarvan dat mens bekwaam moet wees vir jou werk, sonder om te ondersoek of hy bekwaam is vir sy werk, d.w.s. of hy enige besondere geestelike eienskappe besit wat nodig is vir die uitoefening van sy beroep[1].

1. Hierdie punt 3 werd nie as 'n sine qua non van „middelmatig" beskou nie.

Goed beteken (1) dat die leerling sy keuse meld; (2) dat hy in besonderhede bespreek die aard en omstandighede waaronder die werk verrig word, deeglik nagedink en informasie ingewin het oor die beroep, deur bv. navraag, lektuur, bespreking en selfs deur persoonlike ondervinding in gevalle waar die vader of 'n bloedverwant die beroep uitoefen; (3) dat hy die vereistes bespreek wat die gekose beroep aan 'n persoon stel en ondersoek of hy die vereiste bekwaamhede daarvoor besit. Byna sonder uitsondering besluit hierdie groep dat hulle geskik is vir hul beroep op grond van besondere bekwaamhede in een of ander skoolvak of groep van skoolvakke, bv. die toekomstige dokter vind dat hy sterk is in natuurwetenskappe; die argitek, landmeter of ingenieur in matesis; die onderwyser in een of meer geliefkoosde vakke. In enkele gevalle word ronduit gesê dat omstandighede hulle noodsaak om 'n ander rigting in te slaan as wat aangedui word deur hul aanleg, na hulle meen. Sommige sê selfs dat hulle geen aanleg vir die gekose beroep het nie; maar gebrek aan fondse om hul vermeende aanleg te ontwikkel stuur hulle in hierdie rigting. Deur enkeles word daaroor gekla dat die hoër skoolkursus nie van so'n aard was om hul aanleg te ontwikkel nie, bv. deur die liefhebbers van musiek en huishoudkunde.

Volgens bo-bepaalde kriteria was die verdeling as volg.

TABEL IX.

Standaard van Beroepskennis.

| Beroepskennis. | Totaal. | Goed. | Middelmatig. | Swak. |
|---|---|---|---|---|
| Hoërskool | 502 | 22 (4.4%) | 428 (85.2%) | 52 (10.3%). |
| Interm. Skool | 162 | 0 | 106 (65.4%) | 56 (34.5%). |
| Laerskool | 361 | 0 | 114 (31.5%) | 247 (68.4%). |
| Totaal | 1025 | 22 (2.1%) | 648 (63.2%) | 355 (34.6%). |

**I. 3c.—Motiewe vir Beroepskeuse.**

Verskillende motiewe word deur die leerlinge aangegee vir hul keuse. Weliswaar is by 'n klein aantal niks hoegenaamd van 'n motief te bespeur nie, deur 'n tamelike groot aantal word slegs enkelvoudige motiewe opgenoem, die meeste, egter, gee meervoudige redes vir hul keuse en sommige bespreek die breedvoerig.

TABEL X.

Frekwensie en Verskeidenheid van Motiewe.

| Motiewe: | Hoërskool | | Interm. Skool | | Laerskool | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal | Persentasie | Aantal | Persentasie | Aantal | Persentasie |
| Belangstelling | 70 | 13.9 | 47 | 22 | 99 | 27.4 |
| Vooruitsigte (algemeen) | 227 | 43.7 | 49 | 30.2 | 65 | 18 |
| Vooruitsigte (geldelik) | 262 | 52.2 | 130 | 80.2 | 291 | 80.6 |
| Etiese Oorwegings | 210 | 41.8 | 63 | 38.9 | 97 | 26.3 |
| Bekwaamheid | 282 | 56.2 | 3 | 1.9 | 12 | 3.3 |

N.B.—In die eerste kolom is die persentasie bereken uit 502, in die tweede kolom uit 162, en die derde uit 361.

Die allermeeste van diegene wat belangstelling as rede vir hul keuse noem is eenvoudig tevrede met te konstateer dat hulle belangstel in die beroep, lus daarvoor voel, voorliefde of begeerte daarvoor het; soms is die rede dat die beroep geleentheid bied om hulle verder te wy aan hul lieflingsvak. Dit is opvallend dat by die hoërskoolleerlinge hierdie motief die allermeeste voorkom en by die laerskoolleerlinge die minste, hoewel daar geen groot verskil is tussen die laaste en die van die intermediêre skool. Aan die bykomstige vooruitsigte, behalwe geldelike, wat die gekose beroepe bied, heg ook 'n ruim aantal in elke groep betekenis; ook hier kom 'n daling met die skole voor. Onder hierdie vooruitsigte word genoem: weinig of redelike werkure, goeie ure, baie vakansies, skoon, ligte, min of aangename werk, werk net in die dag of in gesonde ope lug, goeie oefening vir die liggaam, jy hoef nie so op tyd te wees nie, jy is jou eie baas, geleentheid om baie rond te reis, goeie vooruitgang maak en hoë poste beklee. Die voorstelling wat die leerlinge sig maak omtrent hul toekomstige beroepsvooruitsigte is soms sterk fantasie-gekleurd, selfs fantasties; dit is veral die geval met die laerskoolleerlinge wat dan ook ronduit praat van hul „lugkastele." As voorbeeld mag die volgende dien van 'n delwery-skoolleerling.

**My Toekomstige Beroep.**

As ek in (my) Std. VI. slaag is dit my mening om na Jacobsdalse ambagskool te gaan. Ek wil baie graag vir „Motor-Mechanic" leer as ek dit daar kan leer.

Ek kan nie op myself gaan nie, want my ouers is te agter, en kan my nie voorsien van klere, ens., nie. Dus sal ek appliseer vir 'n beurs.

Ek wil baie graag 'n „Mechanic" word omdat ek baie belangstel in masienerie, en kan ook dan op party groot dorpe waar baie garages is 'n betrekking kry. Word ek 'n eersteklas „machanic" kan ek oorsee bv. in Engeland 'n groot roem verwek en 'n baie groot salaris per maand trek.

As ek baie geld versamel het dan sit ek vir myself 'n garage op. As jy jou naam nie versleg nie, staan jy altyd in kans om by die een of ander plek 'n betrekking te kry.

Ek sal probeer om altyd 'n verbetering aan die motors te bring en dan die nuwe model motor baie duurder te verkoop.

Ek sal al ryker en ryker word en dus sal ek my broers ook instaat stel om verder en verder te studeer, en dan ook wanneer hulle oud is en nie meer kan werk nie, roem en eer van die wêreld kan wegdra."

Onder aan die opstel word 'n gedrog van 'n mannetjie met gevoue arms geteken wat staan en kyk na 'n primitiewe huisie (alles behalwe 'n kasteel!) met 'n potlood-gekrap onderkant die fondament, waarby geskryf staan „wolke." Onderaan die hele illustrasie staan: „Ons bou ons lugkastele."

Die bestaansmoontlikhede en vooruitsigte om goed geld te maak is vir 'n groot persentasie van veel betekenis, by die intermediêre en laerskool veel meer as by die hoër. Hierdie motief word soms baie sterk beklemtoon bv. "The salary is good, and as far as I am concerned, that is all that matters," of „My ideaal is om eendag soveel geld moontlik in die kortste moontlike tyd te verdien."

Aan die ander kant laat etiese en altruistiese oorwegings sig by 'n kleiner aantal geld, ook alweer in dalende sterkte. Hierdie oorweging kom veral voor by onderwysers, dokters, verpleegsters, predikante en boere. By sommige tree hierdie motief baie sterk op die voorgrond. Verskeie vorme neem hy aan: hulle wil werk, nie 'n straatloper of lui wees nie, self werk en nie werk aan kaffers oorlaat nie, werkloon regverdig ontvang, hul nasie, land, omgewing, medemens, armes, kinders, die beskawing dien en vooruithelp, heidene bekeer, gevalle mense besoek, troos en regte weg wys, moordenaars en skelms uitroei; hulle wil nuttige burgers van die land en lede van die maatskappy word deur sigself te verloën, andere se lye versag en 'n seën vir hulle wees; hulle wil goeie, eerlike en deeglike werk doen en hul nasie tot eer strek; hulle wil die lewe van andere veraangenaam, vreugde bring, reg en geregtigheid laat geskied. Sommige beperk hierdie weldadigheidsgevoel wel tot hul eie familie, veral hul ouers,

jonger broers en susters; die grote meerderheid, egter, koester hierdie gevoelens teenoor die mensdom as geheel. Dikwels word deur hierdie groep uitdruklik verklaar dat hulle glad nie, of in elk geval nie in eerste instansie nie, geld najaag. Slegs in een geval word daarop gewys dat die beroep dien om die persoon te ontwikkel, deur moed, krag, selfstandigheid en selfvertroue te bevorder. Hierdie persoon was 26 jaar oud.

Soos tabel X aantoon geld bekwaamheid vir die beroep slegs by 'n geringe aantal. By niemand gee dit die deurslag nie en by 'n groot aantal van diegene wat daar melding van maak, kan dit nouliks 'n motief genoem word.

Ander motiewe behalwe die bogemelde, kom slegs sporadies voor, soos byvoorbeeld die eer verbonde aan die beroep, die geleenthede om kennis te versamel, die awontuurlikheid daaraan verbonde.

### I. 3d.—Invloed van Onderwysers en Andere.

Heel opvallend is hoe selde melding daarvan gemaak word dat ander persone invloed op hulle uitgeoefen het. Volgens die hoërskoolleerlinge het die ouers slegs vier keer invloed gehad, 'n broer, 'n suster, 'n tante en 'n onderwyser elk een keer. Dis egter bes moontlik dat slegs die gevalle, waar sprake is van direkte invloed, genoem geword is en nie die waar invloed sig min of meer onbewus laat geld het. En hoewel by leerlinge van hierdie ouderdom en stadium van ontwikkeling 'n sekere mate van inisiatief by die keuse van hul beroep kan verwag word, is dit sterk te betwyfel of in werklikheid buitestaande persone op hulle so weinig invloed uitgeoefen het.. Weliswaar is die aantal wat hul onderwysers geraadpleeg het taamlik gering, 57 (10.7%), en word daar glad nie omskryf waarin die raadpleging presies bestaan het nie. Die moontlikheid bestaan egter, dat nog voor hul finale skoolverlating, en selfs daarna, wanneer die vraag nog aktueler vir hulle geword het en veral na die eksamen verby was, meer leerlinge sou gaan gebruik maak het van die onderwysers se advies. Ook moet die invloed van die ouers groter wees as daarop gelet word dat etlike leerlinge hul keuse doen, onderworpe aan die goedkeuring van hul ouers.

Slegs 90 leerlinge (amper 17.9%) se keuse word nie deur die onderwysers goedgekeur nie; sommige word definitief afgekeur; omtrent sommige is die onderwysers onseker, terwyl hulle oor andere verkies om neutraal te bly. Hierdie neutraliteit sal waarskynlik soms onsekerheid, soms afkeuring beteken. Een seer treffende geval het sig voorgedoen waar al die leerlinge die onderwysers geraadpleeg het, met die resultaat dat die leerlinge nêrens oor die geheel so goed ingelig

was omtrent hul gekose beroep. Meestal word goeie redes aangevoer waarom leerlinge se keuse goed of afgekeur word. Temperament, aanleg, intelligensie sowel as ander persoonlike eienskappe word deeglik in ag geneem. Hul aanmerkinge getuig dikwels van 'n intieme kennis van die leerlinge. Sommige onderwysers is oor elkeen van hul leerlinge se keuse besonder beslis; andere stem skoorvoetend saam deur te sê: „dit sal wel gaan," terwyl sommige die indruk wek dat hulle liewers nie die verantwoordelikheid van 'n mening op hulle wil neem nie. Dikwels word geen rede hoegenaamd gegee nie of is dit onmoontlik om uit te maak wat die oorsaak is vir die goed- of afkeuring. Veral waar die onderwysers verkies het om neutraal te bly werd selde enige rede daarvoor genoem. In die geval van 'n paar skole werd nog goed-, nog afgekeur. Ook deur die ander skole se leerlinge word spontaan so goed as geen melding gemaak van andere se invloed nie. Hoe vatbaar hulle egter wel kan wees vir invloede van buite, blyk veral in twee gevalle. In die een geval werd deur die klas onder leiding van die onderwyser gedurende hul St. VI jaar 'n besoek afgelê by 'n ambagskool; die gevolg was dat 'n hoë persentasie van daardie klas een of ander ambag waarvoor daardie skool opleiding verskaf, gekies het; in die ander geval werd by die skool die werksaamhede van die voortsettingsklasse, wat hoofsaaklik bestaan het uit boekhou en tikskrif sterk geadverteer. 'n Hoë persentasie van die klas wou boekhouers en tiksters word.

---

## Paragraaf 2.—Indiwiduele Ondersoek i.v.m. 'n Aantal Laerskoolleerlinge se Beroepskeuse.

Omdat uit die aard van die saak die ouers kan verwag word om 'n belangrike rol te speel by die bepaling van hul kinders se loopbaan by die tydstip wanneer hulle die laerskool verlaat en die praktyk in die Jeugraad-kantoor aangewys het dat dit dikwels weinig of niks baat om die kind met advies te dien as daar geen raadpleging met die ouers ook geskied het nie, is die volgende ondersoek ingestel na die beroepskeuse van 'n aantal van bogenoemde laerskoolleerlinge wat aan die end van 1929 Standerd VI gepasseer het en daarna die skool verlaat het. Die doel van hierdie ondersoek was om:

1. Die ouers se invloed en houding t.o.v. die kinders se keuse vas te stel.

2. Ouers en kinders se kennis aangaande gekose beroep enigermate te toets.

3. Konstantheid van die kinders se keuse vas te stel.

Elke kind werd by sy ouerhuis opgesoek en hy (sy) en die ouer werd ondervra oor sy keuse. Soms was 'n tweede en selfs 'n derde besoek nodig. Die oorspronklike aantal leerlinge in hierdie groep was 83, maar aangesien die ondersoek hoofsaaklik in die vakansie moes plaasvind, was dit nie moontlik om al die kinders op te spoor nie, omdat sommige na ander plekke verhuis het, sommige was weg met die vakansie, en andere was op plase woonagtig, sodat slegs van 45 die ondersoek kompleet kon gemaak word. Hierdie kinders het almal bogenoemde opstel oor hul beroepskeuse in skool geskryf; daarna werd hulle in skool toegespreek oor die belangrikheid van 'n sorgvuldige keuse, uitgenooi en aangemoedig om na die Jeugraad-kantoor te kom, waaraan egter geen 25% gevolg gegee het nie. Die onderwysers werd ook gevra om hul mening uit te spreek oor die kinders se aanleg, voorliefde vir een of ander vak, en oor hul algemene vordering en posisie in die klas. Dit werd gedaan om uit te vind of daar enige ooreenkoms bestaan tussen die kinders se beroepskeuse en hul sterk vakke. In die geval van verder gewenste studie werd gevra of die onderwyser dit sou aanbeveel.

Hierdie 83 leerlinge was die restant van twee Standerds VI waarvan die vorige jaar 'n aantal na die hoërskool is, na hulle die toelatings eksamen afgelê het. Oor die algemeen kan dus aangeneem word dat hierdie kinders die minder knappes van die vroeëre klasse was, met uitsondering van enkeles wat weëns behoeftigheid van die ouers belet geword is om 'n hoërskoolkursus te volg.

Algemene besprekings oor beroepskeuse werd deur sommige onderwysers gedurende die jaar gehou na aanleiding van die hoofstukkies in die serie leesboekies „Lees met Lus": „Wat gaan ek word?" Slegs een kind het die onderwyser geraadpleeg oor wat om te doen as die laerskool deurloop is.

Van die beroep wat die leerlinge hul voorgestel het om te kies, had hulle slegs die vaagste nosie en almal val onder die bogenoemde groep van swakkes. Meestal is hulle totaal afhanklik van die informasie meegedeel deur een of ander familie-lid; en daarby is die kennis nog dikwels heel toevallig verkry.

Een wil bv. in die poskantoor gaan werk. Met 'n jong seun reeds in die posdiens as briewe-besteller het hy gepraat oor die werk. Maar behalwe dat „jy jou daar kan opwerk," „jy 'n goeie salaris kry," en dit

„'n lekker werk is," kan hy daar verder niks oor meedeel nie. 'n Ander het 'n bekende af en toe in die garage aan die werk gesien en wil werktuigkundige word. Toe blyk daar is geen werk van die aard verkrybaar nie, wil hy op die spoorweg gaan werk sonder enige navraag na voorwaardes, bepaalde soort van werk en vooruitsigte om daar werk te kry. Die volgende geval gee 'n idee van die mentaliteit van ouer en kind: X het Standerd VI gemaak en is 16 jaar. Hy het twee ouer broers wat vir 2/6 elk op 'n dag werk, terwyl hulle by die ouerhuis slaap en eet. X kry 'n aanbod van 'n boer om sy hulp te word op die plaas teen £2 per maand plus vrye inwoning. Hy slaan die aanbod van die hand omdat hy en sy vader 3/6 per dag verlang plus vrye inwoning.

Hoe weinig hul keuse gegrond is en hoe weinig sprake daar is van 'n bepaalde voorliefde, om nie eers te praat van bewuste bekwaamheid, blyk veral hieruit dat van die 45 leerlinge wat 'n sekere beroep gekies het in hul opstelle, slegs ses aan dieselfde vasgehou het twee tot vyf weke later by die indiwiduele onderhoud tuis; waaruit 'n mens die gevolgtrekking moet maak dat in die opstel die grote meerderheid of eenvoudig iets genoem het omdat dit gevra geword is, of hulle had nog glad geen sekerheid bereik omtrent hul voornemens.

Selfs waar vir een of ander skoolvak groot belangstelling getoon werd en 'n redelike bekwaamheid voor aan die dag gelê werd volgens die onderwyser, werd nie eers in 'n ooreenstemmende rigting die beroep gekies nie. Tussen die beroepe by die twee okkasies gekies was daar soms nie die minste verband nie.

By die onderhoud was vir die grote meerderheid enige werk goed, solank dit geen verdere studie vereis het nie en daar vooruitsig was om die werk gou in die hande te kry. Verder geld veral by ouer en kind die moontlikheid om dadelik 'n paar pond per maand te verdien; die toekoms sou wel iets beters oplewer; die kind sou wel instaat wees om hom „op te werk." Meestal werd dan ook vooraf gereken dis maar 'n tydelike betrekking, 'n uitweg uit die dringendste moeilikheid.

Dit is begryplik dat by die meerderheid van hierdie kinders die ekonomiese faktor so'n oorwegende rol speel. Nie alleen is hulle nog veels te ongevormd dan dat by die meeste van hulle die meer ideële oorwegings sal begin tot hul reg kom, maar die drukkende lewensomstandighede waaronder hulle groot geword het, was van so'n akute aard dat die begeerte om hul eie geld te verdien feitlik alleen beslissend geword het. Verder is hulle natuurlik glad te jonk en totaal onbevoeg om in die toekoms in te kyk, en dadelike voordele op te offer vir toekomstige. Hierin kry hulle weinig of in die meeste gevalle glad geen

leiding van die ouers nie omdat hulle self onbekwaam is daartoe en omdat hulle self soms in die uiterste nood verkeer. Sommige van hierdie families werd selfs deur die liefdadigheidsverenigings ondersteun.

Slegs vier uit die vyf-en-veertig kinders had lus om verder te leer. Die andere verklaar ronduit, meestal met grote beslistheid dat hulle volkome moeg was vir die skool. In enkele gevalle werd die suggestie vir verdere studie, selfs met die ouer se ondersteuning, met besliste verset begroet, selfs met die dreigement om weg te loop. Van die vier met nog leerlus, of altans leergewilligheid, het een hom eenvoudig onderwerp aan die wil van die weduwee-moeder, sonder enige entoesiasme van sy kant. Die tweede was verstandelik taamlik volgens die oordeel van die onderwyser en was begerig om verder te leer, hetsy by 'n hoërskool of 'n beroepskool, solank dit maar kon geskied sonder enige betaling waartoe die moeder hoegenaamd nie instaat was nie. Die derde was die enigste wat haar geskeie moeder gesoebat het om verder te studeer, met geen resultaat egter, omdat die moeder eenvoudig nie kans gesien het nie om langer sonder haar dienste in huis klaar te kom. Die vierde werd aangeraai en aangemoedig deur die onderwyser om verder te studeer maar het in sulke uiters ellendige omstandighede verkeer dat selfs die onderwyser nie gereken het sy sou veel vordering maak indien sy nie uit haar huislike omgewing verwyder werd nie. Die vader wat verlam was en die moeder met vier kinders, waarvan die dogter die oudste was, het in 'n sink krot geleef; dit was onmoontlik om uit te vind waarvan.

Teenoor die onwil van die ander kinders om verder te leer staan die ouers magteloos. Sommige sal nog die betekenis van 'n verdere opleiding erken en bepleit, praat soms nogal wys en verstandig daaroor in teenwoordigheid van die kind, maar is blykbaar nie die minste instaat om die kind te beïnvloed in die rigting deur hulle voorgestaan, d.w.s. in die enkele gevalle waar hulle tengunste is van verdere studie. Die meerderheid ontken ewe beslis as die kinders dat daar enige waarde sit in 'n hoër opleiding. Watter meerder kennis nodig mag wees kan al werkende opgedoen word. As argument teen 'n verder opleiding by 'n beroepskool word meestal aangevoer dat die kursus te veel kos en te lank duur. In hul tyd het hulle 'n ambag in een jaar geleer; hoe is dit moontlik dat daar dan nou 3—5 jaar voor nodig kan wees? En dan is die kind tog nog nie seker van 'n "job" nie. Ook bestaan by etlike kinders en ouers die grootste onkunde omtrent die inrigtings waar beroepsopleiding verskaf word, selfs waar hierdie inrigtings in die dorp waar hulle woon te vinde is.

## Paragraaf 3.—Konklusies oor die hele Ondersoek.

In antwoord op die vraestellinge in die doel van hierdie ondersoek kan die volgende konklusies getrek word:

1. Uit tabel III blyk dat 95.6% leerlinge sig vir 'n bepaalde beroep uitgespreek het, waarvan volgens tabel IV 'n baie klein aantal tydelik gekies werd. Hieruit mag 'n mens egter nie konkludeer dat die groot aantal leerlinge vasbeslote is omtrent hul keuse of dat hulle hul bes sou doen om die gekose beroep te verkry nie. Dit geld veral vir die laerskoolleerlinge wat op grond van hul ouderdom seker nog nie tot finaliteit sal gekom het nie; hoewel die 45 leerlinge wat vir indiwiduele studie geneem is nie as maatstaf kan geld nie, veral omdat hulle in groot mate, soos reeds gemeld, 'n uitgesoekte groep van minder gelukkiges en bevoorregtes gevorm het, is dit tog enigsins 'n aanduiding van die gebrek aan konstantheid van 'n sekere klas van kind se beroepskeuse. Aangeneem kan ook word dat sommige 'n beroep genoem het omdat dit so pertinent gevra werd. Dit alles neem egter nie weg nie dat 'n groot aantal kinders in aldrie groepe seer beslis is omtrent hul keuse, en 'n sterke beroepsbewussyn by hulle ontwikkel het soos blyk uit die sterk noodsaaklikheid wat hulle voel om 'n beroep te kies. Onder sistematiese beroepsvoorligting kan seker verwag word dat daar minder twyfel sal bestaan aangaande hul keuse, veral as 'n mens let op die redes van hul onsekerheid. Opvallend is dat in vergelyking met die ander leerlinge daar 'n groter aantal hoërskool leerlinge is wat onseker is omtrent hul beroep. Hierdie groter onsekerheid—veral as gevind word dat dit algemeen voorkom onder ouer kinders—mag waarskynlik daaraan toegeskryf word dat hierdie leerlinge op grond van hul ontwikkelings-stadium ernstiger oor die saak nadink, meer bewus is van verskillende faktore wat by die beroepskeuse in aanmerking moet geneem word en dus meer aan twyfelinge onderhewig is, veral wanneer daar nog geen spesiale aandag aan die beroepskeuse-vraagstuk gegee is nie.

Van die hoërskool-leerlinge is daar slegs vier wat 'n beroep kies waarvoor die hoërskool geen voorbereiding verskaf nie, nl. 4 ambagte; op die intermediêre skool is daar egter nie minder as 56 uit 162 wat een of ander professie kies, beroepe waarvoor hierdie skool nie verwag word om die nodige vooropleiding te verskaf nie. Hierdie leerlinge kan dus beskou word as verdwaald te wees op 'n verkeerde skool indien hul keuse te regverdig is; en ook wanneer die keuse nie geregverdig kan word nie, dan behoort 'n tydelike beroepskeuse-voorligting dit vir hulle aan die verstand te gebring het teneinde hul studie meer doelbewus te maak. Van die laerskool-leerlinge kies byna die helfte—161 uit 361—die professies. Hoewel hierdie persentasie nie noodwendig verkeerd hoef. te wees nie, bestaan daar groot moontlikheid dat, met

die oog op die betreklike klein aantal laerskoolleerlinge wat die professies[1] bereik, hierdie aantal te groot is. Ook hier sal die regte voorligting 'n waarborg wees dat die kinders nie in 'n heeltemal verkeerde rigting gaan nie.

2. Volgens die bo-gestelde kriteria van beroepskennis is daar 'n baie klein aantal wat kan beskou word dat hulle goed[2] op hoogte is met hul gekose beroep. Hoewel die middelmatige groep tamelik hoog staan moet daarop gewys word dat 'n aantal alledaagse beroepe soos onderwys en boerdery wat 'n ruim aantal leerlinge getrek het in die algemeen maklik bekend is aan kinders. Inderdaad is daar seer weinig van die genoemde beroepe wat nie in die algemeen aan kinders van hierdie standerds behoort bekend te wees nie. Tog is daar weinig blyke daarvan dat die kinders enige besondere kennis daaromtrent besit wat alleen kon verkry word deur navraag, raadpleging of lektuur. Natuurlik hoef die groepe gekenmerk „middelmatig" en „swak" nie noodwendig middelmatig en swak te wees nie, aangesien die leerlinge om een of ander rede, soos in die begin van die hoofstuk gesê, mag nagelaat het om uitdrukking te gee aan al hul kennis. Sover as die opstelle egter kan dien as kriteria is daar ruim geleentheid vir die verbetering van leerlinge se beroepskennis. Wanneer 'n mens bedenk dat daar geen sistematiese beroepsvoorligting deur die skole gebied word nie, hoef hierdie omstandigheid geen verwondering te wek nie. 'n Mens kan eerder verwonderd wees dat 'n aantal uit eie inisiatief, of met behulp van hul onderwysers, goed op hoogte geraak het met hul voorgenome beroepe.

3. Ook wat die motiewe vir die beroepskeuse betref is dit duidelik dat voorligting wenslik en noodsaaklik is. 'n Vergelyking van die persentasies vir die genoemde faktore in die verskillende skole toon aan hoe die jonger kinders op 'n laer peil staan as die ouere. Hoërskoolleerlinge is sig meer bewus dan die andere van hul belangstelling in hul toekomstige beroep, sien meer algemene vooruitsigte wat gepaard gaan met die beroep, maar stel veel minder op die voorgrond die geldelike oorweging. By die jonger leerlinge is daar 'n baie enge assosiasie tussen "beroep" en "geld-verdien." Die ouer leerlinge is sig ook meer bewus van etiese beroepsfaktore. Opvallend veral is die klein aantal leerlinge wat sig bewus is van beroepsbekwaamheid, en dan ook alweer onder die ouer en verder ontwikkelde kinders meer as onder die andere. Oor die geheel is daar geen groot verskil tussen die intermediêreskool-leerlinge en die laerskoolleerlinge nie wat miskien daaruit moet verklaar word dat hul algemene intellektuele ontwikkeling nie veel verskil nie; hierdie omstandigheid hou dan verband met die feit dat aangesien oor die algemeen die knapste kinders

1. Vgl. Statistiek van E. G. Malherbe, Hf. 6.
2. Sien tabel IX.

na die hoërskole gaan, die intermediêreskool-leerlinge enigermate gesif was terwyl dit nie die geval was met al die laerskoolleerlinge wat aan die ondersoek deelgeneem het nie. Aangesien so veel kinders nie die Vorm V standerd bereik nie is dit duidelik dat hulle die nodige etiese vorming en beroepsvoorligting behoort te kry op 'n laer stadium voor hulle die skool verlaat.

Maar hoe noodsaaklik vorming en voorligting is selfs vir die hoërskool-leerling blyk uit 'n paar voorbeelde veral wat hul beroeps-etiese opvattinge betref: Een skryf: „Ek wil dus graag 'n dokter word omdat ek daarvan hou. 'n Mens werk nie veel nie, jy het baie tyd om te spaar, en jy lewe lekker. Die werk is ook van 'n aard wat altyd verandering sal bring en waarvan 'n mens nie sommer moeg sal word nie." Omtrent hierdie leerling merk die onderwyser op: „Ek meen dat hy selfs 'n groot toekoms voor hom het. Hy besit buitengewone werkkrag, vasberadenheid en konsentrasie-vermoë, sowel as 'n baie helder brein (1ste klas Vorm IV)". 'n Ander een skryf: „Onderwyseres, ag dit sal te lekker wees, dan kan ek mos maak soos ek wil. Dit is ook nie baie werk en dan het jy 'n hele middag vir jouself. Daar is so baie vakansies en wat wil jy meer hê?" Oor hierdie leerling is die onderwyser se mening: „Sag en soet geaardheid. Sal 'n eersteklas onderwyseressie uitmaak vir die kleintjies."

Van die oogpunt van opvoeding vir die regte beroepskeuse is dit seker noodsaaklik dat die skool aandag gee aan die motiewe waarmee kinders hul keuse doen, sowel as aan die kennis waarmee hul dit doen, om sodoende te kan seker maak hoe diep, permanent en psigologies gesond die motiewe is, en hoe eg en deeglik die kennis is.

Volgens die onderwysers se getuienis het slegs 10.7% van die hoërskoolleerlinge hulle geraadpleeg voor die tweede helfte van die laaste skooljaar. Niemand maak daar melding van dat hy die leerlinge vanself raad gegee het nie. As 'n mens die 29[1] onsekeres by die 90[2] voeg wie se keuse nie goedgekeur werd deur die onderwysers, dan blyk dit dat ongeveer 22.4% heelwat baat kon gevind het by raadgewing. Buitendien is goedkeuring van die leerling se beroepskeuse natuurlik geen waarborg van 'n korrekte keuse nie, selfs wanneer die gronde waarop die onderwysers hul goed- en afkeuring uitspreek gesond skyn te wees, omdat dit nog geen bewys is dat alle faktore in aanmerking geneem is nie.

Ook uit die voortgesette ondersoek na indiwiduele leerlinge se keuse blyk dat hierdie klas van kinders en ouers tamelik hulpeloos staan teenoor die hele probleem.

1. Sien tabel III.
2. Sien bl. 93.

Hoewel hierdie ondersoek betreklik klein is In omvang, meen die skrywer tog dat hy op grond van die bevindinge hier geregtig is om tot die gevolgtrekking te kom dat daar 'n dringende noodsaaklikheid bestaan vir 'n sistematiese en wetenskaplike beroepskeuse-voorligting en opvoeding tot die regte beroepskeuse in al hierdie skole.

---

## Paragraaf 4.—Beroepskeuse op die Beroepskool[1].

Reeds vroeg is op die beroepskool die noodsaaklikheid erken om die leerling instaat te stel om sy beroep te kies, toe namelik in 1915 in die Transvaal die kursus verleng is tot 3½ jaar sodat die kind gedurende die eerste ses maande die ambag kon vind waarvoor hy die geskikste was; met hierdie doel moes hy in verskillende werkwinkels agtereenvolgens 'n proeftyd deurmaak voor sy finale keuse. Hoe abnormaal die voorkeur vir 'n paar beroepe was vergeleke met die keuse van andere blyk uit die volgende[2].

Table XI:

Beroepskeuse van Leerlinge aan Beroepskole in 1915.

| | Johannesburg. | Pretoria. |
|---|---|---|
| Smede | 20 | 12 |
| Rytuigmakers | 21 | 4 |
| Elektrisiëns | 48 | 54 |
| Skrynwerkers | 15 | 43 |
| Werktuigkundiges | 77 | 55 |
| Loodgieters | 7 | 21 |

Hierdie keuse werd gedaan tenspyte van die feit dat daar in die ander beroepe net sulke goeie vooruitsigte was, en die keuse werd dan ook toegeskryf aan slegte voorligting[3]. Om hierdie rede werd deur die inspekteur van ambagskole aanbeveel dat informasie moes verskaf word aan die ouers sowel as die kinders aangaande die tyd nodig vir die studie, die sosiale omstandighede of status daaraan verbonde, die markwaarde wat dit die leerling sou gee as werker, ens. Die behoefte werd dus gevoel aan voorligting en advies van 'n spesialis, wat bekend was met die algemene bekwaamhede van die leerling, voor die keuse goedgekeur werd deur die ouers. "The first step will be taken on the advice of the child's teacher at the end of the ordinary primary school course[4].". In 1817 vind egter nog die volgende verdeling plaas[5].

1. Die eerste ambagskool is in die Transvaal gestig in 1912.
2. Verslag van die Tvl. Dept. van Onderwys 1915, bl. 89.
3. T.a.p., bl. 94
4. T.a.p., bl. 101
5. Verslag van die Tvl. Dept. van Onderwys 1917, bl. 62.

Tabel XII:

Beroepskeuse van Leerlinge aan Beroepskole in 1917.

| | Johannesburg. | Pretoria. |
|---|---|---|
| Smede | 16 | 5 |
| Rytuigmakers | 6 | ? |
| Elektrisiëns | 55 | 16 |
| Skrynwerkers | 10 | 3 |
| Werktuigkundiges | 78 | 32 |
| Loodgieters | 4 | 10 |

In 1918 was die applikasies om opgelei te word vir werktuigkundiges en elektrisiëns so groot dat hulle nie almal kon opgeneem word nie en aan die end van die jaar had die elektrisiëns baie moeite om almal geplaas te word[1]. 'n Jaar later werd weer aanbeveel deur die inspekteur van ambagskole dat 'n vlugskrif sou uitgegee word waarin die ouers met raad sou bedien word aangaande die behoeftes van elke ambag wat betref die aantal leerjongens, omdat dieselfde klag van vroeër, nl. dat sommige beroepe te groot voorkeur gegee werd, nog bestaan het[2].

In 1920 het die ambagskool-inspekteur sover gegaan om aan te beveel dat die eerste jaar moes bestee word aan algemene vakopleiding en die laaste twee jaar aan die opleiding vir 'n bepaalde ambag waarvoor die leerling die grootste geskiktheid getoon het[3]. Geleidelik het egter verandering ingetree soos blyk uit die volgende tabel[4].

Tabel XIII:

Beroepskeuse van Leerlinge aan Beroepskole in 1922.

| Ambagte | 1920 | | 1921 | | 1922 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| Elektrisiëns | 85 | 23 | 82 | 15 | 99 | 18 |
| Werktuigkundiges | 154 | 41 | 197 | 37 | 181 | 32 |
| Loodgieters | 26 | 7 | 49 | 9 | 55 | 10 |
| Smede en Ketelmakers | 57 | 15 | 98 | 18 | 94 | 17 |
| Drukkers en Lettersetters | — | — | — | — | 8 | 1 |
| Timmermans, ens. | 51 | 14 | 113 | 21 | 125 | 22 |

1. Verslag van die Tvl. Dept. van Onderwys 1918, bl. 31.
2. Verslag van die Tvl. Dept. van Onderwys, 1919, bl. 95.
3. Sien sy rapport in verslag v.d. Dept. v. Onderw. Tvl., 1922, bl. 6.
4. Verslag van die Dept. van Ond., Tvl. 1922, bl. 68.

Hoewel in 1923 nog die populêrste beroepe, is die sywers vir elektrisiën en werktuigkundige aan daal „omdat die aandag op die voordele van die ander ambagte gevestig geword is"[1]. Ook elders het die keuse van leerlinge by beroepskole wat te wense oorgelaat, bv. by die landbouskole te Weston en Dewetsdorp. „Er is een afwezigheid van behoorlike uitkiezing van leerlingen. Te Dewetsdorp waren er leerlingen die niet genoegzaam ryp in jaren waren, of die geen aanleg voor opleiding vertoond hadden. Te Weston werden jongens gevonden die daar geplaatst waren op grond van armoede alleen, met weinig of geen inachtname van hun aanleg voor het werk. Het onvermydelyk gevolg is gebrek aan belangstelling, slapheid, en gedurige kwelling onder ongevallig bedwang.

Er wordt niet genoegzaam zorg gedragen om achterlike en botte leerlingen van de normale te elimineren. Het gevolg is een algemene verlaging van standaards en de oplegging van een onbehoorlyke last op de onderrichters."[2].

Op die oomblik word, wat betref die keuse van 'n ambag aan 'n beroepskool, min of meer die volgende prosedure gevolg[3]: „Aan die begin van die jaar gaan 'n inspekteur gewoonlik rond by die skole en in oorleg met die kind, huisvader en prinsipaal besluit hulle vir watter ambag die kind sal ingaan. Die smaak en neiging van die kind word in ag geneem, hoewel baie prinsipale sê dat die kinders meestal nie weet waarvoor hulle lus het nie. Die populêrste keuse is die van die skrynwerker, kabinetmaker en enig ander werk wat met masjienerie te doen het. Aangesien daar beperkings is wat betref werkplek en personeel voorsiening, ens., word minder flinkes (op die oog beoordeel) hiervan afgeraai en in 'n ander bedryf geplaas. Die onpupulêrste beroep is die landbou.

In elke geval gaan die leerling deur 'n proeftyd van 6 maande. As hy nie deug nie word hy oorgeplaas na 'n ander beroep en daar 'n kans gegee. In die industrieskole word die kind verplaas selfs van een inrigting na 'n ander as die gewenste beroep nie daar binne die inrigting aangebied word nie. Op die beroepskole vind sulke oorplasing van een inrigting na 'n ander moeiliker plaas, daar die staat nie altyd bereid is om die reiskoste te betaal nie—waar die ouer weier om dit te betaal. Dus is nie-vermoënde kinders beperk in hul keuse tot die vakke wat die besondere inrigting aanbied."

1. Verslag van die Dept. van Ond., Tvl., 1923, bl.. 98.
2. Tweede Rapport van die Kom. op die Adm. van Ond., 1923, bl. 57.
3. Besonderhede verkry van Dr. E. G. Malherbe, Hoof, Nas. Onderwysburo, Pretoria.

Aangesien daar 'n klein aantal gestandardiseerde beroepstoetse bestaan[1], het die beroepskool die geleentheid om aansoekers vir daardie bepaalde beroepe wetenskaplik te keur. Totnogtoe is daar egter nog niks gedaan hoewel die Unie Departement van Onderwys 'n deskundige vanaf 1932 aangestel het om by die inrigtings rond te gaan en sover moontlik verstands- en beroepstoetse toe te pas[2].

Wat die ouderdom en skolastiese bekwaamheid as toelatingsvereiste betref, geld die volgende[3]: „In verband hiermee moet onderskei word tussen: (a) die industrieskole, wat onder die Kinderbeskermingswet geadministreer word, en waarin gekommiteerde kinders opgeneem word; (b) ambag-, landbou- en huishoudskole, waarin enige kind opgeneem word, ryk en arm, betalend en niebetalend, meestal egter niebetalend. In (a) word leerlinge opgeneem gewoonlik tussen 14—15 jaar sodat hulle na drie-jarige kursus nie ouer as 18 sal wees nie, daar hulle nie veronderstel word om na 18 nog in die skool te bly nie. Daar word soms egter uitsonderings gemaak in spesiale gevalle, hoewel 12 jaar vir toelating 'n minimum is. 'n Magistraat kan ook 'n kind kommitteer tot 16 jarige leeftyd. Met die uitsondering van Standerton, waar geen standerd as minimum-toelatingsvereiste is nie, moet kinders in die reël bokant Standerd III wees. In (b) word leerlinge opgeneem van 14 tot 18 jaar; 18 jaar is die maksimum omdat na drie jarige kursus hy 21 sal wees en dus nie meer 'n leerling nie. Hierdie klas skole mik almal op St. VI as minimumtoelatingsvereiste, hoewel baie met V inkom. Daar is 'n klein aantal vandag in die skole wat selfs op 'n laer skolastiese-vereiste toegelaat is. Aan die anderkant neem die aantal wat die St. VII en VIII sertifikaat ook besit toe. Vir die Handelvakskool is St. VIII die minimum."

Hieruit blyk dus dat nóg wat die ouderdom, nóg wat die skolastiese kwalifikasies betref, 'n algemene reël geld vir toelating tot die beroepskole. Aan plasing van hul leerlinge word steeds meer aandag gewy deur die beroepskole[4].

Onder 'n goed en kompleet georganiseerde sisteem van jeugrade behoort hierdie liggame egter beter instaat te wees om die plasing te doen aangesien hulle beter bekend kan wees met die moontlikhede in die verskillende arbeidsvelde.

1. Sien Hf. 1.
2. & 3. Informasie verstrek deur Dr. E. G. Malherbe.
4. Tweede Rapport van die Kommissie op die Administrasie van Onderwys, Tvl. 1923, bl. 13.

## HOOFSTUK V.

# Opvoedkundige Taak van die Skool ten Opsigte van Beroepskeuse.

### Paragraaf 1.—Doel en Strewe van die „Nuwe Opvoeding," 'n goeie Algemene Voorbereiding vir Beroepskeuse.

Hoe meer opvoedkundiges deurdronge geraak het van die noodsaaklikheid van beroepsvoorligting en sig daarvoor begin interesseer het, hoe meer het die oortuiging sig tewens begin vestig dat die skool nie alleen behulpsaam behoort te wees by sodanige voorligting nie, maar veral dat dit spesiaal die taak van die skool is om die leerlinge op te voed tot die regte beroepskeuse. Die skool kan egter alleen die kind opvoed tot die regte beroepskeuse wanneer die persoonlikheid van die kind in sy ganse totaliteit op die voorgrond geplaas word met die doel om al sy ontwikkelingsmoontlikhede te eksploreer en te bestudeer. Die waardevolle aanleg van die kind ontdek en ontwikkel, in ooreenstemming met sy hele persoonlikheid, tot heil van die indiwidu nie alleen nie, maar nog meer van die ganse gemeenskap, dit is die taak wat die hele opvoedingsisteem sig met alle krag op sal moet toelê. Geen eng indiwidualistiese, veel minder utilistiese strewe dus, maar 'n strewe deurdronge van die oortuiging dat daar geen tweespalt kan en mag bestaan tussen indiwidu en maatskappy; dat die een alleen tot sy volle reg kan kom deur die ander se belange met alle mag te bevorder.

Hierdie standpunt is terselfdertyd tenvolle in harmonie met die hele gees van die nuwere opvoeding, wat meer dan vroeër beklemtoon die komplete ontwikkeling en veredeling van die indiwidualiteit van die leerling tot 'n waardige en nuttige lid van die samelewing. Die logiese konsekwensie van hierdie stelling is dat die kind so moet opgevoed word dat hy sy aanleg en belangstelling volkome moet kan aanwend in diens van die gemeenskap in al sy ryke en veeleisende skakeringe. Invoering in die skool van pedagogiese beginsels van die nuwere opvoeding kan dus terselfdertyd teweegbring die noodsaaklike voorbereiding vir 'n egektiewe en sistematiese beroepsvoorligting. 'n Ontleding van die vernaamste moderne opvoedkundige strominge sal dan ook aantoon dat in hul wese hulle ten nouste in verband staan met die mees fundamentele beginsels waarvan die beroepsvoorligting moet uitgaan.

In die progressiewe pedagogiek van vandag word die indiwiduele kind in die middelpunt geplaas. In teëstelling met die ouere tipe van skool, wat dikwels gekarakteriseer word as die luister-stilsit-inpomp-skool, en meer die klas as geheel op die voorgrond gestel het, vereis die nuwe skool 'n groot mate van aktiwiteit van die leerling; slaafse reseptiwiteit word vervang deur spontaniëteit[1]. In plaas van dat die inisiatief van die onderwyser alleen uitgaan moet die onderwyser 'n ope oog hou vir die inisiatief van die kind wat ten volle moet aangemoedig word van die allervroegste dae af dat die kind in die skool kom[2]. Die skeppende vermoë en skeppingsdrang van elke leerling moet ontdek en ontwikkel word, aangesien hy meer en meer beskou word as 'n sentrum van „kreatiewe energie"[3]. Daarom is dit so noodsaaklik dat die belangstelling van die leerling sal erken word as van meer gewig dan die van die onderwyser, en as stukrag sal dien van sy bedrywighede[4]. Hiertoe is nodig dat en die onderwyser en die leerlinge, erfgename, ja draers word van die vryheid waaronder alleen beide se persoonlikheid tot sy volle reg kan kom.

Hierdie idees het bevrugtend gewerk op metodes, organisasie en leerstof. Die nuwere bewegings kom al meer en meer in verset teen meganiese metodes wat uiters nadelig inwerk op die vrye ontwikkeling, belangstelling en aanleg van die kind. Sy hele persoonlikheid kom hierdeur kwalik tot ontplooiing waardeur hy dus maklik in die rigting gestuur word van 'n beroep wat hoegenaamd nie in ooreenstemming is met sy originele natuur nie.

'n Gesonde, opvoedkundige metode, egter, wat 'n allernoodsaaklike vereiste is vir die vrymaking van al die sluimerende kragte in elke indiwidu, het daarom terselfdertyd onberekenbare waarde vir die wakker roep en ontwikkeling van die beroepsbekwaamhede.

By hierdie indiwiduele metodes hoort 'n organisasie waaronder hulle toegepas kan word, 'n organisasie wat in een of ander vorm al meer en meer die plek begin inneem van die tradisioneel klassikale stelsel wat algemeen geldend geword het in die skole. Met die tradisie[5]

1. Vir 'n algemene oorsig van verskillende moderne strominge in die onderwys sien:
A. Messer: Pädagogik der Gegenwart.
A. Herget: Die Wichtigsten Strömungen im Pädagogischen Leben der Gegenwart, I en II
Petersen: Neu-europaischen Erziehungsbewegung.
A. Ferreire: The Activity School.
John Adams: Modern Developments in Educational Practice en The New Teaching.
C. Washbyrne: New Schools in the Old World.
C. Washburne & Stearns: Better Schools.
Kohnstamm: De Nieuwe School; Bolt: Niewe Wegen in Onderwys en Opvoeding.
M. J. Deniaschkevick: The Activity School.

2. Vgl. bv. die Montessori-stelsel.

3. T. P. Nunn: Education, its Data and First Principles.

4. Vgl. Dewey: Schools of To-morrow
en Rugg and Schumaker: The Child-centred School.

5. Vir 'n historiese skets van die opkoms van klassikale en indiwiduele metodes sien: J. A. Valks: Klassikale en indiwiduele Volksonderwys.

van 'n eeu agter hom, tesame met die omstandigheid dat hy besonder ekonomies kan wees wat betref materiaal en leerkragte, is daar langsamerhand nie meer vrae gestel geword oor sy opvoedkundige doelmatigheid nie en is dit as vanselfsprekend aangeneem geword dat dit die enigste doeltreffende organisasie en metode is vir volksonderwys. Vandag staan die nuwere skole baie krities teenoor hierdie klassikale stelsels en word allerweë gesoek na 'n oordeelkundige kombinasie van klassikale en indiwiduele metodes, waarvan verskillende in die praktyk suksesvol geblyk het en 'n ruime mate van toepassing gevind het, bv. die Dalton-stelsel[1], die Projek-metode[2] en die indiwiduele metodes gevolg in die Winnetka Publieke skole[3].

Onder 'n organisasie soos die Dalton-stelsel bv. word 'n groot mate van verantwoordelikheid vir sy eie opvoeding op die leerling gewerp waardeur sy selfstandigheidsgevoel aangewakker en tot ontplooiing gebring word. Die kind word so gehelp dat hy homself kan help. Hy moet leer sy eie planne maak, sy weg self vind, sy werk self doen, sy pligte nakom. Deur voortdurend met die indiwiduele kind op die mees direkte manier in aanraking te kom is die onderwyser beter instaat gestel, feitlik gedwing om ag te slaan op sy besondere geaardheid, aanleg, belangstelling en intelligensie. Veral die voorlike en agterlike kind wat onder die klassikale stelsel noodwendig benadeel moes word kan nou meer tot sy reg kom. Die verskillende grade van werksnelheid in 'n klas hoef nie verontagsaam te word nie want die onderwyser gaan nie meer van die veronderstelling uit dat almal ewe vlug en gelyktydig moet bevorder word nie. Indiwiduele moeilikhede kan makliker uit die weg geruim word sonder tydverlies vir die hele klas en die hele atmosfeer in die kamer word meer die van egte natuurlike arbeid. Die gees van die laboratorium, van die werklike lewensarbeid word hier weerspieël. Swakkere kinders, wat anders nie bestand is teen die kompetisie van die gehele klas, se selfvertroue en gevoel van eie waarde word nie stelselmatig ondermyn nie sodat hulle ook later in hul beroeps-arbeid aan 'n inferioriteits-kompleks gaan ly nie. In plaas van om die hoofklem te laat val op leer, soos onder die klassikale stelsel meestal geskied, leer die kind nou hoe om te leer en vind hy uit wat die waarde is van sistematiese, selfstandige arbeid, met die vreugde daaraan verbonde. Daar word ook by hom 'n veel groter appresiasie gewek vir andere se arbeid en wat dit vir hom

1. Oor die Dalton-stelsel, sien veral:
H. Parkhurst—The Dalton-Plan.
A. J. Lynch. Individual Work and the Dalton Plan.
A. J. Lynch: The Rise and Progress of the Dalton Plan.
L. L. Wilson: Educating for Responsibility.
C. W. Kimmins & Belle Renie: Triumph of the Dalton Plan.
S. C. Bokhorst: Het Dalton Stelsel.
Kohnstamm, Bigot & Diels: De Toekomst van Ons Volksonderwys.
2. J. A. Stevenson: The Project Method.
3. C. Washburne: The Winnetka Public Schools.

beteken, m.a.w. hy word hom bewus van sy afhanklikheid van andere waar hy nie instaat is om sy eie moeilikhede op te los nie en hy voel hom dus gedwonge om bystand van ander in te roep, hetsy van onderwyser of medeskolier. Vorder hy nie snel in al die werk of dele daarvan nie, dan gaan hy langsaam in ooreenstemming met sy eie werktempo; onnodige repetisie deur swakkes sowel as sterkes lei nie tot die oortuiging wat demoraliserend op die karakter inwerk nl. dat tyd en arbeid verspil geword is.

Hoewel die indiwiduele stelsel vandag al meer en meer veld win, word ook die voordele van die klassikale stelsel nie oor die hoof gesien nie; en ook hierdie voordele is van betekenis vir die toekomstige beroepsarbeid van die leerling. In die eerste instansie werk die gesamentlike arbeid in die klaskamer inspirerend op die enkeling. Die een is vir die ander 'n steun; die invloed van suggestie, imitasie en emulasie laat sig op ongedwonge wyse geld. Gesonde en leersame gedagtewisseling binne die groep onder ekspert leiding, soos aangetref word byvoorbeeld in die Dalton-skole en die Arbeit-Schule, moet sterk vormende waarde besit vir die toekomstige mens en beroepsarbeider, aangesien hy daar leer ken die noodsaaklikheid en noodwendigheid van gee en neem, van ko-operasie. Groepleiers m.a.w. moontlike volksleiers kry hier ook 'n uitmuntende geleentheid om hulle self te openbaar en hul talente te ontwikkel. Aan die anderkant leer die onderwyser ook die stille, maar deeglike en getroue arbeiders ken; ook diegene egter wat geneigd is om die werk aan andere oor te laat.

'n Vergelyking tussen die arbeid in die klaskamer, of laboratorium soos deur die nuwe skole opgevat, en die arbeid in die werksplek, toon dus aan dat in hul wese die twee in die nouste verband met mekaar staan, en die eerste dus vanself 'n voorbereiding moet verskaf vir die tweede.

---

## Paragraaf 2.—Algemene Vereistes te stel aan die Leerplan.

### Inleiding.

Aangesien die leerplan van die skool 'n kort samevatting is van die geestelike voedsel wat die kind aangebied word, en dus 'n magtige faktor is waardeur die algemene mensevorming bewerkstellig kan word, kan hy ook van verreikende invloed wees by die opvoeding van die kind tot die regte beroepskeuse. Want die opvoeding vir mens en die opvoeding vir arbeider, is geensins te skei van mekaar nie[1]. Netsoos die arbeidermens een organiese, harmoniese eenheid vorm, net so moet die opvoeding wat hom daartoe bekwaam een organiese en harmoniese geheel wees.

1. G. Kerschensteiner: De Komende School, veral Hf. II.

Hiertoe is in die eerste instansie nodig dat ook in ons opvoedingssisteem, in teorie en praktyk, vergoed 'n einde sal gemaak word aan die vermeende verskil tussen 'n sogenaamde liberale opvoeding wat die leerling se gees moes vorm, veredel en verryk met die oog veral daarop dat hy leer hoe om sy vry tyd deur te bring, en 'n praktiese opvoeding wat die kind moes leer om sy daaglikse werk as nuttige burger en arbeider van die gemeenskap te doen. Die opvoedkundige idees van Kerschensteiner en Dewey oor hierdie saak het in teorie onder opvoedkundiges reeds geseëvier en word in die praktyk ook al stadigaan toegepas, hoewel hier by ons nog baie langsaam daarmee vordering gemaak word[1]. In ooreenstemming met hierdie moderne idees moet die skool sig definitief plaas op die standpunt van alle praktiese onderwys kultureel maak en alle kulturele onderwys prakties, d.w.s. deur 'n onderwys wat die nouste verband hou met die geestelike en liggaamlike arbeid van die mens moet terselfdertyd al die hoogste menslike eienskappe ontwikkel word, en deur die kultuur van die verlede, waarvan die skool die instandhouer, voortplanter en opbouer is, in die nouste kontak te bring met die daaglikse lewe en werksaamhede van ons teenswoordige beskawing.

Die grootste moeilikheid in die weg van hierdie ideaal is wat om uit die tradisionele leerplan weg te laat om plek te maak vir die ryke voorraad van nuwe leerstof ontleen aan ons hedendaagse kennis, ervaring en behoeftes. As gevolg van hierdie onsekerheid dreig voortdurend aan die een kant die gevaar om die leerplan te oorlaai met die oue plus die nuwe, en aan die anderkant die neiging om vas te hou aan die tradisionele, gesistematiseerde kennis. Aangesien daar nog geen aanneemlike wetenskaplike metode bestaan op grond waarvan die leerplan kan opgestel word nie[2], is daar geen ander uitweg, voorlopig altans, dan met inagneming van algemeen aanvaarde pedagogiese beginsels die skole soveel moontlik ruimte te laat om te eksperimenteer.

Waar die moderne opvoedkundige teorie sig dus plaas op die standpunt van die belange van die hele mens, of arbeider-mens, daar is dit slegs 'n klein stappie verder na die behartiging van die keuse van die mens se arbeid. Inderdaad word dan ook deur die voorstanders van beroepskeuse in die skool 'n belangrike plaasruimte in die leerplan afgestaan aan die bespreking van vraagstukke wat die leerlinge in kontak bring met die algemene beroepslewe, waardeur hy dus instaat gestel word om sy insigte te verruim en sy keuse te vergemaklik.

1. Sien bo Hoofstuk III.
2. Oor leerplan-konstruksie sien:
W. W. Charters: Curriculum Construction.
F. Bobbit: The Curriculum.
F. Bobbit: How to make a Curriculum.
B. H. Bode: Modern Educational Theories.

## I.—Breë Basis.

Moet die leerplan dus rekening hou met die kind se beroepskeuse, dan moet hy aan die volgende vereistes voldoen: In die laerskool moet hy gestel word op 'n breë basis. Dit was nog altyd die beskouing dat die doel van 'n breë leerplan op die laerskool veral was om alle burgers van die staat 'n elementêre kennis te verskaf van die kultuur wat vir alle burgers van belang is en daardeur terselfdertyd by hulle te ontwikkel die algemeen menslike. Dit is natuurlik heeltemal korrek sover as dit gaan. Daarby moet egter gevoeg word, dat veral van die oogpunt van beroepskeuse, dit ook die taak van 'n breë leerplan is om te dien as 'n breë eksplorasie-gebied waarop gesoek moet word na die kind se waarskynlike toekomstige lewensarbeid. Die verskillende skoolvakke behoort geensins slegs bestudeer te word as vakke, puur en simpel, maar as representante van lewensaktiwiteite, as sleutels tot die mens se arbeid. Elke skoolvak of kombinasie van skoolvakke, dien reeds in die laerskool in grote mate as die ontdekkingsveld vir sekere verwante beroepe of groepe van beroepe. So kan bv. 'n redelike mate van belangstelling en bekwaamheid in al die laerskoolvakke 'n gedeeltelike aanduiding wees van die toekomstige laerskool-onderwyser. Natuurlik is dit geen ontwyfelbare en allesbeslissende aanduiding nie omdat van die onderwyser-opvoeder in die algemeen en dus ook van die laerskool-onderwyser nog ander hoedanighede geverg word, volgens die bevindinge van ondersoekers op hierdie gebied.

So moet die opvoeder volgens Spranger[1], behoort tot die sosiale tipe van mens, waarby Kerschensteiner[2] en Stern [3] sig aansluit; terwyl Döring[4] tot die gevolgtrekking kom dat hoewel sy persoonlikheid sterk sosiaal moet gekleurd wees, hy tog in eerste instansie tot die estetiese tipe behoort. Mej. van Kuyk[5] aan die anderkant, wat van 'n analitiese oogpunt die studie van die wese van die opvoeder benader, kom weer tot die gevolgtrekking dat behalwe die baie wenslike eienskappe wat die opvoeder-onderwyser oor behoort te beskik, **absoluut-essensieël** is: dat hy moet kan duidelik praat; psigologiese insig moet besit; 'n objektiewe oordeel moet hê; instaat moet wees tot selfkritiek, selfbeheersing, selfopoffering, moet 'n kindervriend wees, regsgevoel, waarheidsliefde en 'n warme religieuse gevoel moet besit, werksaam moet wees, orde moet kan hou en pedagogiese talent moet besit. Selfs waar daar hier hoofsaaklik sprake is van oorspronklik aangebore eienskappe

1. E. Spranger: Lebensformen, bl. 193—212.
2. G. Kerschensteiner: Die Seele des Lehrers.
Vgl. Paed. Studiën 1ste jaargang, bl. 147.
3. E. Stern: Einleitung in die Pädagogik, bl. 205—221.
4. W. O. Döring: Untersuchungen zur Psychologie des Lehrers.
5. M. van Kuyk: De Psychologische Karakteristiek van den Onderwyzer.

is dit duidelik dat die opvoeding ook daartoe kan en moet bydra om hulle tot ontwikkeling te bring. Van die oogpunt van sy daaglikse werk, egter, wat nog byna sonder uitsondering daarin bestaan dat hy vir so goed as al die vakke in die laerskool verantwoordelik gestel word, is daar geen twyfel aan dat hy ook behoort te beskik oor die nodige belangstelling vir en bekwaamheid in die gewone laerskool-vakke. Dit is van belang om te let op die verband tussen bekwaamheid in die skoolvakke en die vereistes wat aan die toekomstige onderwyser gestel word omdat hierdie aspek van die saak deur bogenoemde ondersoekers nie ingesien word nie. Hierdie belangstelling en bekwaamheid wat in die laerskool-vakke aan die dag gelê word kan dus 'n vingerwysing wees na die toekomstige laerskool-onderwyser. Op dieselfde wyse kan besondere laerskool-vakke dien as 'n gedeeltelike ontdekkingsveld van die geskiktheid vir ander beroepe; bv. rekenkundige bekwaamheid vir die boekhouer; natuurstudie vir die natuurkundige; higiêne vir die dokter en verpleegster; hande-arbeid vir ambagsliede; sing vir die musikus, tekene vir tekenaars en skilders ens. Deur die verskillende skoolvakke van hierdie oogpunt ook te beskou en nie bloot van die oogpunt van vakke wat moet geleer word, in die beste gevalle as kultuurwaardes wat moet oorgedra word en liefde voor moet opgewek word, kan die studie en die onderwys daarvan nuwe waarde verkry vir opvoeder en leerling. Om hierdie rede is dit dan nadelig dat in die kleinere laerskole, soos, byvoorbeeld, in Transvaalse buiteskole[1], sommige gewone laerskool-vakke nie onderrig word nie.

## II.—Buigsaamheid.

As die skoolwerk dus moet dien as ontdekkingsgebied vir die verskillende beroepe dan moet die leerplan so buigsaam wees dat speelruimte kan gelaat word aan die groot verskeidenheid van belangstelling en aanleg van die leerlinge, seuns sowel as dogters. Universele belangstelling, veral onder moderne omstandighede, blyk al meer en meer die uitsondering eerder as die reel te wees. Vanweë die laerskool-

1. Sien bepalinge vir buiteskole van die Transvaalse Onderwys Departement.

kind se onrypheid, egter, sowel as met die oog op sy algemene mensevorming, kan hy nog nie toegelaat word om reeds in die laerskool te spesialiseer nie, d.w.s. hy kan nog nie toegelaat word om net sekere vakke te bestudeer nie en andere geheel en al uit te laat. Daar bestaan nog te veel onsekerheid omtrent sy toekomstige loopbaan. Deur almal moet dus 'n essensiële minimum van aandag aan al die vakke bestee word ten einde te ontdek in watter rigting die hoogste mate van waarskynlike sukses te wagte is. Maar terselfdertyd kan reeds nou-al geleentheid gegee word aan indiwiduele kinders om indien hul psigiese struktuur dit billik ekstra tyd te gee aan die vakke wat hulle 'n sterk voorliefde voor openbaar. Dit word byvoorbeeld gedaan deur sommige skole onder die Dalton-Plan. Wanneer die kind sy werk of maand-taak afgedaan het, mag hy ekstra take kry in die vakke waar hy die voorkeur aan gee. „De kracht van het individu schuilt juist in datgene wat hem van anderen onderscheidt"[1]. Gekonsentreerde arbeid aan selfgekose werk, met sy magtige vormende waarde, is 'n voorsmaak van die ideale beroepsarbeid waar bekwaamheid en voorliefde volkome harmonieër. Dis nie net onder die Dalton-stelsel wat hierdie differensiëring in die laerskool in toepassing kan gebring word nie, maar onder enige organisasie met die nodige soepelheid kan daar uitvoering aan gegee word. Hoofsaak is dat vir 'n sekere deel van die leertyd die kinders vryheid sal gelaat word om aan hul eie keuse bevrediging te gee, onder kontrole egter van die onderwyser. Sulke vrye arbeid hoef nie alleen onder skoolure plaas te vind nie, maar kan, soos onder die Projek-stelsel ook tuis verrig word. In die hoërskool tree differensiasie veel sterker op die voorgrond aangesien rekbaarheid van leerplan daar as een van die mees fundamentele beginsels geld. Rekening hou met die indiwiduele verskille van die leerlinge word daar dus eintlik 'n vanselfsprekendheid.

## III.—Kontak met Daaglikse Aktiwiteite en Lewensprobleme.

Dat alle onderwys en opvoeding moet aanknoop by die omgewing van die kind is een van die mees alomerkende pedagogiese beginsels. Dat in die nouste verband hiermee staan die daaglikse aktiwiteite en lewensprobleme is ook reeds algemeen aangenome; minder algemeen word ingesien dat hiermee die skool reeds aangeland is by die volksbedrywighede en beroepe. Tog begin die idee hier by ons ook al deur te dring dat die leerplan hierdie beginsel moet in ag neem. „Die skole in 'n groot hawestad of in 'n industriële area behoort 'n bietjie anders te lyk en kan met vrug enigsins ander werk doen as die skool in 'n groot mynsentrum of in 'n wyn- of woldistrik"[2]. Word die beroepe van elke lokaliteit dus weerspieël in die leerplan en word hierdie beginsel

1. J. H. Gunning: Verzamelde Opstellen, Bundel II, bl. 264. Die hele opstel is uit hierdie oogpunt besonder belangrik.

2. Verslag van die Adviserende Komitee insake Onderwys, Kaapprovinsie, 1927, bl. 48.

by die onderwys deeglik uitvoering aan gegee, dan moet die beroepe in die kinders se direkte omgewing 'n geweldige invloed uitoefen op hul keuse. Buitendien lê dit voor die hand dat die beroepe van sy familie, vriende en kennisse die groep vorm wat van vroeg af sy aandag en belangstelling trek en waaruit hy dus dikwels sy keuse doen. Ook sosiale en ekonomiese faktore moet noodwendig sig hier laat geld. Kinders van 'n sekere sosiale niveau kan verwag word om hul eerste keuse op die selfde sosiale niveau te doen. Die meeste boere is sonder twyfel die kinders van boere. Die kind van behoeftige ouers sal deur ekonomiese amstandighede gedwonge word om in sy eie omgewing 'n beroep te soek waardeur hy in staat gestel word om in sy eie lewensbestaan te help voorsien en in sommige gevalle selfs in die van sy familie. Losies buite die ouerhuis en 'n lae aanvangsalaris noodsaak hom daartoe. Slegs wanneer die omgewing geen lewensbestaan bied nie, hetsy uit ekonomiese oorwegings, hetsy omdat die menslike natuur daar geen bevrediging vind nie, word hy gedwonge om sig elders te begeef. As en wanneer hierdie tydstip aanbreek sal sy kennis en ervaring omtrent die lewensaktiwiteite van sy omgewing 'n uiters belangrike bydrae gelewer het tot sy opvoeding vir die regte beroepskeuse. Hierdie kontak met die beroepslewe sal egter sover nog in grote mate, tenspyte van die onderwys in die skool, insidenteel geskied het insoverre as die skoolwerk natuurlikerwyse kontak het en soek met die werklike lewe daarbuite, indien nie artifisieel deur die skool daarvan afgesonder nie. Terwille van die toekomstige beroepskeuse is dit daarom ook noodsaaklik dat die skool sal onderneem om doelbewustelik definitiewe beroepskennis te verskaf, nie net met die oog op professionele bekwaamheid nie, maar met die oog op 'n elementêre kennis van die vernaamste en mees in die ooglopende hoedanighede vereis vir 'n suksesvolle uitoefening van die beroep, die kondisies waaronder 'n bepaalde beroep moet waargeneem word asook sy moontlike vooruitsigte.

### IV—Hulpmiddels by Verkryging van Beroepskennis.

Deur beroepskennis aan te bring word belangstelling vir die beroepslewe in die algemeen en vir sommige bepaalde beroepe in die besonder opgewek. Vroeër of later moet die geestelike kragte en belangstelling aan 'n spesiale beroep gewy word waarvan dit nodig is dat die leerling vooraf reeds tenminste 'n elementêre, algemene kennis besit. Van die oogpunt van 'n verstandige beroepskeuse is dit onwenslik om die kind se beroepskennis oor te laat aan die toevallige geleentheid wat hulle buite die skool kry om 'n meestal oppervlakkige kennis te maak met een of enkele beroepe. Net so min as wat dit aan die kind self, en miskien die ouers mag oorgelaat word om sy kennis van een of ander skoolvak te versamel, netsomin mag die kind sonder spesiale voorligting toegelaat word aan homself om sy weg te vind deur die menigte van beroepe waarvoor hy in aanmerking mag kom.

'n Breë blik oor die beroepsmoontlikhede vermeerder nie alleen die kind se beroepsinformasie nie, maar stel hom instaat om deur die vergelyking van beroepskanse en beroepskwalifikasies tot 'n meer bevredigende en intelligente beroepskeuse te kom. By hierdie studie sal besonder nuttig wees 'n behoorlik opgeboude statistiek van die beroepe met die nodige skolastiese vereistes vir almal. Ouers, onderwysers en kinders behoort altyd te weet vir watter beroepe kinders in aanmerking kan kom wanneer hulle die eindstanderd, of selfs die ander standerds van die laer, intermediêre en middelbare skool deurloop het. Daarby behoort hulle ook te weet watter vooruitsigte die verskillende beroepe of groepe van beroepe bied waarvoor die verskillende tipes van skole direk of indirek opleiding verskaf.

### IV.a.—Vader se Beroep.

Dit lê voor die hand dat die vader se beroep oor die algemeen naaste aan die kind staan, uit sentimentele sowel as uit prakties-ekonomiese oorwegings. Weliswaar word baie beroepe ver van huis af uitgeoefen, sodat die kinders maar 'n baie vage idee kry van die aard van hul vader se arbeid; buitendien mag hulle heel weinig van die eintlike beroepspligte en werksaamhede verstaan. Dit neem egter nie weg nie dat die kind vroeg alreeds 'n begrip kan vorm van wat sy vader se beroep vir hom beteken, vir die familie, vir die maatskappy. Dit kan hom byvoorbeeld vroeg al aan die verstand gebring word dat persone deur hul beroepe mekaar dien en afhanklik is van mekaar. Daarby kom nog dat wanneer die skool hierdie onderwerp lewendig voor die kinders se aandag bring, dit kan deurwerk na die huis, sodat die vader nie alleen sy eie werk met sy kinders sal bespreek nie, maar hom instaat kan stel om daar meer intiem kennis mee te maak. Die hele vraagstuk van beroepskennis leen sig besonder goed vir voortdurende samewerking tussen huis en skool[1]. Onwetendheid en wanbegrippe kan deur onderlinge bespreking en kontak vir 'n baie groot deel uit die weg geruim word en dit kan 'n magtige rol speel in die taak om skool en huis nader aan mekaar te bring. Terselfdertyd kom die erns en moeilikheid van die probleem helder aan die lig· Bespreking met die klas van verskillende vaders se beroepe vermeerder die kinders se kennis, wek belangstelling en appresiasie vir andere se arbeid, vorm hulle persoonlik en sosiaal. Inderdaad bied hierdie gesamentlike studie deur 'n klas van hul vaders se beroepe 'n pragtige geleentheid om deur konkrete voorbeelde by die kinders tuis te bring allerlei waardevolle algemeen ware denkbeelde omtrent die beroepslewe[1].

### IV.b.—Skoolvakke en Beroepe.

Wanneer dit eers deeglik besef word deur die skool dat die skoolvakke in werklikheid vir 'n groot deel ontleen is aan die praktiese, beroeps- en kulturele lewe; dat hulle 'n sistematisering is, 'n logiese samevatting van die werklike lewenskennis buite die skool, dan mag die

1. Sien A. Macrae: Talents and Temperaments, bl. 106—113.

noodsaaklikheid ook deurdring om die aanraking tussen die vakke en die werklike lewe voortdurend in die oog te hou en tot stand te bring. Elke skoolvak is 'n kultuurproduk, wat daarom nie alleen die resultaat is nie maar ook die getuienis van ernstige arbeid, staan dus uit die aard van die saak in die nouste kontak met die volk se daaglikse arbeid, in die verlede en die hede. So vertel geskiedenis, wanneer bekyk uit die oogpunt nie slegs van kultuur nie maar ook van arbeid, van wat die volkere o.a. deur noeste vlyt en volharding vir die nageslagte tot stand gebring het; die blywende kulturele en materiële nalatenskap is almal monumente van die werk wat hulle verrig het. Aardrykskunde, veral wanneer van die humane sy beskou, staan voortdurend midde in die wêreld se werksaamhede, sy industrieë, sy handel. Hoe die mens met sy arbeid sy bestaan maak van die natuur is 'n saak wat sig steeds opdring aan onderwyser en kind. Dieselfde geld vir die daarmee nou verwante vak landbou, wat buitendien by uitstek ons volk se arbeid was en nog is[1]. So kan aangetoon word dat daar geen enkele skoolvak is wat nie direk in verband staan met een of meer beroepe nie; op kunsmatige wyse alleen word hulle daarvan afgesonder. Hierby sluit sig aan die Amerikaanse „General Workshop" waar eksplorasies gedoen word in die rigting van die praktiese en tegniese beroepe en wat as skoolvak 'n essensiële deel van die leerplan vorm.

## IV.c.—Beroepskennis as Vak.

Daar die skoolvakke dus so nou verband kan en moet hou met die beroepe en beroepsvraagstukke, ontstaan die vraag of die gewenste beroepskennis meegedeel moet word aan die hand van die skoolvakke, dan wel of beroepskennis so 'n belangrike en uitgebreide onderwerp is dat daar 'n aparte vak van kan gemaak word. Aangesien die gevaar bestaan, soos die ondervinding ook geleer het, dat hy as deel van die gewone skoolvakke afgeskeep kan word, is daar in Amerika[2] 'n sterk mening ten gunste van 'n aparte vak, terwyl in Duitsland[2] die sienswyse hieroor nog uiteenloop. Die sterkste mening daar is ten gunste van beroepskennis te verskaf aan die hand van die skoolvakke met die uitsondering dat in die laaste klas van die kind se skooljare 'n reeks van lesse gegee word oor bepaalde vrae in verband met beroepskennis en beroepskeuse. Hier by ons sal voorlopig altans van 'n aparte vak natuurlik nog geen

1. Sien die beroepssensus (1930) uitgegee deur die kantoor van sensus en statistiek.
2. Sien G. E. Myers: The Problem of Vocational Guidance.
3. J. v.d. Wyenbergh: Schule und Berufsberatung.

sprake kan wees nie aangesien daar nog te weinig stof oor versamel is. Eers wanneer daar soveel kennis vir en deur die skool beskikbaar gestel is dat dit 'n aparte vak wettig, kan daar van so-iets sprake wees. Selfs wanneer dit mag gebeur sal nog altyd deur die skoolvakke die kontak met die lewende werklikheid, met die praktiese beroepslewe vasgestel moet word.

## IV.d.—Besoeke.

Wil die skool steeds hierdie lewendige kontak behou met die daaglikse lewens- en beroepsaktiwiteite dan kan besoeke met die leerlinge aan arbeidsplekke 'n baie nuttige rol speel. Direkte aanskouing van soveel van die mens se werk as moontlik, maar veral van 'n aantal van die gewoonste beroepe in die omgewing, kan met die regte opvoedkundige gebruik daarvan dien as 'n magtige prikkel tot self-aktiwiteit, tot verruiming van die kinders se algemene en beroepskennis en hul waarderingsvermoë van die mens se arbeid. As hierdie besoeke sistematies plaasvind, met 'n vooropgesette doel, dan kan hulle nie alleen die kinders se beroepskennis vermeerder nie maar hul latere beroepskeuse bevorder en vergemaklik. Nie alleen vir die leerlinge maar ook vir die onderwysers kan hierdie besoeke ontsaglike waarde hê om steeds die lewende kontak te behou met en 'n gesonde gesindheid te bewaar teenoor die daaglikse lewensprobleme, beroepsaktiwiteite en beroepsvereistes. Op die wyse kan die skool effektief die neiging bestry om sig steeds te vervreemd van die werklike lewe buite die skool.

## IV.e.—Literatuur.

As die onderwysers en die kinders na hul besoeke hul bevindinge saaklik en skriftelik saamvat, kan sodoende 'n waardevolle literatuur opgebou word oor die beroepe in ons land, hoewel hierdie literatuur geensins mag afbreuk doen aan die noodsaaklikheid om deur middel van die genoemde besoeke die direkte kontak met die lewende beroepswerklikheid te bewaar. Behalwe hierdie self-opgeboude literatuur kan die onderwyser natuurlik ook ander literatuur, binnelands, sowel as buitelands, versamel oor die beroepe, die arbeid en die hele vraagstuk van beroepskeuse. Van ons eie het ons nog seer weinig van hierdie leesstof wat direk op die genoemde onderwerpe ingaan. Daar is egter reeds 'n klein begin gemaak. So is deur die Arbeids Departement 'n reeks pamflette oor sekere loopbane gepubliseer. In die St. VI. boekie van die „Lees met Lus" serie is daar hoofstukkies oor die vraag: „Wat gaan ek word?" Verder is daar verskyn ook van die Arbeidsdepartement: „Handboek van Loopbane vir Afrikaanse Seuns en Dogters"

(1931). In die Transvaalse Departementale Omsendbriewe van Aug. 1932 tot Feb. 1933 word loopbaankennisgewinge gepubliseer vir X-straal-werkers, joernaliste, fotograwe en bibliotekarisse. Algemene infomasie word kortliks verskaf oor onderwerpe soos die inhoud, duur en koste van die kursus, opvoedkundige vereistes, omstandighede waaronder die werk verrig word, aard van die werk en die vooruitsigte wat die soort werk bied. Origens is ons aangewese op artikels wat van tyd tot tyd in die koerante verskyn. In die buiteland, veral in Amerika en Duitsland, bestaan daar al heelwat van hierdie soort literatuur[1]. Biografieë en sketse uit die volkslewe, bv. „Op Veld en Rande" van J. v. Bruggen kan ook uit hierdie oogpunt met vrug gelees word veral deur die meer gevorderde leerlinge.

### IV.f—Lesings deur Beroepsmanne.

Voordragte oor hul eie beroepe deur persone wat 'n sukses daar van gemaak het, kan ook 'n nuttige rol vervul om kinders se beroepskennis uit te brei en hul belangstelling in die rigting op te wek. Hiervan kan nie alleen gebruik gemaak word gedurende skoolure, maar veral op oueraande of konferensies waar beide ouers en werkgewers aanwesig is. Hierdie persoonlike manier van beroepsinformasie te versprei, kan seker een van die effektiefste wees indien die regte persone daarvoor gevind word en die nodige samewerking verkry word.

### IV.g.—Die Draadloos, Bioskoop en Grammofoon.

In hierdie verband word ook al gebruik gemaak van die draadloos en onteenseglik bestaan hier aanloklike moontlikhede. 'n Ander voor die hand liggende middel om beroepskennis mee te versprei is die rolprent wat in die buiteland gebruik word en waarmee hier by ons reeds ook 'n klein begin gemaak is[2]. As propaganda-middel om die breë publiek te bereik besit die bioskoop voortreflike moontlikhede. Ook grammofoonplate word al vervaardig met die doel om beroepsinformasie te versprei.

### IV.h.—Besprekings.

Al die bogenoemde maniere om beroepskundige informasie te bemeester leen sig besonder goed vir voortdurende bespreking in die skool van allerlei beroepsvraagstukke, soos beroepskeuse, beroepsvoorligting, beroepsbekwaamheid, werkverskaffing, metodes van werk

1. F. J. Allen: Practice in Vocational Guidance.
F. M. Giles & I. K. Gibbs: Vocational Civics.
Gowin & Wheatley: Occupations (Revised by John Brewer).
H. D. Kitson: How to find the Right Vocation.
Moore & Edwards: Vocational-Cultural Reader.
Uitgegee deur R. Liebenberg: Serie brosjures oor „Die Praxis der Berufsberatung."
G. H. Clements: Choosing your Career; artikel in "The Daily Mail," Aug. 22, 1932.
2. Maandblad vir Sosiale en Bedryfsaangeleenthede, Maart 1929, bl. 192.

soek, werkeloosheid, arbeidsmoontlikhede, die arm-blanke-vraagstuk[1], verskillende soorte en standaarde van arbeid, bv. blanke, asiate, gekleurde en naturelle arbeid; geskoolde en ongeskoolde arbeid, arbeidskondisies en vooruitsigte; die arbeidsmark[2], ens.

Die doel van hierdie hulpmiddels by die verkryging van beroepskennis is dus om 'n algemene oriëntering te verskaf in die beroepe; sonder so'n inleidende studie kan daar moeilik sprake wees van 'n rasionele beroepskeuse-voorligting wat nie alleen kennis moet dra van die beroepssoeker nie maar ook van die beroepslewe. Daar is 'n dringende behoefte om die arbeid, in die middelpunt van ons ganse onderwysstelsel te plaas. Eers wanneer die gees van die arbeid as 'n suurdesem die ganse opvoeding deurtrek, eers dan kan in die volste sin van die woord op-gevoed word vir die regte beroepskeuse.

---

## Paragraaf 3.—Beroepsetiese Onderwys.

In innig noue verband met beroepskundige onderwys staan beroepsetiese onderwys; inderdaad is dit uiters moeilik om 'n skeidingslyn te trek tussen die twee aangesien doeltreffende beroepskundige onderwys noodwendig moet oorgaan tot 'n etiese waardering en opvatting van die arbeid. Neem die onderwys kennis van die diepere sin, betekenis en waarde van beroepsarbeid en die suksesvolle uitoefening daarvan, dan tree tegelykertyd die etiese betekenis aan die lig. 'n Studie van die omstandighede waaronder 'n beroep moet uitgeoefen word en veral die vernaamste vereistes waaraan voldoen moet word, vestig noodsaaklikerwyse die aandag ook op die etiese vereistes wat aan die beroepsarbeid gestel word. Met beroepsbekwaamheid moet ook beroepsverantwoordelikheid gepaard gaan. „Was unsere Seele dem Beruf geben soll, und wiederum, was der Beruf unserer Seele zu geben hat, das ist das Problem, um das es sich in der Berufsethik handelt"[3].

In die daaglikse praktyk van die lewe word dit as vanselfsprekend aangeneem dat etiese hoedanighede 'n uiters belangrike rol speel in die waarneming van beroepspligte. Hoe nederig of onbeduidend die werk ook al mag wees, getrouheid, deeglikheid, verantwoordelikheid, m.a.w. allerlei sedelike eise word van die arbeider geverg. In sy beroep kry die mens voortdurend geleentheid om prakties alle sedelike deugde te betrag. Wil die opvoeding dus die mens in alle opsigte beroeps-

1. Vir arbeidsprobleme, sowel as baie ander aspekte van hierdie vraagstuk, sien Die Armblanke-Vraagstuk in S.A. (Verslag van Carnegie-Kommissie).

2. Sien J. H. Botha: Die Arbeidsvraagstuk van Suid Afrika. Rapport van die Werkloosheid Kommissie 1922, veral bl. 11—14. Vocational Problems of South African Youth (Report of Conferences held at Johannesburg, March and September, 1931).

3. Dr. K. Kesseler in Berufsethik und Berufskunde in der Schule (Zentralinstitut für Erziehung und Unterricht).

bekwaam maak, dan moet hy hom ook as doel voorhou om nie slegs min of meer abstrak die karakter te vorm nie, maar om so op te voed dat die karakterdeugde betekenis kry vir die hele mens en dus ook vir die beroepsmens; karakteropvoeding en opvoeding vir die pligte van die arbeider moet hand aan hand gaan en 'n eenheid vorm.

Wil die skool hierdie doel nastreef dan moet hy steeds wys op die sedelike noodsaaklikheid van die regte beroepskeuse. As sedelike wese rus op die mens die verpligting om die beste te gee waartoe hy instaat is en die beste gebruik te maak van al sy geestelike en liggaamlike kragte. Daarom moet sy motiewe suiwer gehou en in ooreenstemming gebring word met sy hele innerlike wese, alle bykomstige, oppervlakkige, sekundêre oorweginge moet so veel moontlik uitgeskakel word en die regte gesindheid aangekweek word teenoor die arbeid in die algemeen. Watter behoefte daar bestaan vir die aankweek van 'n gesonde gesindheid teenoor die arbeid, blyk uit die algemeen bekende feit dat 'n groot seksie van ons blanke bevolking in Suid Afrika op sekere soorte van werk neersien as „kafferwerk," selfs wanneer hulle in die uiterste nood verkeer[1]. Beroepsvreugde, beroepstevredenheid, beroepsgeluk, beroepstrots, is afhanklik van getroue pligsbetragting, van 'n regte en duidelike begrip van die innerlike en wesenlike waarde van die arbeid, van sy nederigste tot sy verhewenste vorm. Hierdie waarde lê veral daarin dat die arbeid sterk sedelikvormende waarde besit, dat deur die arbeid die mens groei tot 'n persoonlikheid en tot 'n sosiale wese. In die arbeid leer hy sy eie waarde ken, die waarde van sy arbeid vir die gemeenskap; maar deur die beperktheid van sy eie arbeid leer hy tewens die waarde van andere se arbeid ken, sy afhanklikheid van die gemeenskap.

Die skool kan hierdie etiese beskouings omtrent die arbeid op verskillende maniere by die jeug tuisbring. 'n Gesonde, etiese atmosfeer in die onderwys as geheel werk hiertoe op kragdadige wyse mee.

1. Sien Prof. R. W. Wilcocks: Psigologiese Aanmerkings omtrent die verhouding van Armblanke en Gekleurde," Maandblad vir Sosiale en Bedryfsaangeleenthede 5 Mei, 1930. Ook R. W. Wilcocks: Die Armblanke Hfe. VI en XIII. Vgl. ook 'n toespraak van R. McGregor in Die Volkstem," 29.9.24. Ook elders word veral deur die dogters neergesien op sekere soorte van werk. Sien K. Gäbel: Jugend und Beruf In H. Küster: Erziehungsprobleme der Reifezeit. As eertydse sekretaris en later lid van die Potchefstroomse Jeugkomitee kan skrywer ook sterk getuig van hierdie verskynsel. Vgl. ook 'n Verslag oor Werkeloosheid onder die Jeug in „Die Volkstem," 30.10.23.

'n Gees van eerlike, konsensieuse, selfstandige, produktiewe arbeid, wat berus op die getroue samewerking tussen onderwyser en kind, moet hier as 'n allernoodsaaklike bron van inspirasie dien. Dan bied besondere gedeeltes van al die skoolvakke asook die bo-omskrewe beroepskundige informasie, kennismaking deur en in die skool met die wêreld se suksesvolste arbeiders, steeds die geleentheid om aanrakingspunte te vind met die sedelike aspekte van die daaglikse arbeid. Daarom is veral belangrik die lewende kontak wat die onderwyser instaat is om te bewerkstellig deur middel van onafgebroke besoeke met die kinders aan die werklike volksarbeid, waar die kind sy ervaring van soliede skoolarbeid kan toets aan en aanvul met die aanskouing van soliede beroepsarbeid. Uit sy eie werksaamhede in en buite die skool, wat in miniatuurvorm 'n afbeelding van en 'n voorbereiding is vir die maatskaplike werksaamhede, moet hy leer dat arbeid 'n seën is en geen straf nie, moet hy leer dat leeglêery en valse arbeidstrots 'n skande kan wees maar eerlike arbeid nooit. Hierdie etiese beleringe, geput uit en gebaseer op die daaglikse volksarbeid, kan slegs die beste vrugte dra vir die jeug wanneer die werkgewers van hulle kant die arbeid nie bloot as 'n ekonomiese faktor beskou nie maar as middel om die jeug te vorm tot eervolle en nuttige burgers en arbeiders van die gemeenskap.

HOOFSTUK VI.

# Opvoedkundige Taak van Elke Spesiale Skooltipe ten Opsigte van Beroepskeuse

## Paragraaf 1.—Die Laerskool[1].

Solank die kind nog nie definitief sy beroep gekies het nie is dit die taak van al die skool-tipes om sy psigiese ontwikkeling sorgvuldig te bestudeer, soos beskryf in hoofstuk II, ten einde vas te stel in watter rigting sy beroepskeuse lê. Beroepskundige en beroeps-etiese onderwys bly uit die aard van die saak dwarsdeur die taak van alle skole, solank as die opvoeding duur; maar wat die besondere beroepskundige onderwys betref, ook in sover as dit indirek deur middel van die leerplan verskaf word, moet elke skooltipe hom tot die besondere groep van beroepe beperk waarvoor kinders in aanmerking kom wanneer hulle sy bepaalde kursus voltooi het. Netsoos elke skoolsoort in die hele onderwys-sisteem 'n spesiale funksie het ten opsigte van die algemene opvoedingsdoel, netso het elke skooltipe ten opsigte van opvoeding tot die regte beroepskeuse 'n spesiale taak.

Die laerskool, as skool vir almal, stel uit die aard van die saak alle beroepe vir alle kinders oop. In die kinderleeftyd is daar by die kind self nóg by die ouer enige ernstige sprake van 'n beroep reeds kies; by die kind nie omdat so'n gedagte op hierdie ontwikkelingsstadium by hom nog nie definitief posvat nie; by die ouer nie omdat hy eenvoudig weet dat die kind nog te jonk is vir beroepsarbeid en in elk geval nog verplig is om die skool te besoek. Uit die oogpunt van beroepskeuse is hierdie stadium egter reeds baie gewigtig omdat dit kan dien, soos in die laaste hoofstuk aangedui, as die tydperk waarin indirekte eksplorasie van die kind se toekomstige beroepsloopbaan kan geskied deur 'n algemene kontak met die beroepe. Gedurende hierdie periode staan die kind as 't ware nog neutraal teenoor die beroepe en sy kennismaking met hulle dien slegs as 'n middel om sy uitsig te verruim en so later sy keuse te vergemaklik. Om hierdie rede moet die laerskool op elementêre wyse 'n inleiding verskaf in die algemeenste beroepe net soos hy 'n elementêre inleiding verskaf in die algemene kultuur. Hoeveel elke besondere skool moet doen en watter beroepe hy hom veral moet op toelê, wanneer die omgewing 'n ruim aantal bied, dit moet deur die plaaslike skooloutoriteite beslis word, op grond van plaaslike omstandighede.

1. Vgl. O. F. Black: "Vocational Guidance in the Elementary School," in Die Maatskaplike en Nywerheidsblad, Des. 1927.

Vir literatuur in verband met beroepsinformasie op die laerskool sien:

McCracken & Lamb: Occupational Information in the Elementary School.

P. Pressey: A Vocational Reader.

Die vraag is wanneer hierdie periode moet afgesluit word, d.w.s. die periode van indirekte eksplorasie. Volgens navorsers oor die tyd wanneer die kind se psigiese struktuur so duidelik tevoorskyn tree dat hy beroepsadvies kan ontvang is die ouderdom 14 jaar[1]. Maar voor die tyd al, en wel by die aanvang van die puberteitsjare, d.w.s. plus minus 12 jaar, rig die kind sy belangstelling na die praktiese arbeidslewe om hom heen; begin hy hom dus ernstig bewus word van die feit dat ook hy later een of ander beroep sal moet waarneem, al tas hy vanselfsprekend nog baie rond[2]. Sterk redes vir 'n voldoende periode van eksplorasie ongeveer op hierdie tydstip is die buitengewone variasie onder leerlinge in graad en tipe van bekwaamheid, die groot verskeidenheid in belangstelling, die soms onverwagte verskyning, verdwyning en transmutasie van psigiese eienskappe[3]. 'n Rasionele beroepsvoorligting vereis dat hierdie keuse nie hals-oor-kop plaasvind nie, maar dat genoegsaam tyd gegee word om te ontdek watter die mees gewenste rigting is om die kind in te stuur. Van ongeveer die aanvang van die puberteitsleeftyd af, is dit dus 'n uiters geskikte tyd om die kind sistematiese leiding te verskaf in verband met die vraagstuk van sy beroepskeuse en hom so op te voed dat hy beter bekwaam sal wees om beroepsadvies te ontvang. Maar selfs wanneer hierdie tydstip aanbreek op ongeveer 14 jarige leeftyd sal dit uiters gewaagd wees om dan reeds finaal die kind sy keuse te laat doen; ook dan nog is daar tyd nodig om meer sekerheid te verkry. In verband hiermee is dit belangrik om daarop te let dat plus minus 15 jaar beskou word as 'n tweede stadium waarop die opvoeding van die kind 'n wending neem[4]. Hy is dan die eerste periode van onstabiliteit deur, het meer of min grond onder die voete gekry en het begin sig in seer bepaalde rigtinge te interesseer.

Met hierdie verskynsele in die kind se ontwikkelingsgeskiedenis hou die organisasie van ons skole nog glad geen rekening nie. Oor die vraag wanneer oorplasing uit die laerskool na 'n volgende skool moet geskied bestaan daar in ons land op die oomblik nog geen vaste of eenvormige gedragslyn. In die Transvaal word in digbevolkte sentra soos Johannesburg en Pretoria en selfs in Potchefstroom, kinders na St. V oorgeplaas na die Hoërskole, terwyl in die res van die provinsie dit na St. VI gedoen word. In ander provinsies word oorplasing na St.

1. Sien Dr. C. Burt: Principles of Vocational Guidance in "The British Journal of Psychology, Vol. XIV, Part 4, Apr. 1924; ook Dr. W. O. Döring Schülerauslese und Psychische Berufsberatung, bl. 64.

2. L. S. Hollingworth: The Psychology of the Adolescent, Hfe. IV en VII. L. S. Hollingworth: Gifted Children, bl. 140.
F. D. Brooks: The Psychology of Adolescence, Hf. X.
M. W. Keatinge: Studies in Education, Hf. VI. Education of the Adolescent, Report of Consultive Committee, Hf. III.

3. Vgl. Curriculum for Pupils 12—15 years. Scottish Council for Research in Education. Ook F. Baumgarten: Die Berufseignungsprüfungen, bl. 42—46.

4. Sien aangehaalde werke van Hollingworth en Brooks.

VI gedaan. Na die Intermediêre Skool in Transvaal gaan kinders outomaties na St. VI; tot die beroepskole word kinders gewoonlik toegelaat tussen 14 en 15 jaar; soms word egter uitsonderinge gemaak, hoewel geen kind onder 12 jaar of St. III toegelaat word nie[1].

Uit die onderstaande verdeling[2] blyk dat die meerderheid van kinders sonder 'n St. VI sertifikaat in die ongeskoolde en halfgeskoolde beroepe te lande kom; d.w.s. wanneer die 62.5% wat boere word daarby ingereken word. Dit geld ook vir dies met 'n St. VI.

## TABEL XIV.

Beroepe gevolg deur seuns wat die skool vergoed verlaat.

**Persentasies.**

| Beroepe gevolg. | Verlaat voor St. VI. | Verlaat na St. VI | Verlaat na St. VII. | Verlaat na St. VIII. | Verlaat na St. X. | Totaal wat skool verlaat. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Boerdery | 62.5 | 44.4 | 33.3 | 24.1 | 9.3 | 48.8 |
| Ongeskoolde en halfgeskoolde werk | 13.6 | 12.8 | 13.9 | 7.6 | .6 | 12.4 |
| Geskoolde ambagte | 2.1 | 6.7 | 7.1 | 4.2 | 1.6 | 4.3 |
| Klerikaal | 2.8 | 11.9 | 22.4 | 36.2 | 36.2 | 11.2 |
| Goew. Diens, Polisie, militêr | 1.7 | 5.9 | 7.2 | 10.6 | 19.3 | 5.0 |
| Professies | .4 | .9 | 4.2 | 6.7 | 25.4 | 3.4 |
| Ander beroepe | 16.9 | 17.1 | 11.9 | 10.6 | 7.6 | 14.9 |
| Totaal | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 |

Van die 35,000 kinders wat die skool verlaat het in die afgelope jaar (1930—) het 56% die St. VI sertifikaat besit, 16.6% had St. VIII of Junior Sertifikaat, 7.7% had Matriek of Senior Sertifikaat en 2.3% het na die universiteit gegaan[3].

Aangesien die kinders wat boere geword het geen opleiding vir boerdery nog kon gehad het nie begin hulle die beroep altans as ongeskoolde werkers. Hoeveel van die kinders met of sonder 'n St. VI sertifikaat langsamerhand onder die geledere van die werkeloses geraak, is nog nergens in ons land vasgestel nie, hoewel dit feitlik voor die hand lê dat die beroepsonbekwaamstes in normale tye in elk geval 'n groot persentasie daarvan uitmaak. Dit blyk dus dat vir die kinders met en sonder 'n St. VI lank geen bevredigende voorsiening gemaak word deur die onderwyssisteem wat betref hul beroepskeusevoorligting. Spesiale maatreëls behoort daarvoor getref te word. Met

1. Sien Hf. IV vir gegewens oor beroepskole verkry van Dr. E. G. Malherbe, Hoof,
2. Tabel 1. Ongepubliseerde Rapport van Dr. E. G. Malherbe.
Nas. Onderwysburo, Unie Dept. v. Onderwys.
Na hierdie tesis geskryf was het verskyn van Dr. E. G. Malherbe: Onderwys en die Armblanke, waarin hy enigsins ander sywers gee. Sien bl. 112.
3. Vgl. R. W. Wilcocks: Die Armblanke, Hf. XI.

die oog op hierdie sosiaal-ekonomiese omstandighede en met die oog op die beroepspsigologiese ontwikkeling van die kind blyk dit dat die laerskool sig puur en simpel sal moet beperk by opvoeding van die kinderleeftyd, tot ongeveer 12 jaar dus, wanneer 'n nuwe fase in die kind se lewe intree ten opsigte van sy toekomstige beroep. Sy taak is dus 'n elementêre en indirekte opvoeding tot beroepskeuse; van die tipiese laerskool kan alleen verwag word 'n algemene en breë grondslag.

---

## Paragraaf 2.—Die Intermediêre Skool.

Opvoedkundige hervorminge gedurende die laaste kwart-eeu ongeveer het sig in baie grote mate besig gehou met die vraag watter onderwys die mees doeltreffende sal wees vir die oorgangsjare na die puberteitsleeftyd en watter reorganisasie van die onderwys nodig is om hierby aan te sluit[1]. In etlike lande is dan ook nuwe tipes van skole opgerig spesiaal met die doel om beter te beantwoord aan die behoeftes van die kinders; en hierdie behoeftes lê veral in die rigting van die kinders se toekomstige beroep. Die opvoeding moes hom indirek daartoe voorberei deur sy beroepskeuse te vergemaklik.

In die Transvaal[2] is daar ook 'n nuwe tipe van skool opgerig in 1923 min of meer van soortgelyke aard, nl. die intermediêre skool[3]. Aan 23 sentrale laerskole op Johannesburg en Pretoria is die kursus verleng met twee jaar en het die skole bogenoemde naam gekry. Hierdie voortgesette laeronderwyskursus werd reeds sedert 1916 deur die Direkteur van Onderwys aanbeveel[4]. Die spesiale kenmerke van hierdie skole sou drie wees: „a. die vakke sal beperk word in aantal en leerstof om 'n grondige en intensiewe behandeling moontlik te maak; (b) so veel van die werk as moontlik sal van praktiese aard wees; en (c) 'n spesiale poging sal gedoen word om inisiatief en selfvertroue te ontwikkel deur so veel as moontlik te werk volgens die Dalton-stelsel. Aangesien die leerlinge nie voorberei sal word vir enige eksterne eksamen nie sal die proefneming heeltemal onbelemmerd wees. (So!) Die vakke van die kursus sal wees (1) Engels; (2) Afrikaans; (3) Handearbeid vir seuns en huishoudkunde (met inbegrip van koke, die behandeling van die was, naaldwerk en bestuur van huishouding) vir

1. Report of the Consultative Committee on The Education of the Adolescent (London). vgl. Report of the Committee on Education and Industry (England and Wales) Second Part.

2. Verslag Dept. van Onderwys, 1922, bl. 14.

3. Die Vrystaatse Onderwyskommissie van 1926 het ook die oprigting aanbeveel van Burgerskole, met 'n tweejarige kursus na die teenswoordige St. VI. Sien rapport bl. 19.

4. Verslag Dept. van Onderwys 1916, bl. 11. Vgl. ook die verslag van die Transvaalse Onderwyskommissie 1917, bl. 13—15.

meisies; (4) wetenskappe; (5) matesis en tekene, nie as onafhanklike vakke nie maar as ontstaande uit (3) en (4); (6) geskiedenis; en (7) aardrykskunde. Godsdienstige en sedelike onderwys as die grondslag van alle skoolwerk, is natuurlik inbegrepe .....

Die plan bestaan om 'n behoorlike proef te neem met die idee van hervormers soos Dewey en Kerschensteiner, wat die werkplaas en die laboratorium aan die klaskamer wil laat voorafgaan en die literêre en humanistiese vakke wil ontwikkel uit probleme voortspruitende in die loop van die praktiese werk en tegelykertyd 'n terrein wil vind vir indiwiduele impulse en die middels om hulle te veredel in die gemeenskaplike aktiwiteite van die skool"[1]. Geleidelik moes daar „oorgehel word na die probleme van die een of ander ambag"[2].

Hierdie skole moes veral onderwys verskaf aan die leerlinge wat om een of ander rede nie die hele middelbare skoolkursus wou deurloop nie of wat nog nie die vrystellingsouderdom bereik het nie; of 'n derde klas van wie die ouers se wens was dat hulle so lank moontlik op skool sou bly, maar wat nie tot die middelbare skool kon toegelaat word nie omdat hulle in die toelatingseksamen gedruip het.

Veral in die begin het hierdie skole nie veel sukses gehad nie. Verskillende redes werd hiervoor aangegee[3]:

1. Die kursusse werd nie duidelik onderskei van die vir hoërskole aan die een kant en die vir ambagskole aan die anderkant.

2. Die publiek was nie op die hoogte van die omvang en die aard van die nuwe skool nie.

3. Die ouers het nie die waarde besef van die ekstra jare se opleiding nie; volgens hul mening was dit tydverkwisting want dit het nie gelei tot iets bepaalds uit die oogpunt van 'n beroep nie.

4. Die onbekwaamheid van baie van die seuns en dogters wat hierdie kursus gevolg het.

5. Gebrek aan korrelasie tussen die praktiese werk en die gewone skoolwerk. (Die meeste kinders moes namelik die praktiese werk by ander sentra gaan bywoon en nie by hul eie skool nie).

1. Verslag van die Dept. van Onderwys 1922, bl. 14—15.
2. Verslag van die Dept. van Onderwys 1923, bl. 19.
3. Sien verslae van die Direkteur self en v.d. Inspekteur oor hierdie skole in die verslae van die D.V.O. 1923—1930.

6. Daar werd te veel lesings gegee en te min indiwiduele werk volgens die Dalton stelsel.

7. Die skole het nie dieselfde fasiliteite geniet wat geboue en speelterreine betref as die hoërskole nie.

Die gevolg was dan ook dat die meeste kinders die skole verlaat het sodra hulle 'n beroep kon vind. In Maart 1928 bv. was daar 557 leerlinge in die skole, en in Desember 1928 slegs 375[1]. Hulle het slegs in die behoefte voorsien van die kinders wat na Standerd VI nog geen beroep gevind het nie of wat nog nie die vrystellingsouderdom bereik het nie en nie na 'n hoërskool wou gaan nie.

In 1926 is ook vir die platteland ses intermediêre skole[2] opgerig om „'n praktiese en redelik kulturele" kursus na die laerskool te verskaf aan die in vergelyking met die dorpskind minder bevoorregte plaaskind. Dit werd die plig van die Administrasie beskou „om te help in die beweging om die blanke op die land te hou," buitedien werd die feit beklemtoon „dat vir 'n groot gedeelte van ons bevolking vir baie jare boer die enigste hoop op werk sal wees." 'n Spesiale inspekteur werd intussen aangestel vir landbou, wat gepleit het vir 'n stelsel van skole op die platteland wat sou „rekening hou met die gemeenskapslewe en sy werk," hoewel die bedoeling nie was om die kinders puur en simpel af te rig vir die boerdery-bedryf nie[3]. Na ondersoek het hy gemeen daar het behoefte bestaan vir ongeveer 100 skole van hierdie tipe.

Oor die werk van hierdie skole is daar nog nooit gunstig gerapporteer nie; ook hul doel was nie duidelik omskryf nie[4]; en hoewel gehoop werd dat hierdie skole sou voorsiening maak „vir die 80% leerlinge wat na die hoërskool gaan maar wat die kursus nie met sukses deurloop nie"[5], het die skole glad geen verdere opgang gemaak nie. Oorsaak hiervoor was dat die publiek veral maar ook die onderwysers te sterk onder die invloed van die matriek-tradisie gestaan het; die meeste kinders werd dus net vir twee jaar langer naby die huis in skool gehou en aangesien die kursus nie aangesluit het by die gewone hoërskoolkursus nie, werd die kinders minstens 'n jaar vertraag[6].

1. Verslag Dept. van Ond. 1928.
2. Verslag Dept. v. Onderwys 1926, bl. 18, vgl. ook Omsendbrief No. 93 van 1925 in Die Kristelike Skoolblad Maart 1926.
3. Verslag Dept. van Ond. 1926, bl. 165.
4. Verslag Dept. van Onderwys 1927, bl. 115.
5. Verslag Dept. van Onderwys 1927, bl. 124.
6. Verslag Dept. van Onderwys, Tvl. 1927, bl. 74.

Uit die lotgevalle van beide die dorp- en die plaas-intermediêre skool blyk dus dat 'n vername oorsaak van hul mislukking daarin moet gesoek word dat hulle geen bepaalde beroep of groep van beroepe in die middelpunt geplaas het nie, hetsy deurdat die onderwysoutoriteite geen voorsiening gemaak het nie, hetsy deurdat van die kant van die gemeenskap so 'n behoefte nog nie gevoel werd nie. Die onderwys het eenvoudig nergens heen gelei nie.

In ooreenstemming met die nuutste hervorminge in verband met opvoeding en onderwys van die adolesente kind, meer bepaald met die oog op sy latere beroepskeuse, sal in ons onderwysstelsel voorsiening moet gemaak word vir 'n skool, of deel van 'n skool, wat sig uitdruklik o.a. ook ten doel stel om deur middel van sy kursus kinders te keur vir sekere beroepe of groepe van beroepe[1]. Geen skool het sig meer direk op hierdie doel toegelê nie as die Amerikaanse Junior Hoërskole wie se vernaamste doel volgens sommige is om sy kursus so in te rig dat die belangstelling, bekwaamhede en geskiktheid van die kinders kan vasgestel word gedurende die jare 12—15[2]. Die meeste kinders is egter gedurende hierdie jare nog nie ryp vir spesialisasie nie; dit is nog hoofsaaklik 'n tydperk van intensiewe eksplorasie[3]. Wel mag hier enigermate die klem daar gelê word waar die kind se keuse sal val[4], maar 'n opleiding vir 'n bepaalde beroep behoort uitgestel te word tot plus minus 15 jaar wanneer sy psigiese struktuur nie alleen sodanig ontwikkel is dat hy bekwaam is vir beroepsadvies, maar ekonomiese en sosiale faktore beslissing in 'n definitiewe rigting noodsaaklik maak vir baie kinders[5].

Deur die Transvaalse Onderwyskomitee van 1928 werd aanbeveel dat Junior Hoërskole met leerlinge van St. III of IV tot St. VII die plek sou inneem van die bestaande intermediêre skole. Hierdie skole moes geen voorsiening maak vir die laagste klasse van die laerskool nie en moes dan net soos die middelbare skole gedurende die eerste paar jaar hoofsaaklik 'n gemeenskaplike kursus verskaf. Ook vir die platteland moes 'n beperkte aantal dergelike sentrale Junior Hoërskole opgerig word waar daar geen middelbare skole reeds bestaan nie. Hierdie middelbare skole op die platteland moes dan al die kinders na St. VI

1. Vgl. bogenoemde rapport van The Consultative Committee, "The Education of the Adolescent," bl. 83.

2. G. E. Myers: The Problem of Vocational Guidance, Hf. VI.
F. J. Allen: Principles and Problems of Vocational Guidance, Hf. XIV.
A. J. Jones: Principles of Guidance, Hfe. VIII en XVII. Vocational Guidance and Junior Placement, published by U.S. Dept. of Labour, bl. 256, 312, 335; L. V. Koos: The Junior High School; H. C. Hines: Junior High School Curricula; W. A. Smith: The Junior High School.

3. Sien bo-aangehaalde werke, asook die reeds aangehaalde rapport: The Education of thhe Adolescent.

4. T.a.p., bl. 120.

5. Vgl. Eerste Rapport van de Kommissie op de Administratie van Onderwys, 1923, bl. 7. Tweede Rapport van de Kommissie op de Administratie van Onderwys, 1923, bl. 51 en 54.

absorbeer, terwyl in die digbevolkte sentra die middelbare skole langsamerhand meer hul sou toelê op die kinders wat die hele kursus tot St. X wou voltooi, en die andere, wie se doel was om slegs sover as St. VII te gaan, moes akkommodasie vind by die bestaande Intermediêre Skole[1].

As rede vir die afskeidinng na St. III of IV moet geld dat „dit wenslik is om spesiale voorsiening te maak vir die laer klasse, afgeskei van die res van die skool." Waarin die wenslikheid bestaan om die „jonger leerlinge" af te skei, word nie juis vermeld nie. In teëstelling hiermee word dit elders juis wenslik beskou om die ouer leerlinge af te sonder d.w.s. van 11—12 jaar en wel veral met die oog op die nuwe fase in hul lewe waarmee gedagtes omtrent 'n beroep nou gepaard gaan[2]. Aangesien die Komitee aanbeveel „dat die werk van die voorbereidende klasse (sub-standerds) en St. I oor die algemeen behandel sal word in twee jaar[3]", en by implikasie hul goedkeuring heg aan 'n toelatingsouderdom van ses jaar[4], sal die kinders aan die end van St. III 10 jaar kan wees.

In verband met hierdie probleem van die skeidingslyn tussen primêre en sekondêre onderwys kan nog melding gemaak word van die rapport van die kommissie vir Sekondêre Onderwys (Kaapprovinsie) soos gewysig deur die Hoofbestuur van die S.A.O.U.[5] nl. dat sekondêre opvoeding moet saam gaan met die puberteitsontwikkeling d.w.s. vanaf 12—13 jaar plus-minus; dat 'n tydperk van vyf jaar die normale duur behoort te wees, wat moet ingedeel word in twee tydvakke: a. 'n driejarige kursus (13—15) en b. 'n tweejarige kursus (16—17) plus-minus. Die volgende voorstelle vir die reorganisasie van die primêre en sekondêre opvoeding werd deur die kongres goedgekeur[6]: „Dat daar 'n primêre skoolkursus sal wees vir die kind van die ouderdom 6 tot ongeveer sy 13de jaar, d.w.s. 'n kursus van 7 standerds; dat die kind daarna sal kan oorgaan na:

1. 'n Driejarige middelbare skoolkursus, waardeur hy die geleentheid sal kry om so te ontwikkel dat hy voordelig sal kan aansluit by—

a. die verdere tweejarige kursus van hoërskole;

b. nywerheidskursus vir vakopleiding;

c. ander dergelike voortgesette opleiding; of dat hy sal kan oorgaan na:

2. 'n Kursus in 'n ambagskool of industriële skool."

1. Sien Verslag bl. 13.

2. Veral in Amerika en Engeland, vgl. v. Ginneken & Zegers: Handleiding by Beroepskeuze bl. 166—185. The Education of the Adolescent; (Reports) v.d. Merwe P.W. Onderwys in Swede (Rapport).

3. Sien Verslag bl. 11.

4. T.a.p., bl. 13.

5. Die Unie 1 Feb. 1930, bl. 215, vgl. Die Burger 12 Julie, 1932, Die Unie Julie, 1932.

6. Die Unie, 1 Mei, 1930, bl. 286.

In Engeland[1] geskied oorplasing op 11 jaar, wat naastenby ooreenstem met die Komitee se tweede alternatief, en in Amerika op 12 jaar; plus-minus 12 jaar word in die meeste lande die tydstip vir hierdie oorplasing. Aangesien 12 jaar nader is aan die ouderdom waarop die meeste kinders in hul puberteitsleeftyd intree en in 'n 12-jarige kursus soos die van ons 'n gerieflike verdeling op daardie stadium kan plaasvind, veral in die buiteskole waar die groepstelsel gevolg word, is dit wensliker om op daardie stadium oorplasing te laat geskied.

Wat die leerplan betref wil die Komitee 'n gemeenskaplike hê tot aan die end van St. VI met die volgende vakke[2]:

1. Bybelse Geskiedenis.
2. Engels.
3. Afrikaans.
4. Rekenkunde.
5. Geskiedenis.
6. Aardrykskunde.
7. Natuurkennis.
8. Gesondheidsleer en Liggaamsoefeninge.
9. Musiek.
10. Teken.
11. Handearbeid.
12. Kookonderrig.
13. Naaldwerk.

Vir die twee volgende jare moet hy „in twee dele verdeel word. Die eerste moet bestaan uit vakke wat in elke skool geneem moet word. Die tweede deel moet bestaan uit vakke met betrekking waartoe 'n keuse toegestaan word." Die verpligte vakke is[3]:

1. Bybelse Geskiedenis.
2. Engels of Afrikaans.
3. Afrikaans of Engels.
4. Wiskunde.
5. Geskiedenis en Burgerskap, met inbegrip van Aardrykskunde.
6. Algemene beginsels van Natuur- en Skeikunde, met inbegrip van landbou.
7. Sing.
8. Gesondheidsleer en Liggaamsoefeninge.

1. Sien minderheidsrapport van verslag van Tvl. Ond. Komm., 1928.
2. T.a.p., bl. 10.
3. T.a.p., bl. 11.

Spesiale voorsiening moes gemaak, word vir die „uiters klein getal leerlinge" wat nie die tweede taal neem nie. Die opsionele vakke is[1]:

1. Musiek.
2. Teken en Kuns.
3. Handearbeid (vir Seuns).
4. Beheer van die Huishouding (vir Meisies).
5. Naaldwerk (vir Meisies).
6. Ekonomiese Aardrykskunde.
7. Boekhou en Bedryfsleer.

In die wese van die saak bevat hierdie opsionele gedeelte g'n nuwe vakke wat nie reeds ingesluit is in die vakke van die laerskool behalwe boekhou en bedryfsleer. Met die oog op die reedsgemelde feit dat die kind eers op ongeveer 14 jaar bekwaam is vir beroepsadvies en dit boonop onwenslik is om te spesialiseer voor hy 15 is, is dit raadsamer om geen nuwe vakke voor die tyd in te voer nie. Om dieselfde rede word die invoering van sterk gespesialiseerde of beroepsvakke in die Junior Hoër skole van Amerika afgekeur[2]. Die kursus op hierdie stadium d.w.s. plus-minus 15 jaar gehoort dus dieselfde te wees as tot dan met die verskil dat gedurende die laaste jaar die klemtoon kan val op die leerling se sterkste vakke en minder vereis word in moontlike swak vakke. Desverkiesend sou met die oog op 'n algemene inleiding in die kommersiële wêreld 'n elementêre kursus in handel kan ingesluit word by rekene. As 'n algemene inleiding tot die natuurwetenskappe is biologie ook 'n geskikter vak as die deur die Komitee aanbeveel[3].

In belang van die kind se opvoeding tot 'n rasionele beroepskeuse en met bogenoemde opvoedkundige oorweginge in die gedagte, behoort die volgende organisasie tot 15 jaar beter te beantwoord vir dorpskole. Die laerskoolkursus duur 6 jaar en die van die Junior Hoërskool 3 jaar. Aangesien selfs in die dorpe en stede te groot distansies sal moet afgelê word na die skool en die bevolking ook selde sterk genoeg is om hierdie inrigtinge as aparte eenhede instand te hou, sal dit raadsaam wees om die Junior Hoërskool of 'n part van 'n groot laerskool of 'n part van 'n hoërskool te maak al na plaaslike omstandighede en fasiliteite vir akkomodasie.

1. T.a.p., bl 12
2. G. E. Myers: The Problem of Vocational Guidance, bl. 97. Vgl. ook bogemelde rapport oor "The Education of the Adolescent," bl. 120 en G. H. Thomson: A Modern Philosophy of Education, bl. 222.
3. Hierdie vak word tans in die eerste twee jaar van die Hoërskool geleer.

Die volgende kursusse word aanbeveel[1]:

| (1—6 jaar) | (7—9 jaar) |
|---|---|
| Vir kinders van 6—12 jaar. | Vir kinders van 12—15 jaar. |
| 1. Bybelse Geskiedenis. | 1. Bybelse Geskiedenis. |
| 2. Afrikaans. | 2. Afrikaans. |
| 3. Engels. | 3. Engels. |
| 4. Geskiedenis. | 4. Geskiedenis. |
| 5. Aardrykskunde. | 5. Aardrykskunde. |
| 6. Natuurstudie. | 6 Natuurstudie, 9de jaar Biologie. |
| 7. Higiëne en Liggaamsoefening. | 7. Higiëne en Liggaamsoefening. |
| 8. Teken. | 8. Teken. |
| 9. Sing. | 9. Sing. |
| 10. Reken. | 10. Reken, 9de jaar Boekhou by. |
| 11. Naaldwerk } 3—6de jaar. | 11. Huishoudkunde (naaldwerk inbegrepe). |
| 12. Kartonwerk } 3—6de jaar. | 12. Houtwerk, later metaalwerk by. |
| 13. Algemene Handearbeid eerste twee jaar. | |

Hierdie vakke vorm 'n breë fundamentele basis waarop gesoek moet word na die kind se toekomstige beroep en verskaf hom terselfdertyd 'n breë algemene insig in die beroepe en die kultuur as geheel. Eers na 'n grondige eksplorasie kan met sekerheid gekies word en voor die tyd is dit nie wenslik om enige van die fundamentele vakke geheel en al uit te skakel, behalwe in seer besondere gevalle die laaste een of twee jaar van die Junior Hoërskool-tydperk, as blyk dat enkele indiwiduele kinders so goed as geen vordering maak met 'n vak. Hieroor behoort behoorlik daartoe bevoegde opvoedkundige deskundiges te besluit. Terwille van die kind se toekomstige beroepskeuse sal dit wenslik wees om klein plaasskooltjies met twee onderwysers soveel moontlik te ontmoedig om verder as St. IV te gaan; in eerste instansie omdat, hoewel die kind van 12—15 jaar nog nie spesialiseer nie, spesialiteite, d.w.s. onderwysers met besondere kennis van hul vakke en kinders van hierdie leeftyd nodig is om die kinders se aanleg en belangstelling te bestudeer, en ten tweede omdat die onderwysers op die plaasskooltjie te min en die vakke —en ook die moontlike beroepe— teveel is om deeglike beroepsvoorligting te verskaf. Volgens die leeftyd, immers, moet die onderwysers meer dan ooit tevore kontak hou met die beroepslewe. Inderdaad sal dit wenslik wees om soveel moontlik te sentraliseer[2] sodat minstens twee en beter nog, drie leerkragte vir hierdie hoogste drie jaar beskikbaar is. Met die oog op die toekomstige beroep van 'n groot aantal van die plaaskinders word die

1. Vgl. Curriculum for Pupils of 12—15 years—Publications of the Scottish Council for Research in Education.

2. Sien Artikel in Die Kristelike Skoolblad Maart 1930: Sentralisasie op die platteland as opvoedkundige noodsaaklikheid en praktiese moontlikheid. Vgl. ook Verslag van Dept. v. Onderwys, Tpl. 1931.

klem dan wel gedurende hierdie drie laaste jaar gelê op landboukundige natuurstudie en biologie; maar baie van hierdie kinders vir wie daar geen vooruitsigte op die plase is nie en wie se belangstelling en aanleg in ander rigtings gaan, sal soveel moontlik ander vooruitsigte moet voorgehou word, hoewel hulle in eerste instansie potensiële boere[1] en boerinne is; met die oog op baie ander moontlikhede is dus meer leerkragte nodig as wat die een of tweemanskool oor beskik.

Aangesien die kursusse vir al die skole tot die end van die negende skooljaar dieselfde is, word oorplasing van die een skool na die ander, ook van plaasskole na dorpskole en omgekeerd, sonder enige belemmering uitgevoer. En daar die omgewing en die plaaslike beroepe die enigste onderskeid in die kursusse bepaal is dit nou juis die skool se taak om hulle op hoogte daarvan te bring. Op die oomblik is oorplasing van die een soort intermediêre skool na die ander of na 'n hoërskool belemmer omdat vir Matriek nog 'n derde taal of matesis vereis word, twee vakke wat nie ingesluit is in die leerplan van die teenswoordige intermediêre skole nie[2]. Word egter 'n gemeenskaplike kursus gevolg vir 9 jaar en daardeur 'n grondige algemene basis gelê in die meeste vakke, dan bestaan daar geen rede waarom in hierdie twee vakke—as hulle dan verpligtend **moet** bly, wat van die oogpunt van 'n vrye beroepskeuse moeilik te verdedig is—sowel as in al die ander nuwe vakke nie die gewone Matriek-standaard kan bereik nie, mits die kursus in die Hoërskool 'n driejarige gemaak word na die 9de jaar inplaas van 'n tweejarige na St. VIII soos deur die 1928 Komitee aanbeveel. Wat matesis betref hoef daar glad geen moeilikheid te bestaan nie aangesien in die negende jaar meer rekenkunde kan afgedoen word sodat vir die orige drie jaar meer tyd oorbly vir die ander dele van hierdie vak. Die volledige kursus tot die end van die hoërskool sal dus 12 jaar duur.

In teestelling met die opvoeding tot die 12e jaar in die laerskool wat indirek die kind klaarmaak vir sy beroepskeuse deur 'n algemene kennisgewing met die gewoonste beroepe, daar berei die opvoeding tussen die jare 12 en 15 hetsy op die laerskool hetsy op die hoërskool, hom meer direk voor vir sy beroepskeuse deur meer rekening te hou met sy sterkste en geliefkoosde vakke en sy belangstelling vir bepaalde beroepe. Begaafdheid in vakke sal 'n vingerwysing na sy beroepskeuse wees, terwyl onbegaafdheid in vakke sal aanwys in watter rigtinge hy nie moet kies nie. In ooreenstemming met sy sterkste vakke kan sy belangstelling vir bepaalde beroepe opgewek word en kan die kinders indiwidueel of in groepe aangemoedig word om meer aandag te wy aan sulke beroepe wat betref hul beroepskundige en beroepsetiese aspek.

1. Vgl. A. J. la Grange: Psychotechniese Hulpmiddels vir leerlingkeuring in die boerdery, Hf. 6.
2. Sien departementele Leerplanne.

Aan die end van die volledige laerskoolkursus, d.w.s. by normale ontwikkeling op 15-jarige leeftyd, sal daar dus drie weë vir die kind oopstaan. Een groep wie se aanleg en belangstelling in die rigting gaan van die hoërskool. Van baie kinders is dit egter reeds vroeër seker dat hulle op die hoërskool tuishoort, diegene namelik wat op grond van hul bowe-normale intelligensie en vanweë die ouers se sosiale status, op die hoërskool na 'n geskikte beroep gaan soek. Hierdie leerlinge kan reeds op 12-jarige leeftyd oorgeplaas word na die hoërskool waar die atmosfeer en rigting van studie hulle beter instaat stel om hul beroep te eksploreer. Ook omdat die kursus tussen 12 en 15 jaar op die Junior en Senior Hoërskool in hoofsaak dieselfde is, word die moontlikheid daargestel om op elke trap kinders van die eerste na die tweede oor te plaas, en indien nodig in bepaalde gevalle van die tweede na die eerste bv. waar die kinders verhuis na klein plekkies waar geen hoërskool bestaan nie.

'n Tweede groep gaan op 15 jaar, die ouderdom waarop die kind ryp is vir spesialisasie[1], d.w.s. vir die beroepskool, na die verskillende tipes van beroepskole. Aangesien daar soveel soorte beroepskole bestaan en ruim tyd nodig is om uit te vind by watter een 'n kind sig die beste sal kan aanpas, behoort kinders so min moontlik voor hierdie ouderdom daarheen oorgeplaas te word. Daar is egter kinders by wie reeds op 12-jarige leeftyd 'n praktiese aanleg sig duidelik begin openbaar[2]. As hierdie aanleg van seer eensydige aard is en dit blyk dat die kind op die gewone algemene skool geen bevredigende vordering maak nie, sou dit beter wees dat so 'n kind na die beroepskool verhuis reeds voor sy 15de jaar. Dieselfde sou ook kan geld vir die kinders wat weëns 'n swak intelligensie, tog geen kans het om binne 'n redelike tydperk die nege-jarige kursus met sukses te voltooi nie, vir wie dit dus weinig nut het om al die tyd op die gewone skool deur te bring, maar wat wel 'n kans het om op die beroepskool een of ander geskoolde of halfgeskoolde arbeid te leer. Ook wanneer dit vooraf met genoegsame sekerheid kan vasgestel word dat sekere kinders weëns onoorkomelike ekonomiese omstandighede genoodsaak sal word om op 15 jaar uit die skool te tree, sal dit beter wees om sulke kinders reeds vroeër na 'n beroepskool oor te plaas, want „het is beter alle verdere opleiding tot een uiterst minimum te beperken, dan een leerling op zyn achttiende levensjaar weg te sturen, die zyn werk niet kent, die nooit gezien heeft, wat solide grondige arbeid is, die nooit de scheppingsvreugde, die aan alle echte arbeid eigen is, heeft beleefd, en die daarmee niet de bodem gevonden heeft, waarop alle echte ontwikkeling en vorming enkel en alleen rusten en zich ontwikkelen kan"[3].

1. G. Kerschensteiner: Berufserziehung und Jugendalter in Handbuch für das Berufs und Fachschulwesen uitgegee deur A. Kühne. Vgl. D. Snedden: Vocational Education, bl. 35 en 66, ook T. H. Eaton: Education and Vocations, bl. 137, Hf. VIII.

2. W. H. Dooley: Principles and Methods of Industrial Education, Hf. III. Vgl. Education of the Adolescent, Report Consult. Comm.

3. G. Kerschensteiner: De Komende School, bl. 42.

Met sommige mag dit tog nog egter gebeur dat hulle, miskien soms bloot deur onvoorsiene omstandighede verplig is om die skool te verlaat, sonder voorbereiding vir 'n bepaalde beroep. Dis veral vir hierdie derde groep wat sorgvuldige beroepsvoorligting noodsaaklik is terwyl die taak van die skool ten opsigte van die ander twee groepe meer bestaan in opvoedkundige voorligting. Hierdie groep van kinders is dus die enigste vir wie samewerking met die Jeugrade absoluut verpligtend is. Inderdaad is daar op die oomblik 'n groot aantal van hierdie kinders[1]. Dit kan egter verwag word dat met beter beroepsvoorligting en ruimer uitbreiding van beroepskole die aantal aanmerklik sal afneem. Buitendien is propaganda in die rigting natuurlik uiters gewens met die oog op die al strenger kompetisie van ongeskoolde blanke werkers met geskoolde en ongeskoolde naturelle en gekleurde arbeiders. Die hele probleem van geskoolde arbeiders staan natuurlik in die nouste verband met die ekonomiese toestande en ontwikkelinge in ons land. Wanneer daar nie genoeg aanvraag is vir geskoolde werkers nie, sal die geledere van die ongeskooldes onvermydelik steeds aangevul word met die kinders wat die skool verlaat sonder beroepsopleiding en wat ook nie die geleentheid het om deur middel van aandklasse hulself beroepsbekwaam te maak nie. Ook is dit veral vir hierdie groep van kinders wat dit so noodsaaklik is dat die onderwys, veral gedurende die jare 12—15, nou verband hou met die volk se daaglikse arbeids- en beroepslewe.

---

## Paragraaf 3.—Die Hoërskool.

Na 'n deeglike eksplorasie 9 jaar lank gemaak is—gedurende die laaste drie jaar daarvan meer intensief—, van die kind se waarskynlike toekomstige ontwikkeling in die rigting van sy beroep, tree die periode in van die latere adolesente jare, die periode wat by uitstek in beslag geneem word deur die middelbare skool en beroepskool. Die suiwere beroepskool dui duidelik aan dat hier die tydvak begin van spesialisering; en ook vir die middelbare skool word dit algemeen beskou as die tyd wanneer op 'n enger veld as vroeër opvoedkundig ge-arbei moet word; m.a.w. gespesialiseer moet word in sekere algemene rigtinge in ooreenstemming met die eintlike wese en toekoms van die leerling. Hierdie praktyk is volkome in ooreenstemming met die psigologie van die adolesente jare waaruit blyk dat die kind se selfstandigheidsgevoel, sy waardebewussyn, sy behoefte om sig te laat geld, sy drang tot dade en onderneminge, sy ryke gevoelslewe, die integrasie van sy persoonlikheid en die vermoë om krities teenoor sigself te staan, sterk tevoorskyn tree en in die nouste verband staan met spesialisering[2].

1. Sien tabel XIV, bl. 135.

2. G. Kerschensteiner: Berufserziehung in Jugendalter in A. Kühne: Handbuch für das Berufs- und Tachschulwesen. Vgl. E. Spranger: Psychologie des Jugendalters.
W. Stern: Grundlinien des Jugendlichen Seelenlebens in H. Küsters: Erziehungsprobleme der Reifezeit. C. S. Read: Struggles of Male Adolescence.

Op die sogenaamde matriek-hoërskool, wat nog geen direkte beroepsonderwys verskaf nie, is die tyd aangebreek vir differensiasie, wat beteken dat die kinders in die rigting van sekere beroepe gestuur word terwyl van ander rigtinge noodwendig weggestuur word. Wil hierdie tipe van skool sy behoorlike funksie verrig, dan moet hy ook die nodige kontak hou met die beroepe en groepe van beroepe waarvoor sy leerlinge in aanmerking kom wanneer die kursus deurloop is of waarvoor die leerlinge verdere opleiding gaan kry aan die universiteit. Aangesien hierdie leerlinge, seuns sowel as dogters, vir die allergrootste deel opleiding wens in die rigting van die professies en die hoër klerikale beroepe[1], moet hierdie skool die nodige differensiasie verskaf in hierdie vele rigtings, m.a.w. hy moet 'n groot keuse aanbied in ooreenstemming met die groot aantal beroepe. Ook hier mag, met die oog op die vrye ontplooiing van die besondere indiwidualiteit van die kind geen beperkinge in die weg gelê word van sy natuurlike beroepsontwikkeling en beroepskeuse. Om hierdie vrye en ruime ontwikkeling en keuse moontlik te maak is dit nodig dat die hoërskool beskik oor so 'n veelsydig moontlike opvoedingspersoneel. Dit is hoogstwyfelagtig of die nuwe reorganisasie van stawwe aan Transvaalse hoërskole hieraan voldoen aangesien die aantal staflede berus op die aantal leerlinge[2] bv.

| Leerkragte. | Leerlinge. |
|---|---|
| 5 | 100 |
| 6 | 122 |
| 6 | 122 |
| 7 | 145 |
| 8 | 169 |
| 9 | 194 |
| 10 | 220 |
| 11 | 247 |
| 12 | 274 |
| 13 | 302 ens. |

Vergelyk hiermee die stafvoorsiening in die Vrystaat, soos voorgestel in 1928[3].

Gemiddelde
Skoolbesoek

| Leerlinge. | Staf. |
|---|---|
| 24 of minder | 1 |
| 25—49 | 2 |
| 50—79 | 3 |

1. Sien Hfe. III en IV vir beroepskeuse van hoërskoolleerlinge. Vgl. ook gegewens deur Dr. E. G. Malherbe opgestel bo Hf. VI, bl. 138.
2. Departementele Omsendbrief Feb. 1932.
3. Rapport van die Dept. v. Ond. (O.V.) 1927, bl. 27. Aan hierdie voorsiening word egter nie meer vasgehou in alle gevalle nie. Op Parys se Middelbare skool was daar bv. in 1932 166 leerlinge verdeel in 4 standerds (vyf groepe) vir 9 onderwysers; die aantal vakke vir Matriek geneem was 9. (Meedeling deur die Prinsipaal).

| | |
|---|---|
| 80—120 | 4 |
| 121—155 | 5 |
| 156—190 | 6 |
| 191—225 | 7 |
| 226—260 | 8 |
| 261—295 | 9 |
| 296—330 | 10 |
| 331—365 | 11 |
| 336—400 | 12 |

Nie alleen word hier geen melding gemaak van en rekening gehou met die indiwiduele en gedifferensieerde belange van die kinders nie, maar dis ook 'n stilswyende erkenning van die reg van bestaan van heel kleine hoërskole, bv. met 100 leerlinge. 'n Klein staf moet noodwendig 'n klein keuse van vakke aanbied en gevolglik is die dwang soveel groter om juis sekere vakke te bestudeer in plaas van andere. Volgens gegewens deur Dr. E. G. Malherbe[1] versamel word oor die algemeen die volgende vakke gekies: Engels, Afrikaans, Matesis, Duits of Latyn, Geskiedenis, Skeikunde of Natuur- en Skeikunde. As gelet word op die groot eliminasie[2] van kinders gedurende die hoërskooljare is dit gevaarlik vir 'n klein skool om in die onderste klasse, waar daar gewoonlik 'n verdubbeling van groepe voorkom, sy keuse te verdubbel of in elk geval te vermeerder, aangesien die klas so uitgedun mag wees wanneer hy by die laaste jaar kom, dat daar nouliks genoeg leerlinge is vir een onderwyser. Hieronder val bv. die sogenaamde B. Hoërskole van die Transvaal waar in die hoogste klas dikwels nog geen 20 leerlinge sit nie, terwyl die totaal in sommige van hierdie skole loop tot 120[3]. In 1930 was daar 17 hoërskole uit 'n totaal van 41 hoërskole met minder as 200 leerlinge[4]. Natuurlik kan verwag word dat met 'n beter seleksie van leerlinge en 'n beter opvoedkundige en beroepsvoorligting hierdie eliminasie behoort af te neem, waardeur die distribusie van staflede vereenvoudig en die keuse van vakke kan vermeerder word. Dit neem egter nie weg nie dat 'n sekere mate van eliminasie nog sal bly bestaan en dat die aantal vakke wat deur 'n skool sal aangebied word deur die aantal groepe in die hoogste klas en deur die aantal onderwysers beskikbaar geinfluenseer sal word. Natuurlik sal by die aanbieding van alternatiewe kursusse altyd rekening gehou moet word met ekonomiese faktore; maar dit is daarom dan ook duidelik dat die kleiner skool ekonomies en opvoedkundig, veral van die oogpunt van voorbereiding vir 'n beroepskeuse, agter staan by die groter skool.

1. Sien die reeks van artikels in die Augustus 1932 uitgawes van die Vaderland deur Dr. S. F. N. Gie, oor: Ons Middelbare Leerplanne. Dr. Gie pleit hier tewens vir uitbreiding van ses verpligte vakke tot agt.
2. Sien Hf. III.
3. Verslag van die Dept. van Onderwys, Tvl., 1930, bl. 136.
4. Verslag van die Dept. van Onderwys, Tvl., 1930, bl. 136.

Eintlik behoort die hoërskool kursus so ruim geleentheid te bied vir differensiasie dat elke kursus minstens een alternatief het, om sodoende nie alle leerlinge in een en dieselfde rigting te forseer nie.

Vir die Junior Hoërskool werd hierbo 12 kursusse aanbeveel. Is hierdie vakke gevolg geword tot die end van die 9de jaar dan kan redelikerwyse verwag word dat daar kinders sal wees wat hulle ook verder sal wil voortsit. Met die oog op die bestaande keuse vir die eind middelbare skoolsertifikaat verval van hierdie 12 kursusse Bybelse Geskiedenis, aangesien dit geen eksamenvak is nie; Higiëne smelt saam met Huishoudkunde; Biologie vertak in gemengde skole volgens gewoonte in minstens twee wetenskaplike vakke nl. Plantkunde vir die dogters en 'n ander natuurwetenskap vir die seuns. Met die oog op die bestaande regulasies insake tale, nl. dat 'n derde taal nog soms verpligtend is, maar veral met die ook op 'n vrye en nie te enge taalkundige ontwikkeling vir almal op die hoërskool en universiteit, behoort voorsiening gemaak te word vir die keuse van minstens twee ekstra tale behalwe die twee offisiële landstale. Hierdie argument word nog versterk deur die behoefte wat gevoel word vir die studie van 'n inboorling-taal op die hoërskool[1]. Al hierdie omstandighede in aanmerking geneem sal die minimum van wenslike hoërskool-vakke op 13 gebring word. Vir 'n sesjarige kursus soos hierbo beskryf en bepleit, en met inagneming van die wenslikheid om die leerlinge se ontwikkeling en elke vak dwarsdeur die kursus sover moontlik deur dieselfde onderwyser te laat volg, sal vir die vakke behalwe die twee ekstra tale 11 onderwysers nodig wees. Die twee ekstra tale, versprei oor drie jaar elk, vorm ook 'n sesjarige kursus saam, m.a.w. een ekstra onderwyser is nodig; tesaam dus 12 onderwysers. Volgens bestaande regulasies in die Transvaal sal hiervoor 274 leerlinge nodig wees. Maar soos reeds gesê, hierdie toekenning van staflede neem geen genoegsame rekening met differensiasie en grootte van klasse, d.w.s. die noodsaaklikheid om groepe-verdeling te maak, twee faktore wat op 'n middelbare skool onmoontlik buite rekening kan gelaat word. Word dus al hierdie faktore in ag geneem, nl. voldoende differensiasie van vakke, aantal groepe en grootte van groepe en die wenslikheid van definitiewe beroepsvoorligting deur een of meer staflede[2], sal hierdie aantal leerlinge per hoërskool waarskynlik nog moet verlaag word tot ergens in die buurt van 250. Dit wil dus voorkom of 'n hoërskool om enigermate voldoende voorsiening te maak vir 'n behoorlike keuse van vakke en dus ewentuele beroepskeuse ongeveer 250 leerlinge moet hê met 'n normale verdeling van leerlinge in klasse en 'n staf van minstens

1. Sien bv. beskrywingspunte vir T.O. Kongres, Kristelike Skoolblad, Februarie 1932, bl. 57.
2. Sien Hf. VIII.

12 onderwysers. Hoe groter die skool, hoe groter die staf en gevolglik hoe groter die moontlike differensiasie. Behalwe die ander algemene opvoedkundige voordele deur groot hoërskole aangebied is hulle dus ook uit die oogpunt van die kind se beroepskeuse beter as die kleintjies.

By hoërskool-opvoeding is die beginsel van differensiasie een van die mees fundamentele. Waar gedurende die jare 15—18 dit 'n periode is van spesialisasie groteliks in ooreenstemming met die kind se beroepstemming of met die oog op die innerlike bevrediging wat hy vind in studies om in sy vry tyd as siele-voedsel vir hom te dien, daar moet sy keuse van vakke nie aan bande gelê word nie, met die een uitsondering dat elke leerling verplig word om minstens sy moedertaal te kies, die taalmiddel waarvan hy hom in sy ganse lewe en dus ook in sy beroep moet bedien.

Deur die Laerskool en Junior-Hoërskool is 'n breë basis gelê vir 'n algemene oriëntering in maatskaplike pligte en funksies. In die Hoërskool kom dit nou meer aan op 'n beroepsoriëntering en origens op 'n bevrediging van innerlike sielsbehoeftes gedurende vry periodes in sover as daar geen voldoening aan gegee word deur die lewensberoep nie. Vir beide doeleindes is dit nodig dat meer as ooit rekening gehou word met die innerlike wese van die opvoedeling en dat dus die beginsel van vrye keuse baie sterk gehandhaaf word.

'n Aantal van hierdie leerlinge is potensiële universiteits-studente. Die studie aan die universiteit is nog meer gespesifiseerd as die aan die hoërskool. Wil 'n leerling dus sy weg oop hou na die universiteit dan moet hy sy keuse met die oog daarop doen, wat dit noodsaaklik maak dat hy sy vakke so kies dat hy in minstens een rigting op die universiteit verder kan studeer. Hy sal dus min of meer gebonde wees aan 'n bepaalde groep van vakke, bv. tale, natuurwetenskappe, natuurwetenskappe en matesis, sosiale wetenskappe, kunste. Vir die leerlinge van wie dit geheel en al seker is dat hulle nie na die universiteit gaan nie, behoef hierdie voorwaarde natuurlik nie te geld nie. Dit sal egter meestal raadsaam wees om hierdie weg oop te hou, aangesien die latere ontwikkeling van die leerling, verandering van sy planne of van ekonomiese omstandighede dit mag vereis.

Met die instelling van die nuwe Nasionale Senior Sertifikaat het dit moontlik geword om ook 'n kommersiële of tegniese rigting op die beroepskool te volg wat die weg open na die universiteit[1]. Die volgende vakke is goedgekeur:

I. Ampstaal.

II. Een van die volgende: Tweede ampstaal, Duits, Frans.

1. Sien "Die Burger", 29 Januarie, 1932.

III. Een van die volgende: Wiskunde, Natuurkunde, Natuurleer, Aardkunde.

IV. Een vak uit groep II wat nog nie geneem is nie, of Wiskunde indien nie reeds onder III geneem nie.

V en VI. Enige twee van die volgende vakke wat nog nie geneem is nie:

1. Rekenkunde (nie saam met 2 nie).
2. Rekenkunde en Handelsrekenkunde.
3. Handel.
4. Handelsreg.
5. Ekonomie.
6. Aardrykskunde.
7. Geskiedenis.
8. Wiskunde.
9. Natuurleer (nie saam met 10).
10. Natuurkunde.
11. Aardkunde.
12. Fisiologie en Gesondheidsleer.
13. Werktuigkunde.
14. Boukunde en Tekening.
15. Elektrotegniek.
16. Stoomwerktuigkunde.
17. Werktuigkunde en Tekening.
18. Mynkunde.
19. Landmeetkunde.

As ons hierdie leerplan vergelyk met die vir die hoërskool blyk dit dat omtrent die helfte van die vakke ooreenkom met die vir die gewone Matrikulasie; m.a.w. dit mag moontlik gevind word om met die vermeerdering van een of twee onderwysers by die gewone hoërskool ook opleiding te verskaf vir hierdie Senior Sertifikaat. Dit sou dan veral geld vir die platteland se hoërskole waar daar geen beroepskole naasaan bestaan nie. Die plattelandse hoërskool sou dus in sekere mate 'n "omnibus"-hoërskool kan word[1].

Beide die hierbo genoemde inrigtinge vir middelbare onderwys moet volledige informasie kan verskaf omtrent die universiteite en kolleges wat by hulle aansluit; dit geld veral wat betref moontlikhede van studie-inrigtinge, die duur en koste naastenby van die verskillende kursusse. Daar die aantal beroepe waaruit middelbare-skoolkinders kan kies nou veel beperkter is as by die end van die Junior-hoërskoolkursus, kan veel meer gekonsentreer word op die soort beroepsinformasie wat vir hierdie kinders in aanmerking kom; en daar die leerlinge 'n hoër ontwikkelingsstadium bereik het, kan hulle met raadpleging van die onderwysers veel meer selfstandig kennis maak met 'n aantal beroepe. Onafhanklike boek-studie, besprekinge met die werkgewers en beroepsverteenwoordigers is middels waarvan nou 'n veel uitgebreider gebruik kan gemaak word.

1. Vgl. F. M. Earle: A Scottish Non-selective Post-Primary School in International Education Review 1932-1933, bl. 72. Vgl. die Tweede Rapport van die Komm. op die Administrasie pan Onderwys, 1923, bl. 17 en 54.

## Paragraaf 4. Die Beroepskool.

Onder ideale omstandighede behoort alle leerlinge hul beroepe klaar gekies het as hulle op die beroepskool kom. Hoe minder beroepsvoorligting daar egter voor die oorgang tot die beroepskool gegee geword is, hoe minder sal hierdie ideaal bereik wees, veral vir die kinders tussen 12 en 15 jaar wat nie na die beroepskool oorgeplaas is weëns die bo aangetoonde bykomstige omstandighede[1]. Ofskoon daar 'n aantal gestandardiseerde beroepstoetse opgestel is, het geblyk dat daar nog geen gebruik van gemaak word nie[2]. Gebruik van hierdie toetse behoort egter moontlik te wees, hetsy deur 'n daartoe aangewese deskundige hetsy na deeglike opleiding deur die prinsipaal of 'n staflid.

Veral omdat die gewenste beroepsvoorligting nog nie verskaf word nie, beroepstoetse vir al die beroepe nog nie gestandardiseer is nie, en ook nog nie op breë skaal toegepas word nie, behoort 'n proeftyd in verskillende beroepe in stand gehou te word. Aangesien die beroepe nou veel minder in aantal is om uit te kies en hulle baie keer nou verwant is aan mekaar, is die keuse natuurlik ontsaglik vereenvoudig. Daaglikse beoordeling van die leerling se werk op 'n bepaalde afgebakende gebied deur 'n deskundige vergemaklik die beroepsadvisering aanmerklik. Inisiatief en selfstandige produktiewe arbeid aan die kant van die leerling sal hier betekenisvolle vingerwysinge wees.

Van die oogpunt van beroepskennis en 'n beroepsetiese vorming, is die beroepskool ook in 'n besonder gunstige posisie geplaas, daar met die bestudering van bepaalde beroepe op definitiewe doeleindes afgestuur word. Uiters noodsaaklik is dit dan ook dat kennismaking met die beroepe nie beperk bly tot werkplaas-onderrig en ervaring nie, maar dat die leerlinge vertroud sal raak met die beroepe in hul lewende, werklike, sosiale verband. Het 'n leerling eenmaal sy beroep klaar gekies dan kan hy voortdurend in die nouste kontak gebring word met persone wat die beroep uitoefen en so is dit vir hom moontlik om 'n breedvoerige, hoofsaaklik selfstandige studie te maak van allerlei kondisies en vereistes waaraan hy sig in sy lewenswerk sal moet aanpas. Origens beskik die beroepskool oor al die reeds beskrewe middele[3] om die leerlinge se beroepskennis te verruim en hul beroepsetiese insig te verdiep[4].

1. Sien Hf. III.
2. Sien Hf. III.
3. Sien Hf. IV, bl. 1—29.
4. Oor die noodsaaklikheid en metodes van voorligting op die beroepskool, sien:
H. C. Link: Education and Industry, Hf. VII.
F. J. Allen: Principles and Problems of Vocational Guidance, Hf. XXI.

## HOOFSTUK VII.

# VOORLIGTING EN PLASING DEUR JEUGRADE.

### Paragraaf 1.—Oprigting van Rade[1].

Die plasing van jeugdiges in hul werk is offisieël toevertrou aan die jeugrade. Hierdie rade het as vrywillige adviserende liggame gefungeer reeds sedert 1915, in die vernaamste bevolkingssentra, soos Johannesburg, Kaapstad, Pretoria, ens. onder beskerming van die Departement van Mynwese en Industrieë; behalwe in Pietermaritzburg waar in 1918 'n raad opgerig werd deur die provinsiale Uitvoerende Komitee onder die jurisdiksie van die Onderwys Departement. Hulle was die resultaat van 'n spontane beweging onder die mense in die groot sentra van die Unie om 'n beter organisasie en kontrole te kry oor die jeug gedurende die eerste jare na hul skoolverlating. Die besef het deurgedring hoe uiters belangrik dit is vir die toekoms van Suidafrika, om die blanke beskawing te handhaaf op die grondslag van bekwaamheid, bruikbaarheid en karakter; daarom moes gedurende die paar allergewigtigste jare na die skool-lewe die belange van die jeug beskerm en gelei word op 'n sistematiese en behoorlik georganiseerde manier"[2]. Die taak van die rade om te waak oor die arbeidsbelange van die blanke jeug het dan ook van die staanspoor sterke protes uitgelok teen die voorstel om Europeane in die Goewermentse loopjonge-diens te vervang deur gekleurdes[3]. Om hierdie rede het die Rade steeds 'n lewendige belangstelling getoon in die ontwikkeling van industrieë waardeur die arbeidsbekwame jeug van die land kon geabsorbeer word[4]. Te Kaapstad en Kimberley bestaan aparte rade—sonder wetlike status egter—om dieselfde belange te behartig ten opsigte van kleurlinge; geen rade is opgerig in belang van naturelle nie.

Hierdie beweging het belangstelling gewek en ondersteuning gevind by sosiale werkers, opvoedkundiges, werkverskaffers, leiers van arbeiders-organisasies en almal het saamgewerk om die sisteem van die Jeugrade te ontwikkel. Die Rade se vrywillige aktiwiteit het gelei

1. Sien Jaarropporte 1918 en 1919. Ook o/siële jaarboek Unie van S.A. 1921.

2. Abridged Annual Report of the Juvenile Advisory Board 1920, bl. 1; vgl. Rapport van die Onder-sekretaris van Onderwys oor Kindersorg 1918, bl. 92, vgl. "The Star" 16 Feb., 1933.

3. Rapport oor die Jeugadviserende Rade 1921, bl. 15. Vgl. Rapport oor die Jeugadviserende Rade 1922, bl. 5 en 8.

4. Sien jaarverslae van die konferensies van die Jeugrade in 1924 en 1925, vgl. Maatskaplike en Nywerheidsblad Feb. 1926, bl. 169. Maatskaplike en Nywerheidsblad Julie 1926, bl. 552, en Maatskaplike en Nywerheidsblad Julie, 1927, bl. 57. Vgl. ook die konstitusie van die Vrystaatse Jeugraad.

tot 'n Konferensie te Kaapstad in Julie, 1920, van bestaande Jeugrade waarvan daar toe elf was. Verteenwoordigers werd gestuur deur al die Rade, deur die Unie-Departement van Onderwys en die Departemente van Mynwese en Industrieë en die vier provinsiale Departemente van Onderwys. Die besproke onderwerpe gee 'n idee van die Rade se werksaamhede en rigtinge van belangstelling: Beleid, wetlike erkenning van die organisasie; die verantwoordelike departement; samewerking van die Onderwys Departemente, jeugdige misdadigheid, vakleerlingskap, samestelling van die rade, oprigting van plattelandse distriksrade, organisasie van werkverskaffing aan jeugdiges; stafvoorsiening, welvaartwerk en die behoefte aan 'n nasorg-sisteem, die goewermentse loopjonge-diens, herberg vir werkende seuns en dogters, voortsettingskole, spoorweg-konsessies vir jong werkers, en die behoefte aan uitbreiding van industrieë. Die belangrikste resultaat van die konferensie was die aanvaarding deur die Minister van die beginsel van wetlike erkenning van die Rade[1]. 'n Ontwerpwet werd voorberei vir indiening by die parlement waardeur die Rade sou instaat gestel word om 'n effektiewe sisteem in werking te bring wat sig ten doel sou stel om te voorkom dat daar verdere verspilling plaasvind van die werkkragte van jeugdiges gedurende die adolesente periode. Hierdie wet is deur die Parlement aangeneem in 1921 en is bekend as die Jeugdige Personewet, No. 33, 1921, en het ten doel om: „Voorziening te maken voor de oprichting van raden om aangelegenheden betreffende de dienst, opleiding, het welzyn van en het toezicht over jeugdige personen te behandelen en voor het verstrekken van zekere inlichtingen aan die raden."

Die vernaamste bepalinge om uitvoering te gee aan die wet is die volgende: Artikel I (2) „De leden van elke zodanige raad worden door de Minister benoemd. Onder de aldus te benoemen leden moeten personen zyn, die de werkgevers verteenwoordigen die zaken doen in het gebied waarvoor de raad opgericht wordt, en personen die de werknemers vertegenwoordigen die in dat gebied in dienst zyn; en by het doen van zulk een benoeming moet de Minister letten op de verschillende aanbevelingen van de organisaties of verenigingen van werkgevers en werknemers (naar het geval moge zyn) in het genoemde gebied. De vertegenwoordigers moeten zo na mogelyk gelyk zyn in getal. Onder de leden van elke zodanige raad moeten ook personen zyn die biezondere kennis van of ervaring in onderwyszaken en maatschappelyke toestanden bezitten."

Artikel 3: „Het hoofd van elke school welke gelegen is in een gebied waarvoor een raad bestaat is verplicht om, binnen een maand na de aanvang van elke termyn van de school, in een by regulatie

1. Jaarrapport 1920, bl. 2.

bepaalde vorm aan de raad schriftelik te doen toekomen biezonderheden aangaande de naam, het adres en de leeftyd van elke leerling, die in de boeken van de school opgenomen is en die

a. voor de aanvang van de volgende termyn de leeftyd bereiken zal waarop hy niet langer by de wet verplicht wordt om de school by te wonen; of

b. kandidaat is voor een eksamen, het slagen waarin hetzelfde gevolg heeft als het bereiken van die leeftyd; of

c. na voltooiing van een onderwyskursus op een school die verder gaat dan waartoe de wet hem verplicht, kennis gegeven heeft van zyn voornemen om de school te verlaten; of

d. niet vallende onder paragrafen (a), (b), of (c), niet naar school teruggekeerd is.

Artikel 4. Elke persoon, die (hetzy al dan niet tegen vergoeding) vanaf en na de invoering van deze Wet een jeugdige persoon in een beroep in dienst neemt in een gebied binnen het rechtsgebied van een raad is verplicht om onverwyld aan de raad te doen toekomen biezonderheden aangaande dat feit en de naam, leeftyd en het adres van de jeugdige persoon en aangaande zyn eigen naam, adres en bezigheid, beroep of bedryf, en , zo de raad het verlangt, ook schriftelik, in de by regulaties bepaalde vorm, te doen toekomen biezonderheden aangaande de aard van het bedryf waarby de jeugdige persoon gebezigd wordt, zyn mate van schoolvordering en de voortzettingsklassen welke hy volgt. Iedere persoon is voorts verplicht om, wanneer de jeugdige persoon uit zyn dienst treedt, aan de raad daarvan kennis te geven onmiddellik nadat hy uit de dienst getreden is."

'n Jeugdige persoon is iemand onder 18 jaar en wat onderworpe was aan wette betreffende verpligte onderwys; m.a.w. hy moet 'n blanke wees. Oortreding van die wet kan gestraf word met hoogstens £10.

Gedurende die loop van 1922 werd Jeugrade met offisiële en wetlike status opgerig in die vernaamste bevolkingssentra. Aan die end van 1931 bestaan daar rade te Pretoria, Johannesburg, Bloemfontein, Kaapstad, Port Elizabeth, Oost Londen, Grahamstad, Kimberley, Pietermaritzburg en Durban. Jeugkomitees, d.w.s. liggame wat nagenoeg dieselfde werk doen maar geen wetlike status besit nie, bestaan te Potchefstroom, Kingwilliamstown en Lichtenburg.

Elke Raad funksioneer slegs binne die bepaalde lokale gebied soos per wet geproklameer.

## Paragraaf 2.—Werksaamhede van die Jeugrade.

Op grond van die jaarrapporte en ander publikasies kom die werksaamhede van die Jeugrade dus neer op die volgende: (a) Registrasie van werkende en werkelose jeugdiges wat nie meer onderhewig is aan verpligte skoolbesoek nie en onder 18 jaar is; (b) plasing in geskikte werk van werksoekendes; (c) verdere opleiding, hetsy deur voortsettingsklasse aan aand- en tegniese skole, hetsy van vakleerlinge onder beskerming van die vakleerlingskapwet; (d) toesig hou oor werkende jeugdiges ten einde te waak oor hul algemene welsyn.

### a.—Registrasie.

'n Poging word gemaak om al die skoolverlatende jeug op die registers van die rade geplaas te kry om daardeur te kan vasstel hoe groot die aantal is wat nie langer skool wil en hoef te gaan nie en waarvan die allermeeste hulle waarskynlik óf sal aanmeld vir werk óf self sal probeer werk vind. Behalwe dat registrasie kan plaasvind deur die prinsipale van skole op die gestandaardiseerde rekordkaarte met besonderhede aangaande die kind se vooruitgang in skool, algemene bekwaamhede, ouderdom, ens.[1] en deur die werkgewers by indiensname en ontslag, kan die Jeugrade werksoekers registreer afkomstig buite geproklameerde gebiede. Die volgende tabel toon aan die werksaamhede van die rade oor 'n aantal jare[2] i.v.m. registrasie en plasing.

TABEL XV.

WERKSAAMHEDE VAN JEUGRADE: 1922 TOT DESEMBER 1931.

| Tydperk. | Aansoek om werk. | | | Geplaas deur Rade | | | Werk gevind of opgegee as werkende | | | Totaal werk verskaf |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Seuns. | Meisies. | Totaal | Seuns. | Meisies. | Totaal | Seuns. | Meisies. | Totaal | |
| 1922 | — | — | — | — | — | 80 | — | — | 2858 | 3738 |
| 1923 | — | — | — | — | — | 1217 | — | — | 4058 | 5275 |
| 1924 | — | — | — | 1103 | 539 | 1642 | 3526 | 1969 | 5495 | 7137 |
| 1925 | — | — | — | 1986 | 833 | 2819 | 4631 | 2284 | 6915 | 9734 |
| 1926 | 5302 | 3641 | 8943 | 2393 | 1047 | 3440 | 4019 | 2442 | 6461 | 9901 |
| 1927 | 6546 | 3779 | 10325 | 2883 | 1343 | 4226 | 3455 | 2040 | 5495 | 9721 |
| 1928 | 6644 | 3882 | 10526 | 3043 | 1315 | 4358 | 3788 | 2501 | 6289 | 10647 |
| 1929 | 6133 | 4231 | 10364 | 3036 | 1589 | 4625 | 2456 | 1929 | 4385 | 9010 |
| 1930 | 6111 | 4139 | 10250 | 2709 | 1650 | 4359 | 1614 | 1251 | 2865 | 7224 |
| 1931 | 5542 | 4139 | 9681 | 2055 | 1442 | 3497 | 1346 | 976 | 2322 | 5819 |

Die Rade het hulle daarop toegelê om hierdie registrasie so volledig moontlik te maak omdat gevoel werd dat alle wetgewing en administrasie insake jeugdiges 'n onsekere basis moes hê solank 'n

1. Sien Hf. III vir die Rekordkaart.
2. Offisiële Jaarboek van die Unie van S.A. 1930—1931, bl. 173.
3. Jaarraport oor Jeugrade.

komplete opname nie gemaak is nie en middele gevind is om dit tot op datum by te hou. Daarvoor was nodig 'n nog nouer samewerking met opvoedkundige outoriteite en industriële liggame. Hierdie samewerking het met die jare ook steeds verbeter, veral omdat die Rade verkies het om op 'n vriendskaplike basis saam te werk i.p.v. hul toevlug te neem tot die wet[1]. Dit neem egter nie weg dat na invoering van die wet in 1921 nog soms gevind werd dat sommige werkgewers versuim om Jeugrade kennis te gee van indiensname van jongmense selfs na herhaalde waarskuwinge; sulke gevalle het soms aanleiding gegee tot wetlike vervolging[2]. Op herhaalde aandringe van die Jeugrade werd langsamerhand die skool-rekord-kaart-sisteem al meer en meer in die skool ingevoer. In die Transvaal, Oranje Vrystaat en Natal word hierdie sisteem tans oor die hele provinsie gevolg terwyl dit in die Kaap slegs toegepas word in die Jeugraad-areas[3]. Om registrasie so vroeg moontlik te verkry het die gebruik ontstaan om die kinders voor hul skoolverlating by die skole te gaan toespreek oor die vraagstuk van hul loopbaan. Hierdie propaganda-werk word nie alleen gedaan deur die amptenare nie, maar ook deur die Jeugrade-lede. Besoeke aan skole word inderdaad as 'n essensiële deel van die Rade se propaganda-werk beskou[4]. Sulke praatjies het dan allerlei algemene raadgewinge bevat wat eintlik die skool se taak was. As voorbeeld van sulke propaganda-werk vir registrasie en tewens van algemene raadgewing dien die volgende:

„WENKE AAN SEUNS WAT DIE SKOOL VERLAAT.

1. Oorweeg waar jy die meeste aanleg vir het; raadpleeg jou ouers, jou onderwyser en die Sekretaris van die Raad vir die Jeug.

2. Dink aan jou toekoms. Bekommer jou nie te veel daaroor wat jou loon in die begin is nie, maar sien toe, dat jy 'n deeglike opleiding kry vir jou toekomstige loopbaan.

3. As jy van handewerk hou, leer dan 'n ambag, maar voor jy kies, moet jy vertroubare inligtings kry oor die toekomstige vooruitsigte.

4. As besigheid jou meer aantrek, onthou dan dat daar baie goeie kanse vir werk in die handel is, maar onthou ook, dat om sukses daarin te behaal, 'n volledige opleidingskursus nodig is.

1. Jaarrapporte oor Jeugrade.
2. Maandblad vir Sos. en Bedryfsaangeleenthede Aug. 1929, bl. 728.
3. Maandblad vir sosiale en Bedryfsaangeleenthede Nov. 1929, bl.. 1026. Vgl Memorandum oor Statistieke van Jeugdiges, byvoegsel by Notule van Konferensie van Jeugrade, 1925.
4. Sien die Maatskaplike Nywerheidsblad, Mei 1928, bl. 321.

5. Behalwe al die kanse vir werk in industrie en handel, is daar nog die professionele en half-professionele loopbane; onderwys, geneeskunde, aptekerswerk, skeikunde, wetskennis, delfstofkunde, mynwerk, ingenieur, boekhou, sivilie diens, ens. Vir al hierdie loopbane is opleiding aan een of ander hoërskool of 'n uniwersiteit nodig.

6. Moenie die skool verlaat net omdat jy Standerd VI passeer het nie; maar as jy dit moet doen, onderhou dan wat jy geleer het deur na voortsettingsklasse te gaan, anders sal jy gou 'n groot deel daarvan vergeet.

7. Onthou dat jy in die voortsettingsklasse onderwys kan ontvang in algemene, tegniese en kommersiële vakke, en jy moet probeer om in al daardie onderwerpe die matrikulasie-standerd te bereik.

8. As die werk wat jy aangevang het jou miskien nie geval, gee dit darem nie op nie, maar raadpleeg die Sekretaris van die Raad vir die Jeug, wat jou graag sal help om jou volgende posisie met meer sorgvuldigheid te kies.

9. Die Raad vir die Jeug bestuur 'n „Buro vir Opvoedkundige Inligtings en Werkverskaffing." Heeltemal kosteloos kan jy daar goeie raad en inligtings kry met betrekking tot geskikte beroepe en verder onderwys, sowel as hulp om werk te kry in watter beroep jy ook al kies.

10. Die adres van die Raad is 149 Kochstraat, Pretoria. Posbus 393. Telefoon 691."

## b.—Plasing.

Hoewel die Rade verantwoordelik was vir die plasing van jongmense in bestaande vakatures, het hulle hul nie slegs daarby beperk nie, maar het hulle hul ook daarop toegelê om te probeer werk skep. d.w.s. werkgewers beweeg om soveel moontlik werk te verskaf aan geskikte blanke jeugdiges in nuwe werkkringe. Hiervoor het die Rade hulle baie ekstra werk getroos, ofskoon dit nie eintlik 'n offisiële funksie van hulle was nie. Pogings werd aangewend om 'n groter arbeidsveld te kreëer vir blanke jongmense in die handel, die landbou, in huis en munisipaliteitsdiens en in hotels. Geskikte werkers moes egter dikwels eers opgelei word vir hierdie bedrywe en daarom het die Jeugrade stappe geneem, dikwels in samewerking met ander liggame om voorsiening te maak vir die nodige opleiding voor plasing kon geskied[1].

1. Sien jaarrapport oor Jeugrade vir 1922, bl. 5, ook offisiële Arbeidskoerant Mei, 1925, bl. 51; Aug. 1925, bl. 130; Sept. 1925, bl. 158; Jan. 1926, bl. 35, en Maart 1926, bl. 197.

Ook die Maatskaplike en Nywerheidsblad, April, 1927, bl. 349.

Reeds vroeg is die ondervinding opgedoen dat dikwels baie arbeid van die amptenare verspil werd, i.v.m. plasing tensy die ouers teenwoordig was by 'n beslissende onderhoud waar die kind se loopbaan bespreek werd. Uit hul eie vergesel ouers dikwels hul kinders na die Jeugraad-kantore vir advies of om 'n onderhoud te hê met moontlike werkgewers, hoewel die gewoonte geensins algemeen is. Ook na plasing word dit wenslik beskou om hierdie kontak met die ouers te bewaar teneinde hul simpatie en belangstelling gaande te hou.

Die ideaal deur die Rade gekoester is dat hul werkverskaffingburo's die enigste kanaal sal wees waardeur die jeug hul werk vind, te meer daar hulle daardeur beter in aanraking met hulle sal kan bly; aan die ander kant begeer hulle nie om inbreuk te maak op die funksies en voorregte van indiwiduele werkgewers nie, solank hulle maar die Rade kennis gee van hul eie keuse en aanstelling. Vele werkgewers, waaronder staatsdepartemente en munisipaliteite, besef dan ook dat die liggame hulle 'n groot diens bewys en dat sukses onbereikbaar is, sonder hul aktiewe medewerking. Deur middel van die plasing bly die Rade op hoogte met die verskillende soorte van werk waaraan die seuns en dogters sig wy en wat hulle die langste aan vashou. As hierdie taak op 'n uitgebreide skaal onderneem word, is dit moontlik om statistieke op te bou wat van veel waarde kan wees vir die hele studie van die arbeidsvraagstuk onder die jeug. Totnogtoe ontbreek sulke statistieke geheel en al.

By die plasing word soveel moontlik probeer om vir die kind werk te vind naby sy ouerlike woning, sodat hy onder sy ouers se kontrole en superwisie kan bly. Die onberekenbare waarde van hierdie invloed word deeglik besef en daarom word die gedragslyn gevolg dat elke distrik sover moontlik sy eie probleme van werkverskaffing aan die jeug moet oplos.

Plasing word nog dikwels verder bemoeilik deur die idee van sommiges dat sekere werk „kafferwerk" is, of selfs deurdat kinders nie werk wil aanvaar in die nabyheid van gekleurde vakleerlinge nie[1]. Buitendien is dit moeilik om vir sekere ander klasse van kinders werk te vind. Die volgende tipes het sig veral voorgedoen[2]:

1. Dies wat andersins bekwaam is maar skade gely het weëns slegte huislike omstandighede en gebrek aan opvoedkundige en sosiale geleenthede. Baie van hulle het slegs 'n begin en simpatieke leiding nodig.

1. Jaarrapport vir 1921, bl. 12. Ook Jaarrapport vir 1922, bl. 5. Offisiële Arbeidskoerant September 1925, bl. 157.
2. Die Maats. en Nywerheidsblad, Jan. 1926, bl. 36.

2. Geestelik bekwames, maar liggaamlik gebreklik. Hulle is moeilik om te plaas.

3. Liggaamlik bekwames maar verstandelik agterlik.

4. Dies wat slordig is en wie se voorkome 'n slegte indruk maak.

5. 'n Aantal wat mediese aandag nodig het bv. van die oë en tande.

6. 'n Aantal met morele en temperamentele swakhede waardeur hulle nie hul werk kan behou nie. Om te voorsien in die behoeftes van hierdie kategorie het byvoorbeeld die Witwatersrandse Sentrale Jeugraad 'n subkomitee aangestel van deskundiges om hierdie gevalle te ondersoek. Hierdie komitee het na bestudering van 'n aantal kinders die volgende belangrike rekommendasies gemaak[1]:

1. „Dat groter aandag behoort gegee te word aan ,probleem kinders' in die skole ten einde verbeteringe van fisiese, verstandelike en morele aard aan te bring deur die nodige mediese behandeling of spesiale opleiding.

2. Dat spesiale poginge aangewend behoort te word om voorsiening te maak vir die nodige opleiding van alle kinders met vertraagde opvoeding of moeilike temperamente deur spesiale klasse (soos reeds in Johannesburg opgerig is); sulke poginge behoort aangepak te word in die nouste moontlike konsultasie met die beamptes van die Jeugrade, met die oog op die ewentuele opname van hierdie jongmense in beroepe met so min moeilikheid as moontlik.

3. Dat al die produkte van hierdie spesiale klasse deur die Jeugrade in werk moet geplaas word, en onder hul supervisie en nasorg moet staan.

Dat dit skyn of daar 'n behoefte bestaan aan groter ko-ordinasie van die werksaamhede van skooldokter en Goewernementse psigiaters."

Verder werd aanbevelings gemaak omtrent die sertifikasie van swaksinnige kinders en hul opname in spesiale inrigtings en werd aangedring op die aanstelling van 'n komitee van eksperte om die hele vraagstuk van die swaksinnige kind te bestudeer. Op grond van die laaste aanbeveling werd vertoë gerig aan die Departement van Unie-Onderwys met die gevolg dat 'n inter-departementele komitee aangestel werd in November 1928, met die doel om die onderwys- en ander vraagstukke wat ontstaan deur verstandelik vertraagde, subnormale,

1. Die Maats. en Nywerheidsblad, Junie, 1928, bl. 5454, e.v. Januarie 1929, bl. 86.

swaksinnige en psigopatiese kinders en jongmense in die Unie te bestudeer. In Maart 1931 werd korteliks die bevindinge van hierdie komitee gepubliseer[1]. Met betrekking tot die werk waarvoor hierdie kinders nog in aanmerking kon kom wys die Komitee daarop „hoeveel moeiliker dit vir subnormale persone in Suid-Afrika is om 'n bestaan te maak uit die soort ongeskoolde werk wat in Europese lande tot hul beskikking is, dog waarvan hulle hier deur kompetisie van die kant van die naturel en kleurling uitgesluit word. Subnormale persone is nie geskik vir geskoolde vakke nie . . . . Dit kan moontlik wees dat 'n sekere aantal subnormale persone in halfgeskoolde werk van die hande-arbeid-soort, met laer vakleerlingsvereistes, opgeneem kan word. . . . . Die Komitee huldig die mening dat die eerste stap wat geneem moet word, die uitbreiding van die kanale van ongeskoolde werk vir blankes is, in die loop waarvan dit moontlik sal wees om 'n taamlike deel van die subnormale persone outomaties op te neem"[2]. Dat die vooruitsigte van hierdie klas kinders nie hopeloos is nie blyk hieruit dat die Sentrale Jeugraad van die Witwatersrand in 1929 daarin geslaag het om uit 37 ondersogte gevalle 22 in 'n geskikte werkkring te plaas; inderdaad het net 5 oorgebly aangesien 4 vertrek het en 6 teruggestuur is na skool.

Aangesien deur baie groot firmas in die land nog nie genoegsaam gebruik gemaak word van indiensneming deur middel van die Jeugrade nie, bly stelselmatige propagandawerk voortdurend noodsaaklik. Die vernaamste middele waarvan gebruik gemaak geword is, is: plakkate, pamflette, omsendbriewe, persartikels, bioskoopplaatjies, die draadloos en persoonlike besoeke. Intensiewe publisiteitsveldtogte word soms vir weke aaneen op tou gesit dikwels met goeie resultate.

Die praktyk het aan die amptenare van die Jeugrade telkens die noodsaaklikheid getoon om beroepstoetse toe te pas, hoewel nie een die nodige uitrusting daarvoor had nie. Die behoefte aan wetenskaplike metodes het veral duidelik geblyk in gevalle van jongmense wat meermale hul werk verander het, waarvan die oorsaak dikwels was dat hulle nie alleen geplaas was in ongeskikte werk nie, maar in werk wat nie na hul smaak was nie[3]. Daar werd dus poginge aangewend om gebruik te maak van empiriese en sodanige wetenskaplike toetse as wat nie veel en duur apparaat nodig het nie; eenvoudige beroepstoetse werd bv. gebruik by kandidate vir kleermakery, klerikale werk, en industriële werkers, met die gevolg dat werkgewers hul tevredenheid

1. Die Arbeidsblad, Maart 1931, bl. 49.
2. T.a.p., bl. 53.
3. Offisiële Arbeidskoerant,. Okt. 1925, bl. 197.

uitgespreek het oor die getoetste jongmense[1]. „Kennis, temperament, karakter, spesiale belangstelling en liefhebberye, sowel as die verstanlike en liggaamlike kondisies van die jeugdiges en hul huislike omstandighede werd in aanmerking geneem as geskikte werk vir elke seun en dogter gevind werd, en dit het invloed gehad op die raad wat gegee werd omtrent die keuse van 'n loopbaan"[2]. Daar werd geen beskrywing gegee van watter toetse almal gebruik werd nie, hoe hulle toegepas werd en wat presies die resultate was nie. Hierdie proewe dien in elk geval as bewys daarvoor dat in die rigting van wetenskaplike metodes gedink en gestuur werd[3].

## c.—Opleiding.

Die taak van die Rade met betrekking tot opleiding bestaan veral daarin dat hulle moet sorg dra vir die opleiding van vakleerlinge vir die industrieë onder die Vakleerlingskapwet No. 26, van 1922: „Wet tot regeling van het leerlingschap, en van de navolging van leerlingskontrakten, in zekere bedryven; om te voorzien in de instelling, bevoegdheden en funkties van het komitee om zodanige onderwerpen te regelen; om voorziening te maken voor onderwerpen betrekking hebbende op de opleiding van leerlingen en betreffende andere onderwerpen in verband met leerlingskontrakten." Inderdaad is dit veral aan hul bemoeiinge toe te skryf dat die wet ingevoer geword is. Reeds sedert 1918[4] het die Rade besonder aandag bestee aan die vakleerling-vraagstuk, menende dat dit moontlik sou wees om 'n meer bepaalde kontrakstelsel in te voer vir baie soorte arbeid, veral vir ambagte, sodat die jongmense daar definitief opleiding voor kan kry. Daar werd gewys op die opvoedende waarde van leerlingkontrakte en onder leiding van die Jeugrade is 'n aantal konferensies oor die vraagstuk gehou. Die houding wat die Rade ingeneem het was dat vakleerlingskap en opleiding vir werk in die industrieë 'n essensiële deel was van die onderwyssisteem en dat daar staatskontrole oor moes wees, veral met die oog op die opleiding van die jeug van Suid-Afrika in geskoolde ambagte i.p.v. te reken op die invoer van goed-onderlegde, vakkundige ambags manne. Voor die invoering van hierdie wet werd leerlingdiens in die Kaap, Natal en Transvaal gewettig kragtens die Meester- en Diensbode Wette, waarvolgens vakleerlinge ingeboek kon word onder private kontrak, vir albei partye bindend. Daar het egter behoefte begin ontstaan aan 'n wetlik ontworpe stelsel, waarby jongmense kon opgelei word tot ambagsmanne.

1. Die Maats. en Nywerheidsblad, Nov. 1927, bl. 438.
2. Die Maats. en Nywerseidsblad, April 1928, bl. 273.
3. Vgl. Die Arbeidsblad, Des. 1930, bl. 33.
4. Jaarrapport oor Jeugrade 1920, bl. 3. Vgl. Tweede Rapport van die Kommissie op die Administrasie van Onderwys, bl. 47.

Hierdie vakleerlingskapwet het op 1 Januarie 1923, in werking getree. Die bepalings van hierdie wet is alleen van toepassing op sekere bedrywe as die Minister 'n vakleerlingkomitee vir daardie bedrywe in 'n bepaalde streek benoem het. By aanwysing van 'n bedryf deur die Minister, op advies van die Komitee, moet elke werkgewer wat 'n minderjarige vir langer as vier maande wens te verbind, die leerling ooreenkomstig die vorm van die kontrak, voorgeskryf in die regulasies in diens neem. Die vakleerlingkomitees moet uit minstens vyf lede bestaan, wat benoem word deur die werkgewers en werkersorganisasies in die betrokke nywerheid. Die voorsitter word deur die Minister benoem, terwyl die Sekretaris van die Jeugraad gewoonlik optree as sekretaris van die verskillende vakleerlingkomitees. So 'n komitee word benoem vir 'n tydperk van drie jaar. Aanbevelinge van die komitee het met betrekking tot sekere sake wetskrag, indien deur die Minister goedgekeur. Die Minister kan in oorleg met die betrokke komitee, die voorwaardes van vakleerlingskap in 'n aangewese bedryf vasstel, met inbegrip van die duur van verbintenis, die kwalifikasies van aspirant-vakleerlinge en die loonskaal van die leerlinge, die aantal vakleerlinge in die bedryf, asook die aard en aantal onderwysklasse wat deur 'n leerling ooreenkomstig sy leerlingkontrak bygewoon moet word. Die Minister mag nie optree voor hy die komitees geraadpleeg het nie[1].

Die belangstelling van die Rade in hierdie wet het daartoe gelei dat die werkgewers en ook die algemene publiek meer aandag gee aan alle sake wat die opleiding en indiensneming van jongmense affekteer. Die Rade se belangstelling hou nie op sodra die wet in toepassing gebring is op sekere ambagte nie. Hulle gaan voort met te waak oor die belange van die jeug in sulke ambagte. Op die voorgrond van hul bemoeiinge staan samewerking met die Unie-Departement van Onderwys om gepaste leerplanne in tegniese onderwys op te trek vir die verskillende bedrywe wat opleiding verskaf aan vakleerlinge[2].

Behalwe hul werksaamhede in verband met vakleerlingskap het die Rade hul baie geïnteresseer vir die vraagstuk van verpligte onderwys vir alle werkende jeugdiges tot 18 jaar by dagvoortsettingsklasse vir minstens 8 uur per week[3]. Verpligte dagvoortsettingsklasse werd hoofsaaklik geag op grond van die feit dat slegs 'n klein persentasie gebruik maak van die vrywillige sisteem, veral as die klasse in die

1. Offisiële Jaarboek van die Unie van S.A. 1929—1930, bl. 201. Vgl. Rapport oor die Jeugrade vir 1922, bl. 9.

2. Die Maats. en Nywerheidsblad, Okt. 1927, bl. 356; die Maats. en Nywerheidsblad, Nov. 1927, bl. 415. Ook verskillende artikels oor die onderwerp in die 1929 jaargang van dieselfde blad. Ook die Arbeidsblad Des. 1930, bl. 34.

3. Jaarrapport oor Jeugrade, 1920, bl. 4.

aand val, 'n omstandigheid wat waarskynlik moet toegeskryf word aan die buitengewone laksheid en onverskilligheid van die jong werkers self en hul ouers[1], wat reken dat 'n St. VI sertifikaat genoeg is vir die algemeen opvoedkundige vereistes van die lewe[2]. 'n Geringe mate van sukses het die Rade ook verkry deur die instelling van dag-voortsittingsklasse te Kaapstad en Johannesburg. Te Kaapstad werd die Gordon's Instituut opgerig en klasse gegee van 4–6 n.m. Die eksperiment was egter nie so suksesvol as gehoop werd nie. Te Johannesburg het geen ander werkgewer behalwe die Goewermentse Departemente gebruik gemaak van die klasse, aangesien die moeilikheid was om persone te vind om die jeugdiges af te los gedurende werkure; daarom was hulle verplig om maar weer terug te val op aand-voortsettingsklasse. Oor die algemeen was die onderwys by hierdie klasse beroepsonderwys, aangesien aan die onmiddellike beroepsvereistes van die leerlinge moes voldoen word en werkverskaffing dikwels afhanklik was van hierdie soort onderwys. Aanvraag om die leerplan in ander rigtinge uit te brei werd afgeslaan op grond van gebrek aan geld en akkomodasie.

Omdat die Rade besef het dat vir 'n suksesvolle plasing in verskillende beroepe 'n deeglike opleiding daarvoor nodig was, werd aandag geskenk aan verskeie nuwe arbeidsvelde nie alleen nie maar aan die vereiste voorbereiding daartoe. 'n Vraagstuk wat veral baie van hul aandag in beslag geneem het was die opleiding van dogters vir huisdiens. Hierdie probleem het sig vir die eerste keer voorgedoen toe die Departement van Arbeid versoek werd om 'n inrigting te Wellington te subsidiëer vir die opleiding van blanke huisbediendes. Hierdie versoek was die gevolg van representasies gemaak aan die Departement deur die Nederduits Gereformeerde Kerk van die Westelike Provinsie met betrekking tot werkeloosheid onder die arm-klas witmense in daardie streke. Baie van die dogters was geskik en gewillig om die werk te doen na opleiding en behoorlike plasing[3].

Dieselfde dringende noodsaaklikheid om nuwe arbeidsvelde te open vir dogters werd gevoel te Pietermaritzburg in 1925, tengevolge waarvan die plaaslike Jeugraad 'n proefneming gemaak het met opleiding van dogters vir kinder-verpleegsters. Hoewel by die aanvang slegs ses dogters hieraan deelgeneem het, werd die skema beskou as 'n ontwyfelbare sukses. Vyf dogters werd geplaas deur die Jeugraad by goedgekeurde werkgewers binne twee weke na voltooiing van hul kursus; die sesde kon weëns mediese behandeling geen werk aanvaar nie. 'n Beherende Raad werd verantwoordelik gestel vir die nakom van werkkondisies deur die werkgewers. Hierdie plan werd ten uit-

1. T.a.p., bl. 5.
2. Jaarrapport oor Jeugrade, 1921, bl. 10 en 12.
3. Offisiële Arbeidskoerant, Mei 1925, bl. 35 en Junie 1925, bl. 74.

voer gebring deur medewerking van die Nasionale Vroue-raad en die Kinderwelvaart-vereniging, terwyl finansiële ondersteuning van die provinsiale administrasie en onderrig-apparaat deur die Departement van Arbeid verskaf werd.

Later werd 'n toelae verkry van die Unie-Onderwys Departement. Kandidate vir die kursus moes lokale dogters wees, 'n goedgekeurde gesondheid en voldoende opvoeding besit, en 'n aanbeveling van hul laaste prinsipaal en die toestemming van hul ouers of voogde hê om die kursus te volg. Die sukses van die skema werd groteliks toegeskryf aan die seleksie van 'n goeie tipe van dogter[1]. Die kursus het een jaar geduur en die fooi was 10/- per maand wat egter vrygeskeld kon word indien nodig. Die opleiding het ingesluit: kook, was, higiëne, naaldwerk en kindergarten-onderrig. Die swakste punt in die skema was dat die dogters nie kon inwoon nie as gevolg van gebrek aan akkomodasie, waardeur hul praktiese opleiding enigsins benadeel werd. Hierdie skema het egter aan die end van 1928 doodgeloop omdat plaaslik nie genoeg leerlinge kon gekry word nie en hoewel daar applikasies van elders ingekom het, geen akkomodasie kon verskaf word nie[2]. 'n Soortgelyke kursus werd deur die Johannesburgse Jeugraad in die lewe geroep in 1926[3]. Met die uitbreiding van die Witwatersrandse Tegniese Instituut werd die kursus deur hierdie inrigting oorgeneem. Na veel moeite en inspanning het die Pretoriase Jeugraad ook daarin geslaag om 'n opleidingssentrum vir dogters in die huisdiens op te rig met samewerking van die Unie-Departement van Onderwys, die Munisipaliteit en belangstellende inwoners en firmas[4] Die probleem om sommige van die beskikbare arbeiders onder jeugdige vroue te stuur in die rigting van huisdiens en kinderverpleging het al meer en meer die aandag van die Rade in beslag geneem. Steeds werd egter ondervind dat aan die aanvraag van werkgewers vir hierdie soort van werksters nie kon voldoen word nie. Dogters was maar al te geneig om hulle aan te meld vir sulke oorvolle werkkringe as klerke en kleremakery. Hoewel verbetering in hierdie toestand te bespeur was en 'n groot aantal dogters gelukkig en voordelig geplaas geword is, werd beweer dat in ander gevalle kondisies aangaande akkomodasie, vry-tyd, en loon geheel en al onbevredigend was en dat hierdie omstandighede 'n slegte uitwerking had op die sukses en populariteit van hierdie soort werk[5]. 'n Onder komitee van die Johannesburgse Jeugraad wat op hierdie vraagstuk ingegaan het, het dan ook die volgende aanbevelinge gemaak[6]:

1. Die Maats. en Nywerheidsblad, Maart 1927, bl. 272.
2. Die Maats. en Nywerheidsblad, Junie 1929, bl. 516.
3. Offisiële Arbeidsblad 1926, bl. 93.
4. Die Maats. en Nywerheidsblad, April 1928, Junie 1928 en Des. 1928.
5. Die Maats. en Nywerheidsblad, Mei 1928, bl. 365.
6. T.a.p.

1. Om op alle moontlike maniere hierdie tak van werkverskaffing, wat groot moontlikhede[1] aangebied het, te ontwikkel, en met hierdie doel voor oë.

2. Om bestaande kondisies te verbeter, publieke opinie op te voed en hierdie soort werk op 'n gesonde basis te stel deur middel van die volgende propaganda:

3. Persartikels, gebaseer op konstruktiewe argumente, wat die aandag bepaal by die voordele verbonde aan hierdie werk, terwyl gevalle opgeneem word van gelukkige plasings; aan die ander kant moes melding gemaak word van die feit dat hierdie bevredigende toestand van sake nie algemeen was nie, dat kondisies soms uiters onbevredigend is, wat met voorbeelde geïllustreer word. Terselfdertyd moes aangedring word op die raadsaamheid om hierdie soort werk op 'n erkende en regverdige basis vas te stel.

4. 'n Voortdurende veldtog moes op tou gesit word in soveel moontlike rigtings deur propaganda te maak by die verskillende vroue-organisasies en by die dogters self.

5. Om uit te vind of die vroue-liggame bereid was om die veldtog te ondersteun, en lede aan te stel om deel te neem in hul aktiwiteite.

Hierdie veldtog word vandag nog in mindere of meerdere mate deur die Jeugrade gevoer.

Vir die seuns werd weer nuwe of meer arbeidsvelde gesoek in die landbou, die verversingsbedrywe, slagtery en die handel. 'n Plaasseuns-buro werd deur die "Sunday Times" begin wat egter later oorgeneem werd deur die Witwatersrandse Jeugraad. Aanvanklik werd die seuns sonder vooraf opleiding by boere geplaas. Reeds op die 1925 konferensie van Jeugrade egter werd al besef dat dit verkeerd was en werd dus die volgende besluit geneem: „Hierdie konferensie is van opinie dat vir 'n bevredigende plasing van seuns in landbou-werk met 'n redelike hoop op 'n loopbaan, dit nodig sal wees om te verseker:

I. Die seleksie van seuns wat behoorlik geskik is en lus het daarvoor;

II. Die voorsiening van 'n kursus in praktiese opleiding in 'n geskikte inrigting voor die werk aanvaar word;

III. Dat boere self die volle verantwoordelikheid sal aanvaar om seuns op te lei op skool sowel as op die plaas. Vir hierdie doel is dit noodsaaklik dat organisasies van boere sal gestig word in elke distrik om te werk op ongeveer dieselfde wyse as vakleerlingskap-komitees in geskoolde bedrywe in die stede.

1. Uit die verslag van die Komitee oor: „Die Arbeidsbronne van die Unie" blyk dat 111,000 volwasse manlike naturelle arbeidskragte huisdiens verrig. Hierby kan nog gevoeg word dat terwyl daar 'n surplus was aan blanke arbeid, daar "'n totaal van 225,000 naturelle gedurig in die Unie is wat van dele buite die Unie kom." Sien verslag in "Die Arbeidsblad" Sept. 1930, bl. 4.

Uit 'n memorandum oor die werk van die plaas-seuns-buro[1] blyk dat sedert die begin daarvan in Mei 1924 die volgende sywers beskikbaar is:

| | |
|---|---|
| Aansoeke van seuns | 398 |
| Onder 18 jaar | 140 |
| Geplaas | 105 |
| Onbevredigend | 24 |
| Aansoek teruggetrek | 137 |
| Aanvrae van boere | 198 |
| Boere tevrede | 74 |
| Seuns geweier aan boere | 23 |
| Boere het self seuns gevind | 15 |
| Nog nie voorsien nie | 86 |

Watter vordering gemaak is met die plasings blyk uit die volgende:

| | Definitiewe Suksesse. | Mislukkings. |
|---|---|---|
| 1924—1928 | 25% | 50% |
| 1928—1929 | 48% | 44% |

Die Sekretaris verklaar: „Die mislukkings was byna sonder uitsondering seuns wat 'n „kans" gegee werd om boerdery te probeer. Die seun wat wil gaan boer omdat hy uit die dorp uit wil wees of omdat hy nie iets anders kan vind nie, is byna sonder uitsondering 'n mislukking"[2].

In Januarie 1928 werd 'n aanvang gemaak met die opleiding in landbou van 'n aantal seuns te Glen Landbouskool, met medewerking van die Departement van Arbeid, Landbou en Onderwys. Deur die skema werd 'n aantal naturelle arbeiders by die skool deur blanke seuns vervang. Die Prinsipaal en die Industriële Inspekteur van die Departement van Arbeid het 15 seuns uit 26 applikante uitgesoek. Die skema het voorsiening gemaak vir die oprigting deur die seuns self, onder bekwame toesig, van die geboue wat nodig was vir die permanente huisvesting, insluitende die maak van die vir hierdie doel benodigde bakstene. Uit 'n rapport oor die skema verskyn aan die end van Februarie 1928, het geblyk dat die seuns hulle met groot energie aan die voorbereidende werk gewy het, en die betrokke outoriteite het hulle tevredenheid betuig met die vooruitgang wat gemaak is en met die algemene gedrag van die seuns. Die leerlinge werd beskryf as van buitengewoon goeie stempel te wees. Die gees waarin hulle die verantwoordelikhede onder die oë gesien het, werd

1. Sien Notule van Jeugraad-konferensie Sept. 1925, byvoegsel III.
2. Maandblad vir Sosiale en Bedryfsaangeleenthede Nov 1929, bl. 1020.

duidelik aangetoon deur die feit, dat hulle onmiddellik na aankoms by die skool hul eie komitee gekies en 'n reglement van gedrag en disipliene opgetrek het, wat deur die Prinsipaal van die skool bekragtig werd. Die seuns het weekliks 'n voordrag van een van die lede van die skoolpersoneel bygewoon, en hulle het deel geneem aan die algemene maatskaplike skoollewe sonder onderskeid van die gewone studente[1]. Dit werd geskat as tenders vir die werk gevra werd dit omtrent driemaal soveel sou gekos het[2]. Daarna werd 'n gereelde opleidingskursus van twee jaar ingestel met die bedoeling om seuns te bekwaam om in diens geneem te word deur goedgekeurde boere in die Unie. Sommige van die seuns wat op Johannesburg aansoek gedoen het by die plaasseuns-buro werd hierheen gestuur vir opleiding.

Op aandrang van die Jeugraad Konferensie werd deur die Witwatersrandse Tegniese Instituut 'n kursus ingevoer vir opleiding in die verversingsbedrywe; veral werd ondersoek ingestel na die arbeidsmoontlikheid op die spoorweë en in hotels. Ook hier moes eers deur die Rade propaganda-werk gedoen word om die nodige applikante te werf; vir die dogters werd voorsiening gemaak in restourante en teekamers[3]. As 'n gevolg van die gesamentlike pogings van die Meesterslagtersvereniging van die Kaapse Skiereiland en die Kaapstadse Jeugraad werd 'n vrywillige sisteem van vakleerlingskap vir seuns in die slagtersbedryf ingevoer en 'n vrywillige vakleerlingskapkomitee gevorm. Totdusver het daar nog geen middel bestaan om slagters en blokmanne op te lei nie, met die gevolg dat daar altyd 'n skaarste was aan goed gekwalifiseerde manne in die vleesbedryf, wat soms nog van oorsee moes ingevoer word. Die vorm van vakleerlingskap sou dieselfde wees as in ander bedrywe en onder die supervisie staan van 'n vrywillige komitee saamgestel uit lede van die meesterslagtersvereniging en die Jeugraad. Die opleiding sou 5 jaar duur en in sekere gespesialiseerde vertakkinge 7 jaar; elke seun moes 'n proeftyd van ses maande deurmaak, die loonskaal werd vooraf vasgestel en die toekoms van 'n gekwalifiseerde vakman was goed. Die minimum opvoedkundige kwalifikasie werd vasgestel op Standerd VII, hoewel in sekere gevalle St. VI seuns aangeneem sou word mits hulle hul studies voortsit en die volgende standerd binne 'n sekere tydperk passeer. Verder sou die vakleerlinge verplig wees om tegniese klasse by te woon om hulself te bekwaam vir die hoër posisie in die bedryf. Die werkgewers was bereid om te betaal vir die tegniese onderwys van die seuns, en ooreengekom werd dat onderrig sou gegee word gedeeltelik in die werkgewer se tyd en gedeeltelik in die vakleerling s'n. Die seuns moes liggaamlik sterk wees, 16 jaar oud en werd gewerf deur

1. Die Maats. en Nywerheidsblad April, 1928, bl. 283.
2. Die Maats. en Nywerheidsblad April, 1928, bl. 743.
3. Die Maats. en Nywerheidsblad April, 1923, bl. 272. Mei 1928, bl. 59. Junie, 1928, bl. 456.

die Jeugraad[1]. Moeilikheid werd egter ondervind om seuns oor te haal om in hierdie rigting te gaan omdat hulle te veel vasgehou het aan sekere mode-beroepe; sommige het die voorkeur gegee daaran om te wag vir 'n moontlike vakature in 'n bekende, hoewel oorvolle arbeidsrigting[2]. Om jeugdiges aan te moedig werd besluit om die aanvangssalaris te verhoog sodat die beginnersloon goed vergelyk het met die in ander bedrywe. Die seuns se teësin werd toegeskryf aan die feit dat hulle vroeg moes opstaan; om dieselfde rede was dit moeilik om seuns te kry om in die melkhandel te gaan[3].

As gevolg van vertoë deur die plaaslike Jeugraad het drie kleinhandel-klerasiewinkels in Kaapstad ooreengekom om 'n vrywillige driejarige skema van vakleerlingskap aan te neem, en twee uit die drie was bereid om leerlingkontrakte aan te gaan en die te laat registreer; die loon werd ook vasgestel[4]. Hoewel g'n sukses behaal werd met die invoering van verpligte vakleerlingskap in die handel nie, toon die volgende lys van leerlinge aan hoever hierdie vrywillige sisteem gevorder het[5]:

1 Reklametekenaar te Kaapstad.
1 Ysterwaarhandel-bediende te Kaapstad.
1 Patroonsnyer te Kaapstad.
3 Handelaars te Johannesburg.
2 Verkopers te Johannesburg.
59 Winkelbediendes te Johannesburg.
1 Meulenaar te Pretoria.

---

## d.—Toesig hou oor Werkende Jeugdiges.

Die taak van die Rade is laastelik om toesig te hou oor die jongmense na hulle in die werk geplaas is. Hierdie nasorg was noodsaaklik teneinde hulle raad te gee, aan te moedig, rapporte van die werkgewers en voortsettingsklasonderwysers in te samel en op rekord te hou, en in die algemeen om hulle leiding te gee in die krisis wat hulle deurmaak gedurende die adolesente jare. Baie van hierdie werk, veral in die geval van die gelukkig geplaastes, word doeltreffend uitgevoer slegs deur 'n eenvoudige sirkulêre wat posvry met die nodige informasie deur die ouer teruggestuur word. Hierdeur word besonderhede omtrent die jongmense se vordering verskaf en dit bring hom en die

1. Die Maats. en Nywerheidsblad, Februarie 1928, bl. 97.
2. Die Maats. en Nywerheidsblad, Mei 1928, bl. 323.
3. Die Maats. en Nywerheidsblad Julie, 1928, bl. 523.
4. Die Maats. en Nywerheidsblad, Junie, 1927, bl. 536.
5. Die Maats. en Nywerheidsblad, Sept. 1928, bl. 691.

ouer in kontak met die Raad. Oor die geheel bestaan daar 'n groot verskeidenheid van maniere waarop hierdie werk onderneem word. Sommige Rade het geprobeer om vrywilligers te kry om jongmense tuis en in hul werk op te soek; gewoonlik het dit egter ontbreek aan genoeg en bekwame werkers vir hierdie taak. 'n Eksperiment werd gemaak deur die Pietermaritzburgse Jeugraad waar jeugdige werkers uitgenooi en aangemoedig werd om die Jeugraadkantore op te soek teneinde informasie te kry oor sulke sake soos besonderhede omtrent hul teenwoordige werk, pligte, ure, loon, toestande, ens., geskiedenis van elkeen se werk sedert skoolverlating, soorte werk verrig, duur van werk, redes waarom werk opgegee werd; verhouding tot werkgewers en medewerkers; voortgesette onderwys en sosiale aktiwiteite; werksaamhede in vry tyd, klubs by aangesluit ens. Baie werkers het egter nie hiervan gebruik gemaak nie[1].

Aangesien die oprigting van losieshuise om goedkope akkommodasie te verskaf aan en simpatieke en effektiewe kontrole te hou oor jong werkers, beide seuns en dogters in die groot sentra, as 'n belangrike faktor beskou geword is in die nasorg vir jongmense[2], het die Rade van vroeg af hulle daarvoor beywer, veral omdat plasing dikwels onmoontlik was weëns gebrek aan huisvesting[3]. Hierdie bemoeiinge is vergemaklik deur die besluit van die regering om die omvang van die behuisingswet so uit te brei dat leninge daaronder kon gemaak word vir die oprigting van koshuise en soortgelyke inrigtings, onder behoorlike bestuur en kontrole, om akkommodasie te verskaf aan seuns en dogters in die werk, vir wie dit onmoontlik was herberg te vind waarvoor hulle kon betaal[4]. Hierdie saak is bevorder deur die aanstelling van 'n komitee deur die Minister van Arbeid om ondersoek in te stel en verslag uit te bring oor[5]: „Die voorstelle van die Kaapse Armesorg-kommissie vir die verskaffing van losieshuise vir die huisves van behoeftige Europese kinders van die plattelandse distrikte wat vir nywerheidswerk bestem is, met spesiale verwysing na die moontlikheid om nywerheidswerk vir hierdie kinders te kry en die uitwerking van so 'n voorstel op die geleenthede van die stedelike kinders om werk te vind." Verder moes die komitee ingaan op ondergeskikte sake soos geldelike ondersteuning deur die Departement van Arbeid en deur die nywerheid en die beheer oor sodanige losieshuise. In sy verslag keur die komitee die prinsiepe goed om losieshuise op te te rig in industriële sentra vir plattelandse jeugdiges, sowel as vir stedelikes wat nie 'n huis het nie, soos die wees- en verwaarloosde kind, en wat tussen 16 en 21 jaar is; verder werd as kondisie gestel

1. Die Maats. en Nywerheidsblad, Aug. 1927, bl. 140; vgl. Julie 1929, bl. 577.
2. Jaarrapport oor Jeugrade 1920, bl. 3 en 4, vgl. Jaarrapport oor Jeugrade 1922, bl. 11.
3. Offisiële Arbeidskoerant, Feb. 1926, bl. 95.
4. Offisiële Arbeidskoerant, Aug. 1925, bl. 119.
5. Die Maat. en Nywerheidsblad, Julie, 1926, bl. 505, vgl. Tweede Rapport van die Komm. op de Administratie van Onderwys, 1923, bl. 56.

dat hulle moet werk gekry het of hulle moes spesiaal uitgesoek geword het vir werk in vakleerling- of kontrakbedrywe of ander spesiale goedgekeurde beroepe. Ten einde die toevloei van plattelandse kinders na die stedelike streke soveel moontlik te beperk moes hulle sorgvuldig gekeur word. Hierdie keuring moes „aan die verskillende plattelandse Jeugrade toevertrou word en, hangende die stigting daarvan, aan sterk plaaslike komitees in verskillende plattelandse streke, wat gekies moes word uit die magistraat, die prinsipaal van die skool, die distriksgeneesheer, die predikant, maatskaplike werkers, en stedelike en plattelandse werkgewers." Daar moes op gelet word of die applikant behoeftig was, geen of min vooruitsigte had op die land, 'n neiging of natuurlike aanleg had vir die soort van stedelike werk wat deur die losieshuis-komitee goedgekeur is, en of sy karakter, gedrag, verstand en gesondheid goed was. Die Departement van Arbeid moes hierdie inrigtings subsidieer en die plaaslike komitee moes beheer hê oor die bestuur en die toevloei van die platteland. Die komitee was van oordeel dat as al hierdie voorsorgmaatreels uitgevoer sou word die stedelike jeugdige werksoekers nie benadeel sou word deur die plattelandse nie[1]. Die Departement van Arbeid en die Unie-Departement van Onderwys het 'n Inter-Departementale Komitee aangestel om die verslag van die losieshuis-komitee na te gaan en sekere aanbevelings te maak aan die Regering, wat daarop besluit het om tot op sekere hoogte gevolg te gee aan die aanbevelings van die Komitee. In 'n brief van die Sekretaris van Onderwys aan die Jeugrade te Kaapstad, Port Elizabeth en Johannesburg, werd verklaar dat die Regering nie kans gesien het om die Komitee se aanbeveling te aanvaar, dat die Staat die hele kapitaaluitgawe vir oprigting, meubilering en uitrusting van die huise moes dra nie. Plaaslike komitees moes eerder gebruik maak van die fasiliteite soos aangebied deur die Behuisingswet. Die Regering sou egter intussen bereid wees om 'n redelike bydrae te maak tot die huur van geskikte geboue[2].

Op Johannesburg werd spesiale aandag gewy aan die behoeftes van fabriek-dogters. 'n Middag-uur-klub werd begin om te voorsien in gesonde ontspanning en plesier vir dogters gedurende hul middaguur elke Donderdag, weg van die oninteressante omgewing van die fabrieke. Die klub was slegs die nucleus van 'n meer ambisieuse skema om 'n koshuis te verskaf en 'n sosiale sentrum vir werkende dogters[3].

1. Sien die Rapport in die Maats. en Nywerheidsblad, 1927, Januarie, Februarie en Maart uitgawes. Vgl. ook Die Maats. en Nywerheidsblad Julie 1927, bl. 14, en Die Maats. en Nywerheidsblad Julie, 1928, bl. 457.

2. Maandblad vir Sosiale en Bedryfsaangeleenthede, Maart 1930, bl. 111.

3. Maandblad vir Sosiale en Bedryfsaangeleenthede, Jan. 1929, bl. 86.

In verband met die nasorg-werk kan tenslotte melding gemaak word van 'n ondersoek ingestel deur een van die Jeugraad-lede van Johannesburg[1]. Van die 128 gevalle nagegaan was 50% dadelik van uiteindelik suksesvol geplaas; 32% was onsuksesvol en 18% kon nie opgespoor word nie. Die oorsake van die 41 onsuksesvol geplaastes was die volgende:

| | |
|---|---|
| Slegte gesondheid | 3 |
| Karaktergebreke | 10 |
| Handelsdepressie | 11 |
| Ongeskikte werk | 9 |
| Ander oorsake | 8 |
| | 41 |

Uit hierdie ondersoek het verder geblyk die noodsaaklikheid van deeltyds-voortgesette onderwys; voeling hou met die geplaaste jongmense, kontak met huislike omstandighede en die gevare van blindegang arbeid[2].

---

## Paragraaf 3.—Opleiding vir Beroepsadviseur.

Daar die aard en omvang van die werk 'n deeglik opgeleide staf van beamptes vereis, werd die noodsaaklikheid spoedig gevoel om voorsiening te maak vir behoorlik wetenskaplike opleiding aan die universiteit, terwyl praktiese ervaring en opleiding verkry kon word deur die daaglikse kantoorwerk[3]. Daar werd dan ook poginge gemaak in die rigting. Op aandrang van die Kaapstadse Jeugraad het die plaaslike universiteit voorgestel om 'n buro vir beroepssielkunde op te rig in verband met die departement van sielkunde, waar jongmense en andere se geskiktheid vir sekere beroepe kon getoets word. Hierdie plan is egter nie te Kaapstad uitgevoer nie, maar wel te Stellenbosch. Volledige akademiese opleiding spesiaal vir beroepsadviseurs word egter nog nie verskaf nie, behalwe die bestudering van beroepspsigologiese metodes aan 'n paar universiteite[4]. Die opleiding wat die teenswoordige amptenare, verantwoordelik vir die werk, ontvang het was geheel en al deur middel van die praktyk.

Dat by die opleiding van onderwysers aandag geskenk werd aan die werksaamhede van die Jeugrade blyk uit 'n verklaring van die prinsipaal van die Natalse opleidingskollege op die konferensie van

1. Maandblad vir Sosiale en Bedryfsaangeleenthede, Junie, 1930, bl. 299.
2. Vgl. "Die Arbeidsblad" Des. 1930, bl. 32.
3. Jaarrapport oor Jeugrade, 1921, bl. 9.
4. Sien bo Hf. II

die Jeugrade in 1925[1]. Aangesien die Jeugraadkaartstelsel deel uitmaak van die algemene skoolorganisasie en kennis hiervan verwag word van die toekomstige onderwysers, val die werk van die Jeugrade vanself binne die leerplan van die opleidingskolleges in die Transvaal. Dit blyk ook verder uit die feit dat in een van die vraestelle oor teorie van onderwys vir die tweede klas onderwyserseksamen van 1927 'n vraag ingevoeg werd oor die werksaamhede van die Jeugrade[2]. Noodsaaklikheid vir die opleiding van onderwysers om beroepsvoorligting te verskaf, blyk verder uit die Kaapse „Verslag van die Adviserende Komitee insake Onderwys, 1927"[3].

„Ons onderwysers word nie opgelei en hulle ondervinding leer vir hulle ook nie om te kan uitvind vir watter beroepe hulle leerlinge die aanleg, lus en belangstelling het nie. Ons het die volgende vraag aan al die hoofde van ons opleidingskolleges gedaan, behalwe een: „Word u studente opgelei om die verskil in aanleg en neiginge by hul leerlinge waar te neem en om hulle daarna te behandel?" Die vraag is persoonlik aan die hoofde gedaan en uit die antwoorde is dit duidelik genoeg, dat die opleidingskolleges nie hulle studente voorberei om as raadgewers op te tree by die keuse van 'n beroep deur hul leerlinge nie. Ons kan dit ook nie van hulle verwag nie. Die ondervinding en die kennis van die meeste onderwysers in ons land, soos in alle lande, is te beperk om die verantwoordelikheid te dra. Die onderwyser ken die eise nie wat al die beroepe aan sy beoefenaars stel nie en met die beste wil van die wêreld, kan hy dit ook nie ken nie.

Maar wat ons opleidingskolleges wel kan doen is om die toekomstige onderwysers te interesseer in die toekomstige loopbane en beroepe van hulle leerlinge. Ons kan nie help om te dink dat daar nog by baie onderwysers die idee is, dat ons leer vir die skool en nie vir die lewe nie. Die onderwyser moet ook belang stel in die leerling nadat hy die skool verlaat het.

In die tweede plaas kan ons opleidingskolleges alle informasie, wat beskikbaar is, oor die verskillende beroepe, nywerhede en werksaamhede van die verskillende groepe van die maatskappy voor die aandag van die studente bring en die studente laat verstaan dat elke leerling hom by die een of ander groep moet aanpas en aansluit. Die onderwyser moet in breë trekke volgens die bevatlikheid van sy leerlinge, die sosiale en nasionale betekenis van die verskillende groepe en hulle materiële en geestelike behoeftes probeer duidelik maak. En as die toekomstige onderwyser dit nie leer gedurende sy opleiding nie, leer hy dit nooit nie.. As die leerlinge sodanige inligting kry, sal dit meer as een help om die regte beroep te kies."

1. Sien Notule van Konferensie, bl. 4.

2. Sedert begin 1927 word elke jaar aan die Potchefstroomse Normaalkollege 'n reeks lesings gegee oor beroepskeuse-voorligting en die werk van die Jeugrade.

3. Bl. 45.

**Paragraaf 4.—Kritiek op die Stelsel van Jeugrade.**

Uit die gegewens in hierdie hoofstuk versamel en bespreek, moet ons tot die volgende kritiese samevatting kom: Weëns die omstandigheid dat die rade nie oor die hele land funksioneer nie is dit gans en al onmoontlik om 'n volledige en gevolglik betroubare opname te maak van al die werkelose en werksoekende jeug, en ook nie van diegene wat deur die emploijeerders self in diens geneem word nie. Gebrek aan 'n behoorlike en gesistematiseerde samewerking tussen die rade en die skole oor die hele land is vir 'n groot deel verantwoordelik vir hierdie onvolledige registrasie. Die outoriteite bly dus altyd in die duister omtrent die ware omvang van die probleem en die daarmee gepaard gaande toestand van sake op opvoedkundig, maatskaplik en ekonomies gebied. Plasing word nog op g'n wetenskaplike basis gedaan nie; geen omvattende ondersoek is ingestel na die sukses waarmee jeugdiges geplaas werd nie, en 'n mens kan nie anders as tot die konklusie kom dat die beslissende faktor nog steeds is die intuïsie van die plasingsbeampte en die ervaring opgedaan deur die praktyk. Prysenswaardige poginge werd en word nog steeds aangewend om werksoekendes behulpsaam te wees by die verkryging van die beste opleiding vir en gedurende hul arbeid. Dit neem egter nie weg nie dat veral die vooropleiding nie eintlik die rade se taak is nie en dat die noodsaaklikheid vir hulle om sig daarmee te bemoei 'n kritiek is op die gebrekkige manier waarop aan die onderwysbehoeftes van 'n groot aantal kinders voldoen werd. Toesig oor werkende jeugdiges vereis verbasend veel tyd en met 'n beperkte staf en sonder ander voldoende masjienerie om hul daarby behulpsaam te wees, is dit onmoontlik vir die rade om hierdie funksie behoorlik te vervul. Wat die jeugdiges se algemene welsyn betref word daar lofwaardige pogings aangewend om te waak oor hul belange, veral in sover as propaganda gemaak werd vir hul indiensneming. Inderdaad moet een van die waardevolste funksies van die rade gevind word in hul strewe om by die breë publiek die idee te laat ingang vind dat die plig van die maatskappy as geheel is om aan die blanke werkelose jeug nie alleen 'n broodwinning te verskaf nie maar hulle arbeid te gee waardeur hul opvoeding terselfdertyd nie skade ly nie. Hierdie rade bewys 'n onmisbare diens aan die maat-

skappy en die staat deur voortdurend die probleem van die arbeidende en arbeidsoekende jeug voor die aandag van die publiek en die staat te bring. Dit is dan ook een van die sterkste redes waarom 'n wetenskaplike studie van die probleem moet gemaak word en 'n organisasie, uitgebrei oor die hele land, absoluut noodsaaklik is. Dit is ook verder baie wenslik dat die Jeugrade wetlik die reg kry om te waak oor die arbeidsbelange van die jeug nie slegs tot hulle 18 jaar oud is nie maar tot hulle 21 jaar oud is. Die rede hiervoor is dat baie leerlinge, veral uit die hoër- en beroepskole, bokant 18 jaar nog die hulp van die Rade nodig het. In die praktyk gaan die Jeugrade reeds al oor 18 jaar. Die werk van die jeugrade kan onmoontlik gemeet word met syfers soos in tabel XV. Dit moet ook beslis word op grond van die opvoedkundige en algemeen maatskaplike waarde van die werk deur hulle verrig.

HOOFSTUK VIII.

# VERDERE UITBREIDING VAN JEUGRADE EN VOORGESTELDE VERANDERINGE.

## Paragraaf 1.—Uitbreiding van Jeugrade na die Platteland.

Dit werd reeds vroeg besef dat die Jeugraad-stelsel nie bevredigend kan werk nie tensy hy oor die hele Unie uitgebrei werd[1]; veral vir die opbou van statistieke en vir die suksesvolle deurvoering van die rekord-sisteem was dit noodsaaklik. Hoe sterk hierdie noodsaaklikheid gevoel geword is blyk reeds uit die besluite geneem op die tweede konferensie van die Jeugrade gehou te Pretoria op 24 en 25 September, 1925. 'n Versoek werd gerig aan die Departement van Arbeid om 'n besondere plattelandse area of areas uit te kies waar 'n eksperiment kon uitgevoer word met die organisasie van werk onder die jeug; 'n beampte moes spesiaal hiermee belas word en moes rapporteer oor die moontlikheid om organisasies van die soort dwarsdeur die land op te rig. Verder werd aanbeveel dat die Regering moes gebruik maak van publieke inisiatief om plattelandse Jeugrade in die lewe te roep, asook Jeugrade in ander stedelike sentra. Gebruik moes gemaak word van onderwysersvereniginge en Onderwys Departemente[2]. In dieselfde jaar is nog hieraan gevolg gegee daardeur dat die Departement van Arbeid 'n amptenaar gestuur het om op die Bloemfonteinse kongres van onderwysers hulle toe te spreek oor die Jeugrade se werk. Die gevolg was dat die Onderwysersvereniging 'n sentrale komitee te Bloemfontein aangestel het „om deur middel van onderkomitees die hele provinsie saam te bind met die doel om die indiensneming van jeugdiges in die plattelandse gebiede, en vernaamlik in die landbou, aan te moedig." Die provinsie werd verdeel in ses distrikte. Op die sentrale komitee, wat moes dien as Uitvoerende Komitee, had sitting die voorsitter van die Bloemfonteinse Jeugraad, asook die sekretaris van die Onderwysersvereniging. Die personeel van die onderkomitees moes bestaan uit verteenwoordigers van die Onderwysersvereniging, magistrate, boere, posmeesters en ander belangstellende persone. Van die uitslag van hierdie onderneming sou dit afhang of die Departement

1. Jaarrapport oor Jeugrade 1920, bl. 4.

2. Sien offisiële Arbeidskoerant Nov. 1925, bl. 236. Vgl. rapport van Komitee oor „Tehuise vir plattelandse kinders in stedelike Industrieë" in Die Maats. en Nywerheidsblad Jan. 1927, bl. 13. Vergelyk hiermee ook 'n dringende hoofartikel in „Die Burger" 12 Des. 1927 na aanleiding van 'n unanieme besluit van die kongres van die S.A.O.U. om die betrokke Departemente te versoek die Jeugraad-stelsel uit te brei na die platteland.

sou ingaan op die bo-aangehaalde besluite van die Jeugraad-konferensie. Op 7 Mei 1926 werd offisiëel die ou Jeugraad vir Bloemfontein omgeskep in 'n Raad vir die hele Vrystaat met onderkomitees in die buiteliggende dorpe wat nog sou gevorm word. Die organisasie van lokale komitees sou sover moontlik deur die Onderwysersvereniging onderneem word, te meer waar die totstandkoming van die nuwe Raad hoofsaaklik toegeskryf werd aan die samewerking van die Onderwysers[1]. Gedurende die jaar 1926 werd 20 lokale komitees opgerig wat direk onder toesig van die Sentrale Raad gestaan het en hulle het in baie gevalle bevredigend gefunksioneer. Die politiek van uitbreiding na die platteland, so was die mening, kon oor die algemeen 'n merkbare sukses genoem word[2].

Volgens die konstitusie van die Vrystaatse Jeugraad was die doel van die Jeugraadkomitees om:

„a. Die publiek voor te lig in verband met die opleiding van die potensiële arbeider veral gedurende die puberteitsleeftyd.

b. Die registrasie van alle leerlinge in die O.V.S. aan te moedig en om hierin behulpsaam te wees.

c. Wetenskaplike voorligting te gee aan kinders in die keuse van 'n beroep en in verband hiermee om kontak te bevorder tussen onderwysers, mediese amptenare, universiteitskolleges en werkgewers.

d. Die belange van die Plattelandse jeug te behartig deur aan te moedig die oprigting van sentrale beroepskole of skole met 'n beroepsneiging.

e. Sover as moontlik teë voorkom (1) die onnodige verspilling van arbeidskragte veroorsaak deur die trek na die stede en (2) die doellose rondlopery gedurende die eerste paar jaar na verlating van die skool.

f. Ondersoek in te stel na die vraag van arbeid, die algemene werktoestande en die moontlikheid vir 'n leerlingskontrak op die platteland, ook die plasing van kinders in landbou-bedrywe en die oopsit van verder moontlike kanale van werkverskaffing.

g. Inligting te verskaf aan kinders wat in aanmerking geneem mag word vir grond onder die Nedersettings Wet."

Op die plaaslike komitees het sover moontlik sitting geneem verteenwoordigers van werkgewers, werknemers, opvoedkundige en sosiale liggame. By die organisasie werd uitgegaan van die bestaande onderwysersorganisasies, takke van die O.V.S.O.V. en skoolrade.. 'n

1. Die Maats. en Nywerheidsblad, Julie 1926, bl. 553.
2. Die Maats. en Nywerheidsblad, Julie 1927, bl. 58.

Ere-organisator werd aangestel om propaganda-reise te onderneem ten einde poginge aan te wend om voeling tussen Jeugrade, skoolrade, onderwysers, boere, werkgewers en ander liggame te bevorder.

Hierdie nuwe raad het sy eerste konferensie gehou op 30 en 31 Maart 1928, te Bloemfontein. Deur die Direkteur van Onderwys werd nie alleen samewerking beloof nie maar hy het die gedagte uitgespreek dat die skoolraadsekretarisse uitmuntend geskik was om op te tree as sekretarisse van sulke Jeugkomitees[1]. Unaniem werd gestem vir 'n mosie dat daar behoefte was aan 'n Jeugkomitee in elke dorp van die Vrystaat. Wat die samestelling van so'n komitee betref werd besluit om dit oor te laat aan elke komitee self, solank alle seksies verteenwoordig was. Die skoolraadsekretarisse werd versoek om die sekretariële werk te doen en 'n aanbeveling werd gemaak aan die Departement van Arbeid om 'n voltydse amptenaar aan te stel om die verskillende komitees te organiseer. Na hierdie konferensie werd 'n konferensie van skoolraad-sekretarisse gehou waarop bogenoemde suggestie aanvaar werd. Hulle het hul volste samewerking beloof om die organisasie van jeugsake dwarsdeur die provinsie so effektief moontlik te maak[2]. Die laaste jaarverslag (1932) behandel slegs Bloemfonteinse sake en daar is geen sprake van plattelandse komitees.

---

## Paragraaf 2.—Voorgestelde Veranderings in Jeugraadstelsel.

### a.—Opleiding van bekwame Voorligters[3].

Uit die aard van die werksaamhede van plasingsbeamptes is dit duidelik dat hulle deeglik wetenskaplik geskoold behoort te word vir die werk, aangesien van hul bekwaamheid die grootste sukses van die hele probleem van beroepsvoorligting buite die skool afhanklik is. Dis in die eerste instansie hy wat op kantoor verantwoordelik is vir registrasie en plasing, wat op hoogte moet wees met die opleidingsmoontlikhede en indien moontlik in elk geval 'n deel van die toesig moet hou. Die lede van die Raad word slegs vir 'n bepaalde tydperk benoem—ofskoon herbenoeming wel moontlik is; ook word hulle benoem om sekere aspekte van die vraagstuk te verteenwoordig, maar hulle is nog geen deskundige adviseurs nie. Buitendien kom hulle slegs periodiek vir 'n uur of paar uur se vergadering byeen, die doel waarvan glad nie is om direk die jeug met raad te dien nie, maar wel om die beroepsvoorligtingsbeampte met raad te dien aangaande algemene rigtinge, beroepsvereistes en beroepskondisies op elkeen se besondere gebied. Verder word hulle verwag om as intelligente en

1. Hierdie gedagte werd die eerste uitgespreek deur Ds. M. L. Fick op die Jeugrade-Konferensie, 1925. Sien notule.
2. Die Maats. en Nywerheidsblad, Mei 1928, bl. 363.
3. Vgl. Hf. 1.

belangstellende sosiale werkers in die algemeen raad te gee in verband met en op die hoogte te bly met sosiale en ekonomiese probleme, veral in sover die werkende en werksoekende jeug daarby betrokke is. Waar hulle dienste heeltemal vrywillig is, terwille van die goeie saak, kan egter nie van hulle verwag word om soveel tyd en werk daaraan te bestee dat dit 'n soort van tweede betrekking vir hulle word. Dit is en bly vir hulle—behalwe vir dies wat geen beroepswerksaamhede meer waar te neem het nie—sosiale pligte wat in hul vry tyd moet nagekom word. Die spil waarom die sukses van die hele onderneming draai is die permanent verantwoordelike beampte. Van hom moet deeglike deskundigheid vereis word. Watter beroepsbekwaamhede en persoonlike hoedanighede van hom verlang word, blyk uit sy vernaamste daaglikse werksaamhede. Hy kry in eerste instansie te doen met die skoolverlatende jeug, en dan nog veral, volgens wet, met dies onder 18 jaar. Hierdie jongmens se opvoeding is geensins afgesluit; in baie gevalle werd hul skoolopvoeding deur dringende ekonomiese omstandighede te vroeg onderbroke. Vir hulle veral is hul beroepsarbeid een van die vernaamste opvoedingsmiddele; wat hulle van die skool mis, moet die beroep nou soveel moontlik hulle mee kompenseer. Soos geblyk het uit die voorgaande uiteensettinge moet die werksaamhede van die beroepsadviseur in die nouste kontak staan en aansluit by die skool en die opvoeding in die algemeen. Hy moet die jong arbeidsoeker se opvoedkundige belange verder behartig; moet vir hom die soort van werk probeer vind en in so'n omgewing en atmosfeer plaas waar hy nie alleen ekonomies maar ook opvoedkundig goed versorg is; hy moet m.a.w. die opvoedkundige aspek van sy taak helder en duidelik voor oë hou. Sy gedurige omgang met die jongmense, wat dikwels moeilikhede van allerlei aard het, verg van hom dat hy hom stel teenoor hulle as 'n opvoedkundige, wat praktiese ervaring het van opvoedkundige probleme. Hy moet dus 'n deeglike praktiese en teoretiese kennis besit van die algemene en beroepsopvoeding. Daar hy voortdurend in aanraking kom met al die verskillende kindertipes, en te staan kom voor allerlei algemeen psigologiese en beroepspsigologiese vraagstukke by die jongmense se keuse van beroepe, word van hom vereis 'n behoorlik wetenskaplike opleiding, beide teoreties en prakties, van die algemene sielkunde, kindersielkunde en beroepsielkunde.

Die beroepsadviseur kom ook daagliks in aanraking met al die klasse en seksies van die samelewing nie alleen nie, maar in sy nasorgwerk moet hy waak, behalwe oor die beroepsbelange, ook oor die sosiale belange en welvaart van die jong werker; hy moet op hoogte wees met die sosiale invloede wat inwerk op die jongmens, of hy nou in diens of uit die diens is; hy moet m.a.w. 'n deeglike teoretiese

en praktiese kennis hê van die sosiologiese probleme waarmee hy te doen sal kry. Maar sy werk staan ook in die nouste verband met die algemeen ekonomiese vraagstukke van die land. Sy beroepsvoorligting moet voortdurend in die oog hou of die jong geplaatste die ekonomiese stryd met sukses vir homself en sy nasie sal kan volhou. Veral die arbeidsvraagstuk soos dit sig in ons land in die besonder voordoen, moet hy deeglik mee kennis gemaak het; m.a.w. hy moet 'n deeglike studie gemaak het van teoretiese en praktiese ekonomiese vraagstukke. Die werksaamhede van die beroepsadviseur vereis dus van hom opleiding in:

1. Die teorie en praktyk van die Opvoeding, insluitende die teorie en praktyk van beroepsvoorligting[1]. Aangesien hy vir die praktyk die beste geskool word deur die praktyk self, behoort hy praktiese ondervinding van onderwys en onderwysvraagstukke te hê; indien enigsins moontlik moet hy onderwys gegee het in die Junior Hoërskool afdeling, d.w.s. in die hoër klasse van die laerskool of in die laer en hoër klasse van die hoërskool, asook in een of ander beroepskool. Vir praktiese opleiding in die beroepsvoorligtingvraagstuk moet nie alleen kontak vasgestel word met die skole nie, maar ook met die beroepsvoorligting-kantoor.

2. Algemene sielkunde, kindersielkunde en beroepssielkunde. Vir die praktiese kennis moet gesorg word nie alleen gedurende die opleiding nie, maar ook in die skole en in die beroepsvoorligtingsburo. Studente moet nie alleen geskool word in die indiwiduele waarneming en bestudering van 'n paar kinders nie en in wetenskaplike beroepspsigologiese metodes nie, maar hy moet een of 'n paar kinders se loopbaan deur die skool en die buro so getrou moontlik volg.

3. Algemene inleiding in die sosiologie.

4. Algemene inleiding in die ekonomie.

Vir praktiese opleiding in hierdie twee vakke moet veral aangeknoop word by die beroepskantoor, maar ook by ander liggame wat sig daarmee besig hou, soos bv. kinderwelvaart-vereniginge en vereniginge van arbeiders. Dis verder baie wenslik dat gedurende die opleiding 'n studie van een of meer beroepe gemaak word waardeur al die verskillende genoemde aspekte saamgevat word en nie net bv.

1. Vgl. die volgende kursus vir 1928 in Opvoedkundige en Beroepsvoorligting aan die Harvardse Universiteit:

1. The Principles and Practice of Vocational Guidance.
2. The Counselling and the Administration of Vocational Guidance.
3. Psychological Aspects of Educational and Vocational Adjustment.
4. Occupational Information, Research, and Surveys.
5. Education as Guidance.
6. Seminary on Problems of Vocational and Educational Guidance.
7. Individual Research, under the Guidance of an Instructor.

die beroepspsigologie nie. Die probleme in hierdie werk bespreek dui terselfdertyd in die algemeen aan wat die meer spesifiek beroepsvoorligtingsvraagstukke is wat moet deel uitmaak van die inhoud van die kursus en wat die onderwyser moet in die oog hou wanneer hy sy leerlinge nie alleen wil opvoed vir die regte beroepskeuse nie, maar ook beroeps- en opvoedkundige voorligting wil verskaf in sover as dit by hom tuis hoort.

Hierdie opleiding kan verskaf word deur die Universiteite en Onderwyser-opleidingskolleges in samewerking met die bestaande Jeugrade. Die feit dat in byna alle plekke van ons land waar universiteite en opleidingskolleges bestaan ook jeugrade of jeugkomitees voorkom vergemaklik hierdie saak. Waar daar geen jeugraad langs die universiteit en opleidingsinringting reeds bestaan nie—Stellenbosch en Wellington is die enigste uitsonderinge—daar kan met die gewenste uitbreiding van die jeugraadstelsel, soos later sal beskryf word, een gestig word. Die groot voordeel van hierdie opleiding is dat dit nie alleen groteliks reeds saamval met 'n goeie onderwysopleiding nie, waarby sosiologie en ekonomie behoort ingesluit te word—die ander vakke is gedeeltelik of geheel reeds inbegrepe—maar die vernaamste vereiste persoonlike eienskappe vir altwee stem vir 'n groot deel ooreen. Hierdie vernaamste persoonlike eienskappe word deur Cohen saamgevat onder die volgende hoofde[1]:

1. Iemand wat ryp is in jare en ervaring.
2. Seks—'n man vir seuns en 'n vrou vir dogters indien moontlik.
3. Persoonlikheid.
4. Takt.
5. Simpatie.
6. Oordeel.
7. 'n Goeie waarnemer.

Hierby voeg Aloys Fischer[2]:

1. 'n Gesonde blik op die lewe.
2. Onbevange praktiese verstand.
3. Lewendige belangstelling in die mens en in die hele saak.
4. Psigologiese blik en opvoedkundige instelling (Einstellung).

1. I. D. Cohen: Principles and Practices of Vocational Guidance, bl. 143.
2. Aloy Fischer in "Gründsätzliches zur Frage der Berufsberatung" oor "Berufsberatung und Berufsberater."

**Paragraaf 2.b.—Voorgestelde Veranderinge in die Organisasie van die Stelsel deur Andere.**

In 'n „volledige skema" van beroepsraadgewing wat Prof. H. F. Verwoerd aan die hand gegee het, veral vir die Kaapse Skiereiland[1], wil hy die in Sielkunde opgeleide studente aan die Universiteit eendag per week skole in die Skiereiland laat besoek en kinders toets, waarvoor hulle £100 per jaar ontvang. Verder kan hulle gedurende universiteits vakansie-tye wanneer die skole nog besig is, hul voltydse aandag aan die werk gee. Tien sodanige studente onder toesig van 'n hoof van 'n fakulteit van sielkunde met miskien 'n hulpdosent, kan op hierdie wyse met die grootste gemak al die kinders in die Skiereiland toets. Al die onkoste in ag geneem sal die uitgawe van die Onderwys Departement uiters £2,000 per jaar beloop. Liewers dan 'n opgeleide psigoloog in samewerking met 'n Jeugraad aan te stel wil hy 'n selfstandige psigologiese instituut hê omdat die hom op 'n breër terrein kan begeef, terwyl die eerste te veel nadruk mag lê op die keuring van leerlinge. Vir die res van die land wil hy 'n onderwyser met H.O.D. of B.Ed. en baie deeglike sielkundige kennis—M.A. in Sielkunde—aanstel wat in die skool tyd genoeg gegee word om kinders van daardie skool te toets. Een onderwyser kan ook kinders van verskillende skole toets en een stel van apparate kan deur 'n kring van skole gebruik word. Die organisasie sou dus feitlik kosteloos wees.

Om die Jeugraadstelsel oor die hele land uit te brei gee Hill[2] aan die hand: Dat die land sal afgebaken word in gebiede met 'n bevolking wat so na moontlik sal vashou aan 10,000 blankes. Rekening sal egter ook gehou word met die uitgestrektheid van die oppervlakte sodat byvoorbeeld selfs 'n bevolking van nog geen 6,000 so'n gebied kan vorm, terwyl in digter bevolkingssentra weer meer as 10,000 'n gebied vorm. Elke sodanige gebied kry 'n Jeugkomitee, terwyl 'n blanke bevolking van 15,000 kan beskou word as geregtig op 'n Jeugraad; die Jeugkomitees moet egter dieselfde wetlike status besit as die Jeugrade. Die jeugkomitee behoort te bestaan uit lokale persone aangestel op dieselfde wyse en vir dieselfde tydperk as lede van jeugrade. Skoolraadslede behoort ook nie uitgesluit te word nie. Die komiteelede se pligte sal wees om elkeen in sy omgewing of wyk—die wyke behoort so na moontlik ewe groot te wees—die publieke belangstelling te wek en medewerking te verwerf vir die werk en in aanraking te kom met werkgewers, ouers en met kinders op skool sowel as met die wat reeds in diens is. Hulle moet verder openings vir loopbane dophou in hul wyk, die sekretaris daarvan in kennis stel

1. „Die Burger," 26 Januarie, 1932
2. R. Hill: Die Jeugraadstelsel in Suidafrika in „Maandblad vir Sosiale en Bedryfsaangeleede," April 1930, bl. 171—175.

en ook oor die besonderhede van die werk; die loon wat aangebied word, ure van werk, en moontlike vooruitsigte. Ook nasorgwerk behoort op hulle te rus deur middel van besoeke aan jeugdiges in hul werk en deur hulle aan hul huise te ontvang. Die sekretariële werk word waargeneem deur die skoolraadsekretaris; en as daar meer as een in so'n gebied is fungeer die ander as hulpsekretaris. Die pligte van die sekretaris is die volgende:

1. Om notule te hou van komitee-vergaderings en die korrespendensie te doen.

2. Om aan die einde van elke jaar 'n verslag van die werk oor die afgelope jaar aan die hoofkantoor te stuur.

3. Om applikante te registreer en beroepsvoorligting en indiensplasing te onderneem.

Wanneer die werk in enige gebied soveel word dat die skoolraadsekretaris dit nie meer kan behartig nie behoort daar 'n buro gestig te word met 'n voltydse staatsamptenaar as sekretaris. Dan word die komitee 'n jeugraad. Aan die hoof van elkeen van die vier provinsies staan 'n direkteur. Hulle behoort voltydse amptenare te wees met spesiale kwalifikasies en kennis van kindersielkunde, beroepsvoorligting, van die nywerhede en loopbane vir jeugdiges.

'n Derde voorstel is gemaak deur J. J. Kemp[1]:

1. Publieke kantore, onder die Onderwys Departement, moet verantwoordelik wees vir die toepas van toetse op elke kind; so'n kantoor moet toegestaan word vir elke 50,000 siele; 'n spesiaal opgeleide permanente staf moet in diens geneem word. Hierdie kantore moet informasie versamel omtrent leerlinge en daarom moet daar samewerking wees met die laerskool. In plattelandse streke moet beamptes reis van skool tot skool.

2. Naas hierdie kantore moet daar andere wees vir werkverskaffing. Hulle moet uitvind watter vakatures daar bestaan op die arbeidsmark en superwisie hou oor die werkende kinders.

3. In 'n sentrale nasionale kantoor moet toetse opgestel word deur eksperte wat oorgehandig moet word aan die distrikskantore. Hierdie nasionale kantoor moet ook ondersoekingswerk doen waarby die universiteite behulpsaam moet wees.

Die vernaamste besware wat ingebring kan word teen Verwoerd se voorstel is dat: 1, Die teenwoordige H.O.D. en B.Ed. kursusse, selfs met 'n deeglike psigologiese opleiding daarby, nog nie voldoende

1. Vocational Guidance and the Juvenile Affairs Board System.

is vir die werk van 'n beroepsadviseur, soos bo aangetoon is. Beroepsvoorligting is meer as bloot kinders se bekwaamhede vir beroepe psigologies te toets. Wat die gekose toets-onderwysers meer moet doen—nl. opvoed vir die regte beroepskeuse—word geen melding van gemaak nie.

2. Afgesien van die verskillende wetenskaplike aspekte wat moet behartig word, is 'n wydvertakte organisasie—groter as die van die tans fungerende Jeugrade—oor die hele land nodig om 'n doeltreffende sisteem daar te stel wat nagenoeg al die werkende en werksoekende jeug sal bereik.

Teen Hill se voorstel is in te bring dat:

1. Die bevolkingsaantal nie as basis geneem kan word nie omdat dit voortdurend en te maklik verander al na gelang van ekonomiese omstandighede.

2. In baie opsigte 'n reorganisasie sal veroorsaak word deur 'n herverdeling van skoolraaddistrikte om jeugkomitees en jeugraadgebiede te vorm.

3. Geen rekening gehou word met al die wetenskaplike aspekte van die probleem nie en veral nie met die vereiste wetenskaplike geskooldheid en bevoegdheid van die skoolraadsekretarisse nie.

4. Dit onmoontlik is vir sy hoofdirekteur van elke provinsie om, behalwe die wetenskaplike studie wat van hom vereis word, noue voeling te hou met al die jeugkomitees en jeugrade in sy provinsie. Die provinsies is ook buitendien nie ewe groot nie.

Behalwe die kritiek wat ingebring is teen die vorige twee skemas en wat dus teen Kemp s'n ook geld kan bygevoeg word die vraag of dit prakties moontlik en wenslik sal wees om twee kantore langs mekaar te hê, die een onder die Onderwys Departement en die ander onder die Arbeidsdepartement. Een buro wat die werk behoorlik ko-ordineer, onder leiding van opvoedkundiges wat terselfdertyd sorg vir die noue kontak tussen opvoeding en arbeid, behoort meer eenheid in die stelsel te bring. Die hele opvoedkundige betekenis van die probleem en die volle aandeel wat die skool dus daarin moet neem word nie raak gesien nie, netsoos by die ander twee voorstelle.

### Paragraaf 2.c.—Eie Voorstel vir Verandering.

Met inagneming van al die verskillende werksaamhede en probleme in hierdie en vorige hoofstukke bespreek, en met die oog op 'n doeltreffende eenvormige organisasie vir die hele land word die volgende sisteem aan die hand gegee:

1. Die universiteite en opleidingskolleges in nouste samewerking met die plaaslike jeugrade word die inrigtings waar nie alleen voortdurend ondersoekingswerk gedoen word nie oor die hele beroepsvoorligtingvraagstuk, maar waar al die voorligtingsbeamptes hul nodige veelsydige wetenskaplike opleiding ontvang. Hierdie jeugrade doen natuurlik origens dieselfde werk as al die ander jeugrade.

2. Aan die hoof van elke jeugraad staan 'n behoorlik wetenskaplik geskoolde direkteur, wat beskik oor 'n so deeglik moontlike psigologiese uitrusting, met die nodige aantal assistente en klerke, al na gelang die omvang van sy kantoor se werk. So 'n direkteur moet nie alleen die nodige informasie omtrent elke beroepsoekende jongmens versamel nie, met beter rekordkaarte as tans gedaan word, maar ook instaat wees om psigologiese toetse toe te pas en wetenskaplike ondersoek in te stel na al die vereistes van plaaslike beroepe en die kondisies waaronder hulle verrig word. Waar hy nie beskik oor al die nodige apparaat nie, of in geval van moeilike kinders wat ekspert behandeling nodig het, word soveel moontlik gebruik gemaak van die hoof ondersoekings- en voorligtings-buro's, soos bo onder (1) genoem. Ook moet hy beskik oor alle gegewens omtrent werksaamhede en vereistes vir toelating na verskillende opvoedingsinrigtings vir die kinders wat verdere studie voor oë het, soos bv. oor universiteite, opleidingskolleges en beroepskole.

3. Die bestaande skoolrade word omgevorm in jeugrade, wat behalwe hul teenwoordige werk—waarvan die meeste deur 'n ondergeskikte klerk kan verrig word—ook die funksies van die Jeugrade moet onderneem[1]. Die gebiede waarin die skoolrade funksioneer word onveranderd gelaat en dus nie getorring aan die bestaande masjienerie. Die skoolrade staan in nou verband met die skole en daardeur word die werk van die nuwe jeugrade ook in nou verband gebring met die skole. Die groot moeilikheid i.v.m. die oprigting van jeugrade vir die platteland is om 'n volletydse, bevoegde beampte en volletydse kantoor beskikbaar te stel aan die hele organisasie. Daarvoor is die bestaande skoolraad-kantore doelmatig genoeg oor die land versprei. Die samestelling van die nuwe rade—wat dan liewers Jeug- en Skoolrade genoem word—sal egter geheel of gedeeltelik moet gewysig word en wel op die wyse dat almal of altans 'n groot aantal benoem word op grond van bepaalde bevoegdheid vir die werk; by sulke benoeminge

1. In die Transvaal bestaan die gebruik reeds dat aar daar geen Jeugrade is nie die rekordkaarte deur die skoolrade versamel word.

word soveel moontlik rekening gehou nie net met persoonlike belangstelling in en bevoegdheid vir diie werk nie maar ook met die verteenwoordiging van verskillende groepe van beroepe, asook met die belange van werkgewers en werknemers, opvoedkundiges en sosiale werkers. Wat die ledetal betref behoort daar 'n tamelike groot speling gelaat te word sodat al na die plaaslike belangstelling en bevoegdheid van persone die aantal kan uitgebrei of ingekrimp word. In hierdie verband kan gewys word daarop dat in die laaste jare in Engeland, netsoos in Amerika, dit al sterker en sterker ingesien word dat beroepskeusevoorligting by die opvoedkundige outoriteite tuis hoort. Die volgende redes word daarvoor aangevoer deur Prof. C. Burt wat jarelange ervaring i.v.m. die probleem het en deur Dr. A. Macrae, hoof van die beroepskeusevoorligting-afdeling van die „National Institute of Industrial Psychology," Londen[2]: Much of the data necessary, e.g. the records of the medical inspection and of the child's progress at school, is in the possession of the local education authority. The school provides a natural place for the necessary testing or examination, and for the meeting of advisory committees. The Care Committee officers who know the home and the parents are usually officers of the local education authority; and the local education authority will also be most directly in contact with institutions which will provide future training.

Two additional reasons may be suggested for placing vocational guidance under the administration of the education authority. First, the authority has, among its teachers, potential councillors who, if suitably trained, could carry out the examination of the child with less inconvenience and at a smaller public expense than would be entailed by the engaging of a host of visiting psychologists. In the second place, vocational guidance cannot be divorced from educational guidance; rightly conceived, it is merely the culmination of a continuous process of advising throughout the child's school life, the logical conclusion of the whole business of education."

4. By elke skool waar kinders bokant 12 jaar oud in skool is moet een of meer beroepsadviseurs uit die skoolstaf aangestel word om die voortou te neem i.v.m. voorligtingswerk, netsoos in Amerika en

1. A. Macrae: Talents and Temperaments, bl. 199. Vir die praktyk in Amerika sien: Vocational Guidance and Junior Placement—U.S. Department of Labour.

Duitsland gedoen word. Hierdie persone moet nie alleen in die nouste verbinding staan met die direkteur van die jeugraad nie, maar moet ook bekwaam wees om die kind te adviseer met betrekking tot sy beroepskeuse in gevalle waar die skool nie in die onmiddellike nabyheid van die jeugraad is nie. In twyfelagtige gevalle behoort egter altyd 'n jeugraad-direkteur geraadpleeg te word. Sover moontlik moet sulke beroepsadviseurs op die skole die nodige tyd vir hierdie werk binne skoolure tot hul beskikking hê.

5. Die skoolinspekteur moet nie alleen sitting hê op hierdie Raad nie, maar hy moet ook die bevoegdheid besit om met sy besoeke aan die verafgeleë plaasskole kinders, ouers en onderwysers met voorligting te dien waar nodig en hulle verder verwys na die jeugraad-direkteur. By die kleinere plaasskole het die kinders, as hulle nie die skool vergoed verlaat nie, slegs opvoedkundige voorligting nodig waaroor die inspekteur ook bevoeg behoort te wees om raad te gee. By die grotere sentrale plaasskole, veral waar kinders bokant 12 jaar oud is moet netsoos by die ander groot skole wat nie naby 'n jeugraad is nie, een of meer beroepsadviseurs aangestel word, met die beherende liggaam of skoolkommissie as jeugkomitee. Hierdie organisasies tesame met ander bestaande liggame en persone, soos kinderwelvaart-verenigings, skool-verpleegsters, sosiale werkers, kan ook so veel moontlik in kontak bly met die jeugdige werkers.

Dit spreek vanself dat hierdie skema slegs mettertyd kan verwesenlik word, aangesien die nodige kragte, beide wat direkteurs en adviseurs betref, eers moet opgelei word vir die werk. Deur middel van vakansiekursusse sowel as deur verlof vir studie aan geïnteresseerde en bekwame persone kan egter langsamerhand in al die behoeftes voorsien word. Aangesien die plan hoofsaaklik gebruik maak van bestaande organisasies—net beter bevoegdes—kan die onkoste ook nie veel meer wees as tans nie.

Origens is dit 'n kwessie van die bestaande wette en regulasies so verander dat uitvoering aan die plan kan gegee word; indien die nodige onderlinge samewerking tussen die verskillende betrokke departemente nie kan verkry word nie, behoort die Arbeids-departement die Jeugrade oor te dra aan die provinsiale Departemente van Onderwys. Hierdie sekundêre moeilikhede behoort egter nie uitbreiding en verbetering van die stelsel langer in die weg te staan nie.

## AANHANGSEL.

Voorbeelde van leerlinge se verskillende standaarde van beroepskennis, nl. middelmatig en swak, soos bepaal in Hoofstuk IV. Die opstelle word letterlik weergegee.

### Hoërskoolleerlinge.

a. Beroepskennis goed.
b. Beroepskennis middelmatig.
c. Beroepskennis swak.

### Intermediêreskool-leerlinge.

a. Beroepskennis middelmatig.
b. Beroepskennis swak.

### Laerskoolleerlinge.

a. Beroepskennis middelmatig.
b. Beroepskennis swak.

### Hoërskoolleerling.

### a.—Beroepskennis Goed.

MY FUTURE VOCATION

Fully three careers have come before my mental vision—that of a journalist, librarian and school teacher. But when I considered journalism, I definitely ruled it out. I do not pine for office hours and the strain of regulating energy within a fixed period of time; nor am I able to write sufficiently well to either obtain or hold a position. And when I thought over the career of a librarian. I came to the same conclusion. It is true that I love books, am able to criticise a little and appreciate the merits of most great works; but the work of a librarian, I think becomes monotonous and purely mechanical after a short while and in my case, boredom spells irritation, selfishness, a bad temper and a fit of depression! My path then lay in the direction of the University and I am convinced that I shall never regret taking up teaching.

This desire to be a school teacher first came in the first lesson of my first day at school and has persisted ever since I was a tiny little child of six or thereabouts and the protegé of two children of the same age, who proudly initiated me into the doings of their particular little clique. The teacher, who had a remarkably sweet face framed by clouds of golden hair, took my hand and, when I had been supplied with a reading book, gave the lesson. I could read quite well before I went to school and so followed easily. The sentence in the book was "The

big cat sat on the mat; the bat lies on the mat, too," and this made me burn with enthusiasm. When I went home I declared, "I said to myself when I had my first lesson that I was going to be a teacher and I will, so there!" And throughout the years spent in various schools this resolution has never wavered; indeed it has been strengthened, for every now and then I realized that my choice had been wise.

Holidays! I love them and before I have even begun training, I have made plans with a friend to visit Europe in eight or nine years time. And there are holidays of days, weeks and months to sustain me until this chosen time comes. And there are short hours to sustain me in between these holidays! From this point of view, my choice is very wise indeed!

And of course I am fond of what money buys (every girl is!) so that a good salary is also a bait for me to take up teaching.

Another reason for my decision is my love for children. I love them for their dear little ways of showing devotion; I understaid their queer ideas, their fears, their joys and pleasures and sympathise with them wholeheartedly (perhaps it is because I am only a child myself!).

I am very enthusiastic over the idea of proper education, too, and am going to introduce a system of my own when I begin to teach! I shall give them as little arithmetic as possible and as far as I am able, will cut out the dry mechanical drudgery; I should like, on the other hand, to educate them in such a way that they will, later on, be able to appreciate the beauties of nature, of literature, of music and of art. (I learnt to appreciate these things myself and often wish that my earlier teachers had set me in the right path at the very beginning).

But, you may say, what is the use of preferring a career when you are unsuited for it? I can say, quite frankly, that I consider myself one of the very fittest for taking up teaching as my vocation and believe that. I am not at all conceited. First, my health is excellent. Winter colds and occasional coughs have been my only ailments since the days of measles and mumps nine years ago and even they have been unable to break the optimism and happy view of life which is fostered by good health.

Secondly, I think that I am a fair-all-round scholar. I am not particularly good at any one subject nor particularly bad either, so that I should have no difficulty in teaching any subject.

And thirdly, I love children (as I have mentioned before) and if one is able to understand them and sympathise with them in their troubles, a host of difficulties in teaching and controlling them is overcome.

But what counts most, is my very enthusiasm. It is absolutely hopeless pursuing a career for which you have no love; you are always a failure. And this is my chief reason for choosing to be a school teacher. I love the idea both in theory and in practice and, as this desire has remained unshaken for so many years, even while I have been seeing the most uninteresting and disappointing aspects of school teaching, I am absolutely certain that it will not waver a fraction in the last lap.

I have not yet definitely decided which course to take. All are attractive, which makes it rather difficult to come to a decision. At present I prefer the idea of teaching children roundabout ten years of age but it is highly probable that, as I grow older, I shall prefer to teach other children. This is, however, a minor consideration. I am going to be a teacher by hook or by crook and, as I write, I can see myself taking a little child, at school, for the first time, by the hand, handing her a book and hear her reading "The big cat sat on the mat; the bat lies on the mat too!".

(Hierdie leerling is 15 jaar en die dogter van 'n skrynwerker).

Onderwyseres se oordeel:

A brilliant child, who will do extremely well in this career. An excellent choice.

**Hoërskoolleerling.**

**b.—Beroepskennis Middelmatig.**

MY TOEKOMSTIGE BEROEP.

Van kleinsaf het ek besluit om ingenieurswerk te gaan opneem, vernaamlik in die bou van motorkarre.

Ons land is nog betreklik jonk. Dis nou maar 'n paar jaar terug dat ons ook begin motorkarre bou het. Ons het nog byna al ons motorkarre en masienerie van Europa gekry.

Ons het nou ons eie staalfabriek waarin duisende van ons seuns kan gaan werk. Ons kan nou ons eie masienerie maak en baie goedkoper. Ons kan ons land vorentoe help. Dis die beginsel van ons toekoms.

Op elke gebied sien ons dat die motor versus die spoorweg. Die toekoms lê in die motorwêreld. Duisende van motorkarre word gemaak en verkoop. Byna elke man ry nou al 'n motorkar.

Die produkte word nou met lorries vervoer. Die ossewaens en treine word op die agtergrond geskuiwe. Hoekom dan? Juis omdat hulle uitgevind het dat die motorlorries die produkte makliker en gouer vervoer na die spoorweg. Die boer kan nou meer geld maak en op 'n groter skaal boer. Dis maar in die gebied van die motorwêreld.

Die boere begin meer stoomploeë te koop. Hulle het uitgevind hulle kan beter oeste maak as vroeër. Daar word dus nou 'n groter aanvraag uitgestuur as vroeër. Ongelukkig kom die meeste ploeë van Duitsland af en uit Europa. Die masienerie word daar gemaak en ons moet ons bankrot betaal vir die masienerie as dit hier land. Hoekom kan ons dit nie self in ons eie land maak nie. Ons het mos nou 'n staalfabriek. Ongelukkig het ons nog te min jong seuns wat in hierdie vak opgelei word. Dus moet ons sorg dat meer seuns in die beroep opgelei word.

Die masienerie wat hier gemaak word is nog nie van 'n goeie gehalte nie. Daar moet manne wees, wat goed opgelei is, en dit kan verbeter. Ons moet die Europeane wys, dat ons net sulke goeie masienerie kan maak as hulle.

Ford het sy lewe gewy aan motorkarre, en het 'n groot sukses daarvan gemaak. Hy het skatryk geword. Dus het ek ook besluit om ingenieurswerk op te neem.

Hierdie beroep sal voortlewe in die Suidafrikaanse Geskiedenis.

Ons het nou al lugdiens ook. Ons pos word al vervoer per lugskip. Daar is 'n paar stasies gebou vir die skepe. Dis nog 'n teken dat die toekoms in masienerie lê.

Elke jaar word daar nuwe rekorde verower. Elkeen sorg om dit te verower. Beter karre word gebou. Die man, wat dus die beste motorkar maak, is die man wat die meeste geld kry.

Dus moet daar manne wees wat deeglik opgelei is in die kuns. Dit kan hy alleen verkry as hy van jongsaf opgelei word en geleer word hoe om masienerie te maak en te verbeter.

Dus het ek besluit om hierdie vak op te neem en gaan dit my toekomstige beroep wees.

**Hoërskoolleerling.**

**c.—Beroepskennis Swak.**

## MY TOEKOMSTIGE BEROEP.

Ons staan op die tippie om die skool te verlaat en sommige van ons wie se „beroep" nie verdere studie eis nie, gaan nou sy eie potjie krap. Daar is baie van ons wat helemal in die war raak as van beroep gepraat word. Sommige skrik so groot en kom somar uit met 'n

dokter. Ander weer hamer op die ou afgesaagde professie van onderwyser. Elkeen het iets te sê maar hoeveel gaan nou in werklikheid in vir die professie wat hulle dan so danig gekies het?

Dit is nou darem ook te begryp dat om 'n beroep te kies baie oorweging kos. 'n Mens kan nie somar afhak en sê jy gaan dokter word. Daar moet eers gekyk word of jy nou vir so'n beroep bekwaam is. Om te dokter sowel as dokter te word kos geld en die vraag is of jy nou beskik oor die middele om jou in staat te stel om dokter te word.

So 'n doodgewone houding kon ons darem nou ook nie inneem nie. Iets moet gedoen word en in vyf en twintig minute moet ek nou 'n beroep kies. Dit klink wonderlik—. Dit lyk of 'n persoon nou moet reg kies of sy hele lewe deur in ongeluk gaan deurbring—.

Om nou darem matriek te verlaat en nou nie eers te weet wat jy gaan word, is maar bedroef . . . . . .

Wel hoe sal 'n pos in die staatsdiens wees? Dis nou nog al wat oorbly om te doen. Wel daar is so baie poste wat 'n persoon hier kan beklee, dat dit moeilik sal gaan om nou te kies, wat in lyn van 'n professie is wat iets goeds sal oplewer.

Hopeloos is dit om nou verder te sukkel. Kies die professie van magistraat en druk deur—as daar so iets is—. 'n Magistraat lyk mos 'n voorperd en sit daar op sy ou stoeltjie, nes 'n haan op die balk en kraai.—'n Taamlike prominente persoon.—

Laat ek eers in my sak voel voor ek die magistraatskap verder prys—die lokale magistraat kan dit lig te hore kom—.

**Intermediêreskool-leerling.**

**a.—Beroepskennis middelmatig.**

MY TOEKOMSTIGE BEROEP.

As ons nog in die skool is dan leer ons net om klaar te kry en ons dink nie waarvoor ons wil leer nie. Dis eers as ons op die punt is om skool te verlaat dat ons wakker skrik en dan is dit amper te laat. Maar gelukkig, om die waarheid te sê, ek het darem betyds gedink en vir my 'n beroep gekies. Ek het baie oor die onderwerp gedink, maar eindelik het ek gevoel dat die vliegtuie meer as iets anders in my lyn is en dus het ek my voorgeneem om 'n vlieënier te word.

Die redes waarvoor ek die beroep gekies het is, in die eerste plaats, omdat dit 'n betrekking is wat nie somar tot 'n end kom nie. Ten twede omdat dit 'n goewerments werk is en ek dus seker is van my betrekking en my salaris en ek dus my bestaan sal kan maak. Ten derde omdat ek weet dat die toekoms van die masienerie wêreld in die lug sal wees en die vierde is omdat ek lus het vir die beroep.

Voor ons vir ons 'n beroep kies moet ons onsself eers vra of ons geskik is vir die werk, en of ons lus het vir die werk. As ons kan antwoord op die twee vrae dan moet ons onsself nog vra of dit 'n goeie werk is en of daar 'n toekoms is in die betrekking. Dan eers kan ons ons beroep kies. En dan kan ons onsself begin te opwerk en nie net op een plek bly staan nie, maar probeer om altyd meer vorentoe te beur. Dan sal elkeen 'n sukses van die lewe maak, as hy net so handel. Dan sal ons volk vorentoe gaan en daar sal minder armoede in die land wees. Dis net jammer om te sê dat daar maar min is wat dit doen, en tog die tyd is so swaar dat elkeen dit behoort te doen en ons hoop hulle sal dit doen in die vervolg.

### Intermediêreskool-leerling.

### b.—Beroepskennis Swak.

### MY TOEKOMSTIGE BEROEP.

As ek eendag skool verlaat het en opgegroei het sal ek graag 'n advokaat wil word. Ek wil graag 'n advokaat word omdat ek baie lus het een te word en my altyd verbeel dat ek 'n baie goeie advokaat sal wees as ek een eendag sal word. Omdat ek baie droom daarvan en lugkastele bou en my verbeel dat ek voor 'n magistraat staan en kliënte verdedig daarom wil ek ook graag 'n advokaat word.

Partykeer verbeel ek my dat ek vrae antwoord wat hul my gevra het of vrae vra.

Ek wil nie alleen een word nie omdat ek daaroor droom of dink nie maar omdat ek my altyd verbeel as ek een word eendag ek my eie kos sal kan verdien.

Maar ek dink ook dat al my drome en verbeeldery tot niks eendag sal kom nie.

### Laerskoolleerling.

### a.—Beroepskennis Middelmatig.

### MY TOEKOMSTIGE BEROEP.

(1) My lus vir die werk.
(2) Hoe ek die werk sal begin.
(3) Watter werk ek wil leer.
(4) Wat ek gaan doen as ek my werk ken.
(5) Waar ek gaan werk.

Ek was nog maar vyf somers oud, toe ek vir myself 'n klein kamertjie, of liewers 'n hokkie gebou het, waarin ek 'n versameling van houte, planke, spykers, en 'n hamertjie gehad het. Ure lank het ek dan daar gesit, en timmer, en gewerfskaf, en probeer om stoeltjies, tafeltjies, ens. te maak, wat ek nogal oulik reggekry het.

Nou is ek al groot en dit word al tyd, dat ek my eie weg deur die lewe moet veg. Die tyd toe pa en ma vir my gesorg het is verby, en daarom moet ek so goed moontlik, oplet na wat hulle my in die ambagskool sal wys. Sodat ek 'n sukses kan behaal, en nie, maar somar 'n nul bly vir die hele lewe nie, want elke mens het 'n sekere talent gekry, en die wat nie daarvan gebruik maak nie, se talente sal vir hom afgeneem word, en aan die gegee word, wat daarvan gebruik sal maak.

My plan is om te gaan leer vir 'n skrynwerker, sodat ek kan meubels maak, want ek sien dat sulke werk, soos byvoorbeeld wamakery, en nog baie ander, sterf heeltemal uit, want die moterlorrie, neem die plek van die waens in, omdat dit baie vinniger gaan, en so is dit ook met die perde en moterkarre, maar 'n werk soos skrynwerker sal nooit end gee nie, want watter jongetroude-paar wil nie graag mooi meubels in hulle huis hê nie.

As ek my werk ken kan ek by een of ander groot firma, vir 'n goeie salaris gaan werk, of as ek genoeg geld het, kan ek my eie besigheid opsit, en 'n goeie lewe maak.

My plan is, as dit die Heer se wil is, na Kaapstad te gaan en daar 'n besigheid te gaan opsit, want dan is ek somar by die grootste hawe van Suid-Afrika, en kan maklik van my meubels uitvoer, na ander lande toe, en ek kan ook my nodige hout daar teen goedkoop prys kry.

**Laerskoolleerling.**

**b.—Beroepskennis Swak.**

MY TOEKOMSTIGE BEROEP.

Ek hoop op die eksamens wat ek afgelê het dat ek nie sal druip nie. Maar buite die eksamens is daar 'n groot klip in die pad wat ek moet probeer uitrol, en dit is wat ek gaan doen as ek skool verlaat.

Daar is 'n hele paar werke wat my aandag op lê.

Dit is naamlik winkelswerk, kleermaker of as 'n perfate (private) verpleegster by 'n dokter.

Ek sal hulle behandel so goed as ek kan. Ek hoop om goed geld te maak vernaamlik as ek 'n besluit neem om klere te maak. Dit sal my minder geld kos as ek self my klere kan maak sonder behulp van ander.

## BIBLIOGRAFIE.

Aanleg en Beroep (Maandblad voor Beroepskeuze) Utrecht (Holl.)

Academicus, Deutscher Hochschulführer. Lorentz (Leipzig).

Adams, J.: The Spirit of Youth and the City Streets. (Macmillan).

Administratie van Onderwys, Eerste en Tweede Rapport. Goewerments-Drukkery.

Aichorn, A.: Erziehungsberatung—Zeitschrift für Psycho-Analytische Pädagogik. Dez. 1932. (Wien).

Albertyn & Rothmann: Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika Sociologiese Verslag. Pro-Ecclessia Durkkery Stellenbosch.

Allen, F. J.: Principles and Problems in Vocational Guidance (McGraw, Hill, Book Co. (London).

Allen, F. J.: Practice in Vocational Guidance (McGraw-Hill).

Allen, E. P., and Smith, P.: The value of Vocational Tests as Aids to Choice of Employment, Birmingham.

Arbeit und Beruf: Grüner-Verslag (Bernau bei Berlin).

Anderson & Nelson: A Study of Physical Examinations of Children Entering Industry, New York.

Anderson, V. V.: Psychiatry in Industry, New York.

A Study in Vocational Guidance, His Majesty's Stationery Office, London.

Baldwin, S. E.: The Young Man and the Law. Macmillan.

Badley, J. H.: Bedalcs, A Pioneer School, Methuen & Co., London.

Baumgarten, F: Die Berufseignungsprüfungen, Oldenburg, Berlin.

Beroepe (Europeane) Sensus. Mei, 1926. Goewerments-Drukkery.

Bieträge zur Berufsberatung, Literatur, Zentral Institut für Erziehung und Unterricht, Berlin.

Beiträge zur Berufsberatung, Berufsethik und Berufskunde in der Schule. Zentral Institut für Erziehung und Unterricht, Berlin.

Berufsberatung, Berufsauslese, Berufsausbildung, Reichsarbeitsverwaltung, Berlin.

Betts, G. H.: Social Principles of Education. Charles Scribner Sons, New York.

Bieneman, D.: Ability in Typewriting in relation to Vocational Guidance. International Labour Office, Geneva.

Blanchardt, P.: The Care of the Adolescent Girl. Kegan Paul, London.

Bloomfield, M.: Youth, School and Vocation. Mifflin Co., New York.

Bloomfield, M.: The Vocational Guidance of Youth, Mifflin Co.

Bobbitt, F.: How to make a Curriculum. (Houghton Mifflin Co., New York).

Bobbit, F.: The Curriculum (Houghton Mifflin Co., New York).

Bobertag und Hylla: Begabungsprüfung. Julius Beltz, Langensalza.

Bode, B. A.: Fundamentals of Education. (Macmillans).

Bode, B. A.: Modern Educational Theories. (Macmillans).

Bogen, H.: Die Psychologie in der Praxis der Berufsberatung, Heymans, Berlin.

Bogen, H.: Von der Schulbank in den Beruf. Schwetschke, Berlin.

Bolt, J. H.: Nieuwe Wegen in Opvoeding en Onderwys. Ploegsma, Zeist.

Bokhorst, S. C.: Het Dalton Stelsel. (J. B. Wolters).

Bonser & Mossman: Industrial Arts for Elementary Schools (Macmillans).

Boyd, W.: Towards a New Education, Knopf, London.

Brewer, J. M.: The Vocational Guidance Movement. Macmillan.

Brewer, J. M.: Mental Measurement in Educational & Vocational Guidance (Harvard Universiteit).

Brewer, J. M.: Occupations. Ginn & Co.

Brewer, J. M.: Education as Guidance. Macmillan.

Brewster, E. T.: Vocational Guidance for the Professions, McNally, New York.

Briggs, T. H.: Curriculum Problems. (Macmillan).

Brooks, F. D.: The Psychology of Adolescence. (George Harrap).

Bronner, A. F.: Psychology of Special Abilities and Disabilities (Kegan Paul).

Brugmans, H. J. F. W.: Psychologische Methoden en Begrippen. Bohn, Haarlem.

Brugmans, H. J. F. W.: De Organisatie van den Arbeid. J. B. Wolters, Groningen.

Brugmans, H. J. F. W.: Psychologische Voorlichting by de Beroepskeuze, Paedagogische Studiën, eerste jaargang. J. B. Wolters.

Bues, H.: Die Stellung des Jugendlichen zum Beruf und zur Arbeit (Grüner-Verslag).

Burger, F. J.: Onderwyshervorming in Suid-Afrika. Die Burger, 16, 17, 18 Des., 1929.

Burns, C. D.: The Philosophy of Labour. Allen and Unwin, London.

Burt, C.: The Young Delinquent. Univ. of London, Press.

Burtt, H. E.: Principles of Employment, Psychology, Boston.

Buytendyk, F. J. J.: Beschouwingen over enkele moderne opvoedkundige Denkbeelden, Noordhof, Groningen.

Carlyle, T.: Past and Present, Chapman and Hall, London.

Charters and Whitley: Secretarial Duties and Traits. Williams and Wilkins Co., Baltimore.

Charters, W. W.: Curriculum Construction (Macmillan).

Cimbal, W.: Ueber die Erziehung zür Rüstigkeit und Tüchtigkeit in Schule und beruf. Hammerich & Lesser, Hamburg.

Claparede, E.: Problems and Methods of Vocational Guidance. International Labour Office, Geneva.

Clarke, E.: Essays in the Politcis of Education. Juta & Co., Capetown.

Coetzee, J. C.: Eksperimentele Opvoedkundige Studies. J. L. van Schaik, Pretoria.

Cohen, I. D.: Principles and Practices of Vocational Guidance. The Century Co., New York.

Conner, W. L., e.a.: The Curriculum (Review of Educational Research) January 1931.

Cox, J. W.: Mechanical Aptitude, London.

Cruse, H. P.: Georg Kerschensteiner, 'n Opvoedkundige Studie van Rottenburg, Amsterdam.

Crawford and Clement: The Choice of an Occupation, Department of Personnel Study, Yale Univ.

Cubberley, E. P.: The History of Education. Houghton Mifflin Co., New York.

Culpin, M.: Recent Advances in the Study of Psychoneuroses, London.

Culverwell, E. P.: The Montessori Principles and Practice (Bell and Sons, London).

Curriculum for Pupils of Twelve to Fifteen Years. Univ. of London. Press.

Davis, J. B.: Vocational and Moral Guidance. Ginn & Co., N. York.

Denisahkevich, M. J.: The Activity School, Seiler, New York.

de Vos Malan, W.: Tendencies in Secondary Education, Wellington, C.P.

de Wet: Proefnemings in Leerplanvryheid sedert 1900. T. O. Diensburo.

Dewey, J.: Democracy and Education. Macmillan.

Dewey, J.: Schools of To-morrow. Dalton & Co., New York.

Die Kristelike Skoolblad. (Komplete Uitgawe).

Diels, P. A.: Op Paedagogosche Verkenning. J. B. Wolters, Groningen.

Die Schule im Dienst der Berufserziehung und Berufsberatung. Zentral Institut für Erziehung und Unterricht. Berlin.

Die Skoolblad, Februarie, 1931.

Die Unie. (Komplete Uitgawe).

Die Volkstem (sedert 1903).

Differentiation of Curriculum between the Sexes in Secondary Schools, H.M. Stationery Office, London.

Dooley, W. H.: Principles and Methods of Industrial Education. (Harrap, London).

Döring, W. O.: Schülerauslese und psychische Berufsberatung. Coleman, Lübeck.

Döring, W.O.: Untersuchungen zur Psychologie des Lehrers. Quelle & Meyer, Leipzig.

Downey, J. E.: The Will-Temperament and its Testing, World Book Co., New York.

Drever, J.: The Psychology of Industry, Methuen & Co., New York.

Duggan, S. P.: History of Education. Appleton, London.

Dunkmann, K.: Die Lehre vom Beruf. Trowitzsch & Sohn, Berlin.

Educational Associations, Report of the Nineteenth Annual Conference. Darien Press. Edinburgh.

Education and Industry in Scotland, First Report. H.M. Stationery Office, London.

Education and Industry in England and Wales, First and Second Report, H.M. Stationery Office, London.

Earle, F. M.: Methods of Choosing a Career. Harrap & Co., London.

Earle, F. M., e.a.: The Measurement of Manual Dexterities. National Institute of Industrial Psychology, London.

Earle, F. M.: A Scottish Non-Selective Post Primary School, International Education Review. Bachem Köln 1932-33. Erstes Heft.

Earle, F. M.: The Use of Performance Tests of Intelligence in Vocational Guidance (H.M. Stationery Office, London).

Earle and Macrae: Tests of Mechanical Abiliy. London.

Eaton, T.H.: Education & Vocations. (Wiley & Sons, N. York).

Edgerton, A. H.: Vocational Guidance and Counseling. Macmillan & Co.

Education of the Adolescent. H.M. Stationery Office, London.

Ellis, R.S.: The Psychology of Individual Differences. Appleton & Co., New York.

Erismann & Moers.: Psychologie der Berufsarbeit und der Berufsberatung, de Gruyter & Co., Berlin.

Ferriere, A.: The Activity School. (Allen & Unwin).

Findlay, J. J.: An Introduction to Sociology. Univ. Press, Manchester.

Finley, R. L.: A Sociological Philosophy of Education. MacMillans.

Fischer, A.: Beruf, Berufswahl und Berufsberatung als Erziehungsfragen. München.

Foerster, W.: Karaktervorming. Ploegsma, Zeist.

Friedrich, O.: Die Berufsberatung für kaufmännische Berufe. Heymanns, Berlin.

Fryer, D.: Vocational Self-Guidance. Lippincoott Co., Philadelphia.

Fryer, D.: The Measurement of Interests, New York.

Fulda, F. W.: Zum Beruf geboren. Diederichs, Jena.

Gaudig, H.: Freie Geistige Schularbeit in Theorie und Praxis Hirts, Breslau.

Gaw, F.: Performance Tests of Intelligence. H.M. Stationery Office, London.

Gerhard, A. H.: Beroepskeuze, Maatschappy voor goede en goedkope Lectuur. Amsterdam.

Gie, S. F.: Nuwe leerplan vir Matriek. Ons Vaderland 30 Aug., 1929.

Graves, F. P.: A History of Education. Macmillan Co.

Greene, e.a.: Tests of Personality and Character. Report of 1932. Committee in „Review of Educational Research," June, 1932.

Grundsätzliches zur Frage der Berufsberatung. Deutsche Zentralstelle für Berufsberatung der Akademiker.

Giles & Giles: Vocational Civics. Macmillan & Co.

Griffiiths, C. H.: Fundamentals of Vocational Psychology. Macmillan & Co.

Grosskopf, J. F. W.: Plattelandsverarming en Plaasverlating. Pro-Ecclesia Drukkery, Stellenbosch. (Rapport van Carnegie-kommissie).

Gunning, J. H.: Paedagogische Opstellen (Tweede Bundel), van Looy, Amsterdam.

Gunning, J. H.: Dr. Maria Montessori. Maatschappy voor Goede en Goedkope Lectuur, Amsterdam.

Hamaide, A.: The Decroly Class. Dent & Sons, London.

Handboek vir Beroepe. Goewerments Drukkery.

Harap, H.: Economic Life and the Curriculum. Macmillan.

Hartshorne & May: Studies in Deceit. Macmillan Co.

Hazlitt, V.: Ability. Methuen & Co., London.

Herget, A.: Die Wichtigsten Strömungen im pädagogischen Leben der Gegenwart. Haase, Leipzig.

Hill, R.: Die Jeugraadstelsel in Suid-Afrika. Ongepubliseerde tesis.

Hines, H. C.: Junior High School Curricula. Macmillan & Co.

Hische, W.: Von der Grundschule zur Höheren Schule. Marhold Halle.

Holl, K.: Die Geschichte des Worts Beruf. Verlag der Akademie der Wissenschaften, Berlin.

Hollingworth, H. L.: Judging Human Character. Appleton & Co., London.

Hollingworth, H. L.: Vocational Psychology and Character Analysis, New York.

Hollingworth, L. S.: The Psychology of the Adolescent. King & Son, London.

Hollingworth, L. S.: Gifted Children. Macmillan Co.

Hollingworth, L. S.: Special Talents & Defects. Macmillan Co.

Hollingworth & Poffenberger: Applied Psychology. Appleton Co., London.

Holmes, E.: What is and What might be. Constable & Co., London.

Hörner, H.: Werktätige Arbeit in der Schule. Ehrig, Heidelberg.

Inglis, A.: Principles of Secondary Education, Houghton Co., Mifflin.

International Labour Review, Geneve.

Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement. Staatsdrukkery, Pretoria.

Jacks, L. P.: The Education of the Whole Man. Univ. of London Press.

Jansen, W.: Intellectualisme en Opvoeding. Hollandia-Drukkery, Baarn.

Jeugd en Beroep: J. Muusses. Purmerend.

Jeugraad Konferensies, 1924 en 1928. Notule.

Jones, C.: Papers on Psycho-Analyses. Bailliere, Tindall & Cox, London.

Jones, A. J.: Principles of Guidance. McGraw-Hill Book Co., N. York.

Jones, W. B.: Basic Units for an Introductory Course in Vocational Guidance, McGraw-Hill Book Co., New York.

Jones, E.: Social Aspects of Psycho Analyses. William and Norgate.

Jugend und Beruf: Heymanns Verslag, Berlin.

Juvenile Advisory Board (Arbridged Annual Report) 1920, 1921, 1922. Staatsdrukkery, Pretoria.

Karsen, F.: Die Neuen Schulen in Deutschland. Beltz, Langensalza.

Keatinge, M.W.: Studies in Education, Black, London.

Kemp, J. J.: Vocational Guidance and the Juvenile Affairs Board System. (Ongepubliseerde tesis).

Kerschensteiner, G.: Education for Citizenship, Harrap Co., London.

Kerschensteiner, G.: De Komende School. (Vertaal deur de Vletter Ploegsma, Zeist).

Kerschensteiner, G.: Begriff der Arbeitschule, Teubner, Leipzig.

Keyter, J. de W.: Erziehung als Lösung des Problems der Armen angehörigen des Weissen Rassen, des sog. Armen blanken Problems in der Südafrikanischen Union. Buchdrückerei, Furst, Duitsland.

Kimmins & Rennie: The Triumph of the Dalton Plan, Nicholson and Watson, London.

Kinderstudie (Paedagogische Bladen) Ploegsma, Zeist.

Kitson, H. D.: The Psychology of Vocational Adjustment. Lippicott Co., Philadelphia.

Kitson, H. D.: How to find the right Vocation, Harper & Bros., London.

Kitson, H. D.: I Find my Vocation. New York.

Klopfer, B.: Beruf und Schule. Klinkhardt, Leipzig.

Kohlbrugge, J. H. F.: Practische Sociologie I en II. J. B. Wolters, Groningen.

Kohnstamm, P.: De Nieuwe School. Noordhoff Groningen.

Kohnstamm, Bigot, Diels: De Toekomst van ons Volksonderwys. Nuts-Uitgevery, Amsterdam.

Koos, L. V.: The Junior High School (Harcourt, Brace & Howey).

Koos & Kefauver: Guidance in Secondary Schools. Macmillan Co.

Kühne, A.: Berufswahl und Berufsberatung. Trowitsch & Sohn, Berlin.

Kühne, A.: Handbuch für das Berufs- und Fachschulwesen. Quelle & Meyer, Leipzig.

Kuiper, T.: De Plaats van het Testonderzoek in de aansluiting tussen Lager- en Middelbaar Onderwys. J. B. Wolters, Groningen.

Küster, H.: Erziehungsprobleme der Reifezeit. Quelle & Meyer, Leipzig.

Kwartaalblad vir Middelbare Skole, Caxton Printing Works, Pretoria.

La Grange, A. J.: Psychotechniese Hulpmiddels vir Leerlingkeuring in die Boerdery. Nasionale Pers, Kaapstad.

Lahy, J. M.: Motion Study in Typewriting, Intern. Labour Office, Geneva.

Leergange, Transvaalse Departement van Onderwys.

Leibenberg, R.: Berufsberatung, Methode und Technik. Heymans, Berlin.

Liebenberg, R.: Richtlinien für die Praxis der Berufsberatung, Heymanns, Berlin.

Link, H. C.: Education and Industry, Macmillan Co.

Lipman, O.: Wirtschaftspsychologie. Barth, Leipzig.

Lipmann, O.: Psychologie der Berufe, Reinhardt, München.

Litt, T.: Berufstudium und Allgemeinbildung an der Universität, Quelle & Meyer, Leipzig.

Lord, C. S.: The Young Man and Journalism. Macmillan Co.

Lotmar, P.: Die Freiheit der Berufswahl. Duncker & Humbolt, Leipzig.

Lugtenburg, A. H.: Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek, J. L. van Schaik, Pretoria.

Lynch, A. J.: Individual Work and the Dalton Plan. Philip & Son, London.

Lynch, A. J.: The Rise & Progress of the Dalton Plan. Philip & Son, London.

McCallister, W. J.: The Growth of Freedom in Education. Constable & Co., London.

McGregor, F.: The Vocational Guidance Movement in South Africa, Cape Times.

Mackinder, J. M.: Individual Work in Infants' Schools. Educational Publishing Co.

Macrae, A.: Vocational Guidance, The Year Book of Education. Evans Bros., London.

Malan, J. R.: The Re-organisation of Rural Education. Teacher's College, Columbia University, New York.

Malherbe, E. G.: Education in South Africa. Juta & Co., Capetown.

Malherbe, E. G.: Onderwys en die Armblanke. Pro-Ecclesia Drukkery, Stellenbosch.

McCracken & Lamb: Occupational Information in the Elementary School. Mifflin & Co., New York.

Merton, H. W.: How to Choose the Right Vocation. Funk & Wagnalls Co., London.

Messer, A.: Pädagogik der Gegenwart, Mauritius, Berlin.

Miller, M.: Afrikaanse Leesboekies, Lees met Lus, St. VI.

Miller & Hargreaves: The Self-Directed School. Scribner's Sons, London.

Monroe, W. S.: An Introduction to the Theory of Educational Measurements. Harrap & Co., London.

Montessori, M.: De Metode Montessori. Ploegsma, Zeist.

Moog, W.: Grundfragen der Pädagogik der Gegenwart, Zickfeldt, Harz.

Moore & Edwards: Vocational Cultural Reader, Heath & Co., New York.

Muchow, M.: Anleitung zur psychologischen Beobachtung von Schulkindern. Barth, Leipzig.

Murray, W. A.: Die Fysieke Toestand van die Armblanke. Pro-Ecclesia Drukkery, Stellenbosch.

Muscio, B.: Lectures on Industrial Psychology. Routledge & Son, New York.

Muscio, B.: Vocational Guidance (A Review of the Literature). H. M. Stationery Office, London.

Münsterberg, H.: Psychology and Industrial Efficiency. Mifflin Co., New York.

Myers, C.: Industrial Psychology in Great Britain. Jonathan, Cape, London.

Myers, G. E.: The Problem of Vocational Guidance. Macmillan Co.

Myers, Little & Robinson: Planning your Future. McGraw-Hill, New York.

Nunn, T. P.: Education: Its Data and First Principles. Arnold & Co., London.

Occupation Analysis: National Institute of Industrial Psychology, London.

Offisiële Arbeidskoerant: (Hierdie blad het agtereenvolgens hierdie name aangeneem: Die Maatskaplike en Nywerheidsblad, Maandblad vir Sosiale en Bedryfsaangeleenthede, Die Arbeitsblad), Staatsdrukker, Pretoria.

Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika. Staatsdrukker, Pretoria.

Onderwyskommissie van Ondersoek (Rapport) Oranje Vrystaat, 1926. White My., Bloemfontein.

Onderwyskommissie, Verslag 1912, Kaap.

Opvoedingskongres, Stellenbosch 1922, Nasionale Pers, Kaapstad.

Paedagogische Studien. J. B. Wolters, Groningen.

Paedagogische Tydschrift voor 't Christelyk Onderwys, Okt. 1920; Okt., 1925; Dec., 1925; Nov., 1919; Aug. 1920.

Parkhurst, H.: Education on the Dalton Plan, Bell & Sons, London.

Parsons, F.: Choosing a Vocation. Mifflin & Co., New York.

Payne, A. F.: Organization of Vocational Guidance, McGraw-Hill.

Pear, T. H.: Fitness for Work. Univ. of London, Press.

Peters, W.: Die Vererbung geistiger Eigenschaften und die Psychische Konstitution. Fischer, Jena.

Petersen, P.: Die Neu-Europäische Erziehungsbewegung. (Vertaling J. P. Smuts. v. Schaik, Pretoria).

Pink, M. A.: Procrustes or the Future of English Education. (Kegan Paul, London).

Plato: Republic (Vertaling Davies & Vaughan, Macmillan Co.)

Poppelreuter, W.: Allgemeine Methodische Richtlinien der Praktisch-Psychologischen Begutachtung, Kröner, Leipzig.

Portor, M.P.: The Teacher in the New School. World Book Co., New York.

Prak, J.L.: School, Beroep, Aanleg. J. B. Wolters, Groningen.

Prak, J. L.: De Psychotechniek der Beroepskeuze, J. B. Wolters, Groningen.

Pressey, P.: A Vocational Reader. McNally & Co., New York.

Proctor, W. M.: Educational and Vocational Guidance, Houghton Mifflin, New York.

Progressive Education, Washington. (Tydskrif).

Provisional Code of Regulations of Elementary Schools, Transvaal.

Psychological Tests of Educable Capacity (Report) H.M. Stationery Office, London.

Ragaz, L.: De Paedagogische Revolutie (Ploegsma-Zeist).

Raymont, T.: The Principles of Education, Longmans, Green & Co., London.

Read, C. S.: The Struggles of Male Adolescence, Allen & Unwin, London.

Revesz, G.: De Overgang van het Lager naar het Middelbaar Onderwys, J. B. Wolters, Groningen.

Revesz, G.: De Schifting van Leerlingen voor de Middelbare Scholen en de Resultaten op de Hoogere-Burgerscholen. J. B. Wolters.

Rivers, W. H. R.: Instinct and the Unconscious. (Camb. Univ., Press).

Rivers, W. H. R.: Social Organisation. Allen & Unwin.

Roels, F.: Psychotechniek van Handel en Bedryf. R. K. Boek-Centrale, Amsterdam.

Roels, F.: Aanleg en Beroep. R. K. Boek-Centrale, Amsterdam.

Roels & v.d. Spek: Handleiding voor Psychologisch Onderzoek op de School. Malmberg, Antwerpen.

Roman, F. W.: The New Education in Europe. Routledge & Sons, London.

Rombouts, F. S.: Nieuwe Banen in de Psychologie en Paedagogie.

Rugg, H. O.: Statistical Methods Applied to Education. Harrap & Co., London.

Rugg & Schumaker: The Child Centred School (World Book Co., New York).

Ruttman, W. J.: Berufswahl, Begabung und Arbeitsleitung. Teubner, Leipzig.

Sander, E.: Lebenskunde I en II. Klinkhardt, Leipzig.

Saupe, E.: Deutsche Pädagogen der Neuzeit, Zickfeldt, Osterwieck.

Sachtleben, F.: Aufklärungsarbeit in Schulbesprechungen und Elternabenden. Heymanns, Berlin.

Schneider, F.: Psychologie des Lehrerberufs. Ehrig, Frankfort.

Schreuder, A. J.; Platteland en Beroepsvoorlichting. Drukkery, Stichting, Hoenderloo.

Schwarz, M.: Das Berufsproblem. Volksvereins-Verlag Embh.

Siemsen, A.: Beruf und Erziehung. Laubsche Verlags Buchhandlung, Berlin.

Sissingh le H.: Over Beroepskeuze. Hollandia-Drukkery, Baarn.

Skawran, P.: Manual of Physical and Mental Tests.

Sleight, W. G.: The Organisation and Curricula of Schools, Arnold & Co., London.

Smith, H. B.: Education by Life. (George Philip & Sons).

Smith, W. A.: The Junior High School, Macmillan.

Smuts, J. P.: Filosofies-Opvoedkundige Sketse. Swets & Zeitlinger, Amsterdam.

Snedden, D.: Educational Sociology. Allen & Unwin, London.

Snedden, D.: Vocational Education, Macmillan.

Snyman, W. J.: Leesbekwaamheid van Kinders in Die Kristelike Skoolblad, 1929.

Spranger, E.: Lebensformen. Niemeyer, Halle.

Spranger, E.: Psychologie des Jugendalters. Quelle & Meyer, Leipzig.

Spranger, E.: Begabung und Studium. Teubner, Berlin.

Spranger, E.: Kultur und Erziehung. Quelle & Meyer, Leipzig.

State Department of Labour: The Health of the Working Child. N. York

Stemmingen en Verrichtingen en Aanhangsels van de Provinciale Raden, O.V.S., 1917.

Stenquist, J. L.: Measurements of Mechanical Ability. New York.

Stern, E.: Einleitung in die Pädagogik. Niemeyer, Halle.

Stern, E.: Die Feststellung der psychischen Berufseignung und die Schule. Barth. Leipzig.

Stern, W.: Probleme der Schülerauslese. Quelle & Meyer, Leipz.

Stern, W.: Die Differentiele Psychologie. Barth. Leipzig.

Stevenson, J. A.: The Project Method of Teaching. Macmillan.

Steyn, H. A.: Die Skriftelike Taaluiting van Skoolkinders. J. L. van Schaik, Pretoria.

Stott, M. B.: Report on the Present Position of Vocational Guidance and Vocational Selection. Women's Employment Publishing Co., London.

Swan, G. F.: The Young Man and Civil Engineering. Macmillan.

Taylor, F. W.: De Beginselen der Wetenschappelyke Bedryfsleiding. Lecturis Eindhoven. (Vertaal deur Hendrikse).

Tead, O.: Instincts in Industry. (Houghton Mifflin Co.)

The British Journal of Psychology. April 1932.

The British Journal of Educational Psychology, Jan. and Nov., 1932.

The New Era: (Tydskrif van The New Educational Fellowship).

The Primary School (Report). H. M. Stationery Office, London.

The Journal of the National Institute of Industrial Psychology.

The Journal of Educational Psychology, Sept. 1925.

Theorie und Praxis der Arbeitschule, Zentralinstitut für Erziehung und Unterricht, Berlin.

Thomson, G. H.: A Modern Philosophy of Education. Allen Unwin, London.

Toops, H. A.: Tests for Vocational Guidance of Children Thirteen to Sixteen. Teachers College, New York.

Trumbull, F. M.: Guidance and Education of Prospective Junior Wage Earners. (Wiley & Sons, New York).

Tydschrift voor Ervaringsopvoedkunde.

Tydschrift voor Zielkunde en Opvoedingsleer, Maart en Junie, 1925.

Vallentine, C. W.: An Enquiry as to Reasons for the Choice of Occupations among Secondary School Pupils. The Forum of Education, June, 1927.

Valks, J. A.: Klassikaal en Individueel Volksonderwys, Paris, Amsterdam.

Van Calcar, R. P.: De Psychologie der Beroepskeuze Arts en Onderwyzer N.V. Leidsche Uitgeversmaatschappy.

Van den Wyenbergh, J.: Schule und Berufsberatung Schöningh, Paderborn.

Van der Merwe, P. W.: Onderwys in Swede (Rapport I, ongepubliseer).

Van der Graaf: Over Beroepskeuze, uitgave van het Tydschrift over Ervaringsopvoedkunde, Utrecht.

Van Drooge, I. C.: Een enquete over den Beroepswensch. Paedagogische Studiën 13de Jaargang, J. B. Wolters.

Van Ginneken & Zegers: Handleiding by Beroepskeuze. Malmburg, Antwerpen.

Van Ginneken, J.: Arbeid Vermoeit, R.K. Boek-Centrale, Antwerpen, Amsterdam.

Van Ginneken, J.: De Rechte Man op de Rechte Plaats, Amsterdam.

Van Ginneken, J.: Zielkunde en Taylor-Systeem, Amsterdam.

Van Kuyk, M.: De Psychologische Karakteristiek van den Onderwyzer, Malmberg, Antwerpen.

Van Lennep, Roels en v.d. Spek: Klasseboekje ten dienste der Lagere School. De Bussy, Amsterdam.

Van Popta, W. M.: Die Landerziehungsheime, Paris, Amsterdam.

Van Rensburg, J. A. Janse: Beroepstoetse. Nas. Pers, Kaapstad.

Van Saarloos, A. E. C.: De Hulp by Beroepskeuze, Kolff Co., Batavia.

Van Veen en Kohnstamm: De aansluiting tusschen Lager en Middelbaar Onderwys. J. B. Wolters, Groningen.

Verslag van die Adviserende Komitee insake Onderwys 1927, Cape Times.

Verslae Transvaalse Onderwys Departement, Staatsdrukker, Pretoria.

Verslag Transvaalse Onderwyskommissie, 1917.

Verslag van die Onderwyskommissie 1928 (Transvaal) Staatsdrukker.

Veblen, T.: The Instinct of Workmanship, Huebsch, New York.

Vernon, H. M.: Industrial Fatigue and Efficiency. Routledge & Son, London.

Vocational Guidance and Junior Placement, U.S. Dept. of Labour.

Vocational Guidance Magazine. Harvard University, Massachusetts.

Washburne & Stearns: Better Schools. (John Day & Co., N. York).

Washburne, e.a.: The Winnetka Public Schools. Public School Publishing Co., Illinois.

Watson, J. B.: Behaviorism, Lippincott.

Watts, F.: An Introduction to the Psychological Problems of Industry, Allen & Unwin, London.

Weber, F: Die Schule im Dienste der Berufsberatung Ehrig, Heidelberg.

Wheeler, A. A.: Youth. (University of London).

Wilcocks, R. W.: Die Armblanke. Pro-Ecclesia Drukkery, Stellenbosch.

Wilcocks, Brümmer & v. Rensburg. Beroepstoetse vir Skrynwerkers en Loodgieters. Nas. Pers, Kaapstad.

Wilson, L. L. W.: Educating for Responsibility (Macmillan).

Wolff, G.: Berufsberatung und Schule, Pädagogisches Zentralblatt, 1926, Heft 2.

Woolley, H. T.: An Experimental Study of Children, Macmillan Co.

Yearbook, 23rd, I & II: Public School Publishing Co., Illinois.

Zegers, G. D.: Plaatselyke Beroepskeuze, Veritas Boekhandel, Antwerpen.

Zegers, G. D.: Inleiding tot de Kennis der Beroepen, Dekker, Vegt en Leeuwen, Utrecht.

Yoakum & Yerkes: Mental Tests in the American Army. Holt, N. York.